# AANSPREEKLIKHEID (EISE INGESTEL-GRONDSLAG)

## VERSEKERDE VOORVAL

Toevallige

(a) dood van of liggaamlike besering (met inbegrip van siekte) aan enige persoon

(b) verlies of fisiese skade aan tasbare eiendom wat

op of na die terugwerkende datum vermeld in die bylae in die loop van en in verband met die besigheid binne die gebiedsperke plaasvind ten opsigte waarvan die Versekerde wetlik aanspreeklik word om skadevergoeding te betaal na 'n eis of eise wat aanvanklik skriftelik gedurende die versekeringstydperk vermeld in die bylae teen die Versekerde ingestel word.

## SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar met inbegrip van enige regsgelde wat deur 'n eiser van die Versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan is sal nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron oorskry nie.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) aanspreeklikheid kragtens ooreenkoms (behalwe die Versekerde se eie standaard-kontrakvoorwaardes) aanvaar tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

(b) dood of liggaamlike besering van enige persoon besig met of as gevolg van die diens van die Versekerde kragtens dienskontrak of vakleerlingskap en wat voortspruit uit of in die loop van sy diens by die Versekerde;

(c) verlies of skade aan eiendom

  (i) wat aan die Versekerde behoort;

  (ii) in die bewaring of onder beheer van die Versekerde maar hierdie uitsondering geld nie vir die volgende nie

    (aa) eiendom (behalwe motorvoertuie) van besoekers by die Versekerde se persele of van prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers van die Versekerde;

    (ab) voertuie wat nie deur die Versekerde gehuur of aan hom geleen word nie (met inbegrip van die inhoud en toebehore daarvan) wat gebruik maak van die Versekerde se parkeerfasiliteite.

    Hierdie uitsondering dek nie 'n versekerde voorval indien dit 'n parkeergaragebesigheid of die Versekerde 'n motorhandelaar is nie;

(ac) persele wat nie deur die Versekerde besit of gehuur word nie wat tydelik deur hom geokkupeer word met die doel om werk daaraan of daarin uit te voer tensy aanspreeklikheid uitsluitlik kragtens 'n ooreenkoms ontstaan;

(iii) synde daardie gedeelte waaraan gewerk word indien verlies of skade regstreeks uit sodanige werk voortspruit;

(d) aanspreeklikheid veroorsaak deur of deur middel van of as gevolg van defektiewe vakmanskap hetsy dit voorkom voor die voltooiing en oorhandiging van enige werk of andersins;

(e) die doen of oordoen of regmaak van enige werk wat die Versekerde gekontrakteer het om te doen;

(f) aanspreeklikheid wat voortspruit uit of verband hou met

(i) die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige lokomotief, rollende materiaal, watervaartuig, kragondersteunde fiets of enige soort meganiesaangedrewe voertuig maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie (mits die Versekerde nie kragtens enige ander versekering op skadeloosstelling geregtig is nie) op

(aa) die laai van 'n vrag op of die aflaai van 'n vrag van of die aanbring van 'n vrag na of wegneem van 'n vrag van enige voertuig;

(ab) die gebruik van 'n meganiesaangedrewe voertuig of installasie wat vasgeheg is aan of deel uitmaak van sodanige voertuig terwyl sodanige voertuig of installasie gebruik word as werkende gereedskap;

(ac) die gebruik by die Versekerde se persele en terreine waartoe die publiek geen algemene toegangsreg het nie van enige bewegende kraan of toerusting wat nie vir padgebruik gelisensieer is nie;

(ad) grassnyers en voetgangerbeheerde tuinimplemente;

(ii) die eienaarskap, besit, gebruik, instandhouding deur of namens die Versekerde van enige lugvaartuig of 'n lugredery of die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe, landingstrook, helikopterlandplek of die bunkering van 'n lugvaartuig;

(iii) professionele advies, helende of ander behandeling (behalwe noodhulpbehandeling), fout, vergissing of weglating in enige advies, ontwerp, plan of spesifikasie;

(iv) of veroorsaak deur die werking van of defek in enige artikel of produk (met inbegrip van houers en etikette), verkoop, verander, gebou, hanteer, vervaardig, herstel, gediens, behandel of verskaf (behalwe aanspreeklikheid wat voortspruit uit die verkoop of verskaffing van voedsel of drank vir verbruik op die persele) wat elders as by die persele plaasvind nadat hulle nie meer in die bewaring of onder beheer van die Versekerde is nie;

(v) of wat binne die omvang van enige soort motorvoertuigversekering val of wat verpligtend versekerbaar is kragtens enige wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie beheer nieteenstaande die feit dat geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie;

(vi) deursypeling, besoedeling of kontaminasie of enige koste in verband met die vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie veroorsaak word deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis wat nie met enige geleidelikwerkende oorsaak verband hou nie;

(g) meer as R20 000 vir skade aan eiendom wat voortspruit uit of verband hou met vibrasie of die verwydering of verswakking van of steuring aan die stut van enige grond, struktuur, gebou of ander eiendom;

(h) die bedrag van enige bybetaling vermeld in die bylae;

(i) boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

(j) vergoeding vir skadevergoeding en koste en uitgawes wat deur enige eiser van die Versekerde verhaalbaar is ten opsigte van uitsprake in die eerste plek gelewer of verkry deur 'n ander hof as 'n hof met regsbevoegdheid binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland;

(k) enige eis voortspruitend uit 'n omstandigheid wat aan die Versekerde of enige werknemer van die Versekerde bekend is en nie ooreenkomstig die bepalings van Spesiale Voorwaarde 1A(a) by die Maatskappy aangemeld is nie.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Oorkruisaanspreeklikheid

Indien die "Versekerde" uit meer as een party bestaan sal die Maatskappy elkeen van sodanige partye skadeloos stel asof 'n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is en die Maatskappy doen afstand van alle regte van subrogasie of aksie wat die Maatskappy mag hê of verkry uit hoofde van hierdie spesiale uitbreiding met dien verstande dat

(a) die Maatskappy se totale aanspreeklikheid nie die algemene skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae vir enige enkele versekerde voorval oorskry nie;

(b) die Maatskappy nie die Versekerde skadeloos stel teen enige aanspreeklikheid wat ingevolge enige werkgewersaanspreeklikheidsversekering verseker is of sou gewees het indien hierdie versekering nie bestaan het nie.

## Skadeloosstelling aan ander partye

Die "Versekerde" sluit in

(a) in die geval van die dood van die Versekerde sy wettige persoonlike verteenwoordiger ten opsigte van aanspreeklikheid op die hals gehaal deur die Versekerde;

(b) indien die Versekerde aldus versoek

  (i) enige prinsipaal ingevolge 'n kontrak of ooreenkoms wat deur die Versekerde aangegaan is in verband met die besigheid maar slegs in soverre dit vereis word kragtens die bepalings van sodanige kontrak of ooreenkoms en met uitsluiting van enige aanspreeklikheid te wyte aan of voortspruitend uit enige handeling, versuim of nalatigheid van sodanige prinsipaal, sy bediendes of agente;

  (ii) enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde;

  (iii) enige beampte of lid van die Versekerde se sosiale, sport- of welsynsorganisasie, noodhulp-, brand- of ambulansdienste, kantien of dies meer wat aan die Versekerde behoort of deur die Versekerde tot voordeel van sy werknemers tot stand gebring is;

  (iv) enige besoekende sportspan of lid daarvan in hulle onderskeie hoedanighede en met dien verstande dat sodanige prinsipaal of persoon

    (aa) nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;

    (ab) asof hy die Versekerde is die bepalings van hierdie polis nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre hulle van toepassing kan wees;

    (ac) wat ingevolge (b)(i) of (ii) hierbo verseker word slegs hierkragtens skadeloos gestel word tot die mate waarin die Versekerde skadeloos gestel sou gewees het indien die eis teen die Versekerde ingestel was.

## Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande spesifieke uitsondering (a) indien die Versekerde ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die Versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die Versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die Versekerde en nie die sekuriteitsfirma nie in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae.

Indien die sekuriteitsfirma ten tye van die plaasvind van 'n voorval wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde voorval op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die Maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

## Oorloguitsluiting

Algemene Uitsondering 1 word geskrap en vervang deur

"1 Oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, rewolusie, militêre of geüsurpeerde gesag".

# MEMORANDA

## 1. Skadeloosstelling aan openbare instansies

Spesiale uitsondering (a) is nie op 'n versekerde voorval wat voortspruit uit ooreenkomste wat deur die Versekerde aangegaan is met die Transnet-administrasie, staats- en kwasi-staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en soortgelyke instansies in verband met die gebruik van spoorwegsylyne en ander soorte vervoer van toepassing nie met dien verstande dat

(a) met uitsondering van Transnet-sylyne- en gevaarlike persele-ooreenkomste en skadeloosstellingsverklarings afskrifte van sodanige ooreenkomste by die Maatskappy ingedien word;

(b) die voer en beheer van alle eise by die Maatskappy berus.

## 2. Regsverdedigingskoste (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Indien aldus deur die Versekerde versoek sal die Maatskappy enige werknemer, direkteur, vennoot of lid van die Versekerde skadeloos stel teen koste en uitgawes wat met die Maatskappy se skriftelike toestemming deur of namens sodanige persoon aangegaan is ten opsigte van die verdediging van enige kriminele geding wat teen hom ingebring word in die loop van sy dienste by die Versekerde wat voortspruit uit 'n eis of eise wat aanvanklik skriftelik gedurende die versekeringstydperk teen die Versekerde ingestel word na 'n oortreding of beweerde oortreding van

die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid Nr 6 van 1983 (soos gewysig) of

die Wet op Myne en Bedrywe Nr 27 van 1956 (soos gewysig) of

die Elektrisiteitswet Nr 40 van 1958 (soos gewysig) of

die Wet op Gevaarhoudende Stowwe Nr 15 van 1973 (soos gewysig) of

enige ander wet of ordonnansie wat met elektrisiteitvoorsiening in verband staan wat almal of enigeen gelees moet word saam met die Strafproseswet Nr. 51 van 1977 (soos gewysig) en met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie om

(a) voort te gaan met of 'n appél te verdedig sonder die Maatskappy se voorafgaande skriftelike toestemming;

(b) enige boete of straf te betaal wat deur enige magistraat of regter opgelê is en ook nie vir enige geldelike verlies wat daarop volg nie;

(c) meer as die versekerde bedrag vermeld in die bylae te betaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

## 3. Huurdersaanspreeklikheid

Die volgende voorbehoud word by "spesiale uitsondering (c)(ii)" gevoeg

(ad) daardie gedeelte van enige gebou wat deur die Versekerde as 'n huurder geokkupeer word.

## 4. Eiendombesittersaanspreeklikheid

Nieteenstaande spesiale uitsondering (c)(i) sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir 'n versekerde voorval wat plaasvind op of in die omgewing van die persele wat aan die Versekerde behoort en in die bylae gespesifiseer word maar beperk tot die bedrag vermeld in die bylae met inbegrip van regskoste wat deur 'n eiser van die Versekerde verhaalbaar is en ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan is vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron.

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie memorandum aanspreeklik vir aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks in verband met die volgende voortspruit nie:

(a) die sloping van of strukturele veranderings aan of toevoegings tot enige gebou of ander struktuur of enige werk wat daarmee verband hou;

(b) die Versekerde se ambag, professie of beroep (behalwe as eienaar van die persele);

(c) die okkupasie van die persele deur die Versekerde.

## 5. Onregmatige inhegtenisname en laster (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel teen skadevergoeding wat hy wetlik aanspreeklik word om te betaal ten opsigte van 'n eis of eise wat aanvanklik skriftelik gedurende die versekeringstydperk teen die Versekerde ingestel word as gevolg van

(a) die onregmatige inhegtenisname van enige persoon (met inbegrip van aanranding in verband daarmee);

(b) die laster van enige persoon

maar beperk tot die bedrag vermeld in die bylae met inbegrip van regskoste wat deur enige eiser van die Versekerde verhaalbaar is en ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan is vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron en in totaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) vir elk van (a) en (b).

## 6. Produkte-aanspreeklikheid (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Ongeag spesiale uitsonderings (f)(iii) en (f)(iv) sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel teen 'n versekerde voorval wat op enige plek ter wêreld (behalwe by persele geokkupeer deur die Versekerde en onderworpe aan Algemene Voorwaarde 10 en Memorandum 7 (indien van toepassing)) plaasvind wat veroorsaak word deur die werking van of defek in enige artikel of produk beskryf in die bylae (met inbegrip van houers en etikette) (die goedere) wat in die loop van die besigheid en gedurende die versekeringstydperk verander, opgerig, hanteer, vervaardig, herstel, gediens, behandel, verkoop, voorsien of geïnstalleer is (met inbegrip van foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde goedere) maar beperk tot die bedrag vermeld in die bylae met inbegrip van regskoste wat deur 'n eiser van die Versekerde verhaalbaar is en ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se skriftelike toestemming aangegaan is vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron en in totaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) die onttrekkings-, terugname- of vervangingskoste van die goedere of enige deel daarvan wat besering of skade veroorsaak;

(b) die herstellings-, veranderings-, opknappings- of vervangingskoste (wat sloping, uitbreking, demontering, aflewering, herbouing, verskaffing of installering in verband daarmee insluit) van die goedere of enige ander eiendom (tensy fisies deur die goedere beskadig) noodsaaklik om sodanige herstelwerk uit te voer;

(c) aanspreeklikheid voortspruitend uit goedere (hetsy in die bylae beskryf al dan nie) wat geïnstalleer gaan word in of wat deel uitmaak van 'n lugvaartuig;

(d) (i) gebrekkige ontwerp, formule, plan of spesifikasie maar indien die Versekerde 'n kleinhandelaar is, is hierdie spesifieke uitsondering (d) nie van toepassing nie indien die Versekerde se aktitiwiteite in hulle geheel beperk is tot verkope, verspreiding en/of bemarking (insluitende enige bemarkingsadviesdiens wat die produkte vergesel) van die produk en die Versekerde se aktiwiteite nie die finale voorbereiding insluit nie wat beteken die herverpakking, verpakking, etikettering, skoonmaak of verskaffing van gebruiksaanwysings voor die verkoop aan die Versekerde se oorspronklike klante en ook nie enige opknapping, aanpassing of wysiging aan die produk nie

(ii) ondoeltreffendheid of versuim om aan die spesifikasie te voldoen tensy sodanige ondoeltreffendheid of versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie;

(e) besering of skade wat in die Verenigde State van Amerika of Kanada plaasvind en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige goedere of produkte wat deur of op las van die Versekerde verkoop of verskaf word indien sodanige produkte na die Versekerde se wete deur of namens die Versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanade uitgevoer is.

Vir die doeleindes van hierdie memorandum sluit spesiale uitsondering (a) van hierdie afdeling nie enige waarborg van die goedere wat regtens geïmpliseer word uit nie.

## 7. EC – Streng aanspreeklikheid (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Ondanks Algemene Uitsondering 10 geld spesiale uitsondering (j) nie vir uitsprake in die eerste plek gelewer of verkry deur howe van die European Community (EC) of die European Free Trade Association (EFTA) nie met dien verstande dat die Versekerde

(a) 'n stelsel implementeer en in stand hou waarvolgens enige artikel of produk (met inbegrip van houers en etikette maar met uitsluiting van grondstof) verkoop, verander, opgerig, hanteer, vervaardig, herstel, gediens, behandel of voorsien maklik geïdentifiseer kan word by wyse van besendingnommer, reeksnommer, datumstempel of soortgelyke stelsel;

(b) ʼn rekord van die datum waarop die goedere aanvanklik in omloop gebring word noteer en in stand hou vir ʼn minimum tydperk van 10 jaar;

(c) sodanige rekords te eniger tyd op versoek aan die Maatskappy of sy genomineerde beskikbaar stel;

(d) verantwoordelik is vir die bedrag van enige bybetaling wat in die bylae vermeld word.

Die skadeloosstellingsperk vir produkteaanspreeklikheid wat in die bylae vermeld word geld vir en word nie deur hierdie memorandum verander nie.

## 8. Ontwerp (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Uitsondering (d) van die Produkteaanspreeklikheidmemorandum word soos volg gewysig

(d) aanspreeklikheid voortspruitend uit ondoeltreffendheid, onvoldoende werkverrigting of versuim om aan die spesifikasie te voldoen (tensy sodanige versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie)

maar die Maatskappy is nie vir die bedrag van enige bybetaling vermeld in die bylae aanspreeklik nie.

Die skadeloosstellingsperk vir Produkteaanspreeklikheid wat in die bylae vermeld word geld vir en word nie deur hierdie memorandum verander nie.

## 9. Defektiewe vakmanskap (nie-waarborg) (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde nieteenstaande spesiale uitsondering c (iii) en (d) skadeloos stel vir ʼn versekerde voorval wat voortspruit uit enige daad of versuim wat op defektiewe vakmanskap neerkom (wat elders as by die Versekerde se persele plaasvind) deur die Versekerde of ʼn werknemer van die Versekerde terwyl hy sy pligte in verband met die Versekerde se besigheid uitvoer.

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(i) die defektiewe vakmanskap self;

(ii) die onttrekkings-, terugname- of vervangingskoste van die goedere, produkte of enige deel daarvan (met inbegrip van houers en etikette) wat die versekerde voorval veroorsaak;

(iii) die herstel-, veranderings-, opknappings- of vervangingskoste (wat sloping, uitbreking, demontering, aflewering, herbouing, verskaffing of installering in verband daarmee insluit) van goedere of produkte (met inbegrip van houers en etikette) (sodanige herstelwerk) en enige ander eiendom (tensy fisies deur die goedere of produkte beskadig) noodsaaklik om sodanige herstelwerk uit te voer;

(iv) aanspreeklikheid as gevolg van die werking van of defek in tweedehandse artikels of onderdele wat deur die Versekerde vir herstel of opknappingswerk gebruik word;

(v) aanspreeklikheid wat mag ontstaan as gevolg van ondoeltreffendheid of omdat die werk wat uitgevoer is nie die resultaat gelewer het wat verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie;

(vi) die bedrag van enige bybetaling wat in die bylae vermeld word;

(vii) aanspreeklikheid as gevolg van defektiewe ontwerp;

(viii) aanspreeklikheid voortspruitend uit of in verband met defektiewe vakmanskap in of op watervaartuie of vliegtuie in die lug.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot die bedrag vermeld in die bylae vir enige enkele versekerde voorval en in totaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

## 10. Defektiewe vakmanskap (waarborg) (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

(slegs van toepassing op motorgarages en petrol en dieselenjin-herstellers)

Die Maatskappy sal die Versekerde nieteenstaande spesiale uitsondering c (ii) (iii) (d) en (e) skadeloos stel vir 'n versekerde voorval wat voortspruit uit enige daad of versuim wat op defektiewe vakmanskap neerkom (wat by die Versekerde se persele plaasvind) deur die Versekerde of 'n werknemer van die Versekerde terwyl hy sy pligte in verband met die Versekerde se besigheid uitvoer met dien verstande dat sodanige skadeloosstelling ten opsigte van eiendom waaraan gewerk word of gewerk was beperk word tot daardie gedeelte van die eiendom wat die onderwerp van sodanige werk is/was.

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(i) aanspreeklikheid as gevolg van die werking van of defek in tweedehandse artikels of onderdele wat deur die Versekerde vir herstel of opknappingswerk gebruik word;

(ii) die onttrekkings-, terugname- of vervangingskoste van die goedere, produkte of enige deel daarvan (met inbegrip van houers en etikette) wat die versekerde voorval veroorsaak;

(iii) aanspreeklikheid wat mag ontstaan as gevolg van ondoeltreffendheid of omdat die werk wat uitgevoer is nie die resultaat gelewer het wat verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie;

(iv) die bedrag van enige bybetaling wat in die bylae vermeld word;

(v) enige eiskennisgewing wat nie binne drie maande na die verstryking van hierdie memorandum afdeling of die hele polis vanaf die Versekerde ontvang is nie;

(vi) aanspreeklikheid as gevolg van defektiewe ontwerp;

(vii) aanspreeklikheid voortspruitend uit of in verband met enige werk wat meer as drie jaar onmiddellik voor die datum waarop die besering of skade plaasgevind het, uitgevoer is;

(viii) aanspreeklikheid voortspruitend uit of in verband met defektiewe vakmanskap op marine- of lugvaartenjins.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot die bedrag vermeld in die bylae vir enige enkele versekerde voorval en in totaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

## 11. Mediese nooduitgawes

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel teen alle redelike uitgawes deur die Versekerde aangegaan vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat noodsaaklik mag wees ten tye van 'n ongeval wat besering tot gevolg het van enige persoon wat die onderwerp van 'n eis om skadeloosstelling deur die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling mag wees.

# SPESIALE VOORWAARDES

Algemene Voorwaarde 3 (a) (i) en 3 (a) (v) word gekanselleer.

Die volgende is op hierdie afdeling van toepassing:

## 1. A Eiseprosedure en -vereistes

(a) Die Versekerde moet die Maatskappy so gou as moontlik nadat 'n omstandigheid tot sy wete kom of 'n eis teen hom ingestel word skriftelik verwittig van enige

(i) omstandighede wat in die toekoms tot 'n eis aanleiding kan gee (hierna aangemelde omstandigheid genoem);

(ii) eise wat teen hom ingestel word.

(b) Onderworpe aan die bepalings van 2 hieronder sal enige eis wat aanvanklik as gevolg van 'n aangemelde omstandigheid skriftelik teen die Versekerde ingestel word behandel word asof dit aanvanklik teen die Versekerde ingestel is op dieselfde dag waarop die Versekerde dit by die Maatskappy aangemeld het.

(c) Enige reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer as een eiser teen die Versekerde ingestel word as gevolg van een bron of een oorspronklike oorsaak sal beskou word asof hulle aanvanklik almal teen die Versekerde ingestel is

(i) op die datum waarop die omstandigheid ooreenkomstig spesiale voorwaarde 1A(a) by die Maatskappy aangemeld is of

(ii) indien die Versekerde onbewus was van enige omstandigheid wat tot 'n regsaanspreeklikheid aanleiding kon gegee het op die datum waarop die eerste eis van vermelde reeks aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel is.

(d) Elke brief, eis, dagvaarding of ander dokument wat met 'n eis of aangemelde omstandigheid verband hou moet sonder verwyl aan die Maatskappy gestuur word.

(e) Geen erkenning van aanspreeklikheid of belofte van betaling mag sonder die skriftelike toestemming van die Maatskappy gemaak word nie.

(f) Die Versekerde moet alle inligting en hulp verskaf wat van tyd tot tyd deur die Maatskappy verlang word.

## B. Beheer van eise

(a) Die Maatskappy is geregtig (maar nie verplig nie) om die verdediging of skikking van enige eis na eie goeddunke oor te neem en te voer.

(b) Die Maatskappy mag te eniger tyd die skadeloosstellingsperk (na aftrekking van enige bedrag of bedrae alreeds betaal) of enige kleiner bedrag betaal waarvoor die eis of eise geskik kan word en sien dan af van beheer van die eis en staan onder geen verdere verpligting nie.

## C. Ontkenning van eise

Indien die Maatskappy aanspreeklikheid ontken vir enige eis wat ingevolge hierdie afdeling ingestel is of oorweeg word, word hulle van aanspreeklikheid onthef tensy regsaksie binne 12 maande na verwerping deur die Versekerde ingestel word.

# 2. Aangemelde omstandighede wat tot moontlike eise aanleiding kan gee as gevolg van beëindiging of nie-hernuwing van hierdie afdeling.

In die geval van beëindiging of nie-hernuwing van hierdie afdeling

(a) sal enige eis (voortspruitende uit 'n aangemelde omstandigheid) wat aanvanklik langer as 48 maande na beëindiging of nie-hernuwing van hierdie afdeling skriftelik teen die Versekerde ingestel is nie ingevolge hierdie afdeling skadeloosstelbaar wees nie (Indien die eiser minderjarig is sal die 48 maande-tydperk verleng word tot die verstryking van 12 maande nadat die eiser mondig geword het);

(b) die Versekerde mag die Maatskappy tot 15 dae na beëindiging/nie-hernuwing van hierdie afdeling in kennis stel van omstandighede wat toekomstige eise mag oplewer met dien verstande dat

(i) sodanige omstandighede skriftelik binne vermelde 15 dae by die Maatskappy aangemeld word;

(ii) sodanige omstandighede gedurende die versekeringstydperk voorgekom het;

(iii) enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die Versekerde ingestel is as gevolg van sodanige omstandighede

(aa) behandel sal word asof dit aanvanklik op die laaste dag van die geldigheidsduur van hierdie afdeling teen die Versekerde ingestel is;

(ab) onderworpe is aan die 48 maande-tydperk wat in 2(a) hierbo gespesifiseer word.

## 3. Ontdekkingsopsie

Onderworpe aan betaling van 'n bykomende premie waarop onderling tussen die Versekerde en die Maatskappy ooreengekom moet word en die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling mag die Versekerde kies om die versekeringstydperk met 36 maande te verleng (hierna die ontdekkingstydperk genoem) met dien verstande dat

(a) hierdie opsie slegs uitgeoefen mag word indien die Maatskappy hierdie afdeling beëindig of weier om dit te hernu;

(b) hierdie opsie binne 30 dae na beëndiging of nie-hernuwing skriftelik deur die Versekerde uitgeoefen moet word;

(c) die opsie nie deur die Versekerde of die Maatskappy gekanselleer kan word sodra dit uitgeoefen is nie;

(d) die Versekerde nie versekering verkry het wat gelykstaande is aan die omvang en dekking van die gekanselleerde afdeling toe dit verstryk het nie;

(e) die Maatskappy slegs aanspreeklik is vir 'n versekerde voorval wat op of na die terugwerkende datum maar voor die aanvang van die ontdekkingstydperk plaasgevind het;

(f) eise wat aanvanklik teen die Versekerde ingestel is of "aangemelde omstandighede" gedurende die ontdekkingstydperk behandel sal word asof hule aanvanklik op die laaste dag van die versekeringstydperk wat die ontdekkingstydperk voorafgaan, ingestel of aangemeld is;

(g) die totale bedrag betaalbaar deur die Maatskappy vir eise ingestel gedurende die ontdekkingstydperk en die versekeringstydperk wat dit voorafgaan nie die skadeloosstellingsperk vir sodanige versekeringstydperk sal oorskry nie;

(h) enige eis (voortspruitend uit 'n aangemelde omstandigheid gedurende die ontdekkingstydperk) wat aanvanklik langer as 48 maande na die versekeringstydperk wat die ontdekkingstydperk voorafgaan teen die Versekerde ingestel word nie ingevolge hierdie uitbreiding verseker sal word nie. (Indien die eiser minderjarig is word die 48 maande-tydperk verleng tot die verstryking van 12 maande nadat die eiser mondig geword het).

# AANSPREEKLIKHEID (GEBEURTENIS-GRONDSLAG)

## VERSEKERDE VOORVAL

Toevallige

(a) dood van of liggaamlike besering (met inbegrip van siekte) aan enige persoon

(b) verlies of fisiese skade aan tasbare eiendom wat in die loop van en in verband met die besigheid gedurende die versekeringstydperk binne die gebiedsperke plaasvind ten opsigte waarvan die Versekerde wetlik aanspreeklik word om skadevergoeding te betaal.

## SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar met inbegrip van enige regsgelde wat deur 'n eiser van die Versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan is sal nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron oorskry nie.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) aanspreeklikheid kragtens ooreenkoms (behalwe die Versekerde se eie standaard-kontrakvoorwaardes) aanvaar tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

(b) dood of liggaamlike besering van enige persoon besig met of as gevolg van die diens van die Versekerde kragtens dienskontrak of vakleerlingskap en wat voortspruit uit of in die loop van sy diens by die Versekerde;

(c) verlies of skade aan eiendom

(i) wat aan die Versekerde behoort;

(ii) in die bewaring of onder beheer van die Versekerde maar hierdie uitsondering geld nie vir die volgende nie

(aa) eiendom (behalwe motorvoertuie) van besoekers by die Versekerde se persele of van prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers van die Versekerde;

(ab) voertuie wat nie deur die Versekerde gehuur of aan hom geleen word nie (met inbegrip van die inhoud en toebehore daarvan) wat gebruik maak van die Versekerde se parkeerfasiliteite.

Hierdie uitsondering dek nie 'n versekerde voorval indien dit 'n parkeergaragebesigheid of die Versekerde 'n motorhandelaar is nie.

(ac) persele wat nie deur die Versekerde besit of gehuur word nie wat tydelik deur hom geokkupeer word met die doel om werk daaraan of daarin uit te voer tensy aanspreeklikheid uitsluitlik kragtens 'n ooreenkoms ontstaan;

(iii) synde daardie gedeelte waaraan gewerk word indien verlies of skade regstreeks uit sodanige werk voortspruit;

(d) aanspreeklikheid veroorsaak deur of deur middel van of as gevolg van defektiewe vakmanskap hetsy dit voorkom voor die voltooiing en oorhandiging van enige werk of andersins;

(e) die doen of oordoen of regmaak van enige werk wat die Versekerde gekontrakteer het om te doen;

(f) aanspreeklikheid wat voortspruit uit of verband hou met

(i) die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige lokomotief, rollende materiaal, watervaartuig, kragondersteunde fiets of enige soort meganiesaangedrewe voertuig maar hierdie uitsondering is nie van toepassing nie (mits die Versekerde nie kragtens enige ander versekering op skadeloosstelling geregtig is nie) op

(aa) die laai van 'n vrag op of die aflaai van 'n vrag van of die aanbring van 'n vrag na of wegneem van 'n vrag van enige voertuig;

(ab) die gebruik van 'n meganiesaangedrewe voertuig of installasie wat vasgeheg is aan of deel uitmaak van sodanige voertuig terwyl sodanige voertuig of installasie gebruik word as werkende gereedskap;

(ac) die gebruik by die Versekerde se persele en terreine waartoe die publiek geen algemene toegangsreg het nie van enige bewegende kraan of toerusting wat nie vir padgebruik gelisensieer is nie;

(ad) grassnyers en voetgangerbeheerde tuinimplemente;

(ii) die eienaarskap, besit, gebruik, instandhouding deur of namens die Versekerde van enige lugvaartuig of 'n lugredery of die eienaarskap, huur of bruikhuur van enige lughawe landingstrook, helikopterlandplek of die bunkering van 'n lugvaartuig;

(iii) professionele advies, helende of ander behandeling (behalwe noodhulpbehandeling), fout, vergissing, of weglating in enige advies, ontwerp, plan of spesifikasie;

(iv) of veroorsaak deur die werking van of defek in enige artikel of produk (met inbegrip van houers en etikette) verkoop, verander, gebou, hanteer, vervaardig, herstel, gediens, behandel of verskaf (behalwe aanspreeklikheid wat voortspruit uit die verkoop of verskaffing van voedsel of drank vir verbruik op die persele) wat elders as by die persele plaasvind nadat hulle nie meer in die bewaring of onder beheer van die Versekerde is nie;

(v) of wat binne die omvang van enige soort motorvoertuigversekering val of wat verpligtend versekerbaar is kragtens enige wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie beheer nieteenstaande die feit dat geen sodanige versekering van krag is of aangegaan is nie;

(vi) deursypeling, besoedeling of kontaminasie of enige koste in verband met die vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie veroorsaak word deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis wat nie met enige geleidelikwerkende oorsaak verband hou nie;

(g) meer as R20 000 vir skade aan eiendom wat voortspruit uit of verband hou met vibrasie of die verwydering of verswakking van of steuring aan die stut van enige grond struktuur, gebou of ander eiendom;

(h) die bedrag van enige bybetaling vermeld in die bylae;

(i) boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

(j) vergoeding vir skadevergoeding en regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die Versekerde verhaalbaar is ten opsigte van uitsprake in die eerste plek gelewer of verkry deur 'n ander hof as 'n hof met regsbevoegdheid binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Oorkruisaanspreeklikheid

Indien die "Versekerde" uit meer as een party bestaan sal die Maatskappy elkeen van sodanige partye skadeloos stel asof 'n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is en die Maatskappy doen afstand van alle regte van subrogasie of aksie wat die Maatskappy mag hê of verkry uit hoofde van hierdie spesiale uitbreiding met dien verstande dat

(a) die Maatskappy se totale aanspreeklikheid nie die algemene skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae vir enige enkele versekerde voorval oorskry nie;

(b) die Maatskappy nie die Versekerde skadeloos stel teen enige aanspreeklikheid wat ingevolge enige werkgewersaanspreeklikheidsversekering verseker is of sou gewees het indien hierdie versekering nie bestaan het nie.

## Skadeloosstelling aan ander partye

Die "Versekerde" sluit in

(a) in die geval van die dood van die Versekerde sy wettige persoonlike verteenwoordiger ten opsigte van aanspreeklikheid op die hals gehaal deur die Versekerde;

(b) indien die Versekerde aldus versoek

- (i) enige prinsipaal ingevolge 'n kontrak of ooreenkoms wat deur die Versekerde aangegaan is in verband met die besigheid maar slegs in soverre dit vereis word kragtens die bepalings van sodanige kontrak of ooreenkoms en met uitsluiting van enige aanspreeklikheid te wyte aan of voortspruitende uit enige handeling, versuim of nalatigheid van sodanige prinsipaal, sy bediendes of agente;
- (ii) enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde;
- (iii) enige beampte of lid van die Versekerde se sosiale, sport- of welsynsorganisasie, noodhulp-, brand- of ambulansdienste, kantien of dies meer wat aan die Versekerde behoort of deur die Versekerde tot voordeel van sy werknemers tot stand gebring is;
- (iv) enige besoekende sportspan of lid daarvan in hulle onderskeie hoedanighede en met dien verstande dat sodanige prinsipaal of persoon
  - (aa) nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;
  - (ab) asof hy die Versekerde is die bepalings van hierdie polis nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre hulle van toepassing kan wees;
  - (ac) wat ingevolge (b)(i) of (ii) hierbo verseker word slegs hierkragtens skadeloos gestel word tot die mate waarin die Versekerde skadeloos gestel sou gewees het indien die eis teen die Versekerde ingestel was.

## Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande spesifieke uitsondering (a) indien die Versekerde ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die Versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die Versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die Versekerde en nie die sekuriteitsfirma nie in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae.

Indien die sekuriteitsfirma ten tye van die plaasvind van 'n voorval wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde voorval op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die Maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

## Gebiedsperke

Die gebiedsperke is wêreldwyd ten opsigte van enige prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers van die Versekerde wat in die loop van hulle pligte reis.

## Oorloguitsluiting

Algemene uitsondering 1 word geskrap en vervang deur

"1 Oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, rewolusie, militêre of geüsurpeerde gesag".

# MEMORANDA

## 1. Skadeloosstelling aan openbare instansies

Spesiale uitsondering (a) is nie op 'n versekerde voorval wat voortspruit uit ooreenkomste wat deur die Versekerde aangegaan is met die Transnet-administrasie, staats- en kwasi-staatsdepartemente, provinsiale administrasies, munisipaliteite en soortgelyke instansies in verband met die gebruik van spoorwegsylyne en ander soorte vervoer van toepassing nie met dien verstande dat

(a) met uitsondering van Transnet-sylyne- en gevaarlike persele-ooreenkomste en skadeloosstellingsverklarings afskrifte van sodanige ooreenkomste by die Maatskappy ingedien word

(b) die voer en beheer van alle eise by die Maatskappy berus.

## 2. Regsverdedigingskoste (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Indien aldus deur die Versekerde versoek sal die Maatskappy enige werknemer, direkteur, vennoot of lid van die Versekerde skadeloos stel teen koste en uitgawes wat met die Maatskappy se skriftelike toestemming deur of namens sodanige persoon aangegaan word ten opsigte van die verdediging van enige kriminele geding wat teen hom ingebring word in die loop van sy dienste by die Versekerde wat voortspruit uit 'n oortreding van die volgende gedurende die versekeringstydperk:

die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid Nr 85 van 1993 (soos gewysig) of

die Wet op Myne en Bedrywe Nr 27 van 1956 (soos gewysig) of

die Elektrisiteitswet Nr 40 van 1958 (soos gewysig) of

die Wet op Gevaarhoudende Stowwe Nr 15 van 1973 (soos gewysig) of enige ander wet of ordonnansie wat met elektrisiteitvoorsiening in verband staan wat almal of enigeen gelees moet word saam met die Strafproseswet Nr. 51 van 1977 (soos gewysig) en met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie om

(a) voort te gaan met of 'n appél te verdedig sonder die Maatskappy se voorafgaande skriftelike toestemming;

(b) enige boete of straf te betaal wat deur enige magistraat of regter opgelê is en ook nie vir enige geldelike verlies wat daarop volg nie;

(c) meer as die versekerde bedrag vermeld in die bylae te betaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

## 3. Huurdersaanspreeklikheid

Die volgende voorbehoud word by "spesiale uitsondering (c)(ii)" gevoeg

(ad) daardie gedeelte van enige gebou wat deur die Versekerde as 'n huurder geokkupeer word.

## 4. Eiendombesittersaanspreeklikheid

Nieteenstaande spesiale uitsondering (c)(i) sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel vir 'n versekerde voorval wat plaasvind op of in die omgewing van die persele wat aan die Versekerde behoort en in die bylae gespesifiseer word maar beperk tot die bedrag vermeld in die bylae met inbegrip van regskoste wat deur 'n eiser van die Versekerde verhaalbaar is en ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan is vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron.

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie memorandum aanspreeklik vir aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks in verband met die volgende voortspruit nie

(a) die sloping van of strukturele veranderings aan of toevoegings tot enige gebou of ander struktuur of enige werk wat daarmee verband hou;

(b) die Versekerde se ambag, professie of beroep (behalwe as eienaar van die persele);

(c) die okkupasie van die persele deur die Versekerde.

## 5. Onregmatige inhegtenisname en laster (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel teen skadevergoeding wat hy wetlik aanspreeklik word om te betaal ten opsigte van

(a) die onregmatige inhegtenisname van enige persoon (met inbegrip van aanranding in verband daarmee);

(b) die laster van enige persoon gedurende die versekeringstydperk maar beperk tot die bedrag vermeld in die bylae met inbegrip van regskoste wat deur enige eiser van die Versekerde verhaalbaar is en ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan is vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron en in totaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) vir elk van (a) en (b).

## 6. Produkte-aanspreeklikheid (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Ongeag spesiale uitsonderings (f)(iii) en (f)(iv) sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel teen 'n versekerde voorval wat op enige plek ter wêreld (behalwe by persele geokkupeer deur die Versekerde en onderworpe aan Algemene Voorwaarde 10 en Memorandum 7 (indien van toepassing)) plaasvind wat veroorsaak word deur die werking van of defek in enige artikel of produk beskryf in die bylae (met inbegrip van houers en etikette) (die goedere) wat in die loop van die besigheid en gedurende die versekeringstydperk verander, opgerig, hanteer, vervaardig, herstel, gediens, behandel, verkoop, voorsien of geïnstalleer is (met inbegrip van foutiewe aflewering en aflewering van verkeerde goedere) maar beperk tot die bedrag vermeld in die bylae met inbegrip van regskoste wat deur 'n eiser van die Versekerde verhaalbaar is en ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se skriftelike toestemming aangegaan is vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron en in totaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) die onttrekkings-, terugname- of vervangingskoste van die goedere of enige deel daarvan wat die versekerde voorval veroorsaak;

(b) die herstellings-, veranderings-, opknappings of vervangingskoste (wat sloping, uitbreking, demontering, aflewering, herbouing, verskaffing of installering in verband daarmee insluit) van die goedere of enige ander eiendom (tensy fisies deur die goedere beskadig) noodsaaklik om sodanige herstelwerk uit te voer;

(c) aanspreeklikheid voortspruitend uit goedere (hetsy in die bylae beskryf al dan nie) wat geïnstalleer gaan word in of wat deel uitmaak van 'n lugvaartuig;

(d) (i) gebrekkige ontwerp, formule, plan of spesifikasie maar indien die Versekerde 'n kleinhandelaar is, is hierdie spesifieke uitsondering (d) nie van toepassing nie indien die Versekerde se aktitiwiteite in hulle geheel beperk is tot verkope, verspreiding en/of bemarking (insluitende enige bemarkingsadviesdiens wat die produkte vergesel) van die produk en die Versekerde se aktiwiteite nie die finale voorbereiding insluit nie wat beteken die herverpakking, verpakking, etikettering, skoonmaak of verskaffing van gebruiksaanwysings voor die verkoop aan die Versekerde se oorspronklike klante en ook nie enige opknapping, aanpassing of wysiging aan die produk nie;

(ii) ondoeltreffendheid of versuim om aan die spesifikasie te voldoen tensy sodanige ondoeltreffendheid of versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie;

(e) besering of skade wat in die Verenigde State van Amerika of Kanada plaasvind en veroorsaak word deur of deur middel van of in verband met enige goedere of produkte wat deur of op las van die Versekerde verkoop of verskaf word indien sodanige produkte na die Versekerde se wete deur of namens die Versekerde na die Verenigde State van Amerika of Kanade uitgevoer is.

Vir die doeleindes van hierdie memorandum sluit spesiale uitsondering (a) van hierdie afdeling nie enige waarborg van die goedere wat regtens geïmpliseer word uit nie.

## 7. EC – Streng aanspreeklikheid (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Ondanks Algemene Uitsondering 10 geld spesiale uitsondering (j) nie vir uitsprake in die eerste plek gelewer of verkry deur howe van die European Community (EC) of die European Free Trade Association (EFTA) nie met dien verstande dat die Versekerde

(a) 'n stelsel implementeer en in stand hou waarvolgens die artikel of produk (met inbegrip van houers en etikette maar met uitsluiting van grondstof) (die goedere) verkoop, verander, opgerig, hanteer, vervaardig, herstel, gediens, behandel of voorsien maklik geïdentifiseer kan word by wyse van besendingnommer, reeksnommer, datumstempel of ander soortgelyke stelsel;

(b) 'n rekord van die datum waarop die goedere aanvanklik in omloop gebring word noteer en in stand hou vir 'n minimum tydperk van 10 jaar;

(c) sodanige rekords te eniger tyd op versoek aan die Maatskappy of sy genomineerde beskikbaar stel;

(d) verantwoordelik is vir die bedrag van enige bybetaling wat in die bylae vermeld word.

Die skadeloosstellingsperk vir Produkteaanspreeklikheid wat in die bylae vermeld word geld vir en word nie deur hierdie memorandum verander nie.

## 8. Ontwerp (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Uitsondering (d) van die Produkteaanspreeklikheid memorandum word soos volg gewysig

(d) aanspreeklikheid voortspruitend uit ondoeltreffendheid, onvoldoende werkverrigting of versuim om aan die spesifikasie te voldoen (tensy sodanige versuim te wyte is aan nalatigheid in die navolging van sodanige spesifikasie);

maar die Maatskappy is nie vir die bedrag van enige bybetaling vermeld in die bylae aanspreeklik nie.

Die skadeloosstellingsperk vir Produkteaanspreeklikheid wat in die bylae vermeld word geld vir en word nie deur hierdie memorandum verander nie.

## 9. Defektiewe vakmanskap (nie-waarborg) (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

Die Maatskappy sal die Versekerde nieteenstaande spesiale uitsondering c (iii) en (d) skadeloos stel vir 'n versekerde voorval wat voortspruit uit enige daad of versuim wat op defektiewe vakmanskap neerkom (wat elders as by die Versekerde se persele plaasvind) deur die Versekerde of 'n werknemer van die Versekerde terwyl hy sy pligte in verband met die Versekerde se besigheid uitvoer.

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

(i) die defektiewe vakmanskap self;

(ii) die onttrekkings-, terugname- of vervangingskoste van die goedere, produkte of enige deel daarvan (met inbegrip van houers en etikette) wat die versekerde voorval veroorsaak;

(iii) die herstel-, veranderings-, opknappings- of vervangingskoste (wat sloping, uitbreking, demontering, aflewering, herbouing, verskaffing of installering in verband daarmee insluit) van goedere of produkte (met inbegrip van houers en etikette) (sodanige herstelwerk) en enige ander eiendom (tensy fisies deur die goedere of produkte beskadig) noodsaaklik om sodanige herstelwerk uit te voer;

(iv) aanspreeklikheid as gevolg van die werking van of defek in tweedehandse artikels of onderdele wat deur die Versekerde vir herstel of opknappingswerk gebruik word;

(v) aanspreeklikheid wat mag ontstaan as gevolg van ondoeltreffendheid of omdat die werk wat uitgevoer is nie die resultaat gelewer het wat verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie;

(vi) die bedrag van enige bybetaling wat in die bylae vermeld word;

(vii) aanspreeklikheid as gevolg van defektiewe ontwerp;

(viii) aanspreeklikheid voortspruitend uit of in verband met defektiewe vakmanskap in of op watervaartuie of lugvaartuie.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot die bedrag vermeld in die bylae vir enige enkele versekerde voorval en in totaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

## 10. Defektiewe vakmanskap (waarborg) (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

(slegs van toepassing op motorgarages en petrol- en dieselenjin-herstellers)

Die Maatskappy sal die Versekerde nieteenstaande spesiale uitsondering c (ii) (iii) (d) en (e) skadeloos stel vir 'n versekerde voorval wat voortspruit uit enige daad of versuim wat op defektiewe vakmanskap neerkom (wat by die Versekerde se persele plaasvind) deur die Versekerde of 'n werknemer van die Versekerde terwyl hy sy pligte in verband met die Versekerde se besigheid uitvoer met dien verstande dat sodanige skadeloosstelling ten opsigte van eiendom waaraan gewerk word of gewerk was beperk word tot daardie gedeelte van die eiendom wat die onderwerp van sodanige werk is/was.

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(i) aanspreeklikheid as gevolg van die werking van of defek in tweedehandse artikels of onderdele wat deur die Versekerde vir herstel of opknappingswerk gebruik word;

(ii) die onttrekkings-, terugname- of vervangingskoste van die goedere, produkte of enige deel daarvan (met inbegrip van houers en etikette) wat die versekerde voorval veroorsaak;

(iii) aanspreeklikheid wat mag ontstaan as gevolg van ondoeltreffendheid of omdat die werk wat uitgevoer is nie die resultaat gelewer het wat verwag is of waarop aanspraak gemaak is nie;

(iv) die bedrag van enige bybetaling wat in die bylae vermeld word;

(v) enige eiskennisgewing wat nie binne drie maande na die verstryking van hierdie memorandum afdeling of die hele polis vanaf die Versekerde ontvang is nie;

(vi) aanspreeklikheid as gevolg van defektiewe ontwerp;

(vii) aanspreeklikheid voortspruitend uit of in verband met enige werk wat meer as drie jaar onmiddellik voor die datum waarop die versekerde voorval plaasgevind het uitgevoer is;

(viii) aanspreeklikheid voortspruitend uit of in verband met defektiewe vakmanskap op marine- of lugvaartenjins.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot die bedrag vermeld in die bylae vir enige enkele versekerde voorval en in totaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

## 11. Mediese nooduitgawes

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel teen alle redelike uitgawes deur die Versekerde aangegaan vir sodanige onmiddellike mediese behandeling as wat noodsaaklik mag wees ten tye van 'n ongeval wat besering tot gevolg het van enige persoon wat die onderwerp van 'n eis om skadeloosstelling deur die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling mag wees.

# ALGEMENE UITSONDERINGS BEPALINGS & VOORWAARDES

Onderworpe aan die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (opskortend of andersins) en as teenprestasie daarvoor en op voorwaarde dat die premie vooraf deur of namens die Versekerde betaal en deur of namens **Santam Beperk** (die Maatskappy) ontvang is onderneem die Maatskappy om die Versekerde deur middel van betaling of na die Maatskappy se keuse deur vervanging of herstel tot hoogstens die versekerde bedrae, aanspreeklikheidsperke, skadevergoeding of ander bedrae gespesifiseer skadeloos te stel of te vergoed ten opsigte van die omskrewe voorvalle wat gedurende die versekeringstydperk en soos andersins voorsien kragtens die afdelings hierin vervat plaasvind.

Spesifieke uitsonderings, voorwaardes en bepalings stel algemene uitsonderings, voorwaardes en bepalings ter syde.

# ALGEMENE UITSONDERINGS

## 1. Oorlog en oproer

(A) Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak;

(ii) oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog;

(iii) (a) muitery, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal;

(b) opstand, rebellie of revolusie;

(iv) enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp;

(v) enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem;

(vi) enige poging tot optrede waarna in klousule (iv) of (v) hierbo verwys word;

(vii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl op ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna in klousule (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) hierbo verwys word.

Indien die maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule (A) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

(B) Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

## 2. Terrorisme

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierin vervat word nie en wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel dek hierdie polis nie verlies van of skade aan eiendom of enige uitgawe van enige aard hoegenaamd nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur ontstaan uit of in verband met enige daad van terrorisme ongeag enige ander oorsaak of voorval wat tergelykertyd of in enige volgorde bydra tot die verlies, skade of uitgawe.

Vir die doeleinde van hierdie Algemene Uitsondering 2 sluit 'n daad van terrorisme in sonder beperking die gebruik van geweld of krag of dreigement daartoe, hetsy as 'n daad wat skadelik vir menslike lewe is al dan nie deur enige persoon of groep persone hetsy daar alleen opgetree word of in verband met enige organisasie of regering of enige ander persoon of groep persone wat gepleeg word vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes of doeleindes met inbegrip van enige daad wat gepleeg word met die bedoeling om enige regering te beïnvloed of om vrees by die publiek of enige sektor van die publiek in te boesem.

Indien die maatskappy beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 2 van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 3. Kern

Behalwe wat die afdelings Getrouheid, Aangegewe Voordele en Groep Persoonlike Ongevalle betref

(i) dek hierdie polis nie die volgende nie:

(a) verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd of enige verlies of uitgawe hoegenaamd wat voortspruit of ontstaan daaruit of enige gevolglike verlies;

(b) enige regsaanspreeklikheid van watter aard ook al

wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit ioniserende uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding van kernbrandstof.

Slegs vir die doeleindes van hierdie uitsondering sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

(ii) is die skadeloosstelling wat hierdie polis verleen nie van toepassing op en sluit nie enige verlies, vernietiging, skade of regsaanspreeklikheid in nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat ontstaan uit kernwapenmateriaal.

4. Hierdie polis dek nie verlies, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van enige gevolglike verlies van enige beskrywing of vertraging.

5. Hierdie polis dek nie verlies, skade of aanspreeklikheid regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of in verband met of as gevolg van

(a) aardbewing hetsy veroorsaak deur mynbedrywighede of andersins onderaardse vuur, vulkaniese uitbarsting of ander natuurontwrigting, vloedgolf, grondverskuiwing of -insakking;

(b) 'n versekerde voorval wat elders as in Afrika suid van die breedtegraad 15° suid met uitsluiting van Angola, Mosambiek en Zambië plaasvind tensy andersins vermeld in 'n afdeling.

## 6. Rekenaarverliese

**Algemene uitsondering van toepassing op alle afdelings van hierdie polis wat skade aan eiendom of die gevolge van skade aan eiendom of enige aanspreeklikheid verseker.**

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierby ingesluit is nie wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel dek hierdie polis nie:

(a) verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd (insluitende 'n rekenaar) of enige verlies of uitgawe hoegenaamd voortspruitend uit of as gevolg daarvan;

(b) enige regsaanspreeklikheid hoegenaamd;

(c) enige gevolglike verlies

regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of waartoe bygedra word deur of wat bestaan of voortspruit uit die onvermoë of onklaarraking van enige rekenaar hetsy korrek of enigsins

(i) om enige datum as die korrekte of ware kalenderdatum te behandel of om op korrekte of toepaslike wyse enige data of inligting te herken, te manipuleer, te interpreteer, te verwerk, te berg of te ontvang of om daarop te reageer of om enige opdrag of instruksie uit te voer met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum nie; of

(ii) om enige data vas te lê, te stoor, of op korrekte wyse te verwerk as gevolg van die uitvoer van enige opdrag wat in enige rekenaar geprogrammeer is synde 'n opdrag wat die verlies van data of die onvermoë om sodanige data op of na enige datum vas te vang, te bewaar, te behou of op korrekte wyse te verwerk veroorsaak nie; of

(iii) om enige inligting of kode vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk vanweë programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of bederwing van data en/of programme nie; of

(iv) om enige data vas te lê, te stoor, te behou of te verwerk as gevolg van die handeling van enige rekenaarvirus of ander bederwende, skadelike of andersins ongemagtigde kode of instruksie met inbegrip van enige Trojaanse perd, tyd- of logikabom of wurm of enige ander vernietigende of ontwrigtende kode, media of program of versteuring.

'n Rekenaar sluit in enige rekenaar dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in rekenaar- of nie-rekenaartoerusting of enige rekenaarsagteware, -gereedskap, -bedryfstelsel of enige rekenaarhardeware of periferale toerusting en die inligting en data wat elektronies of andersins in of op enige van bogenoemde bewaar word hetsy die eiendom van die versekerde al dan nie.

## Spesiale uitbreiding tot Algemene Uitsondering 6

A. Verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom deur brand, ontploffing, weerlig, aardbewing of enige van die ingeslote spesiale gevare waarna hieronder verwys word of waarvoor die afdelings Glas, Werkgewersaanspreeklikheid, Aangegewe Voordele, Groep Persoonlike Ongevalle of Motor skadeloosstelling verleen word nie deur hierdie Algemene uitsondering uitgesluit nie.

Die enigste spesiale gevare wat vir die doeleindes van hierdie spesiale uitbreiding ingesluit word is skade wat veroorsaak word deur

1. storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van skade aan eiendom

   (a) wat voortspruit uit enige proses wat dit ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;

   (b) wat veroorsaak word deur 'n vloedgolf wat ontstaan as gevolg van 'n aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

   (c) in die ondergrondse werkverrigtinge van enige myn;

(d) in die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk)*;

(e) in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie*;

(f) wat keermure is*;

**Tensy dit so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker word.*

2. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.

3. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

Hierdie spesiale gevare dek nie slytasie of geleidelike agteruitgang nie.

B. Algemene Uitsondering 6 is ook nie van toepassing op gevolglike verlies soos verseker deur enige Sake-onderbreking-skadeloosstelling van hierdie polis nie tot die mate wat sodanige gevolglike verlies voortspruit uit skade aan die versekerde eiendom deur die gevare waarna in Spesiale Uitbreiding A hierbo verwys word.

C. Hierdie Spesiale Uitbreiding verseker nie enige verlies, vernietiging of gevolglike verlies nie indien dit nie in die afwesigheid van hierdie Rekenaarverliese, Algemene uitsondering en hierdie Spesiale uitbreiding verseker sou gewees het nie.

D. Hierdie Spesiale Uitbreiding is nie van toepassing op enige Gemeenregtelike Aanspreeklikheidskadeloosstelling nie.

# ALGEMENE BEPALINGS

Onderhewig aan die bepalings van Artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr 53 van 1998 (soos gewysig).

## 1. Eisevoorbereidingskoste

Die versekering ingevolge elke afdeling van hierdie polis word uitgebrei om koste wat noodsaaklikerwys deur die Versekerde aangegaan word om enige besonderhede of gegewens vereis ooreenkomstig Algemene Voorwaarde 3 (eise) te voorsien en te sertifiseer of om die bedrag van enige eis te staaf tensy dit so beskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker word tot ten opsigte van enige spesifieke afdeling hoogstens die minste van R2 000 en 10% van die versekerde bedrag/skadeloosstellingsperk vir die item wat geraak word in te sluit.

Die Maatskappy sal boonop enige bykomende bedrag wat werklik aangegaan word tot hoogstens die bedrag vir bykomende eisevoorbereidingskoste vermeld in die bylae van die betrokke afdeling betaal.

## 2. Bybetaling

Tensy uitdruklik tot die teendeel voorsien word die bedrag betaalbaar ingevolge enige afdeling verlaag met die bedrag van enige bybetaling van toepassing op 'n versekerde voorval ingevolge daardie afdeling of op die polis in sy geheel.

## 3. Betaling op rekening

Betaling op rekening mag na die goeddunke van die Maatskappy aan die Versekerde gemaak word indien betaling van die bedrag verhaalbaar van die Maatskappy vertraag word in afwagting van finalisering van 'n eis.

## 4. Versekeringstydperk

Waar die uitdrukking "twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis)" in 'n afdeling voorkom moet dit letterlik vertolk word behalwe waar die eerste of 'n daaropvolgende versekeringstydperk korter of langer is as die gewone premiebetalingsfrekwensie ten einde te voldoen aan die vereistes van die Versekerde in welke geval sodanige korter of langer tydperk vir die doeleindes van vermelde uitdrukking vertolk moet word as synde dieselfde durasie as die gewone frekwensie te wees.

## 5. Gemeenskaplike polisse

Indien meer as een versekeringsmaatskappy of maatskappy in die bylae vermeld word as synde deel te hê aan hierdie versekering word dit beskou asof die woord "Maatskappye" in die plek van die woord "Maatskappy" gestel word waar dit ook al in die polis mag voorkom behalwe in die voorwaardes waar "die Maatskappy" die toonaangewende kantoor namens die Maatskappye beteken.

Die deelname van elke maatskappy is vir die persentasie uiteengesit teenoor sy naam in die bylae en die aanspreeklikheid van elkeen afsonderlik word beperk tot daardie persentasie.

In sodanige geval word hierdie polis 'n kollektiewe versekering.

## 6. Verliesbeperking

Die Maatskappy is nie ingevolge meer as een afdeling van hierdie polis aanspreeklik nie ten opsigte van aanspreeklikheid, verlies of skade voortspruitend uit dieselfde gebeurtenis ten opsigte van dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade.

## 7. Vertolking

Die bylae en enige endossement daarvan en die polisbewoording moet saamgelees word en enige woord of uitdrukking waaraan 'n besondere betekenis geheg word in enige deel daarvan moet sodanige betekenis dra waar dit ook al mag voorkom.

## 8. Premiebetaling

Die Maatskappy is nie verplig om premie te aanvaar wat na aanvangs- of hernuwingsdatum na gelang van die geval by hulle ingedien word nie maar mag dit wel doen op voorwaardes wat na hulle uitsluitlike goeddunke bepaal mag word.

# ALGEMENE VOORWAARDES

Onderhewig aan die bepalings van Artikel 55 van die Wet op Korttermynversekering Nr 53 van 1998 (soos gewysig).

## 1. Algemeen

Hierdie polis word nietig verklaar ten opsigte van enige item of afdeling waaraan voorrang bo die polis in geheel verleen word indien

(a) verswyging
daar wanvoorstelling, wanbeskrywing of verswyging van enige tersaaklike besonderhede is;

(b) versekerbare belang
die Versekerde se belang ophou behalwe deur dood of regswerking tensy sodanige verandering deur die Maatskappy erken is;

(c) verhoging in risiko
die risiko van ongeval, verlies, skade of aanspreeklikheid verhoog word behalwe in omstandighede waarvoor voorsiening in 'n afdeling gemaak is of waartoe die Maatskappy vooraf ingestem het;

(d) verbreking van waarborg
die Versekerde enige waarborg verbreek.

## 2. Voorkoming van verlies

Die Versekerde moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref vir die instandhouding en veiligheid van versekerde eiendom en vir die voorkoming van ongevalle of verliese.

## 3. Eise

(a) By die plaasvind van 'n versekerde voorval wat op 'n eis ingevolge hierdie polis mag uitloop moet die Versekerde so gou as moontlik en op eie koste (behalwe soos andersins hierin voorsien)

(i) die Maatskappy in kennis stel en besonderhede verstrek van enige ander versekering wat dieselfde voorval dek;

(ii) die polisie in kennis stel van enige eis waarby diefstal of verlies aan eiendom betrokke is en alle uitvoerbare stappe doen om die skuldige party op te spoor en om die gesteelde of verlore eiendom terug te kry;

(iii) saamwerk met die Maatskappy of sy benoemde om die gevolglike verlies, skade, besering of aanspreeklikheid tot 'n minimum te beperk;

(iv) skriftelik volledige besonderhede van die voorval voorsien tesame met sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings as wat die Maatskappy mag verlang;

(v) enige kennisgewing van 'n eis, meedeling, lasbrief, dagvaarding of ander regsproses wat verband hou met die voorval aan die Maatskappy stuur;

(b) 'n Eis (behalwe ingevolge die Getrouheidswaarborg-, Groep Persoonlike Ongevalle- of aanranding-memorandum ingevolge 'n Geldpolisafdeling) is nie betaalbaar nie indien

(i) die Versekerde enige erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling maak sonder dat die Maatskappy vooraf skriftelik daartoe ingestem het;

(ii) vier-en-twintig maande (of sodanige ander tydperk soos voorsien in 'n afdeling) verloop het sedert die plaasvind van die versekerde voorval (of ten opsigte van 'n Sake-Onderbrekingafdeling dertig dae verloop het sedert die verstryking van die skadeloosstellingstydperk) tensy die eis die onderwerp is van die Versekerde se regsaanspreeklikheid teenoor derde partye of van 'n hangende hofgeding;

(iii) dit verwerp word en regsaksie nie binne twaalf maande na die verwerping ingestel word nie.

## 4. Die maatskappy se regte

By die plaasvind van 'n versekerde voorval mag die Maatskappy of sy benoemde sonder om enige aanspreeklikheid daardeur op die hals te haal en sonder inkorting van sy regte

(a) enige beskadigde versekerde eiendom in besit neem, dit binnegaan of dit in besit hou en daarmee handel op enige redelike manier maar hierdie voorwaarde verleen nie aan die Versekerde die reg om enige eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie hetsy dit alreeds in die Maatskappy se besit is al dan nie;

(b) 'n regsaksie in die naam van die Versekerde instel ten opsigte van enige verhaling van of bydrae tot 'n eis;

(c) die verdediging en skikking van enige eis oorneem en dit in die naam van die Versekerde voer;

(d) sy verpligtinge te eniger tyd ingevolge enige afdeling of onderafdeling wat skadeloosstelling vir aanspreeklikheid teenoor derdepartye verleen vervul deur aan die Versekerde die aanspreeklikheidsperk te betaal of sodanige kleiner bedrag as waarvoor die eis geskik kan word en sodanige bedrag sal regskoste en ander uitgawes waartoe die Maatskappy ingestem het en wat voor die betalingsdatum aangegaan is insluit.

## 5. Ander versekerings

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie

(a) om die Versekerde skadeloos te stel vir enige versekerde eiendom wat verseker is of as dit nie vir die bestaan van hierdie polis was nie verseker sou gewees het deur ʼn Marineversekeringspolis behalwe ten opsigte van enige oorskot bo en behalwe die bedrag wat verhaalbaar sou gewees het ingevolge sodanige Marineversekeringspolis;

(b) (i) om meer as sy eweredige deel by te dra waar daar ʼn ander nie-marinepolis van krag is wat ʼn versekerde voorval wat ook deur hierdie polis gedek word gedeeltelik of ten volle dek en

(ii) wanneer sodanige polis enige bepaling bevat waarkragtens dit nie in gelyke rangorde met hierdie polis staan nie of nie eweredig bydra tot hierdie polis nie vir meer as sodanige deel van die verlies of skade in dieselfde verhouding as wat die bedrag hierdeur verseker tot die waarde van die versekerde eiendom staan en

indien sodanige ander polis onderworpe aan ʼn eweredigheidsvoorwaarde is, is hierdie polis insgelyks aan eweredigheid onderworpe indien dit nie reeds daaraan onderworpe is nie.

## 6. Beëindiging

Hierdie polis of enige afdeling daarvan mag beëindig word deur die Versekerde deur middel van onmiddellike kennisgewing of deur die Maatskappy deur dertig dae skriftelike kennisgewing aan die Versekerde te gee.

Onderworpe aan Algemene Voorwaarde 7 sal ʼn pro rata terugbetaling van premie bereken vanaf die verstryking van die kennisgewingstydperk tot die verstryking van die versekeringstydperk wat dan van krag is toegestaan word.

## 7. Aanpassing van premie

Indien die premie vir enige afdeling of enige gedeelte daarvan as onderworpe aan aanpassing op verklaring vermeld word, word sodanige aanpassing by die verstryking van elke twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) gemaak en die Versekerde moet te alle tye juiste rekords hou van die besonderhede wat betrekking het op die vereiste verklaring en moet sodanige rekords beskikbaar stel aan die Maatskappy in die tussenposes waarvoor voorsiening in die afdeling gemaak is of op versoek.

## 8. Herstelling van versekerde bedrag (nie van toepassing op voorraad verseker op verklaringsgrondslag of op enige afdeling waarin dit as nie van toepassing vermeld word nie)

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde bedrag vir ʼn afdeling waar van toepassing nie verminder word met die bedrag van enige geldige eis nie moet die Versekerde (indien verlang) vanaf die herstel- of vervangingsdatum (na gelang van watter een die laatste is) tot die verstryking van die versekeringstydperk ʼn pro rata premie bereken op die bedrag van die geldige eis betaal.

## 9. Bedrog

Indien enige eis ingevolge hierdie polis in enige opsig bedrieglik is of indien enige bedrieglike middele of metodes deur die Versekerde of enigiemand wat namens hom handel gebruik word om enige voordeel kragtens hierdie polis te verkry of indien enige verlies, skade of aanspreeklikheid veroorsaak word deur die opsetlike daad van die Versekerde of met die Versekerde se oogluikende toelating word alle voordeel ingevolge hierdie polis ten opsigte van sodanige eis verbeur.

## 10. Regsbevoegdheid

Hierdie polis word beheer deur die regstelsel van die Republiek van Suid-Afrika wie se howe alleenregsbevoegdheid het en verleen nie bevoegdheid aan howe van enige ander land nie.

Waar betaling gemaak moet word aan of deur die Maatskappy moet dit gedoen word in die geldmiddel van die Republiek van Suid-Afrika by die Maatskappy se hoofkantoor tensy die Maatskappy anders toelaat.

## 11. Langtermynooreenkoms

Indien 'n afdeling as onderworpe aan 'n langtermynooreenkoms vermeld word geld die volgende:

"As teenprestasie daarvoor dat die Maatskappy 'n korting op die premie vir 'n afdeling toelaat wat ingesluit is in die premie onderneem die Versekerde om hierdie afdeling of die toepaslike afdeling van enige vervangingspolis voort te sit vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarop oorspronklik ooreengekom is met dien verstande dat die versekerde bedrag te eniger tyd verminder mag word om ooreen te stem met enige vermindering in waarde."

Algemene Voorwaarde 6 word vervang deur die volgende:

### 6. Beëindiging

Hierdie polis of enige afdeling daarvan mag deur die Maatskappy beëindig word deur dertig dae skriftelike kennisgewing te dien effekte aan die Versekerde te gee. Onderworpe aan Algemene Voorwaarde 7 sal 'n pro rata terugbetaling van premie vanaf die verstryking van die kennisgewingstydperk tot die verstryking van die versekeringstydperk wat dan van krag is toegestaan word".

## 12. Maandelikse, kwartaallikse en halfjaarlikse polisse

Indien die premies as "maandeliks", "kwartaalliks" of "halfjaarliks" betaalbaar vermeld word moet betaling binne dertig dae na die aanvang van die versekeringstydperk waarmee hulle verband hou deur die Maatskappy ontvang word anders word die polis as beëindig beskou (nieteenstaande Algemene Voorwaarde 6) vanaf die verstryking van die voorafgaande versekeringstydperk tensy die Versekerde kan bewys dat staking van betaling 'n fout deur sy bankiers of ander betalingsagent was.

## 13. Sekuriteitsfirmas

Indien 'n werknemer van 'n sekuriteitsfirma wat ingevolge 'n kontrak deur die versekerde in diens geneem is verlies of skade veroorsaak stem die Maatskappy in om nie sy verhaalreg teen die gemelde sekuriteitsfirma uit te oefen nie indien die Versekerde ingevolge die gemelde kontrak nie teen die gemelde sekuriteitsfirma mag eis nie.

## 14. Gedek gehou

Indien die Maatskappy 'n risiko gedek hou sal hy nie 'n eis afwys omrede daar nie op die premie ooreengekom is nie.

## 15. Versekerde Bedrae blanko gelaat in bylae

Indien die versekerde bedrag, skadeloosstellingsperk of vergoeding in 'n bylae van hierdie polis

(i) blanko gelaat word of geen bedrag daarteenoor aangegee word nie;

(ii) aangegee word as nul of as nie van toepassing nie of as nie gedek nie of as geen skadeloosstelling verleen nie

word die omskrewe gebeurtenis of omstandigheid wat in die bylae vermeld word nie deur die polis verseker nie.

# BRAND

## VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan die versekerde eiendom (met inbegrip van alterasies deur die Versekerde as huurders aan die geboue of strukture) deur ʼn versekerde gevaar of sodanige van die bykomende gevare as wat in die bylae vermeld word as synde te geld.

**Eweredigheid**
Indien die waarde van die versekerde eiendom ten tye van die aanvang van die plaasvind van ʼn versekerde voorval gesamentlik meer is as die bedrag daarop verseker word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy ʼn eweredige deel van die verlies dra.

Elke versekerde item is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

**Spesiale uitsondering**
Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies of skade aan versekerde eiendom veroorsaak deur of voortspruitend daaruit dat dit enige verhittings- of drogingsproses ondergaan.

## WOORDOMSKRYWINGS

### VERSEKERDE GEVARE

#### Brand

Weerlig, donderslag en (nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(a)) onderaardse vuur.

### BYKOMENDE GEVARE

#### 1. Spesiale gevare

(a) storm, wind, water, hael of sneeu maar met uitsluiting van verlies of skade aan eiendom:

- (aa) wat voortspruit uit enige proses wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water vereis;
- (ab) veroorsaak deur vloedgolf wat voortspruit uit aardbewing of vulkaniese uitbarsting;
- (ac) in die ondergrondse werkplekke van enige myn en

tensy dit so omskryf en spesifiek as ʼn afsonderlike item verseker is;

- (ad) in die ope lug (behalwe aan geboue en strukture of toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te bestaan of te werk);
- (ae) in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie;
- (af) synde keermure.

(b) lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe daaruit laat val;

(c) botsing deur bome, diere, antennes, satellietskottels of voertuie of voorwerpe daaruit laat val met uitsluiting van verlies of skade aan sodanige diere, antennes, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie;

(d) vallende bome of dele daarvan.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie ingevolge bykomende gevaar 1 aanspreeklik nie vir:

(i) slytasie of geleidelikwerkende agteruitgang;

(ii) verlies of skade veroorsaak of vererger deur:

(aa) lekkasie of ontlading uit enige sprinkelaar- of stortstelsel of ander brandblusinstallasies of -toestelle in enige versekerde gebou of in enige gebou waarin versekerde eiendom gehou word;

(ab) insakking of grondverskuiwing;

(ac) die Versekerde se versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls vir die instandhouding en veiligheid van die versekerde eiendom te tref en om enige verlies of skade tot die minimum te beperk.

## 2. Aardbewing

Aardbewing (nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(a)) maar met uitsluiting van verlies of skade aan eiendom in die ondergrondse werkplekke van enige myn.

## 3. Kwaadwillige beskadiging

Die opsetlike of voorbedagte of moedswillige optrede van enige persoon wat gepleeg word met die doel om verlies of skade te veroorsaak maar met uitsluiting van verlies van of skade aan:

(i) roerende eiendom wat

(a) gesteel word;

(b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;

(ii) roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige gebou op die perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of gepoog word om in- of uit te breek;

(iii) onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(a) die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

(b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe

van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

(a) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing of gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(b) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(c) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(d) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c) of (d) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige verlies of skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

## 4. Ontploffing

Ontploffing

## 5. Insakking en grondverskuiwing

Insakking of grondverskuiwing (nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(a)) maar met uitsluiting van:

(a) verlies of skade aan afleidingskanale, waterlope, grenstuin-, dam- of keermure, hekke, pilare en heinings;

(b) verlies of skade veroorsaak of vererger deur:

- (i) foutiewe ontwerp of konstruksie of die verwydering of verswakking van enige stut van enige gebou wat deur hierdie afdeling verseker word;
- (ii) werksmense besig met strukturele veranderings, toevoegings of herstelwerk aan enige gebou wat deur hierdie afdeling verseker word;
- (iii) uitgrawings bo- of ondergronds behalwe uitgrawings in die loop van mynbedrywighede;

(c) gevolglike verlies van watter aard ook al behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(d) die eerste een persent van die versekerde bedrag op enige versekerde eiendom of die eerste R1 000 van elke eis na gelang van wat die meeste is.

Indien die Maatskappy in enige aksie, saak of ander geregtelike stappe beweer dat verlies of skade weens hierdie bepalings nie deur hierdie bykomende gevaar gedek word nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 6. Sprinkelaar- en ander lekkasie

Lekkasie of ontlading van enige sprinkelaar-, drenkstelsel of brandblusinstallasie/-toestelle maar met uitsluiting van verlies of skade veroorsaak of vererger deur:

(i) verandering of herstelwerk aan die gebou waarin die installasies of toestelle gehou word;

(ii) bevriesing van die installasies of toestelle indien die gebou langer as 21 agtereenvolgende dae onbewoon was.

Slegs ten opsigte van hierdie bykomende gevaar en nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(a) word verlies of skade deur aardbewing verseker.

Indien die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie bykomende gevaar vermeld word as synde minder as die versekerde bedrag vir ʹn item van versekerde eiendom te wees word die "eweredigheid"–voorwaarde vervang deur:

### Eweredigheid

Indien die waarde van die versekerde eiendom ten tye van die aanvang van die plaasvind van ʹn versekerde voorval gesamentlik meer is as die bedrag daarop verseker vir brand is die Maatskappy slegs aanspreeklik vir sodanige gedeelte van die versekerde bedrag vir hierdie bykomende gevaar volgens die verhouding waarin die versekerde bedrag vir brand staan tot die totale waarde van die versekerde eiendom en word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy ʹn eweredige deel van die verlies dra.

Elke versekerde item is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

# VERSEKERDE EIENDOM

Die eiendom by die persele soos meer volledig hieronder beskryf die Versekerde se eie of wat deur hom in trust of op kommissie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is.

Ten einde vas te stel ingevolge watter opskrif die eiendom verseker is onderneem die Maatskappy om die betiteling waaronder die eiendom in die Versekerde se boeke ingeskryf is, te aanvaar.

## Geboue

Geboue gebou van steen, klip of beton met asbes, beton-, metaal-, leiklip- of teëldakke (tensy uitdruklik tot die teendeel in die bylae vermeld) tesame met landheer se los en vaste toebehore daarin of daarop, grens- en ander mure (maar met uitdruklike uitsluiting van dam en keermure), hekke, pilare en heinings.

## Huurgeld

Huurgeld op die grondslag en vir die aantal maande in die bylae vermeld.

## Toerusting, masjinerie en alle ander inhoud

Toerusting en masjinerie en landheer se los en vaste toebehore waarvoor die Versekerde verantwoordelik is en alle ander inhoud (behalwe voorraad en eiendom wat meer uitdruklik verseker is) wat die volgende insluit:

(a) geld tot hoogstens R5 000 en seëls tot hoogstens R5 000;

(b) dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne en ontwerpe;

(c) rekenaarstelselrekords;

(d) patrone, modelle en gietvorms;

maar die dekking ten opsigte van (b), (c) en (d) word beperk tot die waarde van die materiale en arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes in verband met die produksie van enige inligting wat daarin vervat is en die waarde wat sodanige inligting vir die Versekerde inhou, uit.

(e) persoonlike besittings (met inbegrip van trapfietse en gereedskap) van prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers (wat nie andersins verseker is nie) tot hoogstens R5 000 per individu.

## Handelsvoorraad

Handelsvoorraad en -materiaal.

## Ander eiendom

Enige eiendom (hetsy dit deel vorm van enige ander beskrywing van versekerde eiendom al dan nie) wat meer uitdruklik in die bylae beskryf word.

# HUURGELD

Die Maatskappy sal die bedrag van huurgeld betaalbaar/huurgeld ontvangbaar/huurgeldwaarde (soos vermeld in die bylae) betaal gedurende die tydperk wat die persele as gevolg van 'n versekerde voorval onverhuurbaar word maar die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid is die kortste van die tydperk wat nodig is vir die herstel daarvan tot 'n verhuurbare toestand of die aantal maande vermeld.

## Huurgeld betaalbaar

Die werklike huurgeld deur die Versekerde betaalbaar aan die eienaar/landheer van die persele onmiddellik voordat die persele onverhuurbaar word plus koste noodsaaklikerwys aangegaan vir die verwydering na en terugbring vanaf tydelike persele.

## Huurgeld ontvangbaar

Die werklike huurgeld deur die Versekerde ontvangbaar onmiddellik voordat die persele onverhuurbaar word vir daardie gedeelte van die persele wat dan verhuur is.

## Huurwaarde

Die werklike huurwaarde van die persele onmiddellik voordat dit onverhuurbaar word.

# KLOUSULES

## 1. Bykomende koste

Die versekerde bedrae ten opsigte van geboue, voorraad, toerusting en masjinerie sluit die volgende in:

(a) enige herstel- of vervangingskoste aangegaan vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies van enige openbare owerheid na die plaasvind van 'n versekerde voorval met dien verstande dat sodanige koste nie die volgende insluit nie:

  (i) enigiets waarvoor kennis alreeds aan die Versekerde gegee is voor die versekerde voorval;

  (ii) enigiets wat verband hou met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde gedeeltes van eiendom;

  (iii) eiendoms- of ander belasting, regte, ontwikkelings- of ander koste betaalbaar ingevolge gemelde regulasies as gevolg van kapitale waardevermeerdering van die versekerde eiendom.

(b) gelde vir die ondersoek van munisipale of ander planne;

(c) (i) koste aangegaan vir die noodsaaklike oprigting en instandhouding van skuttings gedurende sloping en herbouing;

  (ii) koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping en verwydering van puin voortspruitend uit 'n versekerde voorval (met inbegrip van voorraadpuin en onbeskadigde inhoud) vanaf die terrein van die versekerde eiendom vernietig of beskadig en die gebied reg langs sodanige terrein maar met uitsluiting van koste en uitgawes voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis verseker word nie;

(d) die professionele gelde van argitekte, bourekenaars en ander konsultante;

(e) hoogstens R1 000 ten opsigte van vallende bome of dele daarvan (hetsy dit skade veroorsaak al dan nie) waarna ingevolge spesiale gevaar (d) verwys word;

maar die Maatskappy is nie aanspreeklik ingevolge (a), (b) of (d) hierbo nie tensy die verlore of beskadigde eiendom met redelike haas vervang of herstel word en ook nie ingevolge (d) vir enige uitgawes aangegaan vir die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

## 2. Veranderings en wanbeskrywing

Die Versekerde word nie benadeel nie deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie te wyte aan:

(a) die oorplasing van prosesse of masjinerie;

(b) die verkryging van bykomende persele;

(c) strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue, toerusting of masjinerie;

met dien verstande dat kennis so gou as moontlik na die voorval aan die Maatskappy gegee word en die Versekerde enige bykomende premie wat verlang mag word betaal.

## 3. Kapitale toevoegings

Veranderings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag nie) aan geboue, toerusting en masjinerie word "gedek gehou" tot hoogstens vyftien persent van die versekerde bedrag met dien verstande dat die Versekerde die Maatskapppy aan die einde van elke kwartaal van sodanige werk in kennis stel en enige bykomende premie wat verlang mag word betaal.

## 4. Bergingverkoping

Die Maatskappy onderneem om nie enige eiendom wat die onderwerp van 'n eis is te verkoop of daarmee weg te doen sonder om die Versekerde die keuse te gee om dit teen die meeste van die billike intrinsieke en markwaarde daarvan terug te koop nie maar hierdie klousule gee nie aan die Versekerde die reg om die eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie.

## 5. Brandbluskoste

Bo en behalwe enige bedrag betaal as gevolg van die versekerde voorval sal die Maatskappy enige koste betaal waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is wat verband hou met die blus of bestryding van brand en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 6. Verbandhouers

Vanaf die datum van kennisgewing aanvaar die Maatskappy die belange van 'n verbandhouer of ander met 'n versekerbare belang in die versekerde eiendom en sodanige belang sal nie benadeel word as gevolg van die handeling of versuim van die verbandgewer sonder die medewete van die verbandhouer nie mits die verbandhouer die Maatskappy in kennis stel sodra sodanige handeling of versuim tot sy wete kom en instem om aanspreeklik te wees vir enige bykomende premie wat voortspruit uit die Maatskappy se aanvaarding van enige verhoogde gevaar.

## 7. Spoorwegsubrogasie

Die Versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die "Transnet Vervoer (Gevaarlike Persele) Indemniteit 1952" of ander spesiale ooreenkomste met Transnet-administrasie betreffende private sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## 8. Tydelike verwydering

Die versekerde eiendom (behalwe voorraad) word gedek terwyl dit tydelik vanaf of binne die persele vewyder word na ander persele binne die gebiedsperke vir veranderings, skoonmaak-, herstellings-, opknappings- of soortgelyke proses met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid:

(a) beperk word tot vyftien persent van die versekerde bedrag op die betrokke versekerde eiendom;

(b) nie uitbrei na motorvoertuie of motoronderstelle nie;

(c) nie eiendom wat in trust gehou word dek nie behalwe masjinerie en toerusting;

(d) ten opsigte van eiendom in transito beperk word tot transito per pad, spoor of binnelandse waterweg

en die eiendom nie andersins verseker is nie.

## 9. Huurders

Die Versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in die persele wat hy besit of waarvan hy 'n mede-huurder is of van die eienaar van enige persele waarvan hy 'n huurder is nie mits die Maatskappy in kennis gestel word sodra hy van sodanige handeling te wete kom en hy enige bykomende premie betaal wat voortspruit uit die Maatskappy se aanvaarding van enige bykomende gevaar.

## 10. Voertuigvragte

Vragte op die Versekerde se voertuie word gedek terwyl dit buite gewone besigheidsure by die persele is.

## 11. Wagte

Die Maatskappy sal hoogstens R2 500 betaal vir koste wat noodsaaklikerwys aangegaan is vir die beskerming of poging tot beskerming van enige versekerde eiendom na 'n versekerde voorval.

## 12. Munisipale planondersoekgelde

Hierdie afdeling sluit munisipale planondersoekgelde in met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die eiendom wat aldus geraak word beloop.

## 13. Vereistes van openbare owerhede

Hierdie afdeling sluit bykomende herstel- of herbouingskostes in wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale, afdelings-, munisipale of ander plaaslike owerheid met dien verstande dat:

1. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is nie die volgende insluit nie

   (a) die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies

      (i) ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is;

      (ii) ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;

      (iii) ingevolge waarvan kennis aan die Maatskappy gegee is voordat die skade plaasgevind het;

      (iv) ten opsigte van onbeskadigde eiendom, onbeskadigde dele van die eiendom behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van daardie deel wat beskadig is;

(b) die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die eiendom te herstel tot ʼn toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogenoemde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie;

(c) die bedrag van munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies;

2. die herstel- of herbouwerk moet met redelike spoed begin en uitgevoer word en mag in die geheel of gedeeltelik op ʼn ander terrein uitgevoer word (indien bogenoemde regulasies dit vereis) onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule nie verhoog word nie;

3. indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge enige item van hierdie afdeling afgesien van hierdie klousule verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;

4. die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling hoogstens die versekerde bedrag daarvan beloop.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Bybetalingsklousule

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir die bedrag van enige bybetaling in die bylae vermeld.

## 2. Verklarings

As teenprestasie daarvoor dat die premie vir die versekering van voorraad en handelsmateriaal voorlopig is onderneem die Versekerde om die waarde van die versekerde eiendom op die laaste dag van elke maand te verklaar.

Indien geen verklaring binne 30 dae na die einde van die maand ontvang word nie of indien ʼn verklaring die versekerde bedrag op voorraad en handelsmateriaal oorskry word dit beskou asof die Versekerde die versekerde bedrag en handelsmateriaal verklaar het.

ʼn Verklaring bo die versekerde bedrag verhoog nie die Maatskappy se aanspreeklikheid vir verlies of skade met betrekking tot daardie item nie.

Onderworpe aan voorgaande sal die voorlopige premie by verstryking van elke twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie afdeling) of die vooraf beëindiging van hierdie versekering aangepas word deur die premietarief toe te pas op die gemiddelde versekerde bedrag op voorraad (synde die totaal van die verklarings gedeel deur hulle aantal) en deur die deposito-premie betaal daarvan af te trek.

Die Versekerde sal die verskil betaal of ontvang maar in die geval van ʼn terugbetaling word dit beperk tot die persentasie wat in die volgende tabel aangedui word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die persentasie voorlopige premie betaal as ʼn deposito (soos vermeld in die bylae) | 100 | 80 | 75 |
| Maksimum persentasie premieterugbetaling toelaatbaar | 50 | 37.5 | 33.3 |

## 3. Brandblustoerustingwaarborg

As teenprestasie vir 'n korting op die premie wat by die premie vir hierdie versekering ingesluit is waarborg die Versekerde dat alle brandblustoerusting onder sy beheer in 'n behoorlik werkende toestand gehou en gereeld gediens sal word ooreenkomstig SABS Standaard Nr 0105/1971of enige vervangende standaard.

## 4. Inflasie/verhoging

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie wat ingesluit is in die premie vir hierdie afdeling word die versekerde bedrag(-drae) deur die item(s) uiteengesit in die bylae ingevolge hierdie memorandum verhoog met daardie gedeelte van die gekose persentasieverhoging (vermeld teenoor die betrokke item in die bylae) in die verhouding waarin die aantal dae sedert die aanvang van die geldige versekeringstydperk staan tot die hele geldige versekeringstydperk en (tensy tot die teendeel voorsien) sal sodanige verhoging toegepas word op die versekerde bedrag(-drae) wat geld ten tye van die aanvang van die geldige versekeringstydperk.

## 5. Vervanging

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word na 'n versekerde voorval aan geboue, toerusting en masjinerie is die koste van vervanging of herstelling op dieselfde terrein van eiendom van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker nie as sodanige versekerde eiendom toe dit nuut was met dien verstande dat:

(a) die werk van vervanging of herstelling (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die Versekerde onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike haas begin en uitgevoer moet word anders sal geen betaling bó die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het as hierdie memorandum nie daarby ingelyf was nie gemaak word nie;

(b) totdat die uitgawe deur die Versekerde aangegaan is vir die vervanging of herstelling van die verlore of beskadigde versekerde eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het as hierdie memorandum nie by hierdie afdeling ingelyf was nie;

(c) indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstelling as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tyde van vervanging of herstelling die bedrag waarvoor dit verseker was ten tye van die versekerde voorval oorskry word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy 'n eweredige deel van die verlies dra

    elke item van versekerde eiendom waarop hierdie memorandum van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie voorbehoud onderworpe;

(d) hierdie memorandum nie geld nie indien:

    (i) die Versekerde versuim om die Maatskappy binne ses maande vanaf die versekerde voorval (of sodanige verdere tydsverlenging as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat) in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang of te herstel;

    (ii) die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde versekerde eiendom op dieselfde of op 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## 6. Alternatiewe vervangingsvoorwaardes (ontwerp-vermoë)

Indien die versekerde eiendom wat oor 'n meetbare werkingsvermoë of produksie beskik deur 'n omskrewe voorval beskadig is en dit nie moontlik is om sodanige eiendom ingevolge die herstelwaardememorandum te vervang of te herstel nie betaal die Maatskappy die koste van vervanging van sodanige eiendom met eiendom waarvan die gehalte van werkingsvermoë of produksie so na moontlik maar nie minderwaardig is nie aan dié van die oorspronklike eiendom met dien verstande dat:

(i) voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) van die herstelwaardememorandum gelykwaardig op hierdie memorandum van toepassing is;

(ii) by die toepassing van die bepalings van voorbehoudsbepaling (c) van die herstelwaardememorandum word die koste (soos voorsien in voorbehoudsbepaling (c)) "wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstel indien die totale eiendom verloor of beskadig was" verhoog deur sodanige bedrag wat ingevolge die alternatiewe vervangingsmemorandum betaalbaar is en wat meer is as dit wat betaalbaar sou gewees het ingevolge die herstelwaardevoorwaardesmemorandum sou dit moontlik gewees het om die eiendom daarkragtens te vervang of te herstel.

## 7. Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 sluit versekerde voorval skade in wat regstreeks te wyte is aan of betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 8. Sprinkelaarwaarborg

Die Versekerde waarborg dat alle sprinkelaar-/stortstelsels en ander brandblustoerusting onder sy beheer in 'n behoorlik werkende toestand gehou word en sal word en dat hy 'n kontrak waarkragtens die sprinkelaar-/ stortselsels ten minste twee maal per jaar geïnspekteer moet word met die Buro vir Ondersoek van Outomatiese Sprinkelaars (Edms) Beperk van krag het.

Die Versekerde waarborg verder dat die stapelhoogte van goedere soos neergelê deur die Buro vir Ondersoek van Outomatiese Sprinkelaars (Edms) Beperk nie oorskry sal word nie en dat goedere ook nie binne 'n halwe meter van 'n sprinkelaar-/stortstelselkop wat as gewone gevaar vermeld word of binne een meter van 'n kop wat as buitengewone hoë gevaar vermeld word gestoor sal word nie.

As teenprestasie vir voorgaande sal die onderbreking van die watertoevoer in omstandighede buite die Versekerde se beheer nie hierdie versekering ongeldig maak nie met dien verstande dat die Maatskappy in kennis gestel word sodra die Versekerde van sodanige onderbreking te wete kom.

## 9. Wagte

Die Maatskappy sal bo en behalwe die bedrag vermeld in die wagte-klousule hoogstens die bedrag vermeld in die bylae betaal vir koste wat noodsaaklikerwys aangegaan is vir die beskerming of poging tot beskerming van enige versekerde eiendom na ʼn versekerde voorval.

## 10. Hooftoevoerverbindings

Hierdie afdeling dek toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telekommunikasieverbindings die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy regtens verantwoordelik is tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte.

# DERDEPARTY REKENAAR- EN FONDSOORDRAGBEDROG

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Regstreekse geldelike verlies tot hoogstens die versekerde bedrag in die bylae gespesifiseer wat gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling plaasvind en wat regstreeks voortspruit uit:

die diefstal van enige van die Versekerde se tasbare eiendom of monetêre fondse deur rekenaarbedrog gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling

of

die diefstal gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling van enige van:

(a) die Versekerde se monetêre fondse vanuit die tersaaklike oordragrekening by ʼn finansiële instelling deur bedrieglike oordragopdragte wat aan sodanige finansiële instelling gekommunikeer word

(b) die Versekerde se monetêre fondse terwyl dit deur die Versekerde op rekening gehou word (afsonderlik van die Versekerde se Oordragrekening) by ʼn finansiële instelling deur bedrieglike oordragopdragte wat aan sodanige finansiële instelling gekommunikeer word

met dien verstande dat hierdie omskrewe gebeurtenis slegs van toepassing is op die eiendom, monetêre fondse en rekenings geleë of gehou binne die gebiedsperke.

## WOORDOMSKRYWINGS

### Rekenaarbedrog

Rekenaarbedrog beteken die onregmatige omskakeling van bates onder die regstreekse of onregstreekse beheer van ʼn rekenaarstelsel deur middel van:

(a) die bedrieglike toegang tot sodanige rekenaarstelsel;

(b) die invoer van bedrieglike data of opdragte in sodanige rekenaarstelsel; of

(c) die bedrieglike wysiging, manipulasie, onderdrukking van invoer in, of vernietiging van data, progammatuur, sagteware of roetines in sodanige rekenaarstelsel.

### Bedrieglike oordragopdragte

Bedrieglike oordragopdragte beteken:

(a) Elektroniese opdragte

bedrieglike getoetsde elektroniese (met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, getoetsde telegrafiese, teleks-, telefoon-, of telefaksimilee-) opdragte aan ʼn finansiële instelling om ʼn oordragrekening te debiteer en om monetêre fondse uit sodanige rekening oor te plaas, te betaal of af te lewer, welke instruksie voorgee as synde versend te wees deur die Versekerde of ʼn persoon deur die Versekerde gemagtig om sodanige opdragte uit te reik, maar wat egter op bedrieglike wyse deur ʼn ander persoon versend, vervals of gewysig is, en

(b) Geskrewe opdragte

bedrieglike geskrewe opdragte aan 'n finansiële instelling om 'n oordragrekening te debiteer en om monetêre fondse uit sodanige rekening oor te plaas, te betaal of af te lewer deur 'n elektroniese fondsoordragstelsel op spesifieke tye of onder gespesifiseerde omstandighede, welke skriftelike opdragte voorgee om behoorlik deur die Versekerde uitgereik te wees maar wat egter op bedrieglike wyse deur 'n ander persoon uitgereik, vervals of gewysig is.

## Finansiële instelling

Finansiële instelling beteken:

(a) 'n bank- of spaarinstelling of

(b) 'n effektemakelaar, effektetrust, likiedebate-fonds of soortgelyke instelling

waar die Versekerde 'n oordragrekening in stand hou.

## Oordragrekening

Oordragrekening beteken 'n rekening wat die Versekerde by 'n finansiële instelling in stand hou, waaruit die Versekerde of die Versekerde se gemagtigde verteenwoordigers die oordrag, betaling of aflewering van monetêre fondse kan bewerkstellig:

(a) deur middel van elektroniese (met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, getoetsde telegrafiese, teleks-, telefoon-, of telefaksimilee-) opdragte (regstreeks gekommunikeer of deur 'n kontantbestuursdiens of fondsoordragstelsel),

of

(b) deur middel van geskrewe opdragte wat die omstandighede neerlê waaronder sodanige opdragte deur sodanige finansiële instelling deur 'n elektroniese fondsoordragstelsel uitgevoer moet word.

## Getoets

Getoets beteken 'n metode waardeur die outentisiteit van die inhoud van 'n kommunikasie bevestig word deur die aanheg daarby van 'n geldige toetskode-sleutel of kode wat tussen die Versekerde en 'n finansiële instelling uitgeruil is met die doel om die integriteit van die kommunikasie in die normale verloop van sake te beskerm.

## Werknemer

Werknemer beteken:

(a) enige persoon terwyl in diens by die Versekerde ingevolge 'n indiensnemingskontrak of vakleerlingskap;

(b) enige persoon terwyl in diens van die Versekerde, ingehuur of gesekondeer van enige ander party;

oor wie die Versekerde te alle tye die reg het om te bestuur, te beheer en aan te wys in die uitvoering van sy werk in die loop van die onderneming van die Versekerde.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

(a) Die las rus op die Versekerde om te bewys dat 'n versekerde gebeurtenis plaasgevind het en dat dit nie die gevolg van 'n spesifieke uitsondering was nie.

(b) Die versekerde bedrag in die bylae vermeld vir hierdie afdeling is die maksimum bedrag van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verliese voortspruitend uit een voorval en vir alle verliese wat in enige versekeringstydperk van 12 maande plaasvind.

Die maksimum bedrag van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige 12 maande tydperk van hierdie versekering word ingevolge die Klousule: Herstel van Versekerde Bedrag, wat in hierdie afdeling vervat word, gewysig.

Alle dade wat deur een persoon of groep persone gepleeg word of waarby sodanige persoon of groep betrokke is, word as een gebeurtenis beskou.

Tensy die omstandighede dit onweerlegbaar bewys, word alle dade deur ongeïdentifiseerde persone gepleeg geag as synde deur een persoon gepleeg te wees.

Indien verlies voorspruitend uit of te wyte aan ʼn gebeurtenis wat ingevolge twee of meer afdelings van hierdie polis verseker is of ingevolge omskrewe gebeurtenisse verseker is, is die Maatskappy se aanspreeklikheid nie kumulatief nie en beloop die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige verlies hoogstens die hoogste beskikbare bedrag verseker vir alle afdelings.

Hernuwing van hierdie versekering van tyd tot tyd of enige verlenging van enige versekeringstydperk het nie tot gevolg dat die Maatskappy se aanspreeklikheid verhoog word bó die versekerde bedrag vermeld in die bylae nie. Dié bedrag is die maksimum bedrag betaalbaar vir enige gebeurtenis asook vir enige 12 maande tydperk van hierdie versekering, ongeag of die polis op ʼn jaarlikse basis of meer gereelde basis hernu word.

(c) Die versekering verleen deur hierdie afdeling tree nie regstreeks tot die voordeel van enige finansiële instelling (buiten die Versekerde) of enige elektroniese fondsoordragstelsel of elektroniese dataverwerker in werking nie.

Indien hierdie versekering skadeloosstelling tot voordeel van kliënte van die bogemelde verleen, tree hierdie versekering slegs in werking in oorskot bó enige ander sodanige skadeloosstelling.

Nieteenstaande Algemene Voorwaarde 5, is hierdie afdeling, as "oorskot" versekering tot die bogemelde skadeloosstellings of versekerings, nie van toepassing nie en dra dit dit nie by tot die betaling van enige verlies alvorens die bedrag van sodanige ander versekering of skadeloosstelling uitgeput is nie, dit synde verklaar en ooreengekom dat die Versekerde ingevolge hierdie polis vergoed word met die verskil tussen die bedrag verhaalbaar ingevolge sodanige ander versekering of skadeloosstelling en die bedrag van die werklike verlies wat andersins hiervolgens verhaalbaar is.

(d) Die Versekerde moet aan alle voorwaardes, bepalings en prosedures voldoen soos vervat in die ooreenkoms met die Versekerde se finansiële instelling waar die oordragrekening gehou word.

(e) Die Versekerde moet alle redelike en noodsaaklike beheer oor die toegang tot en gebruik van wagwoorde en gebruikermagtigingsdokumente uitoefen.

(f) Die Versekerde moet op elke wesentlike wyse sodanige beheer- en kontrole-stelsels, rekeningkundige en klerklike metodes in die uitvoer van sy onderneming instel en/of in stand hou en voortgaan om dit in diens te hou soos wat dit aan die Maatskappy voorgelê is, maar die Versekerde mag sodanige wysigings aanbring mits dit vooraf skriftelik deur die Versekerde se ouditeure goedgekeur is.

(g) Indien die onderneming gelikwideer word of deur ʼn likwidateur of geregtelike bestuurder onderneem word of permanent beëindig word, staak die versekering ingevolge hierdie afdeling ten opsigte van omskrewe gebeurtenisse wat gedurende of ná sodanige omstandighede gepleeg word, behalwe met die skriftelike toestemming van die Maatskappy.

(h) Ten opsigte van fondsoordragte met verbale of telefoniese oorsprong, soos omskryf in die woordomskrywing van elektroniese opdragte, is dit ʼn voorwaarde wat die Maatskappy se aanspreeklikheid voorafgaan en word dit gewaarborg dat:

  (i) ʼn Skriftelike ooreenkoms van krag sal wees tussen die Versekerde en sy finansiële instelling in die vorm van ʼn korporatiewe resolusie wat ʼn magtigingslys bevat van individue wat fondsoordragte verbaal of per telefoon mag inlei, welke lys ook die telefoonnommers en monetêre perke vir alle inleiers/magtigingsagente moet bevat.

(ii) Alle versoeke wat verbaal of per telefoon deur die finansiële instelling ontvang word vir die oordrag van fondse moet getoets word of onderhewig wees aan ´n terug-oproep deur die finansiële instelling aan ´n gemagtigde persoon anders as die individu wat die oordragversoek ingelei het.

# SPESIFIEKE UITSONDERINGS

Die volgende word by hierdie afdeling uitgesonder:

(a) verlies voortspruitend uit verlies aan rekenaartyd of -gebruik;

(b) verlies voortspruitend uit onopsetlike foute of weglatings;

(c) verlies vanweë die vrywillige oorhandiging of oorgawe van versekerde eiendom in ´n wetlike aankoop- of ruiltransaksie;

(d) verlies vanweë enige bedrieglike, oneerlike of kriminele daad deur enige werknemer, prinsipaal, lid, vennoot, trustee of gemagtigde verteenwoordiger van enige Versekerde terwyl in diens of andersins en hetsy alleen opgetree word of in sameswering met ander;

(e) verlies aan potensiële inkomste met inbegrip van maar nie beperk nie tot rente en dividend;

(f) koste, fooie en ander uitgawes deur die Versekerde opgeloop in die vasstelling van die bestaan van ´n verlies wat deur hierdie afdeling gedek word;

(g) enige verlies wat langer as 24 maande voor die ontdekking daarvan plaasgevind het;

(h) enige gevolglike verliese van enige aard wat volg op verliese waarna daar in omskrewe gebeurtenisse verwys word;

(i) aanspreeklikheid wat op ooreenkoms aanvaar word tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklikheid sou aanvaar het;

(j) verlies voortspruitend uit bedrieglike kenmerke vervat in enige sagteware of rekenaarprogrammatuur aangekoop of verkry en wat nie spesifiek vir die Versekerde se unieke vereistes ontwikkel of geskryf is nie;

(k) verlies ontdek 12 maande ná die beëindiging van hierdie afdeling;

(l) verliese op die hals gehaal deur enige ander Maatskappy of ander regsentiteit wat gedurende die versekeringstydperk bekom of waarmee gedurende die versekeringstydperk saamgesmelt word tensy:

(i) die Versekerde voor die voorgestelde samesmelting of verkrygingsdatum skriftelike kennisgewing van die voorgestelde samesmelting of verkryging aan die Maatskappy gegee het, en

(ii) die Versekerde die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry het om die dekking deur die polis verleen uit te brei tot sodanige bykomende maatskappy of regsentiteit, en

(iii) die Versekerde die bykomende premie betaal soos deur die Maatskappy gekwoteer vir die bykomende blootstelling

en met dien verstande dat:

(a)(i) die Maatskappy se totale aanspreeklikheid nie verhoog word bó die versekerde bedrag vermeld in die bylae nie;

(a)(ii) enige Maatskappy of saamgesmelte entiteit wat by die dekking ingesluit word nie op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is nie;

(a)(iii) die dekking wat deur hierdie polis verleen word slegs van toepassing is op omskrewe gebeurtenisse wat gepleeg word na die datum waarop die verkrygde of saamgesmelte Maatskappy by hierdie afdeling bygevoeg is.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

## Klousule: Herstel van Versekerde Bedrag (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die betaling deur die Maatskappy van enige verlies waarby een persoon of enige aantal persone betrokke is, verminder nie die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige ander persoon/persone wat nie by die verlies betrokke is nie, met dien verstande dat:

(a) die maksimum bedrag deur die Maatskappy betaalbaar vir alle verliese nie twee maal die bedrag vermeld in die bylae in enige 12 maande tydperk oorskry nie ongeag of die polis op 'n jaarlikse grondslag of meer gereeld hernu word;

(b) die Versekerde bykomende premie betaal, bereken volgens die onderstaande formule:

Jaarlikse premie of jaarlikse ekwivalent premie van krag ten tye van ontdekking van verlies x $\frac{\text{Bedrag van eisbetaling}}{\text{versekerde bedrag ten tye van ontdekking van verlies}}$

Die bykomende premie is ten volle betaalbaar en mag nie verminder word omrede die datum van die ontdekking van die verlies minder as 12 maande van die vervaldatum verskil nie.

## Verpligte Eerste Bedrag Betaalbaar

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling word verminder met:

(a) 2% van die versekerde bedrag ingevolge hierdie afdeling plus

(b) 'n verdere bedrag van 10% van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking

onderhewig aan 'n minimum bedrag gespesifiseer in (a) hierbo en R5 000 welke ook al die grootste is.

Beide bedrae word ten volle deur die Versekerde gedra (onderhewig aan die bostaande minimum soos bereken of R5 000) en bly onverseker.

Indien enige gebeurtenis ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg was, word die persentasies hierbo soos volg verhoog:-

– Paragraaf (a) van 2% tot 4%

– Paragraaf (b) van 10% tot 15%

Nieteenstaande die bostaande mag die Versekerde verkies om'n eis in te stel slegs vir daardie gedeelte van die verlies wat binne 12 maande ná die pleeg daarvan ontdek is.

## Rekenmeestersklousule

Enige gegewens of besonderhede vervat in die Versekerde se rekeningboeke of ander sake-boeke of dokumente wat ingevolge hierdie afdeling deur die Maatskappy vereis mag word om enige eis te ondersoek of te verifieer, mag deur die Versekerde se ouditeure of professionale rekenmeesters gelewer en gesertfiseer word en hulle sertifikaat is prima facie bewys van die gegewens en besonderhede waarop dit betrekking het.

# MEMORANDA

(a) Algemene Uitsonderings 1 en 2 en Algemene Voorwaarde 9 is nie op hierdie afdeling van toepassing nie.

(b) Indien die versekerde bedrag te enige tyd verhoog word, is sodanige verhoogde bedrag slegs van toepassing op omskrewe gebeurtenisse wat ná die datum van sodanige verhoging gepleeg word.

(c) Nieteenstaande die feit dat die Gebiedsperke wat elders in hierdie polis vermeld word Lesotho, Swaziland en Malawi insluit, sluit die Gebiedsperke van hierdie afdeling nie daardie lande in nie.

# BYLAE VIR DERDEPARTY REKENAAR- EN FONDSOORDRAGBEDROG

INTREEDATUM ______________________________

| | |
|---|---|
| VERSEKERDE BEDRAG | R ______________________________ |
| BYKOMENDE EISEVOORBEREIDINGSKOSTE | R ______________________________ |
| GEBIEDSPERKE: | Republiek van Suid-Afrika, Namibië en Botswana |
| **KLOUSULES EN UITBREIDINGS:** | **Van toepassing** |
| KLOUSULE: HERSTEL VAN VERSEKERDE BEDRAG: | JA/NEE |

# DIEFSTAL

## VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan die versekerde eiendom en skade (waarvoor die Versekerde verantwoordelik is) aan die versekerde persele as gevolg van diefstal of enige poging daartoe na:

(a) kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die versekerde persele (verlating sluit kragdadige en gewelddadige verlating deur 'n dief of diewe wat hulle voor sluitingstyd op die persele versteek het in);

(b) aanranding, geweld of dreigement van geweld aan enige persoon.

## SKADELOOSSTELLING

Die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid oorskry nie ten opsigte van:

(a) verlies of skade aan die versekerde eiendom die bedrag vermeld in die Bylae nie;

(b) skade aan die versekerde persele 'n bedrag van hoogstens R5 000 noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan om die skade te vergoed nie.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies of skade:

(a) indien enige lid van die Versekerde se huishouding of enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde as dader of medepligtige betrokke is;

(b) wat kragtens 'n brandversekeringspolis verseker kan word tensy sodanige verlies of skade veroorsaak word deur ontploffing in 'n poging om toegang tot die versekerde persele te verkry;

(c) aan ruit-, spieël- of lamelglas.

## SPESIALE UITBREIDINGS

### Bykomende persele

Bykomende persele wat deur die Versekerde gebruik word is verseker met dien verstande dat:

(a) die Maatskappy binne 30 dae na die datum waarop dit vir die eerste keer aan risiko blootgestel word in kennis gestel word;

(b) die vereiste bykomende premie betaal word;

(c) die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding 50% van die versekerde bedrag vermeld in die bylae is of 50% van die hoogste versekerde bedrag indien daar meer as een versekerde bedrag is.

## Slotte, sleutels en toegangskaarte

Onderworpe daaraan dat die Versekerde die eerste R250 van iedere en elke voorval betaal is sal die Maatskappy hoogstens R2 500 betaal vir vervanging van slotte, sleutels of toegangskaarte van enige versekerde persele indien die sleutel of toegangskaart verloor of gesteel is of indien die Versekerde enige redelike vermoede het dat duplikate van sodanige sleutel of toegangskaart in besit is van ʼn ongemagtigde persoon.

## Lopers

Onderworpe aan bewys tot bevrediging van die Maatskappy dat betreding of verlating van die versekerde persele deur middel van die gebruik van ʼn loper of ander soortgelyke toestel (behalwe ʼn duplikaatsleutel) verkry is, word dit vir die doeleindes van ʼn versekerde voorval as kragdadige en gewelddadige betreding of verlating beskou.

## Opskortende verkoop-/bruikhuur ooreenkomste

Mits die Maatskappy voor ʼn versekerde voorval daarvan in kennis gestel is sal hulle die belang van enige eienaar van versekerde eiendom wat die onderwerp is van ʼn opskortende verkoopbruikhuurooreenkoms aanteken en beskerm.

## Tydelike beskermings

Die Maatskappy sal hoogstens R5 000 of die bedrag vermeld in die bylae na gelang van welke die grootste is betaal vir koste wat redeliker-en noodsaaklikerwys aangegaan is om tydelike herstelwerk en/of ander maatreëls vir die beveiliging van die versekerde eiendom te tref na die plaasvind van ʼn versekerde voorval.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Versekerde persele

Die gebou of daardie gedeelte van die gebou wat deur die Versekerde geokkupeer word by die persele maar met uitsluiting van enige oopkant-struktuur of enige afdak, werf of ander oop ruimte hetsy gedeeltelik of ten volle ingekamp deur die gebou al dan nie.

## Versekerde eiendom

Die eiendom beskryf in die Bylae (indien meer uitdruklik) of al die inhoud van die versekerde persele die eiendom van die Versekerde of wat deur hom in trust of op kommissie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is met inbegrip van:

(a) dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne en ontwerpe dog slegs vir die waarde van materiale en die bedrag bestee aan arbeid vir herskepping en nie vir die waarde van die inligting daarin vervat nie;

(b) rekenaarstelselrekords dog slegs vir die waarde van die materiale en die bedrag bestee aan arbeid vir herskepping (met uitsluiting van enige uitgawes in verband met die produksie van die inligting wat opgeneem moet word) en nie vir die waarde van die inligting daarin vervat nie;

(c) patrone, modelle en gietvorms vir die waarde van die materiale en die bedrag bestee aan arbeid vir herskepping;

(d) persoonlike besittings (met inbegrip van trapfietse en gereedskap) van prinsipale, vennote, lede, direkteure of werknemers maar beperk vir enige enkele individu tot die minste van die versekerde bedrag op versekerde eiendom en R2 500;

maar met uitsluiting van:

(i) gangbare munt (met inbegrip van Krugerrande en soortgelyke muntstukke), bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en -orders, ongebruikte geldige pos-, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en ander sertifikate, dokumente of middele van 'n verhandelbare aard;

(ii) plofstowwe;

(iii) enige eiendom wat meer uitdruklik verseker is.

# KLOUSULE

## Aardbewing

Die woord "aardbewing" word geskrap uit Algemene Uitsondering 5(a).

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Beskerming- en alarmwaarborg

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid voorafgaan en dit word gewaarborg dat in enige persele waarin 'n alarm geïnstalleer is of vereis word dat een geïnstalleer moet wees

(a) die alarm in volle en behoorlike werking gestel word wanneer die persele vir besigheid gesluit word tensy 'n prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer van die Versekerde in die persele is;

(b) die alarm kragtens kontrak deur die leweransiers of deur bevoegde alarmdiensingenieurs in stand gehou word;

(c) hierdie versekering, verlies of skade aan die versekerde eiendom uitsluit na die gebruik van 'n sleutel van die alarm of enige duplikaat wat aan die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer van die Versekerde behoort tensy dit verkry word deur middel van dreigement of geweld.

## 2. Bykomende tydelike beskermings

Die Maatskappy sal hoogstens die bedrag vermeld in die bylae betaal (bo en behalwe enige bedrag verhaalbaar ingevolge die spesiale uitbreidings) vir koste redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan om tydelike herstelwerk en/of ander maatreëls te tref om die versekerde eiendom te beveilig na die plaasvind van 'n versekerde voorval.

## 3. Kwaadwillige beskadiging

Skade aan die versekerde persele (met inbegrip van landheer se los en vaste toebehore) en alle inhoud in die versekerde persele die eiendom van die Versekerde of wat deur hom in trust of op kommissie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is tot hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die Bylae veroorsaak deur die opsetlike of voorbedagte of moedswillige optrede van enige persoon gedurende die loop van diefstal of poging tot diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die versekerde persele gepaard gaan

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir:

(a) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(b) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(c) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(d) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c) of (d) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# SPESIALE VOORWAARDE

Hierdie afdeling is nietig indien die aard van die risiko wesenlik verander word sonder die voorafverkreë toestemming van die Maatskappy.

# ELEKTRONIESE TOERUSTING

## ONDERAFDELING A – ALLE RISIKO'S

## VERSEKERDE VOORVAL

Toevallige fisiese verlies of skade aan die toerusting wat in die bylae gespesifiseer word.

### Eweredigheid

Indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstelling indien al die gedekte toerusting verloor of beskadig was die versekerde bedrag daarop ten tye van herstel of vervanging oorskry sal die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou word en moet hy dienooreenkomstig 'n eweredige gedeelte van die verlies dra.

Elke item van hierdie afdeling (indien meer as een) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie voorbehoud onderworpe.

## SKADELOOSSTELLING

### 1. Gedeeltelike verlies

Indien die versekerde toerusting herstelbare skade ly, is die skadevergoedingsgrondslag die koste en uitgawes wat redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan word om die toerusting te herstel tot die werkende toestand daarvan onmiddellik voor die plaasvind van die skade met inbegrip van die demonterings- en heroprigtingskoste sowel as gewone vrag- en doeanegelde met dien verstande dat

(a) die waarde van bruikbare onderdele afgetrek word;

(b) die koste van enige verandering, toevoeging, verbetering, opknapping wat ten tyde van herstelwerk uitgevoer word nie ingevolge hierdie onderafdeling verhaalbaar is nie;

(c) indien tydelike herstelwerk sonder die Maatskappy se toestemming deur die Versekerde uitgevoer word in belang van veiligheid of om verdere verlies of skade aan die versekerde toerusting tot 'n minimum te beperk die koste van sodanige tydelike herstelwerk deur die Maatskappy gedra sal word met dien verstande dat indien bykomende koste aldus aangegaan of gevolge wat daaruit voortspruit vir die rekening van die Versekerde sal wees indien sodanige tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies of skade aan die versekerde toerusting veroorsaak;

(d) indien skade tot 'n gedeelte of gedeeltes van versekerde toerusting beperk word die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir 'n bedrag wat hoër is as die waarde van sodanige gedeelte of gedeeltes wat verloor of beskadig is waarvoor voorsiening in die versekerde bedrag gemaak word;

(e) indien herstel nie moontlik is nie as gevolg van onbeskikbaarheid van onderdele of veroudering van die beskadigde toerusting sal die Maatskappy betaal vir die beraamde herstel- of vervangingskoste van sodanige onderdele indien hulle beskikbaar was maar nie 'n groter bedrag as die herstel- of vervangingskoste van soortgelyke skade aan soortgelyke beskikbare toerusting nie en ook nie meer as die versekerde bedrag vir die toerusting vermeld in die bylae nie.

## 2. Algehele verlies

Indien die versekerde toerusting geheel en al verloor of beskadig word, is die grondslag waarvolgens die bedrag betaalbaar bereken moet word die koste van vervanging of herstelling daarvan met toerusting van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was met inbegrip van vrag- en oprigtingskoste, doeanegelde en die verwyderingskoste van die vernietigde toerusting minus die waarde van die oorblywende toerusting met dien verstande dat

(a) die vervangings- of herstelwerk (wat by ander persele en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die Versekerde uitgevoer mag word mits die Maatskappy se aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie) met redelike haas begin en voltooi word anders sal geen betaling gemaak word bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie herstellingswaarde voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;

(b) indien daar geen soortgelyke vervangingstoerusting as gevolg van onbeskikbaarheid of veroudering bestaan nie die Maatskappy die waarde van die verlore of vernietigde toerusting onmiddellik voor die versekerde voorval sal betaal en sodanige waarde sal bereken word deur die redelike billike waardevermindering af te trek van die geïnstalleerde nuwe vervangingwaarde van die toerusting wat ook al die minste is of die versekerde bedrag vir die eiendom vermeld in die bylae.

# SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) die bedrag van die bybetaling vermeld in die bylae tensy die versekerde voorval voortspruit uit brand, weerlig, ontploffing of kwaadwillige beskadiging;

(b) ʼn versekerde voorval waarvoor die verskaffer, kontrakteur of hersteller van die toerusting verantwoordelik is kragtens ʼn kontrak, instandhoudings- of huurkoopooreenkoms of andersins;

(c) die vervangingskoste van data;

(d) vermorsing, wegslyting of afslyting van enige deel van die toerusting veroorsaak deur of wat voortspruit uit gewone gebruik of werkverrigting of geleidelike agteruitgang, die ontwikkeling van swak kontakte, roes, oksidasie, wegvreting of verwering of skraping van geverfde of gepoleerde oppervlaktes;

(e) gevolglike verlies van enige beskrywing;

(f) verlies as gevolg van diefstal of verdwyning van die versekerde toerusting tensy dit gepaardgaan met kragdadige betreding of verlating van daardie gedeelte van die gebou wat deur die Versekerde by die persele geokkupeer word of as gevolg van diefstal of enige poging daartoe wat volg op geweld of dreigement tot geweld;

(g) diefstal uit enige onbewaakte voertuig tensy die eiendom gehou word in ʼn behoorlik toegemaakte en veilig geslote voertuig of indien die voertuig self gehuisves is in ʼn veilig geslote gebou en toegang tot sodanige voertuig en gebou gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating.

# SPESIALE UITBREIDING

Algemene Uitsondering 5(a) is nie op hierdie afdeling van toepassing nie:

(h) die oneerlikheid van die Versekerde met inbegrip van prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers of sy agente hetsy hulle alleen optree of saamspan;

(i) die koste van veranderings, toevoegings, verbeterings en opknappings gedoen ten tyde van herstelling;

(j) die koste van die reproduksie van data of programmatuur hoe ookal opgeneem.

# ONDERAFDELING B – DATAVERVANGING

## VERSEKERDE VOORVAL

Dataverlies regstreeks veroorsaak deur skade verseker ingevolge afdeling A.

## SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar is die redelike en noodsaaklike koste wat aangegaan word om die inligting vervat in die datadraende media weer op te neem en of te herstel tot 'n toestand gelykstaande aan maar nie omvangryker nie as die inligting wat onmiddellik voor die versekerde voorval bestaan het nie.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) koste wat voortspruit uit foutiewe programmering, ponsing, etikettering of kansellering van data as gevolg van operateursfout of uitwissing van datamedia of aanpassing of korrupsie van data met inbegrip van maar nie beperk nie tot rekenaarvirus en soortgelyke gebeurtenisse of uit verlies aan of belemmering van data veroorsaak deur magnetiese velde;

(b) die bedrag van die gewone bybetaling vir beide onderafdeling A en B vermeld in die bylae.

# ONDERAFDELING C – ONDERBREKING

## VERSEKERDE VOORVAL

Indien die besigheid by die persele na 'n versekerde voorval waarvoor die Maatskappy aanspreeklikheid ingevolge onderafdeling A erken het, onderbreek of belemmer word sal die Maatskappy die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling skadeloos stel.

## SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar is die bykomende uitgawe wat noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan is met die uitsluitlike doel om die onderbreking of belemmering van die besigheid wat as dit nie vir sondanige uitgawe was nie gedurende die skadeloosstellingstydperk as gevolg van die versekerde voorval sou plaasgevind het te vermy of te verminder

minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die besigheid se koste en uitgawes as wat mag ophou of verminder mag wees ten gevolge van die versekerde voorval.

# SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir onderbreking of belemmering van die besigheid

(a) wat voortspruit uit die tydoorskrydingstydperk vermeld in die bylae;

(b) wat voortspruit uit veranderings, toevoegings, verbeterings of opknappings wat uitgevoer word na 'n versekerde voorval wat vererger word deur veroudering of die Versekerde se onwilligheid om die versekerde toerusting wat vernietig of beskadig is te vervang of te herstel of versuim om sodanige herstelling of vervanging binne 'n redelike tydperk uit te voer;

(c) wat vererger word deur veroudering of die Versekerde se onwilligheid om die versekerde toerusting wat vernietig of beskadig is te vervang of te herstel of versuim om sodanige herstelling of vervanging binne 'n redelike tydperk uit te voer.

# SPESIALE UITBREIDING

Versekerde voorval sluit vir die doeleindes van hierdie afdeling die volgende in:

1. onderbreking van openbare elektrisiteittoevoer by die verskaffers se aansluitpunte na die kamers as gevolg van enige toevallige oorsaak behalwe

   (a) die doelbewuste optrede van die Versekerde of enige voorsieningsonderneming;

   (b) droogte of waterbesoedeling of 'n tekort aan water of brandstof by kragstasies;

   met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy slegs twaalf uur na die plaasvind van die versekerde voorval begin en nie later nie as 14 dae na sodanige onderbreking eindig.

2. omdat die Versekerde toegang tot die toerusting geweier word te wyte aan toevallige verlies of skade aan ander eiendom in die nabyheid daarvan soos ooreenkomstig onderafdeling A voorsiening gemaak word

met dien verstande egter dat die versekerde bedrag vermeld in die bylae nie deur die toestaning van hierdie uitbreiding oorskry word nie.

3. Algemene Uitsondering 4 geld nie vir hierdie onderafdeling nie.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Datadraende media

Bande, skywe, magnetiese kaarte en ander materiaal gebruik om data te dra in 'n vorm wat regstreeks deur die toerusting assimileerbaar is maar invoerdokumente (fakture, rekenings en dies meer) en rekenaardrukstukke word uitdruklik uitgesluit.

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk wat met die plaasvind van die versekerde voorval begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die versekerde voorval geraak word.

## Instandhoudingsooreenkoms

Die ooreenkoms ingevolge waarvan die Versekerde instandhoudingsdienste vir die versekerde toerusting ontvang vanaf die eienaars, verskaffers of 'n maatskappy wat deur die verskaffers goedgekeur is.

# KLOUSULES

## 1. Kapitale toevoegings

Die versekering ingevolge onderafdeling A dek veranderings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag nie) aan die toerusting tot hoogstens vyf-en-twintig persent van die versekerde bedrag daarop met dien verstande dat die Versekerde onderneem om die Maatskappy van sodanige veranderings, toevoegings of verbeterings in kennis te stel en om enige bykomende premie wat verlang word te betaal.

## 2. Kragstuwing of weerligslag

Tensy ten volle beskerm teen kragstuwing of weerligslae is alle verlies of skade aan die versekerde eiendom as gevolg van kragstuwing of weerligslae onderworpe aan 'n bykomende bybetaling van 10% van die skadeloosstelbare bedrag vir die items aldus beskadig onderworpe aan 'n minimum van R1 000.

## 3. Bykomende heffings

Die versekerde bedrag ingevolge onderafdeling A sluit voorsiening in vir oortyd, nagwerk, werk op openbare vakansiedae en vervoerkoste vir spoed- of lugvragvervoer maar die Maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot vyftig persent van die totale herstel- of vervangingskoste.

## 4. Voorneme om te herstel of vervang

Hierdie polis word nietig verklaar indien die Versekerde in gebreke bly om die Maatskappy binne ses maande na die datum van verlies of skade of sodanige verdere tyd as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadige toerusting te vervang of te herstel.

## 5. Datareserwe

Aanspreeklikheid hang af van die voorwaarde dat die Versekerde met hoogstens 1 week tussenposes reserwes maak van alle geprogrammeerde inligting en sodanige reserwebande, -diskette of ander datadraende media in 'n veilige plek weg van die persele bewaar of alternatiewelik toegesluit word in 'n brandbestande kabinet wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde goedgekeur is.

## 6. Brandbluskoste

Bo en behalwe enige bedrag betaal as gevolg van die versekerde voorval sal die Maatskappy enige koste betaal waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik word vir die blus of bestryding van brand indien die versekerde eiendom deur die brand bedreig is.

## 7. Opskortende verkoop-/bruikhuurooreenkomste

Mits die Maatskappy voor 'n versekerde voorval daarvan in kennis gestel is sal hulle die belang van enige eienaar van versekerde eiendom wat die onderwerp is van 'n opskortende verkoop-/bruikhuurooreenkoms aanteken en beskerm.

## 8. Tydelike beskermings

Die Maatskappy sal hoogstens R2 000 betaal vir koste wat redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan is om tydelike herstelwerk en/of ander maatreëls vir die beveiliging van die versekerde eiendom te tref na die plaasvind van 'n versekerde voorval.

## 9. Tydelike verwydering

Die Maatskappy sal betaal vir 'n versekerde voorval wat aan die inhoud plaasvind (beperk tot 15 persent van die versekerde bedrag)

(i) by enige persele waar 'n prinsipaal, lid, direkteur, vennoot of werknemer van die Versekerde tydelik in diens of 'n inwoner is;

(ii) terwyl in veilige bewaring by 'n bank of terwyl in 'n brandkas of -kluis by 'n instelling wat sodanige dienste verleen;

(iii) terwyl in enige handelspersele vir skoonmaak, opknapping of herstel;

(iv) terwyl in transito per lug, spoor, pad of binnelandse waterweg tussen die kamers en enige van (i) tot (iii) hierbo met dien verstande dat diefstal of enige poging daartoe beperk word tot diefstal na kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die persele of vervoermiddel waarvan daar sigbare bewys is.

## 10. Huurders

Die Versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in die kamers waarin hy 'n medehuurder is of van die eienaar van enige persele waarin hy 'n huurder is nie met dien verstande dat hy die Maatskappy in kennis stel sodra hy van sodanige handeling te wete kom en enige bykomende premie wat verlang mag word betaal.

# MEMORANDUM (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 word hierdie polis uitgebrei om verlies of skade wat regstreeks veroorsaak is deur of deur middel van of ten gevolge van die volgende te dek

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl op ander wyse gehandel word met 'n gebeurtenis in (i) hierbo bedoel met dien verstande dat hierdie memorandum nie die volgende dek nie:

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van watter soort of beskrywing ook al behalwe verlies aan huurgeld as dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat uit algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of operasie voortvloei;

(d) verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortvloei;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis in Algemene Uitsondering 1 (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) bedoel of deur die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl op ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy beweer dat uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) verlies of skade nie deur hierdie afdeling gedek word nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# GEBOUE OMVATTEND

## ONDERAFDELING A – MATERIËLE SKADE

## VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan die versekerde eiendom deur ʼn versekerde gevaar.

### Eweredigheid (nie van toepassing op versekerde gevare 8, 9, 10 en 11 nie)

Indien die waarde van die versekerde eiendom ten tye van die aanvang van die plaasvind van ʼn versekerde voorval gesamentlik meer is as die bedrag daarop verseker word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy ʼn eweredige deel van die verlies dra.

Elke versekerde item sal afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderhewig wees.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies of skade

(a) ingevolge versekerde gevaar 4

- (i) aan keermure;
- (ii) aan enige versekerde eiendom veroorsaak deur of voortspruitend uit
  - (aa) enige proses wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water vereis;
  - (ab) slytasie of geleidelike agteruitgang;
- (iii) aan enige eiendom in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie;
- (iv) verlies of skade veroorsaak of vererger deur
  - (aa) insakking of grondverskuiwing;
  - (ab) die versekerde se versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die onderhoud en veiligheid van die versekerde eiendom en om enige vernietiging of skade tot ʼn minimum te beperk;

(b) deur versekerde gevaar 8 veroorsaak of vererger deur

- (i) verandering of herstelwerk aan die gebou waarin die installasies of toestelle gehou word;
- (ii) bevriesing van die installasies of toestelle indien die gebou vir langer as 21 agtereenvolgende dae onbewoon was;

(c) ingevolge versekerde gevaar 6 aan geld.

# ONDERAFDELING B – AANSPREEKLIKHEID

# VERSEKERDE VOORVAL

Toevallige

(a) dood van of liggaamlike besering (met inbegrip van siekte) aan enige persoon wat nie ’n lid van die Versekerde se gesin of huishouding is nie en ook nie voortspruit uit of in die loop van sy diens by die Versekerde nie;

(b) verlies of fisiese skade aan tasbare eiendom wat nie behoort aan en ook nie onder die beheer is van die Versekerde of lede van sy gesin of huishouding of sy werknemers nie

wat gedurende die versekeringstydperk in of in die omgewing van die gebou veroorsaak word deur die nalatigheid van die Versekerde of van enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde ten opsigte waarvan die Versekerde wetlik aanspreeklik word om skadevergoeding te betaal.

# SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron met inbegrip van enige regsgelde wat deur ’n eiser van die Versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan is sal nie die bedrag vermeld in die bylae oorskry nie.

## Memo

Indien dit van die Maatskappy verlang word om meer as een persoon ingevolge hierdie onderafdeling skadeloos te stel is die aanspreeklikheidsperk in totaal op alle persone wat skadeloos gestel word en by voorkeur op die Versekerde van toepassing of in die geval van sy dood op sy wettige persoonlike verteenwoordiger.

# SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) ’n versekerde voorval veroorsaak deur of voortspruitende uit

  (i) die Versekerde se ambag, professie of beroep (behalwe as eienaar van die gebou);

  (ii) vibrasie of die verwydering of verswakking van of steuring aan die stut van enige grond, struktuur, gebou of ander eiendom;

(b) die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige lokomotief, rollende materiaal, lugvaartuie, watervaartuie, meganiesondersteunde trapfiets of enige soort meganiesaangedrewe voertuig (behalwe grassnyers en voetgangerbeheerde tuinimplemente);

(c) die sloping van of strukturele veranderings aan of toevoegings tot die gebou;

(d) aanspreeklikheid kragtens ooreenkoms aanvaar tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

(e) deursypeling, besoedeling of kontaminasie of enige koste in verband met die vernietiging of opruiming van deursypelende besoedelende of kontaminerende stowwe tensy die deursypeling, besoedeling of kontaminasie veroorsaak word deur ’n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis wat nie met enige geleidelikwerkende oorsaak verband hou nie;

(f) boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

(g) vergoeding vir skadevergoeding en regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die Versekerde verhaalbaar is ten opsigte van uitsprake in die eerste plek gelewer of verkry deur 'n ander hof as 'n hof met regsbevoegdheid binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland;

(h) 'n versekerde voorval indien ten tyde van enige voorval wat aanleiding gee tot 'n eis ingevolge hierdie onderafdeling skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering verskaf word dra hierdie onderafdeling nie saam met enige ander versekering by nie behalwe met betrekking tot enige oorskryding bó die bedrag wat deur sodanige ander versekering betaalbaar is.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## 1. Wysiging van algemene uitsonderings

Algemene Uitsondering 1 word geskrap en vervang deur

"1 Oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, rewolusie, militêre of geüsurpeerde gesag".

## 2. Oorkruisaanspreeklikheid

Indien die "Versekerde" uit meer as een party bestaan sal die Maatskappy elkeen van sodanige partye skadeloos stel asof 'n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is en die Maatskappy doen afstand van alle regte van subrogasie of aksie wat die Maatskappy mag hê of verkry uit hoofde van hierdie spesiale uitbreiding met dien verstande dat

(a) die Maatskappy se totale aanspreeklikheid nie die algemene skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae vir enige enkele versekerde voorval oorskry nie;

(b) die Maatskappy nie die Versekerde skadeloos stel teen enige aanspreeklikheid wat ingevolge enige werkgewersaanspreeklikheidsversekering verseker is of sou gewees het indien hierdie versekering nie bestaan het nie.

## 3. Skadeloosstelling aan ander partye

Die "Versekerde" sluit in

(a) in die geval van die dood van die Versekerde sy wettige persoonlike verteenwoordiger ten opsigte van aanspreeklikheid op die hals gehaal deur die Versekerde;

(b) indien die Versekerde aldus versoek enige prinsipaal, lid, direkteur, vennoot of werknemer van die Versekerde.

## 4. Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande spesiale uitsondering 3 indien die Versekerde (as die eienaar van die persele wat in die bylae gespesifiseer word) ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma werknemers van sodanige firma in diens geneem het om die Versekerde se eiendom in die loop van die besigheid van die Versekerde vermeld in die bylae of persone te beskerm regtens aanspreeklik gehou word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hulle diens sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate waartoe hierdie skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling verskaf sou gewees het indien die vermelde werknemers ingevolge 'n dienskontrak by die Versekerde en nie die sekuriteitsfirma nie in diens was maar slegs tot hoogstens die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae vir hierdie onderafdeling.

Indien die sekuriteitsfirma ten tye van die plaasvind van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee ten opsigte van dieselfde gebeurtenis op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis geregtig is, is die Maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak nie behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag wat ingevolge sodanige ander polis betaalbaar is.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Versekerde gevare

1. Brand, weerlig, donderslag en (nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(a)) onderaardse vuur.

2. Ontploffing.

3. Aardbewing (nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(a)) maar met uitsluiting van verlies of skade aan eiendom in die ondergrondse werkplekke van enige myn.

4. (a) storm, wind, water, hael of sneeu maar met uitsluiting van verlies of skade aan eiendom

   (aa) wat voortspruit uit enige proses wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water vereis;

   (ab) veroorsaak deur vloedgolf wat voortspruit uit aardbewing of vulkaniese uitbarsting;

   (ac) in die ondergrondse werkplekke van enige myn en tensy dit so omskryf en spesifiek as 'n afsonderlike item verseker is;

   (ad) in die ope lug (behalwe aan geboue en strukture of toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te bestaan of te werk);

   (ae) in enige struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie;

   (af) synde keermure.

5. Botsing deur

   (i) lugvaartuie en ander lugtoestelle of artikels daaruit laat val;

   (ii) botsing deur bome, antennes, satellietskottels, diere of voertuie of voorwerpe daaruit laat val met uitsluiting van verlies of skade aan sodanige diere, antennes, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie;

   (iii) vallende bome of dele daarvan.

6. Diefstal of enige poging daartoe wat gepaardgaan met kragdadige betreding of verlating van die gebou.

   Indien die versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

   Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige verlies of skade gelykstaande aan 20% van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

7. Kwaadwillige beskadiging (soos omskryf).

8. Ontlading of lekkasie van water uit 'n sprinkelaar of stortstelsel of ander brandbestrydingsinstallasies of -toerusting in enige versekerde gebou of enige gebou wat versekerde eiendom bevat.

   Slegs ten opsigte van hierdie versekerde gevaar word Algemene Uitsondering 1(i) geskrap en word verlies of skade te wyte aan aardbewing verseker.

Indien die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie bykomende gevaar vermeld word as synde minder as die versekerde bedrag vir 'n item van versekerde eiendom te wees word die "eweredigheid"-voorwaarde vervang deur:

**Eweredigheid**

Indien die waarde van die versekerde eiendom ten tye van die aanvang van die plaasvind van 'n versekerde voorval gesamentlik meer is as die bedrag daarop verseker vir brand is die Maatskappy slegs aanspreeklik vir sodanige gedeelte van die versekerde bedrag vir hierdie versekere gevaar volgens die verhouding waarin die versekerde bedrag vir brand staan tot die totale waarde van die versekerde eiendom en word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy 'n eweredige deel van die verlies dra.

Elke versekerde item is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

9. Toevallige skade aan telekommunikasie- of openbare toevoeraansluitpunte (die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy wetlik aanspreeklik is) tussen die versekerde eiendom en die openbare hooftoevoer of aansluitpunte.

10. Toevallige skade aan vaste interne glas en sanitêre ware.

11. Toevallige skade aan swem- of saunabadtoerusting en -masjinerie

    (i) maar met uitsluiting van verlies of skade wat geleidelik oor 'n tydperk plaasvind;

    (ii) maar die bedrag betaalbaar word verminder met R500 vir enige en elke sodanige skade.

## Versekerde eiendom

1. Die gebou gebou van steen, klip, beton of staal-op-staal raamwerk met leiklip-, teël-, metaal-, beton of asbesdakke (tensy andersins vermeld in die bylae), inritte insluitende sport- en ontspanningsfasiliteite met inbegrip van toerusting en masjinerie wat daarby behoort en daarmee verband hou met inbegrip van landheer se los en vaste toebehore daarin of daarop, grens- en ander mure (grens- en ander mure sluit hekke, pilare en heinings in maar sluit dam- en keermure uitdruklik uit) en geteerde of plaveide inritte, weë of parkeerareas.

2. Die inhoud beskryf in die bylae en alle ander inhoud terwyl in die gebou wat die volgende insluit

    (a) geld tot hoogstens R5 000 en seëls tot hoogstens R5 000;

    (b) dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne en ontwerpe;

    (c) rekenaarstelselrekords;

    (d) patrone, modelle en gietvorms

    maar die dekking ten opsigte van (b), (c) en (d) word beperk tot die waarde van die materiale en arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes in verband met die produksie van enige inligting wat daarin vervat is en die waarde wat sodanige inligting vir die Versekerde inhou uit;

    (e) persoonlike besittings (met inbegrip van trapfietse en gereedskap) van prinsipale, lede, direkteure, vennote of werknemers (wat nie andersins verseker is nie) tot hoogstens R5 000 per individu

    terwyl in die gebou.

    Alles die eiendom van die Versekerde of ten opsigte van item 2 wat deur hom in trust of op kommissie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is.

## Kwaadwillige beskadiging

Die opsetlike of voorbedagte of moedswillige optrede van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige verlies of skade te veroorsaak aan maar met uitsluiting van verlies of skade wat voortspruit uit diefstal of enige poging daartoe.

# SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing of gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(b) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(c) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(d) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1(i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c) of (d) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## Geld

Gangbare munt (met uitsluiting van Krugerrande en soortgelyke munte), bank- en valutanote, reisgers- en ander tjeks, poswissels en -orders, geldige ongebruikte pos-, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies, reiskaartjies, verbande, sertifikate, dokumente en middele van 'n verhandelbare aard die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is.

# KLOUSULES

## 1. Bykomende koste

Die versekerde bedrag word geag om in te sluit

(a) enige herstel- of vervangingskoste aangegaan vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies van enige plaaslike owerheid na 'n versekerde voorval ingevolge onderafdeling A met dien verstande dat sodanige koste nie die volgende insluit nie

   (i) enigiets waarvoor kennis alreeds aan die Versekerde gegee is voor die versekerde voorval;

   (ii) enigiets wat verband hou met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde gedeeltes van eiendom;

   (iii) eiendomsbelasting, regte, ontwikkelings- of ander koste betaalbaar ingevolge gemelde regulasies as gevolg van kapitale waardevermeerdering van die versekerde eiendom.

(b) gelde vir die ondersoek van munisipale of ander planne.

(c) (i) koste aangegaan vir die noodsaaklike oprigting en instandhouding van straat- of sypaadjieskuttings gedurende sloping en herbouing;

   (ii) koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping en verwydering van puin voortspruitend uit 'n versekerde voorval (met inbegrip van onbeskadigde inhoud) vanaf die terrein van die versekerde eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied reg langsaan sodanige terrein maar met uitsluiting van koste en uitgawes voortspruitende uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis verseker word nie.

(d) die professionele gelde van argitekte, bourekenaars en ander konsultante.

(e) hoogstens R500 ten opsigte van verwyderingskoste van vallende bome of dele daarvan (hetsy dit skade veroorsaak al dan nie) waarna ingevolge versekerde gevaar 5 (iii) verwys word

maar die Maatskappy is nie aanspreeklik ingevolge (a), (b) of (d) hierbo nie tensy die verlore of beskadigde eiendom met redelike haas vervang of herstel word en ook nie ingevolge (d) vir enige uitgawes in verband met die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

## 2. Veranderings

Hierdie afdeling word nie benadeel deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie te wyte aan strukturele verandering of herstelwerk aan die gebou omskryf in item 1 van versekerde eiendom nie met dien verstande dat die Maatskappy so gou as wat redelikerwys uitvoerbaar is na die voorval in kennis gestel word en die Versekerde enige bykomende premie wat vereis word betaal.

## 3. Kapitaaltoevoegings

Veranderings, toevoegings en verbeterings aan die gebou, toerusting en masjinerie binne die omvang van versekerde eiendom (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag nie) word gedek gehou tot hoogstens vyftien persent van die versekerde bedrag met dien verstande dat die Versekerde die Maatskappy aan die einde van elke kwartaal van sodanige werk in kennis stel en enige bykomende premie wat vereis word betaal.

## 4. Brandbluskoste

Bo en behalwe enige bedrag betaal as gevolg van die versekerde voorval sal die Maatskappy enige koste betaal waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is wat verband hou met die blus of bestryding van brand en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 5. Verbandhouers

Vanaf die datum waarop hulle daarvan in kennis gestel word aanvaar die Maatskappy die belange van ʼn verbandhouer of ander met ʼn versekerbare belang in die versekerde eiendom en sal nie sodanige belang benadeel as gevolg van die handeling of versuim van die verbandgewer sonder die verbandhouer se medewete nie met dien verstande dat die verbandhouer die Maatskappy in kennis stel sodra hy van sodanige handeling of versuim te wete kom en onderneem om verantwoordelik te wees vir enige bykomende premie wat vereis word as gevolg van die Maatskappy se aanvaarding van enige verhoogde gevaar.

## 6. Spoorwegsubrogasie

Die ondertekening deur die Versekerde van die Transnet Vervoer (Gevaarlike persele) Indemniteit 1952 of soortgelyke ooreenkomste met die Transnet-administrasie of ander staatsdepartemente benadeel nie hierdie afdeling nie.

## 7. Huurgeld

Indien item 1 van die versekerde eiendom onbewoonbaar word (met inbegrip van gedeeltelike onbewoonbaarheid) as gevolg van ʼn versekerde gevaar sal die Maatskappy (nieteenstaande algemene uitsondering 4) die huurgeld ontvangbaar of die huurgeldwaarde betaal dog slegs ten opsigte van die tydperk wat vir herstelling of vervanging nodig is en vir ʼn bedrag van hoogstens vyf-en-twintig persent van die versekerde bedrag plus enige bykomende bedrag in die bylae vermeld.

## 8. Verhindering van toegang (huurgeld)

Indien eiendom gedurende die versekeringstydperk binne 'n radius van 10 km vanaf die persele vermeld in die bylae verloor of beskadig word as gevolg van 'n gevaar in onderafdeling A omskryf en dit verhinder of belemmer die gebruik van of toegang tot die persele wat kragtens hierdie afdeling verseker word betaal die Maatskappy vir enige verlies aan huurgeld wat die Versekerde as gevolg daarvan ly tot hoogstens 'n bedrag van 25% van die versekerde bedrag van toepassing op die geraakte eiendom.

Die berekening van die verlies aan huurgeld word gegrond op die huurgeld betaalbaar onmiddellik voor die verlies of skade of die gelykstaande huurgeldwaarde daarvan.

## 9. Tydelike verwydering

Die versekerde eiendom word gedek gehou terwyl dit tydelik verwyder word vir verandering, skoonmaak, herstel-, opknapping- of soortgelyke proses binne die gebiedsperke met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid

(i) beperk word tot vyftien persent van die versekerde bedrag vir die betrokke eiendom;

(ii) nie uitgebrei word na motorvoertuie of motoronderstelle nie;

(iii) nie eiendom wat in trust gehou word dek nie behalwe toerusting en masjinerie;

(iv) nie verhoog word bó dit waaraan dit blootgestel sou gewees het by die persele of die deel daarvan waarvandaan die versekerde eiendom tydelik verwyder word nie;

(v) vir eiendom in transito beperk word tot transito per pad, spoor of binnelandse waterweg en die eiendom nie andersins verseker is nie.

## 10. Huurders

Die Versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in enige gebou omskryf in item 1 van versekerde eiendom nie met dien verstande dat die Maatskappy in kennis gestel word sodra die Versekerde van sodanige handeling te wete kom en hy enige bykomende premie betaal wat vereis word as gevolg van die Maatskappy se aanvaarding van enige verhoogde gevaar.

## 11. Wagte

Die Maatskappy sal hoogstens R500 betaal vir koste wat werklik en noodsaaklikerwys aangegaan is vir die indiensneming van wagte om enige versekerde eiendom na 'n versekerde voorval te beskerm of om dit te probeer beskerm.

## 12. Munisipale planondersoekgelde

Hierdie afdeling sluit munisipale planondersoekgelde in met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die eiendom wat aldus geraak word beloop.

## 13. Vereistes van openbare owerhede

Hierdie afdeling sluit sodanige bykomende herstel- of herbouingskoste in wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van enige provinsiale afdelings, munisipale of ander plaaslike owerheid met dien verstande dat

1. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is nie die volgende insluit nie

    (a) die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies;

(i) ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is;

(ii) ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie afdeling verseker is nie;

(iii) ingevolge waarvan kennis aan die versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het;

(iv) ten opsigte van onbeskadigde eiendom, onbeskadigde dele van die eiendom behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van daardie deel wat beskadig is;

(b) die bykomende koste wat nodig sou gewees het om die eiendom te herstel tot 'n toestand wat gelyk is aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was indien die noodsaaklikheid om aan enige van die bogenoemde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie;

(c) die bedrag van munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar mag wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan weens voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies;

2. die herstel- of herbouwerk moet met redelike spoed begin en uitgevoer word en mag in die geheel of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer word (indien bogenoemde regulasies dit vereis) onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die versekeraar ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;

3. indien die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge enige item van hierdie afdeling afgesien van hierdie klousule verminder word deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling die aanspreeklikheid van die Maatskappy ingevolge hierdie klousule ten opsigte van enige sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;

4. die totale bedrag wat verhaalbaar is ingevolge enige item van hierdie afdeling hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Brandblustoerustingwaarborg

As teenprestasie vir 'n korting op die premie wat by die premie vir hierdie versekering ingesluit is, waarborg die Versekerde dat alle brandblustoerusting onder sy beheer in 'n behoorlik werkende toestand gehou en gereeld gediens sal word ooreenkomstig SABS Standaard Nr 0105/1971 of enige vervangende standaard.

## 2. Beskerming- en alarmwaarborg

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid voorafgaan en dit word gewaarborg dat in enige persele waarin 'n alarm geïnstalleer is of vereis word dat een geïnstalleer moet wees

(a) die alarm in volle en behoorlike werking gestel word wanneer die persele vir besigheid gesluit word tensy 'n prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer van die Versekerde in die persele is;

(b) die alarm kragtens kontrak deur die leweransiers of deur bevoegde alarmdiensingenieurs in stand gehou word;

(c) hierdie versekering verlies of skade aan die versekerde eiendom uitsluit na die gebruik van 'n sleutel van die alarm of enige duplikaat wat aan die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer van die Versekerde behoort tensy dit verkry word deur middel van dreigement of geweld.

## 3. Vervanging

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word na ʼn versekerde voorval ingevolge onderafdeling A vir item 1 van versekerde eiendom is die koste van vervanging of herstelling op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde eiendom toe dit nuut was met dien verstande dat

(a) die werk van vervanging of herstelling (wat uitgevoer mag word op ʼn ander terrein en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die Versekerde onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike haas begin en uitgevoer moet word anders sal geen betaling gemaak word bó die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het as hierdie memorandum nie daarby ingelyf was nie;

(b) totdat die uitgawe deur die Versekerde aangegaan is vir die vervanging of herstelling van die verlore of beskadigde versekerde eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het as hierdie memorandum nie daarby ingelyf was nie;

(c) indien ten tye van vervanging of herstelling die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstelling as die hele item 1 van versekerde eiendom verlore of beskadig was die bedrag waarvoor dit verseker was ten tye van die versekerde voorval oorskry word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy ʼn eweredige deel van die verlies dra

    elke item van versekerde eiendom waarop hierdie memorandum van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;

(d) hierdie memorandum geld nie indien

    (i) die Versekerde versuim om die Maatskappy binne 6 maande vanaf die versekerde voorval (of sodanige verdere tydsverlenging as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat) in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom wat verlore of beskadig is te vervang of te herstel;

    (ii) die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde versekerde eiendom op dieselfde of op ʼn ander terrein te vervang of te herstel.

## 4. Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 sluit versekerde voorval verlies of skade in wat regstreeks te wyte is aan of betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word;

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in algemene uitsondering 1(i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 5. Insakking of grondverskuiwing

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(a) sluit versekerde voorval verlies of skade aan die versekerde eiendom te wyte aan insakking of grondverskuiwing in met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(i) verlies of skade aan afvoerpype, waterlope, grens-, tuin-, dam- of keermure, hekke, pilare of heinings;

(ii) verlies of skade te wyte aan foutiewe ontwerp of konstruksie of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat in item 1 van versekerde eiendom omskryf word;

(iii) verlies of skade veroorsaak deur werksmense wat besig is om strukturele veranderings, toevoegings of herstelwerk uit te voer aan die gebou wat in item 1 van versekerde eiendom omskryf word;

(iv) verlies of skade te wyte aan uitgrawings bo- of ondergronds behalwe in die loop van mynbedrywighede;

(v) die eerste gedeelte van enige verlies of skade bereken op die grondslag van die meeste van een persent van die versekerde bedrag op die versekerde eiendom wat verlore of beskadig is en R1 000

indien die Maatskappy in enige aksie, saak of ander geregtelike stappe beweer dat verlies of skade weens hierdie bepalings nie deur hierdie memorandum gedek word nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Elke versekerde item is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## 6. Prysaanpassingsklousule

Tensy anders ooreengekom is hierdie voorbehoudsbepalings slegs van toepassing op die versekerde bedrag wat ten tye van die aanvang van die versekeringstydperk van krag is.

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag(-e) ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling verhoog met daardie deel van die persentasie soos in die bylae vermeld as die verhouding wat die aantal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk uitmaak van die geheel van sodanige tydperk.

Die Versekerde sal die Maatskappy in kennis stel van die bedrag wat verseker moet word vir die komende versekeringstydperk en die persentasie verhoging wat vir sodanige tydperk verlang word.

By versuim daarvan word die bepalings van hierdie klousule gestaak.

Die bykomende premie vir hierdie uitbreiding is 50% van die premie wat verkry word deur die genoemde persentasie toe te pas op die jaarpremie betaalbaar vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is.

# GELD

## VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan

(a) geld

(b) enige geldhouer of frankeermasjien in die gebou by die persele voortspruitend uit diefstal of enige poging daartoe.

## SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van geld vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron oorskry nie die volgende nie:

### 1. Geringe perke

| | |
|---|---|
| (a) geld wat nie in 'n geslote brandkas of -kluis gehou word nie | |
| (i) op die persele buite die ure waartydens die handelsbedrywighede van die Versekerde geskied | R3 000 |
| (ii) in die woning van enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde | R3 000 |
| (iii) in die bewaring van enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde terwyl weg van die persele terwyl vir die besigheid van die Versekerde gereis word | R3 000 |
| (iv) in die bewaring van enige invorderaar, kollektant, KBA-afleweringsmense of petroljoggie wat by die Versekerde in diens is | Die bedrag in die bylae vermeld |
| (b) gekruiste tjeks of gekruiste poswissels of -orders (betaalbaar bo en behalwe enige ander perk) | R100 000 |

### 2. Belangrike perke

| | |
|---|---|
| (a) die basiese versekerde bedrag | Die bedrag in die bylae vermeld |
| (b) enige ander verlies | |
| (i) uit die gespesifiseerde brandkas/-kluis in die gebou by die persele in die bylae | Die bedrag in die bylae vermeld |
| (ii) ingevolge hoofperk 2(a) of 2(b)(i) gedurende Desembermaand of sodanige ander tydperk wat in die bylae vermeld word | Die bedrag in die bylae vermeld |
| (iii) uit enige ander brandkas/kluis uiteengesit in die bylae van goedgekeurde brandkluisdeure en brandkaste in die geldspesifikasie wat deel vorm van hierdie afdeling terwyl in die gebou by die persele in die bylae | Die laagste van die perk vermeld vir die betrokke brandkluis/-kas en die versekerde bedrag teenoor item 2(a) of 2(b)(i) of (indien van toepassing) 2(b)(ii) |

## 3. Skade aan geldhouers

Die geldhouer beskryf in die bylae — Die bedrag in die bylae vermeld

# SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir 'n versekerde voorval

(a) voortspruitende uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde tensy sodanige oneerlikheid binne 14 werksdae na die plaasvind daarvan ontdek word.

## Spesiale memorandum

'n Versekerde voorval toelaatbaar ooreenkomstig spesiale uitsondering (a) is onderworpe aan die volgende eerste bedrag betaalbaar-klousule.

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van 'n versekerde voorval waarby een persoon of enige aantal persone wat saamspan betrokke is word soos volg verlaag

(i) 2% van die toepaslike perk ingevolge "skadeloosstelling" plus

(ii) 'n verdere 10% van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking van (i) hierbo

en albei bedrae sal ten volle deur die Versekerde gedra word

(b) voortspruitend uit tekort weens fout of weglating.

(c) wat voortspruit uit die gebruik van sleutels van enige brandkas of kluis

(i) buite die ure waarin die handelsbedrywighede van die versekerde geskied tensy die sleutels verkry word deur geweld of dreigement van geweld aan enige persoon (sodanige persoon);

(ii) binne die ure waarin die handelsbedrywighede van die versekerde geskied tensy die sleutels verkry word deur geweld of dreigement van geweld aan sodanige persoon of aan enige direkte gesinslid van sodanige persoon of aan enige bona fide-klant van die versekerde.

(d) uit 'n ongeslote brandkas/-kluis terwyl die gedeelte van die persele waarin sodanige brandkas/-kluis gehou word onbewaak is.

(e) waarby 'n belangrike perk (item 2 van "skadeloosstelling") betrokke is tensy die geld in 'n geslote brandkas/-kluis gehou word terwyl die gedeelte van die persele waarin sodanige brandkas/-kluis gehou word onbewaak is.

(f) uit enige voertuig gebruik deur die Versekerde tensy 'n prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde inderdaad in sodanige voertuig is of indien dit nie in sodanige voertuig nie binne 5 meter daarvan in 'n posisie waarvandaan die voertuig duidelik sigbaar is maar hierdie uitsondering geld nie indien die betrokke persoon onbevoeg is as regstreekse gevolg van 'n ongeluk waarby die voertuig betrokke is nie.

(g) ten opsigte waarvan 'n eis ingevolge enige getrouheidswaarborgversekering ingedien word of as dit nie vir die aftrekkingsklousule was nie ingedien sou gewees het.

Spesiale uitsonderings (c), (d), (e) en (f) geld nie vir 'n bedrag tot R2 000 nie en sal nie deur enige eerste bedrag betaalbaar verminder word nie.

# SPESIALE VOORWAARDES

## Eerste bedrag betaalbaar van toepassing op diefstal van tjeks

Enige verlies of reeks verliese toeskryfbaar aan een oorspronklike voorval wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar is en wat voortspruit uit die diefstal van enige tjek of tjeks word verminder met 'n eerste bedrag betaalbaar van 25% van die verlies wat deur hierdie afdeling skadeloos gestel word tensy:

## 1. Tjeks getrek deur die Versekerde

(a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die aangehegte "Vereiste SAVV-prosedure vir Trekking en Kruising van Tjeks" of enige ander beter metode goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAVV) en die gedrukte gedeelte van die tjek (in teenstelling met die geskrewe of getikte gedeelte) gedruk is deur die bank self of 'n drukker gelisensieer deur die Outomatiese Klaringsburo om die tjeks te druk of

(b) die tjek aan die begunstigde gestuur is per gesertifiseerde pos.

## 2. Tjeks getrek deur enige persoon behalwe die Versekerde en wat deur die Versekerde deur die pos of direk by die kassier ontvang word

(a) sodanige tjek onmiddellik na ontvangs daarvan deur die Versekerde gekruis en "nie verhandelbaar" en "nie oordraagbaar" gemerk is en

(b) die Versekerde in staat is om die trekker en die bedrag van die tjek vanaf hul rekords te identifiseer.

## 3. Tjeks waarvan die Versekerde die ware eienaar is wat getrek is deur enige persoon behalwe die Versekerde en wat aan die Versekerde gepos is maar nie deur die Versekerde ontvang is nie

(a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met die aangehegte "Vereiste SAVV-prosedure vir Trekking en Kruising van Tjeks" of enige ander beter metode goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging

of

(b) die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is of per pos van gelyke of beter sekuriteit as gesertifiseerde pos

of

(c) die faktuur van die Versekerde (waarop die betaling per tjek betrekking het) 'n boodskap daarop bevat (goedgekeur deur die Maatskappy of die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging) wat aanbeveel of verlang dat die tjek getrek word in ooreenstemming met die Vereiste SAVV-prosedure vir trekking en kruising van tjeks.

# VEREISTE SAVV-PROSEDURE VIR TREKKING EN KRUISING VAN TJEKS EN DRUK VAN BLANKO TJEKS

## A. Trekking en kruising van tjeks

Een van die veiligste metodes om 'n tjek te trek en te kruis en wat vir banke aanvaarbaar is word hieronder uiteengesit en hierdie metode word deur die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging aanbeveel:

1. Skrap die voorafgedrukte woorde "of toonder". Dit beperk die moontlikheid dat die bank aan 'n toonder uitbetaal wat nie op betaling geregtig is nie.
2. Indien die woorde "of order" in plaas van "of toonder" op u tjek gedruk is moet hierdie woorde ook geskrap word.
3. Skryf die woorde "nie oordraagbaar nie" op die voorkant van die tjek.
4. Kruis die tjek deur twee parallellyne deur die tjek te trek.
5. Skryf die woorde "nie verhandelbaar nie" tussen die twee parallellyne waarna in 4 hierbo verwys word.
6. Maak seker dat die begunstigde noukeurig en behoorlik en volledig beskryf is.

   Wanneer die begunstigde 'n maatskappy is moet die volle naam gebruik word, soos byvoorbeeld: RH Jones (Edms) Bpk.

   Waar die bankrekeningnommer of GK-nommer van die begunstigde bekend is moet dit na die naam van die begunstigde ingevoeg word, soos byvoorbeeld "RH Jones (Edms) Bpk, Mpy. Nr.: 69/ 123456" of "RH Jones (Edms) Bpk ABC bankrekeningnommer: 123456789".

   Alhoewel dit ten sterkste aanbeveel word is dit nie verpligtend om die bankrekeningnommer van die begunstigde te gebruik nie.
7. Met trekking van die tjek moet geen spasies gelaat word wat iemand in staat sal stel om ekstra woorde of syfers by te voeg nie.
8. 'n Voorbeeld van hierdie metode om 'n tjek te trek word as Aanhangsel A aangeheg (sien laaste bladsy van hierdie afdeling).
9. Die bewoording wat in Aanhangsel B uiteengesit is moet op die voorkant van die tjek gedruk word (sien laaste bladsy van hierdie afdeling). Maak seker dat spasie op die agterkant van die tjek gelaat word vir bankstempels en endossemente.
10. Al die merke op die tjek moet leesbaar en duidelik sigbaar wees. Persone wat tjeks trek moenie afkortings of ander weergawes gebruik van die terminologie wat in die voorbeeld gebruik is nie. Die woorde "nie verhandelbaar" en 'n kruising deur middel van 'n stempel met 'n reghoek in plaas van twee parallellyne is nutteloos.
11. Die metode waarop tjeks voltooi word moet 'n inkafdruk op die papier laat soos handskrif, 'n tikmasjien of 'n matriksdrukker. Die lint wat in die drukker/tikmasjien gebruik word moet van die tipe wees wat ink op die papier afdruk. Vermy die volgende:

    11.1 ou linte;

    11.2 lasertipe drukkers wat nie 'n afdruk op die papier laat nie;

    11.3 die "omgekeerde druktegniek";

    11.4 wysigbare tiklinte.

## B. Druk van blanko tjeks

Blanko tjeks moet net deur die bank self of 'n drukker wat deur die Outomatiese Klaringsburo gelisensieer is gedruk word. Hierdie drukkers is bekend met die aanbevole vereistes van banke en moet slegs gebruikmaak van goedgekeurde:

- sekuriteitspapier (CBS1 of beter)
- sekuriteitsontwerpe
- spesiale sekuriteitsink verenigbaar met die sekuriteitspapier/-ontwerp
- metodes wat dit moeilik maak vir enigiemand om 'n voorraad blanko tjeks te maak deur die oorspronklikes te fotokopieer.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Klerasie en persoonlike besittings

Die Maatskappy sal betaal vir verlies of skade aan klerasie, vuurwapens en/of persoonlike besittings (nie andersins verseker nie) van enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde gedurende diefstal van geld of enige poging daartoe maar tot R3 000 beperk ten opsigte van klerasie.

## Slotte, sleutels en toegangskaarte

Onderworpe daaraan dat die Versekerde die eerste R250 van iedere en elke voorval betaal sal die Maatskappy hoogstens R2 500 betaal vir vervanging van slotte, sleutels en toegangskaarte van enige brandkas/-kluis in die gebou by die persele na die verdwyning van enige sleutel of toegangskaart daarvan of nadat die Versekerde enige redelike vermoede het dat duplikate van sodanige sleutels of toegangskaarte in besit is van 'n ongemagtigde persoon.

## Motorvoertuigongelukkewet-kentekens

Versekerde voorval sluit verlies of skade aan ongebruikte Motorvoertuigongelukkewet- of soortgelyke wetgewingkentekens in maar verlies of skade deur diefstal of enige poging daartoe word beperk tot diefstal na kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die Versekerde se persele waarvan daar sigbare bewys is of geweld of dreigement van geweld aan enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde.

## Gebiedsperke

Die gebiedsperke vir item 1(a)(iii) van "skadeloosstelling" is wêreldwyd.

# WOORDOMSKRYWINGS

## 1. Geld

Gangbare munt (met uitsluiting van Krugerrande en soortgelyke muntstukke), bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en -orders, geldige ongebruikte pos-, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en ander sertifikate, dokumente en middele van 'n verhandelbare aard die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is.

## 2. Geldhouers

Enige brandkas, -kluis, -trommel, kasregister, geldlaai, geldkis of ander houer vir geld.

## 3. Goedgekeurde brandkluisdeure en brandkaste

Soos uiteengesit in die geldspesifikasie wat deel uitmaak van hierdie afdeling.

# KLOUSULE

## Aardbewing

Die woord 'aardbewing' word geskrap uit Algemene Uitsondering 5(a).

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Aanranding

Indien enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde (die versekerde persoon) liggaamlike besering opdoen op uitwendige gewelddadige en sigbare wyse terwyl hulle in beheer is van of geld beskerm of probeer om dit te beskerm sal die Maatskappy die voordele aangetoon aan die Versekerde betaal ten behoewe van die versekerde persoon of indien van toepassing sy wettige persoonlike verteenwoordiger.

| ITEM NR. | BESKRYWING VAN LIGGAAMLIKE BESERING | DIE VOORDEEL |
|---|---|---|
| 1. | Dood | **Die kapitale bedrag vermeld in die bylae** |
| **of** | | |
| 2. | Permanente algehele ongeskiktheid (wat beteken) | **Die kapitale bedrag vermeld in die bylae** |
| | (a) verlies deur fisiese skeiding by of bokant die pols of enkel of algehele verlies aan gebruik van 'n hand of voet | |
| | (b) algehele verlies aan | |
| | (i) spraak | |
| | (ii) alle gesig in 'n oog | |
| | (iii) alle gehoor in albei ore | |
| | (c) 'n besering wat die versekerde persoon permanent ongeskik laat vir die beoefening van sy gewone beroep en enige ander beroep waarvoor hy vanweë kennis of opleiding toegerus is | |
| | (d) volkome en ongeneeslike kranksinnigheid **gespesifiseer** in die bylae sal betaalbaar wees | |

of

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3. | Permanente gedeeltelike ongeskiktheid (wat beteken) | | | **Die kapitale bedrag vermeld in die bylae** |
| | (a) | verlies aan alle gehoor – een oor | | 35% |
| | (b) | verlies aan gesig behalwe waarneming van lig | | 100% |
| | (c) | verlies deur fisiese skeiding of algehele verlies aan gebruik van | | |
| | | (i) | al die vingers van een hand | 80% |
| | | (ii) | al die tone van een voet | 30% |
| | | (iii) | duim | |
| | | | – albei falankse | 30% |
| | | | – een falanks | 10% |
| | | (iv) | wysvinger | |
| | | | – drie falankse | 10% |
| | | | – twee falankse | 8% |
| | | | – een falanks | 4% |
| | | (v) | middelvinger | |
| | | | – drie falankse | 6% |
| | | | – twee falankse | 4% |
| | | | – een falanks | 2% |
| | | (vi) | ringvinger | |
| | | | – drie falankse | 5% |
| | | | – twee falankse | 4% |
| | | | – een falanks | 2% |
| | | (vii) | pinkie | |
| | | | – drie falankse | 4% |
| | | | – twee falankse | 3% |
| | | | – een falanks | 2% |
| | | (viii) | middelhandbene | |
| | | | – eerste of tweede – 'n bykomende | 3% |
| | | | – derde, vierde of vyfde – 'n bykomende | 2% |
| | | (ix) | groottoon | |
| | | | – albei falankse | 5% |
| | | | – een falanks | 2% |

|  |  |  |
|---|---|---|
| (x) | ander tone |  |
|  | – indien meer as een – elk | 2% |
| (d) | verminking weens brandwonde aan |  |
| (i) | 100% van die oppervlakte van die kop en nek | 50% |
| (ii) | 100% van die oppervlakte van die res van die liggaam | 25% |

**en**

4. Algehele en absolute ongeskiktheid om die versekerde persoon se gewone beroep te beoefen — **Die weeklikse tarief (of pro rata daarvan) vir die tydperk van ongeskiktheid of vir 'n maksimum van 104 weke**

**en**

5. Mediese, chirurgiese, tandheelkundige verpleeginrigting of hospitaalbehandeling (met inbegrip van die koste van kunsmatige hulpmiddels en kunsmatige liggaamsdele en die koste en uitgawes aangegaan vir noodvervoer of om die versekerde persoon te bevry indien hy vasgekeer is of om die versekerde persoon na 'n veilige plek te neem) wat werklik noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan is binne vier-en-twintig maande na die versekerde voorval — **Die bedrag vermeld in die bylae**

met dien verstande dat

(i) die voordeel ingevolge item 4 gestaak word wanneer die besering of wond wat die ongeskiktheid veroorsaak het sover redelik moontlik geheel of gesond geword het nieteenstaande die feit dat daar 'n mate van permanente ongeskiktheid mag oorbly;

(ii) die voordeel betaalbaar ingevolge item 4 bo en behalwe enige voordeel betaalbaar ingevolge item 1, 2 of 3 betaal sal word;

(iii) die Maatskappy is nie aanspreeklik om enige voordeel ingevolge item 4 gedurende die tydperk vermeld in die bylae as die oorskryding te betaal nie;

(iv) dood of permanente algehele of gedeeltelike ongeskiktheid plaasvind binne vier-en-twintig maande na die versekerde voorval;

(v) indien geen voorsiening vir die versekerde voorval ingevolge item 2(a), (b) of (c) gemaak word nie die Maatskappy 'n persentasie voordeel verenigbaar met bogemelde skaal sal betaal;

(vi) indien die persentasie verminking ingevolge item 2 minder as 100% van die oppervlakte is die Maatskappy 'n persentasie gebaseer op die mate waartoe werklike verminking met 100% verminking verband hou op die betrokke voordeel sal toepas;

(vii) die Maatskappy nie ingevolge item 2 (d) aanspreeklik is nie tensy die mate van verminking ingevolge (i) of (ii) afsonderlik 10% oorskry en ook nie totdat die permanente uitwerking van mediese en/of chirurgiese behandeling vasgestel is nie;

(viii) enige bedrag verhaalbaar ingevolge enige ongevallewet afgetrek word van enige voordeel wat ingevolge item 4 of 5 betaalbaar is;

(ix) Algemene Voorwaardes 5 en 8 nie vir hierdie memorandum geld nie;

(x) ten opsigte van hierdie memorandum word Algemene Uitsonderings 2, 3 en 4 geskrap en algemene uitsondering 1 vervang deur

"1 Oorlog, inval, daad van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar word al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand teen gesag, rebellie, rewolusie, militêre of geüsurpeerde gesag";

(xi) liggaamlike besering, hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente insluit wat regstreeks of onregstreeks daaruit voortspruit dat die versekerde persoon die slagoffer van diefstal of poging tot diefstal is;

(xii) indien die Maatskappy tevrede is dat dood ingetree het as 'n regstreekse gevolg van 'n versekerde voorval weens die verdwyning van 'n versekerde persoon en mits die Versekerde en die wettige persoonlike verteenwoordiger van die versekerde persoon 'n onderneming onderteken om enige bedrag wat betaal word terug te betaal indien die versekerde persoon daarna lewend gevind word die Maatskappy voordeel 1 sal betaal.

## 2. Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 sluit versekerde voorval verlies of skade in wat regstreeks te wyte is aan of betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word;

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# GELDSPESIFIKASIE

## Goedgekeurde brandkluisdeure en brandkluise

Die volgende geld vir die konstruksie van die brandkluise wat in die tabel hieronder uiteengesit word

3A. beteken die konstruksie van die mure en vloer en dak moet minstens 230mm soliede steen wees

3C. beteken die konstruksie van die mure moet minstens 50mm soliede gewapende beton wees

5. beteken die konstruksie van die mure en vloer en dak moet minstens 300mm soliede gewapende beton met ten minste een ry arendstawe wees

6. beteken die konstruksie van die mure en vloer en dak moet minstens 450mm soliede gewapende beton met ten minste twee rye arendstawe wees

7. beteken die konstruksie van die mure en vloer en dak moet minstens 600mm soliede gewapende beton met ten minste drie rye arendstawe wees

8. beteken die konstruksie van die mure en vloer en dak moet minstens 700mm soliede gewapende beton met ten minste drie rye arendstawe wees

LW: ventilasiegate (indien enige) moet in alle gevalle behoorlik beskerm word

| Kategorie | Konstruksie | | | Maksimum geldperk |
|---|---|---|---|---|
| | Deurplaatdikte (minimum) | Mure | Dak en vloer | |
| Nie goedgekeur nie | 4mm<br>7mm<br>10mm | 3A of C<br>3A of C<br>3A of C | 3A<br>3A<br>3A | R 2 500<br>R 3 000<br>R 3 500 |
| SABS goedgekeur<br>- Kategorie I<br>- Kategorie II<br>- Kategorie II HD<br>- Kategorie II ADM<br>- Kategorie II ADM D3<br>- Kategorie III*<br>- Kategorie IV* | Soos vermeld in die SABS-spesifikasie vir die kategorie | <br>3A of C<br>5<br>5<br>5<br>6<br>6<br>7 | <br>3A<br>5<br>5<br>5<br>6<br>6<br>7 | <br>R 5 000<br>R 12 500<br>R 25 000<br>R 50 000<br>R100 000<br>R 75 000<br>R200 000 |

* Kategorie III en IV-brandkluise moet ook met ˊn vibrasie-alarm toegerus wees


# BRANDKASTE

## Basiese brandkasperke

| Brandkluiskategorie | Deurplaatdikte (Minimum) | Maksimum geldperk |
|---|---|---|
| Nie goedgekeur nie | Hoogstens 7 millimeter<br>Bo 7 maar minder as 10 millimeter<br>10 millimeter en meer | R 2 500<br><br>R 3 000<br>R 3 500 |
| - Geen SABS-gradering<br>- SABS kategorie 1-gradering<br>- SABS kategorie 2-gradering<br>- SABS kategorie 2 HD-gradering D3<br>- SABS kategorie 2 ADM-gradering<br>- SABS kategorie 2 ADM-gradering D3<br>- SABS kategorie 3-gradering<br>- SABS kategorie 4-gradering<br>- SABS kategorie 5-gradering | Soos vermeld in die SABS-spesifikasie vir die kategorie | R 5 000<br>R 10 000<br>R 20 000<br>R 40 000<br>R100 000<br>R125 000<br>R175 000<br>R350 000<br>R500 000 |

Met dien verstande dat die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die perk gespesifiseer in die bylae onder Skadeloosstelling 2(a) vir die betrokke perseel oorskry nie.

# AANHANGSEL A – VEREISTE SAVV-TJEK




# AANHANGSEL B – SAVV-VEREISTE TJEK

## Waarskuwing wat aan die voorkant van die tjek gedruk moet word – laat genoeg spasie vir bankstempels ens.

### WAARSKUWING

Aan die persoon wat hierdie tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang.

Indien 'n tjek van die ware eienaar gesteel of deur hom verloor is mag u aanspreeklik word om hom vir sy verlies te vergoed indien u sodanige tjek wissel of dit in ruil vir enige vergoeding ontvang. (Artikel 81 van die Wet op Wissels, 1964).

**LW** Hierdie tjek is gekruis en "nie verhandelbaar nie" en "nie oordraagbaar nie" gemerk.

# GETROUHEID

## VERSEKERDE VOORVAL

1. Verlies aan geld of ander eiendom wat aan die Versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is wat deur 'n versekerde werknemer gesteel word gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling.

2. Regstreekse finansiële verlies wat deur die Versekerde gely word as gevolg van bedrog of oneerlikheid van 'n versekerde werknemer wat alles gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling plaasvind wat tot oneerlike persoonlike finansiële voordeel vir die betrokke werknemer lei

en ontdek word gedurende die twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) wat dan van krag is of binne twaalf maande na die beëindiging van

(a) hierdie afdeling of

(b) hierdie afdeling ten opsigte van enige versekerde werknemer betrokke by die verlies of

(c) die diens van die versekerde werknemer of die laaste van die versekerde werknemers betrokke by die verlies

welke ook al eerste voorkom.

Met dien verstande dat

(i) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir alle versekerde voorvalle wat langer as vier-en-twintig maande voor ontdekking plaasgevind het;

(ii) hernuwing van hierdie versekering van tydperk tot tydperk of enige uitbreiding van enige versekeringstydperk nie die Maatskappy se aanspreeklikheid sal laat ophoop of verhoog bó die versekerde bedrag vermeld in die bylae nie.

Indien die versekeringstydperk korter as twaalf maande is word die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk tot die bedrag vermeld in die bylae gedurende enige twaalf maande-versekeringstydperk bereken vanaf aanvang of hernuwing.

### Skadeloosstelling

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir meer as

(a) die versekerde bedrag vermeld teenoor 'n versekerde werknemer ten tye van die plaasvind van 'n versekerde voorval;

(b) die totale versekerde bedrag vir alle verliese ten tye van die plaasvind van 'n versekerde voorval;

(c) een eis vir enige versekerde werknemer of twee of meer werknemers wat saamgespan het of onafhanklik van mekaar opgetree het;

(d) die verlies gely totdat die Versekerde vir die eerste keer bewus word daarvan of rede het om te vermoed dat 'n versekerde werknemer 'n daad van diefstal, bedrog of oneerlikheid gepleeg het

nieteenstaande die feit dat die versekerde voorval plaasvind gedurende meer as een twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande-tydperk (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

# SPESIALE UITSONDERINGS

1. Die Maatskappy is slegs tot die mate van die deelname/aandeelhouding van enige onbetrokke vennote, prinsipale, direkteure of lede aanspreeklik vir 'n versekerde voorval waarby enige vennoot, prinsipaal, direkteur of lid van die Versekerde regstreeks betrokke is of was.

   Hierdie spesiale uitsondering is slegs van toepassing op Vennootskappe, Privaat en Beslote Maatskappye.

2. Hierdie afdeling dek nie enige praktyk of ander regsentiteit wat gedurende die twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) wat dan van krag is verkry is nie.

3. Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir 'n versekerde voorval voortspruitende uit die oneerlike verandering of vernietiging of manipulasie van enige rekenaar, rekenaarprogrammatuur of rekenaarprogramstelsel of data of die doelbewuste weglating of bemoeiing met invoering in of uitvoering vanaf die Versekerde se rekenaarinstallasie deur enige versekerde werknemer wie se taak die bestuur, toesig, werkverrigting, programmering, instandhouding of beheer van sodanige installasie is.

   Hierdie uitsondering geld nie vir enige nie-netwerk mikro/persoonlike rekenaar nie tensy dit die Versekerde se enigste rekenaarinstallasie is.

4. Indien die versekerde bedrag te enige tyd verhoog word, is sodanige verhoogde bedrag slegs van toepassing op versekerde voorvalle wat na die datum van sodanige verhoging plaasvind.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Ouditeurs

Enige besonderhede in die Versekerde se boeke vervat wat in verband met 'n versekerde voorval deur die Maatskappy verlang word mag deur die Versekerde se ouditeurs gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie bewys van sodanige besonderhede.

## Uitgebreide dekking vir voormalige werknemers

Enige persoon wat nie meer 'n werknemer is nie word vir die doeleindes van hierdie afdeling beskou as synde 'n werknemer te wees vir 'n tydperk van 30 dae nadat hy opgehou het om 'n werknemer te wees.

## Versekerde se verteenwoordigers

Nieteenstaande Algemene Voorwaarde 1(a) sal die Maatskappy nie hierdie afdeling nietig verklaar indien die persoon wat opdragte namens die Versekerde gee enige inligting met betrekking tot dade of nalatigheid waarvoor hy verantwoordelik is of waaraan hy deel het verswyg nie.

## Verliese aan polisie gerapporteer

In die geval van die ontdekking van enige verlies wat uit 'n versekerde voorval voortspruit mag die Versekerde nieteenstaande enigiets tot die teendeel in paragraaf (ii) van Algemene Voorwaarde 5 vervat, nalaat om die aangeleentheid by die polisie aan te meld maar sal dit onmiddellik doen indien die Maatskappy dit verlang.

## Verswyging

Verswyging van sy eie bedrog of oneerlikheid of dié van ander persone met wie hy saamspan deur enige persoon wat die aansoekvorm onderteken of hernuwing of enige ander instruksies gee benadeel nie enige eis ingevolge hierdie afdeling nie.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Oneerlike persoonlike finansiële voordeel

Oneerlike persoonlike finansiële voordeel sluit nie voordeel vir 'n werknemer in die vorm van salaris, salarisverhogings, gelde, kommissies, bonusse, bevorderings of ander besoldigings in nie.

## Versekerde werknemer

Versekerde werknemer beteken enige persoon wie se beroep in die bylae gespesifiseer word terwyl sodanige persoon

(a) in diens is of 'n vakleerlingskap uitdien by

(b) gehuur of geleen word van enige ander party aan

die Versekerde en wie die Versekerde geregtig is om te beheer en/of te beveel in die loop van die besigheid.

# BEROEPSTITELS

Indien hulle in die bylae verskyn word dit geag asof ondergemelde uitdrukkings die volgende beteken:

## 1. Uitvoerende beamptes

Alle werknemers (met uitsluiting van vennote, prinsipale, direkteure of lede van die Versekerde behalwe soos voorsien in spesiale uitsondering 1) wat uitvoerende of bestuurstatus met 'n titel geniet en dié wat kontant, tjeks, sekuriteite, effekte en voorrade hanteer of beheer daaroor het en dié wat rekeningkundige of boekhoudingpligte het.

## 2. Reisigers

Alle werknemers wie se beroepe as 'veld'-personeel geklassifiseer word met inbegrip van maar nie beperk nie tot verteenwoordigers, verkoopspersoneel, reisigers, invorderaars en afleweringspersoneel.

## 3. Fabriekswerkers

Alle werknemers wat hande-arbeid of fabriekspligte verrig wie nooit kontant, tjeks, sekuriteite, effekte of voorraad hanteer of beheer daaroor het nie en wie nie onder 1, 2 of 4 ingesluit is nie.

## 4. Klerklike personeel

Alle werknemers wat nie onder 1, 2 of 3 ingesluit is nie.

# KLOUSULES

## 1. Verpligte eerste bedrag betaalbaar

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling ten opsigte van 'n versekerde voorval waarby een werknemer of enige aantal werknemers wat saamgespan het betrokke is word verlaag met

(a) 2% van die totaal van die versekerde bedrag ingevolge hierdie afdeling en die verklaarde versekering of R60 000 na gelang van wat die minste is plus

(b) 'n verdere bedrag van 10% (verhoog tot 20% vir enige versekerde voorval erken nieteenstaande spesiale uitsondering 3) van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking van die bedrag wat in (a) hierbo gespesifiseer word.

Albei bedrae sal ten volle deur die Versekerde gedra word en sal onverseker bly.

## 2. Rekenaarverliese eerste bedrag betaalbaar

Die persentasie aangetoon in (b) van die klousule: verpligte eerste bedrag betaalbaar, word van 10 persent na 20 persent verhoog indien die versekerde voorval voortspruit uit oneerlike

(i) manipulasie van

(ii) invoering in

(iii) onderdrukking van invoering in

(iv) vernietiging van

(v) verandering aan

enige nie-netwerk mikro-/persoonlike rekenaarprogram, -stelsel, -data of -programmatuur deur enige versekerde werknemer wie se pligte die bestuur, toesig, ontwerp, skepping of verandering van rekenaarstelsels of -programme behels.

## 3. Eerste bedrag betaalbaar vir verliese ontdek meer as 12 maande nadat dit gepleeg is

Indien enige versekerde voorval ontdek word langer as 12 maande nadat

(i) dit gepleeg is

(ii) die eerste voorval van 'n reeks voorvalle gepleeg is deur een persoon of 'n aantal persone wat saamspan

die persentasies vervat in die eerste bedrag betaalbaar-klousule soos volg verhoog word:

| Eerste bedrag betaalbaarklousule | Eerste bedrag betaalbaar verhoog tot persentasie hieronder aangedui | |
|---|---|---|
| | Indien verliese ontdek word langer as12 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 24 maande daarna nie | Indien die polis verleng is om daardie gedeelte van verliese te dek wat ontdek word langer as 24 maande nadat dit gepleeg is maar nie langer as 36 maande daarna nie |
| **Verpligtend** | | |
| Paragraaf (a) | Vanaf 2% tot 4% | Vanaf 2% tot 5% |
| Paragraaf (b) | Vanaf 10% tot 15% | Vanaf 10% tot 20% |
| **Rekenaarverliese** | Vanaf 20% tot 30% | Vanaf 20% tot 35% |

Nieteenstaande bogemelde mag die Versekerde verkies om slegs vir daardie gedeelte van die verlies te eis wat in 'n korter tydperk ontdek is in welke geval die eerste bedrag betaalbaar toepaslik vir die ooreenstemmende korter tydperk van toepassing sal wees.

## 4. Ander versekerings

Dit is ´n voorwaarde van hierdie afdeling dat behalwe vir

(a) ´n geldpolis

(b) dat dit by intreding of hernuwing verklaar word aan die Maatskappy of ten tye van die indien van ´n eis

(c) ´n pensioenfondsgetrouheidswaarborg polis wat nie hierdie afdeling oorskry nie

(d) hierdie polis

daar geen ander versekering van krag is of tydens die geldigheidsduur van hierdie afdeling aangegaan sal word om te verseker teen die risiko's wat hierkragtens verseker is nie.

5. Algemene Uitsondering 1 en 2 en Algemene Voorwaarde 6 geld nie vir hierdie afdeling nie.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Bykomende eisevoorbereidingskoste

Algemene bepaling 1 word gekanselleer en vervang deur die volgende:

Wanneer dit in die bylae as verseker vermeld word sal die Maatskappy bo en behalwe die bedrag ooreengekom van enige eis betaal vir die redelike en noodsaaklike gelde vir professionele ouditeurs se dienste en regskoste wat met die Maatskappy se toestemming deur die Versekerde aangegaan is om ´n eis wat ooreenkomstig hierdie afdeling teen die Maatskappy ingestel is te ondersoek en te staaf

met dien verstande dat

(i) die aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van sodanige gelde en koste beperk word tot die bedrag vermeld in die bylae ten opsigte van enige enkele eis en ten opsigte van alle eise in enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis);

(ii) indien die versekerde bedrag verminder word deur die betaling van ´n eis sodanige bedrag outomaties herstel word na die oorspronklike versekerde bedrag na betaling van ´n volle bykomende premie (nie pro rata nie) tot die volgende hernuwingsdatum met dien verstande dat die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy nie dubbel die versekerde bedrag gespesifiseer in die bylae sal oorskry nie;

(iii) die kontrole- en beheerstelsel oor enige werknemer betrokke by ´n eis waarop hierdie memorandum van toepassing is soos ooreengekom deur die Maatskappy en die Versekerde regdeur die tydperk waarin die betrokke werknemer die versekerde voorval gepleeg het deur die Versekerde gehandhaaf is.

## 2. Rekenaarverlies-uitbreiding

As teenprestasie daarvoor dat die Versekerde ´n voltooide bevredigende vraelys voorsien het word spesiale uitsondering 3 en die rekenaarverliese eerste bedrag betaalbaar-klousule geskrap.

## 3. Verhalingskoste

Indien die Versekerde enige verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is wat die versekerde bedrag hierkragtens oorskry sal die Maatskappy bo en behalwe die versekerde bedrag hoogstens die bedrag vermeld in die bylae aan die Versekerde betaal vir koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys met die toestemming van die Maatskappy (welke toestemming nie onredelikerwys weerhou mag word nie)

aangegaan is vir die verhaling of poging tot verhaling vanaf die werknemer met betrekking tot wie die eis ingestel is van daardie gedeelte van die verlies wat die versekerde bedrag hierkragtens betaalbaar oorskry.

Alle bedrae bo vermelde gedeelte van die verlies wat deur die Versekerde verhaal word, is vir die voordeel van die Maatskappy en die Versekerde tot die mate van sy medeversekering ingevolge item (b) van die verpligte eerste bedrag betaalbaar-klousule.

## 4. Verlaging/herstelling van versekerde bedrag

Betaling deur die Maatskappy van enige verlies waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is verlaag nie die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van die res van die versekerde werknemers nie met dien verstande dat

(i) die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy vir alle versekerde werknemers nie dubbel die versekerde bedrag gespesifiseer in die bylae oorskry nie

(ii) die Versekerde bykomende premie op die bedrag van die versekerde verlies betaal bereken ooreenkomstig die volgende formule

| Jaarlikse premie vir die versekeringstydperk | x | Bedrag van eisskikking |
|---|---|---|
| Versekering van krag ten tye van die verlies | | Versekerde bedrag ten tye van die ontdekking van die verlies |

Die bykomende premie is ten volle betaalbaar en mag nie verlaag word omdat die tydperk tussen die datum van ontdekking van die verlies en die verstrykingsdatum korter as twaalf maande is nie.

## 5. Terugwerkende dekking – geen vorige versekering van krag nie

Hierdie afdeling sal ook van toepassing wees op versekerde voorvalle wat tot twaalf maande voor die aanvang van hierdie afdeling plaasgevind het maar nie langer as vier-en-twintig maande voor ontdekking nie met dien verstande dat die voorvalle ontdek word binne twaalf maande na die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne twaalf maande na die verstryking van hierdie afdeling na gelang van wat eerste plaasvind.

## 6. Vervangde versekering

Hierdie afdeling sal van toepassing wees op versekerde voorvalle wat plaasgevind het gedurende die geldigheidsduur van enige versekering wat deur hierdie afdeling vervang en in die bylae gespesifiseer is met dien verstande dat

(i) die dekking wat deur hierdie memorandum verleen word beperk word tot verliese wat deur die vervangde versekering betaalbaar sou gewees het maar wat nie opeisbaar is nie as gevolg van die verstryking van die tydperk wat deur die vervangde versekering toegelaat is vir die ontdekking van die versekerde voorvalle;

(ii) die versekerde voorvalle ontdek word binne twaalf maande na die beëindiging van die diens van die betrokke werknemer of binne twaalf maande na die verstryking van hierdie afdeling na gelang van wat eerste plaasvind;

(iii) die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie memorandum nie die bedrag kragtens hierdie afdeling verseker of die bedrag kragtens die vervangde versekering verseker na gelang van watter een die minste is oorskry nie;

(iv) indien die versekerde voorvalle waarby een werknemer of enige aantal werknemers betrokke is plaasvind gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling sowel as die geldigheidsduur van die vervangde polis die maksimum bedrag betaalbaar nie die bedrag verseker deur hierdie afdeling ten tye van ontdekking van die versekerde voorvalle oorskry nie;

(v) die dekking wat deur hierdie memorandum verleen word nie geld vir versekerde voorvalle wat langer as die aantal jare vermeld in die bylae voor die aanvang van hierdie afdeling plaasgevind het nie;

(vi) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir enige versekerde voorval wat langer as vier-en-twintig maande voor ontdekking plaasgevind het nie.

## 7. Vrywillige eerste bedrag betaalbaar

As teenprestasie vir 'n korting wat by die premie vir hierdie afdeling ingesluit is, is die Versekerde verantwoordelik vir die vrywillige eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae ten opsigte van iedere en elke versekerde voorval bo en behalwe enige bedrag wat gedra moet word ooreenkomstig die verpligte eerste bedrag betaalbaar-klousule.

## 8. Verlenging toegestaan met ontvangs van 'n bevredigende stelseloudit ten opsigte van verliese ontdek meer as 24 maande nadat dit gepleeg is

As teenprestasie daarvoor dat die ouditeursfirma vermeld in die bylae 'n bevredigende oudit gedoen het van die Versekerde se stelsels van

– beheer

– ontdekking van bedrog, oneerlikheid en diefstal

en onderworpe daaraan dat die Versekerde al die aanbevelings vervat in sodanige oudit implementeer en in stand hou

1. word voorbehoudsbepaling 1 van die versekerde voorvalle (wat dekking beperk tot daardie deel van verliese wat binne 24 maande ontdek word) en voorbehoudsbepaling (vi) van die vervangde polismemorandum geskrap;

2. indien enige versekerde voorval ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is word die persentasies vervat in die eerste bedrag betaalbaar-memorandum soos volg verhoog:

| Eerste bedrag betaalbaar-klousule | Eerste bedrag betaalbaar verhoog tot persentasie hieronder aangedui indien verliese langer as 12 maande nadat dit gepleeg is ontdek word |
|---|---|
| **Verpligtend** | |
| Paragraaf (a) | Vanaf 2% tot 3% |
| Paragraaf (b) | Vanaf 10% tot 12,5% |
| **Rekenaarverliese** | Vanaf 20% tot 25% |

Nieteenstaande bogemelde mag die Versekerde verkies om slegs vir daardie gedeelte van die verlies te eis wat binne 12 maande ontdek is in welke geval die eerste bedrag betaalbaar toepaslik vir daardie tydperk van toepassing sal wees;

3. Die eerste bedrag betaalbaar-klousule vir verliese wat ontdek word langer as 12 maande nadat dit gepleeg is word geskrap.

## 9. Verlenging vir verliese wat langer as 24 maande nadat dit gepleeg is ontdek word maar nie langer as 36 maande daarna nie

(i) As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie word voorbehoudsbepaling (i) van die versekerde voorvalle vervang met (i) die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir alle verliese wat langer as 36 maande voor ontdekking plaasgevind het.

(ii) Indien hierdie polis-afdeling die vervangde polis-klousule insluit word die tydperk waarna in die voorbehoudsbepaling (vi) verwys word vanaf vier-en-twintig maande tot ses-en-dertig maande verleng.

# SPESIALE VOORWAARDES

## 1. Eise

Indien die Versekerde of enige verteenwoordiger van die Versekerde aan wie die pligte van toesig of oudit toevertrou is 'n vermoede het of te wete kom van 'n versekerde voorval moet hy die voorval nieteenstaande die bepalings van Algemene Voorwaarde 3 en in die besonder van Algemene Voorwaarde 3(a)(ii) onmiddellik by die Maatskappy aanmeld.

## 2. Kontrole en toesig

Die Versekerde moet alle kontrolestelsels, rekeningkundige prosedure en bedryfsmetodes van die besigheid soos te kenne gegee aan die Maatskappy instel en/of in stand hou maar mag

(a) die besoldiging, diensvoorwaardes, pligte of amp van 'n versekerde werknemer verander

(b) ander veranderings aanbring indien dit vooraf skriftelik deur die Versekerde se ouditeurs goedgekeur word.

## 3. Wysiging van algemene voorwaardes/uitsonderings

Algemene Voorwaarde 8 en Algemene Uitsonderings 1, 2 en 3 geld nie vir hierdie afdeling nie.

## 4. Verhalings

(a) Nadat 'n versekerde voorval plaasgevind het mag die Versekerde tot die mate toelaatbaar volgens wet alle gelde en ander bates verskuldig aan die betrokke versekerde werknemer terughou en sodanige gelde of bates as 'n aftrekking van die verlies behandel.

(b) Buiten borgstelling, versekering, herversekering, sekuriteit of skadeloosstelling wat deur enigiemand omrede sodanige verlies aangegaan word totdat volledig terugbetaal of geneem of aangegaan is deur die Maatskappy of vir die bedrag van enige eerste bedrag betaalbaar indien die Versekerde 'n versekerde voorval oploop (waarop hierdie afdeling van toepassing is) wat die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling oorskry is die Versekerde geregtig op alle verhalings minus die werklike koste aangegaan in sodanige verhalings en enige oorskot sal eerstens vir die terugbetaling van die Maatskappy ingespan word en daarna van die Versekerde tot die mate van sy medeversekering ingevolge item (b) van die verpligte eerste bedrag betaalbaar.

## 5. Verhoging van versekerde bedrag

Indien die versekerde bedrag verhoog word geld sodanige verhoogde versekerde bedrag slegs vir versekerde voorvalle wat na die verhogingsdatum gepleeg word.

# GLAS

## VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan die versekerde eiendom by die persele.

### Skadeloosstelling

Die bedrag betaalbaar is

(a) die koste om die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang;

(b) die redelike en noodsaaklike koste aangegaan vir

  (i) tydelike herstel, tydelike beplanking en/of indiensneming van wagte;

  (ii) verwydering en herstelling van los en vaste toebehore;

  (iii) herstelwerk aan enige diefalarminstallasie indien nie andersins verseker nie

  tot hoogstens die minste van 12,5% van die versekerde bedrag vir versekerde eiendom en R2 500.

### Spesifieke voorwaarde

**EWEREDIGHEID** (nie van toepassing op skadeloosstelling (b) nie)

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom waarteen verseker is van groter waarde is as die versekerde bedrag daarop word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy dienooreenkomstig ´n eweredige gedeelte van die verlies of skade dra.

Elke item van hierdie afdeling indien meer as een waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir versekerde eiendom

(a) wat geskend of op ´n ander wyse beskadig is tensy dit dwarsdeur die dikte van die glas gebars is of alle lamellerings daarvan;

(b) wat deel uitmaak van handelsvoorraad;

(c) wat gekraak of onvolmaak is tensy die Maatskappy uitdruklik dekking verleen het;

(d) tydens installering, verwydering, werk aan die raamwerk daarvan of ander verandering of toevoeging tot die persele (vertoonkaste mag binne die persele verskuif word met dien verstande dat die versekerde eiendom in sy vaste posisie bly en dat verlies of skade gedurende sodanige verskuiwing uitgesluit word);

(e) wat verloor of beskadig word deur brand of ontploffing of enige gevolglike voorkomende of bergingsoperasie tensy die Versekerde wetlik aanspreeklik is vir sodanige verlies of skade as huurder maar nie as eienaar nie;

(f) wat deel uitmaak van enige neonteken, buislig of soortgelyke installasie wat verloor of beskadig is deur

  (i) slytasie, geleidelike agteruitgang, foutiewe konstruksie of klimaatstoestand behalwe hael of windstorm;

(ii) kortsluiting, selfverhitting of enige meganiese of elektriese weiering of onklaarraking;

(iii) instandhouding ingevolge kontrak;

(g) indien (nieteenstaande Algemene Voorwaarde 3(b)(i)) 'n versekerde voorval nie binne dertig dae na die beëindiging van hierdie polis of die vooraf beëindiging van hierdie afdeling by die Maatskappy aangemeld word nie.

# KLOUSULE

## Aardbewing

Die woord "aardbewing" word geskrap uit Algemene Uitsondering 5(a).

# WOORDOMSKRYWINGS

## Glas

Alle glas verseker deur hierdie afdeling word (tensy uitdruklik ooreengekom) veronderstel om gewone spieël-/vlotglas van ses millimeter dikte of plasties gelamelleerde veiligheidsglas van ses punt vyf millimeter dikte te wees.

## Versekerde eiendom

Eksterne en interne glas (met inbegrip van spieëls), letterskilderwerk, versiering en/of behandeling daarvan en vensterrame en toebehore, vensteruitstallings en diefwering (met inbegrip van alarminstallasies) soos gespesifiseer in die bylae die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Bykomende koste

Die Maatskappy sal bó en behalwe die bedrag voorsien ingevolge "skadeloosstelling" hoogstens die bedrag vermeld in die bylae betaal vir redelike en noodsaaklike koste aangegaan om tydelike herstelwerk te doen of om ander maatreëls te tref om die versekerde eiendom te beveilig na die plaasvind van 'n versekerde voorval.

## 2. Spoedaflewering- en ander koste

Koste aangegaan vir spoedaflewering van vervangingsglas per pad-, spoor- of lugvervoer en oortydkoste vir die installering daarvan word verseker tot hoogstens die bedrag vermeld.

## 3. Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 sluit versekerde voorval verlies of skade in wat regstreeks te wyte is aan of betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Hierdie memorandum geld nie vir verlies of skade waarvoor die Versekerde as huurder en nie as eienaar nie aanspreeklik is nie.

## 4. Spesiale vervanging

Indien die Versekerde na die plaasvind van 'n versekerde voorval ooreenkomstig die Nasionale Bouregulasies of soortgelyke wetgewing verplig word om die verlore of beskadigde glas te vervang met 'n beter gehalte glas sal die Maatskappy vir die verhoogde koste van sodanige vervanging aanspreeklik wees met dien verstande dat indien die koste van vervanging van al die versekerde eiendom ten tye van die plaasvind van die versekerde voorval meer is as die bedrag daarop verseker, die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou word en moet hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade dra.

## 5. Vensteruitstallings

Indien 'n versekerde bedrag vir vensteruitstallings by die bylae ingesluit is, word sodanige bedrag geag om koste aangegaan vir die opruiming, heruitstalling en/of herstelwerk aan die uitstalling in te sluit.

# SPESIALE VOORWAARDE

## Berging

Enige berging is die eiendom van die Maatskappy en moet sorgvuldig bewaar word.

# GOEDERE IN TRANSITO

## VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan die versekerde eiendom terwyl in transito met inbegrip van terwyl dit gelaai word op vervoer word deur of afgelaai word van 'n versekerde vervoermiddel of terwyl dit tydelik geberg word vir 'n tydperk wat nie 96 uur oorskry nie in die loop van transito deur

(a) enige toevallige oorsaak wat nie uitdruklik uitgesluit word nie (indien in die bylae vermeld as synde "alle risiko's")

of

(b) brand, weerlig, ontploffing, ontsporing, botsing of omslaan van 'n versekerde vervoermiddel (indien in die bylae vermeld as synde "brand, botsing en omslaan".

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) die bedrag van enige bybetaling vermeld in die bylae tensy die versekerde voorval voortspruit uit brand, weerlig of ontploffing;

(b) gangbare munt (met inbegrip van Krugerrande en soortgelyke muntstukke), bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en -orders, ongebruikte geldige pos-, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en ander dokumente, sertifikate of middele van 'n verhandelbare aard of sakeboeke;

(c) verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitend uit

  (i) slytasie, waardevermindering, agteruitgang of ander geleidelikwerkende oorsaak, roes, wegvreting, oksidasie;

  (ii) verandering in temperatuur of vogtigheid die werking van lig-, klimaats- of atmosferiese toestande tensy veroorsaak deur storm, wind, water, hael of sneeu;

  (iii) meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, weiering, brekasie of steuring;

  (iv) inherente fout, gebrek, latente defek, motte, ongedierte, rysmiere, ander insekte, klamheid of muf;

(d) (i) konfiskering, agterhouding, rekwisisie of onteiening deur doeane- of ander owerhede;

  (ii) verlies aan handel;

(e) diefstal uit enige onbewaakte voertuig besit of bestuur deur of in die bewaring of onder beheer van die Versekerde of enige prinsipaal, lid, direkteur, vennoot of werknemer van die Versekerde tensy die voertuig by alle toegangspunte beveilig en gesluit is en toegang verkry word op kragdadige en gewelddadige wyse waarvan daar sigbare bewys is;

(f) diefstal uit 'n voertuig besit of bestuur deur die Versekerde of enige prinsipaal, lid, direkteur, vennoot, of werknemer van die Versekerde wat oornag geparkeer word tensy sodanige voertuig in 'n beveiligde en geslote gebou gehuisves word en diefstal volg op sigbare, kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die gebou;

(g) die oneerlikheid van die Versekerde met inbegrip van prinsipale, direkteure, lede, vennote of werknemers of sy agente hetsy hulle alleen optree of saamspan;

(h) transito per see of binnelandse transito wat daarmee verband hou;

(i) versekerde eiendom versend na of vanaf enige plek buite die gebiedsperke.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Onklaarraking in transito

Indien 'n versekerde vervoermiddel onklaar raak gedurende transito of indien die versekerde eiendom om enige rede buite die beheer van die Versekerde in gevaar gestel word, mag die Versekerde gebruik maak van enige soort alternatiewe vervoermiddel ten einde die transito te voltooi en/of om die versekerde eiendom te beveilig.

## Nie-aanvaarding

Indien 'n ontvanger weier om die versekerde eiendom te ontvang, word hierdie versekering voortgesit totdat sodanige eiendom herafgelewer is by die persele van die Versekerde deur enige vervoermiddel maar die Versekerde moet alle redelike maatreëls tref om te verseker dat sodanige eiendom so gou as redelikerwys moontlik herafgelewer word.

## Verwydering van puin

Die Maatskappy sal hoogstens R2 000 plus enige bykomende bedrag vermeld in die bylae betaal vir koste wat redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan word vir opruiming en verwydering van puin voortspruitende uit 'n versekerde voorval by die terrein van 'n versekerde voorval.

## Vervangingsvoertuig

Indien enige voertuig wat as 'n versekerde vervoermiddel gespesifiseer word weens herstelwerk of diens nie beskikbaar is nie mag die Versekerde 'n ander voertuig in die plek daarvan stel met dien verstande dat sodanige voertuig nie die eiendom van die Versekerde is of deur hom ingevolge 'n opskortende verkoop- of bruikhuurooreenkoms gekoop of gebruikhuur word nie.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Versekerde vervoermiddel

Die voertuig of ander vervoermiddele beskryf in die bylae.

## Versekerde eiendom

Soos omskryf in die bylae die eiendom van die Versekerde of wat deur hom in trust of op kommissie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is.

## Transito

Transito neem 'n aanvang vanaf die tydstip waarop die versekerde eiendom by die afsender se persele verwyder word (met inbegrip van dra na die versekerde vervoermiddel en laai daarop) en word gestaak (behalwe soos voorsien in die spesiale uitbreiding vir nie-aanvaarding) wanneer aflaai voltooi is by enige gebou of ander bergingsplek by die ontvanger se persele.

# KLOUSULE

## 1. Aardbewing

Die woord "aardbewing" word geskrap uit Algemene Uitsondering 5(a).

## 2. Brandbluskoste

Bo en behalwe enige bedrag betaal as gevolg van die versekerde voorval sal die Maatskappy enige koste betaal waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is wat verband hou met die blus of bestryding van brand as die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 3. Bergingverkoping

Die Maatskappy onderneem om nie enige eiendom wat die onderwerp van 'n eis is, te verkoop of daarmee weg te doen sonder om die Versekerde die keuse te gee om dit teen die meeste van die billike intrinsieke en markwaarde daarvan terug te koop nie maar hierdie klousule gee nie aan die Versekerde die reg om die eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Eweredigheid

Indien die waarde van die versekerde eiendom ten tye van die plaasvind van 'n versekerde voorval meer is as die bedrag daarop verseker word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra.

## 2. Kwaadwillige beskadiging

Verlies of skade wat regstreeks veroorsaak is deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige optrede van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige verlies of skade te veroorsaak maar met uitsluiting van verlies of skade wat veroorsaak word deur of wat spruit uit diefstal of enige poging daartoe.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(b) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(c) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(d) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c) of (d) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 3. Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 sluit versekerde voorval verlies of skade in wat regstreeks te wyte is aan of betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Hierdie memorandum geld nie vir verlies of skade waarvoor die Versekerde as huurder en nie as eienaar nie aanspreeklik is nie.

santam

# GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE

## AFDELING A – GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE

## VERSEKERDE VOORVAL

Liggaamlike besering aan ʼn versekerde persoon uitsluitlik en regstreeks veroorsaak deur gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse.

## VERGOEDING

Die bedrag betaalbaar (wat nie oordraagbaar is nie en wat aan die Versekerde betaal word ten behoewe van die versekerde persoon of indien van toepassing sy wettige persoonlike verteenwoordiger) is die voordeel omskryf in die vergoedingstabel.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie om vergoeding te betaal vir ʼn versekerde voorval aan ʼn versekerde persoon

(a) wat jonger as vyftien of ouer as vyf-en-sewentig jaar oud is;

(b) wat veroorsaak is deur of voortspruit uit

- (i) sy selfmoord of moedswillige selfbesering;
- (ii) en opgedoen word gedurende diens aan diens by enige gewapende of polisiemag;
- (iii) swangerskap, bevalling of enige fisiese gebrek, swakheid, toestand, siekte of kwaal wat voor die aanvang van hierdie versekering bestaan het;
- (iv) herhaling van enigiets wat deur (b)(iii) hierbo uitgesluit word;

(c) wat deelneem aan

- (i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, terrorisme (soos omskryf in Algemene Uitsondering 2) of die aktiwiteite van werkers wat uitgesluit is;
- (ii) lugvaart behalwe as ʼn passasier;

# SPESIALE UITBREIDINGS

**(a) Blootstelling**

Liggaamlike besering sluit in besering as gevolg van hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente na die plaasvind van ʹn ongeval of ʹn ongeluk.

**(b) Verdwyning**

ʹn Versekerde voorval sluit in dood van ʹn versekerde persoon wat verdwyn het met dien verstande dat die Maatskappy tevrede is dat dood ingetree het as regstreekse gevolg van ʹn versekerde voorval.

**(c) Kunsmatige lewenshulpapparaat**

Die vier-en-twintig maande-tydperk vermeld in voorbehoudsbepaling (iii) van die vergoedingsbylae sluit enige tydperk waartydens die lewe van ʹn versekerde persoon verleng word deur die gebruik van lewenshulpapparaat of -toerusting uit.

**(d) Repatriasie**

*(Slegs van toepassing indien die sterftevoordeel verseker word)*

Die Maatskappy sal bó en behalwe die kapitale bedrag vermeld in die bylae redelike en noodsaaklike uitgawes tot hoogstens R5 000 betaal vir repatriasie van die liggaam van ʹn gestorwe versekerde persoon na sy gewone woonplek.

**(e) Noodvervoer/redding**

Die Maatskappy sal hoogstens vyf-en-twintig persent van die versekerde bedrag vir mediese uitgawes vermeld in die bylae betaal vir noodvervoer (per lug, land of water) en/of om ʹn versekerde persoon te bevry, te red of andersins na ʹn veilige plek te bring na die plaasvind van ʹn versekerde voorval.

**(f) Ontvoering/skaking**

Indien tydelike algehele ongeskiktheid verseker word sal die Maatskappy die ontvoering of skaking van ʹn versekerde persoon as ʹn versekerde voorval beskou vir die doeleindes van die tydelike algehele ongeskiktheid- en mediese en ander uitgawes-voordele van die vergoedingsbylae met dien verstande dat

(a) die tydelike algehele ongeskikheid-voordeel beperk word tot die kortste van die ontvoering of skakingstydperk en agt weke;

(b) geen voordeel betaalbaar is nie indien enige lid van die versekerde persoon se onmiddellike familie by die ontvoering/skaking betrokke is as dader of medepligtige.

# KLOUSULES

## Wysiging van Algemene Uitsonderings

Algemene Uitsonderings 2, 3 en 4 word geskrap en Algemene Uitsondering 1 word vervang deur

1. (a) oorlog hetsy verklaar al dan nie tussen Frankryk, Verenigde Koninkryk, Volksrepubliek van China, Rusland (soos op Januarie 1, 1987 saamgestel) en die Verenigde State van Amerika of oorlog in Europa hetsy verklaar al dan nie (behalwe burgeroorlog maar met inbegrip van enige uitvoeringsaksie deur of namens die Verenigde Volke) waarin enige van daardie lande of hulle gewapende magte betrokke is;

   (b) oorlog, inval, die daad van buitelandse vyande, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar word al dan nie) binne Suidelike Afrika met inbegrip van burgeroorlog, rebellie, militêre of geüsurpeerde gesag terwyl ʹn versekerde persoon in aktiewe diens is by die militêre vloot-, lugmag- of polisiedienste van enige volk maar hierdie uitsluiting geld nie vir ʹn versekerde voorval wat onafhanklik van sodanige gebeurlikhede plaasvind nie.

## Gebiedsperke

Die gebiedsperke vir hierdie afdeling is wêreldwyd.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Kapitale bedrag

Die bedrag of die veelvoud van jaarlikse verdienste vermeld in die bylae (beperk tot R200 000 vir 'n versekerde persoon bó 70 jaar oud) as synde betaalbaar vir die dood, permanente algehele of permanente gedeeltelike ongeskiktheid van die versekerde persoon of kategorie versekerde persoon.

## Jaarlikse verdienste

Lone, salarisse, toelaes, kommissies en soortgelyke betalings (maar met uitsluiting van terugbetaalbare toelaes en ex gratia-betalings) betaal of toegestaan aan die versekerde persoon ten tye van die versekerde voorval.

## Versekerde persoon

Enige vermelde prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde of alle sodanige persone wat binne die vermelde kategorie val.

## Weeklikse tarief

Die bedrag vermeld in die bylae (beperk tot R250 per week vir 'n versekerde persoon bó 70 jaar oud) vir die versekerde persoon of kategorie versekerde persoon of indien die kapitale bedrag 'n veelvoud van jaarlikse verdienste is een twee-en-vyftigste gedeelte van jaarlikse verdienste.

# VERGOEDINGSTABEL

| ITEM NR. | BESKRYWING VAN LIGGAAMLIKE BESERING | DIE VOORDEEL |
|---|---|---|
| 1. | Dood | **Die kapitale bedrag vermeld in die bylae** |
| **of** | | |
| 2. | Permanente algehele ongeskiktheid (wat beteken) | **Die kapitale bedrag vermeld in die bylae** |
| | (a) verlies deur fisiese skeiding by of bokant die pols of enkel of algehele verlies aan gebruik van 'n hand of voet | |
| | (b) algehele verlies aan | |
| | (i) spraak | |
| | (ii) alle gesig in 'n oog | |
| | (iii) alle gehoor in albei ore | |
| | (c) 'n besering wat die versekerde persoon permanent ongeskik laat vir die beoefening van sy gewone beroep en enige ander beroep waarvoor hy vanweë kennis of opleiding toegerus is | |
| | (d) volkome en ongeneeslike kranksinnigheid **gespesifiseer** in die bylae sal betaalbaar wees | |

**of**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3. | Permanente gedeeltelike ongeskiktheid (wat beteken) | | | **Die kapitale bedrag vermeld in die bylae** |
| | (a) | verlies aan alle gehoor – een oor | | 35% |
| | (b) | verlies aan gesig behalwe waarneming van lig | | 100% |
| | (c) | verlies deur fisiese skeiding of algehele verlies aan gebruik van | | |
| | | (i) | al die vingers van een hand | 80% |
| | | (ii) | al die tone van een voet | 30% |
| | | (iii) | duim | |
| | | | – albei falankse | 30% |
| | | | – een falanks | 10% |
| | | (iv) | wysvinger | |
| | | | – drie falankse | 10% |
| | | | – twee falankse | 8% |
| | | | – een falanks | 4% |
| | | (v) | middelvinger | |
| | | | – drie falankse | 6% |
| | | | – twee falankse | 4% |
| | | | – een falanks | 2% |
| | | (vi) | ringvinger | |
| | | | – drie falankse | 5% |
| | | | – twee falankse | 4% |
| | | | – een falanks | 2% |
| | | (vii) | pinkie | |
| | | | – drie falankse | 4% |
| | | | – twee falankse | 3% |
| | | | – een falanks | 2% |
| | | (viii) | middelhandbene | |
| | | | – eerste of tweede – ´n bykomende | 3% |
| | | | – derde, vierde of vyfde – ´n bykomende | 2% |
| | | (ix) | groottoon | |
| | | | – albei falankse | 5% |
| | | | – een falanks | 2% |
| | | (x) | ander tone | |
| | | | – indien meer as een – elk | 2% |

| | | |
|---|---|---|
| (d) | verminking weens brandwonde aan | |
| (i) | 100% van die oppervlakte van die kop en nek | 50% |
| (ii) | 100% van die oppervlakte van die res van die liggaam | 25% |

**en**

| | | |
|---|---|---|
| 4. | Algehele en absolute ongeskiktheid om die versekerde persoon se gewone beroep te beoefen | **Die weeklikse tarief (of pro rata daarvan) vir die tydperk van ongeskiktheid of die aantal weke in die bylae vermeld** |

**en**

| | | |
|---|---|---|
| 5. | Mediese, chirurgiese, tandheelkundige verpleeginrigting of hospitaal behandeling (met inbegrip van die koste van kunsmatige hulpmiddels en kunsmatige liggaamsdele) wat werklik noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan is binne vier-en-twintig maande na die versekerde voorval (beperk tot R2 500 vir 'n versekerde persoon ouer as 70 jaar) | **Hoogstens die bedrag vermeld in die bylae** |

met dien verstande dat

(i) die voordeel ingevolge item 4 gestaak word wanneer die besering of wond wat die ongeskiktheid veroorsaak het sover redelik moontlik geheel of gesond geword het nieteenstaande die feit dat daar 'n mate van permanente ongeskiktheid mag oorbly;

(ii) die voordeel betaalbaar ingevolge item 4 bo en behalwe enige voordeel betaalbaar ingevolge items 1, 2 of 3 betaal sal word;

(iii) dood of permanente algehele of gedeeltelike ongeskiktheid plaasvind binne vier-en-twintig maande na die versekerde voorval;

(iv) indien geen voorsiening vir die versekerde voorval ingevolge item 3 (a), (b) of (c) gemaak word nie die Maatskappy 'n persentasie voordeel verenigbaar met bogemelde skaal sal betaal;

(v) indien die persentasie verminking ingevolge item 3 (d) minder as 100% van die oppervlakte is die Maatskappy 'n persentasie gebaseer op die mate waartoe werklike verminking met 100% verminking verband hou op die betrokke voordeel sal toepas;

(vi) die Maatskappy nie ingevolge item 3 (d) aanspreeklik is nie tensy die mate van verminking ingevolge (i) of (ii) afsonderlik 10% oorskry en ook nie totdat die permanente uitwerking van mediese en/of chirurgiese behandeling vasgestel is nie;

(vii) die Maatskappy nie vir dieselfde versekerde voorval ingevolge item 1, 2 of 3 gesamentlik aanspreeklik nie en ook nie vir meer as die kapitale bedrag nie of indien betaling ingevolge meer as een item gemaak word die hoogste van die kapitale bedrag ingevolge items 1 of 2 nie;

(viii) betaling van enige voordeel afhang van die voorwaarde dat die Versekerde sodanige mediese bewys lewer as wat verlang word en indien die Maatskappy dit versoek die versekerde persoon enige mediese of ander ondersoek ondergaan of indien die versekerde voorval dood tot gevolg het 'n nadoodse ondersoek op die Maatskappy se koste;

(ix) enige bedrag verhaalbaar van die Vergoedingskommissaris (ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes Nr. 130 van 1993 (soos gewysig)) sal afgetrek word van enige voordeel betaalbaar onder item 4 of 5;

(x) Algemene Voorwaardes 5 en 8 geld nie vir hierdie afdeling nie.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Oorskryding

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om enige voordeel ingevolge item 4 van die vergoedingstabel gedurende die tydperk vermeld in die bylae as die oorskryding te betaal nie.

## 2. Werksure-beperking

Versekerde voorval word beperk tot liggaamlike besering voortspruitend uit en in die loop van die versekerde persoon se diens by die Versekerde in die besigheid.

# OPSIONELE UITBREIDINGS (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Aktiewe diens

Spesiale uitsondering (b) (ii) en 1 (b) van die wysigings tot algemene uitsonderings word geskrap maar die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele versekerde persoon of vir enige enkele ongeval of reeks ongevalle met een oorspronklike oorsaak of bron is die individuele en totale bedrae vermeld in die bylae.

Ten opsigte van hierdie memorandum word die kennisgewingstydperk in algemene voorwaarde 6 (beëindiging) na veertien dae verminder.

## 2. Beweeglikheid

Wanneer die Maatskappy 'n eis om permanente algehele ongeskiktheid erken het indien die versekerde persoon as 'n regstreekse gevolg van sodanige ongeskiktheid permanent van 'n rystoel afhanklik is vir beweeglikheid sal die Maatskappy hoogstens die bedrag vermeld in die bylae betaal vir

(a) 'n selfaangedrewe rystoel en/of

(b) die ombouing van die kontrole van die versekerde persoon se motorvoertuig en (indien nodig ) die installering van rystoellaaitoerusting en/of

(c) verbouings aan die versekerde persoon se woning om voorsiening te maak vir die gebruik van sodanige rystoel.

santam

# HUISBEWONERS

## ONDERAFDELING A – MATERIËLE SKADE

## VERSEKERDE VOORVALLE

Verlies of skade aan die Versekerde se roerende persoonlike eiendom (met uitsluiting van sodanige eiendom wat meer spesifiek verseker is) deur toevallige skade terwyl dit in enige gebou gehou word.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

1. verlies of skade veroorsaak deur diefstal of poging tot diefstal, kwaadwillige beskadiging of lekkasie van water indien die gebou langer as die tydperk vermeld in die bylae onbewoon was;
2. diefstal of poging tot diefstal indien sodanige diefstal geld is of dit in kantoor-, besigheids-, handels- of klubpersele of in enige persele is wat deur die Versekerde uitgeleen of verhuur word **tensy** die diefstal gepaard gaan met sigbare, kragdadige betreding of verlating van die persele of deur geweld of dreigement van geweld aan die Versekerde;
3. verlies of skade veroorsaak deur
   (i) diefstal deur enige huurder of onderhuurder (of die gesin of bediendes van sodanige huurder of onderhuurder);
   (ii) ongedierte, insekte, rysmiere, skraping, induiking, afsplintering, ontsiering, klamheid of die proses van skoonmaak, kleuring, bleiking, verandering, herstelling, vernuwing;
   (iii) krappe, byting, kouing, skeuring of bevuiling deur huisdiere;
   (iv) geleidelikwerkende oorsake soos maar nie beperk nie tot slytasie, roes, muf, wegvreting, klam, nat of droë verrotting;
   (v) insakking, grondverskuiwing tensy as gedek vermeld in die bylae;
   (vi) meganiese of elektriese onklaarraking of steuring.

## ONDERVERSEKERING

Die versekerde bedrag moet gelykstaande wees aan die huidige nuwe koste om die Versekerde se roerende persoonlike eiendom te vervang want as dit nie die geval is nie sal die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot die verhouding waarin die versekerde bedrag tot die werklike vervangingskoste van die totaal van sodanige eiendom staan.

Eise sal vereffen word op die grondslag van die koste om sodanige eiendom op die datum van die versekerde voorval met nuwe eiendom van dieselfde soort of tipe of soortgelyke nuwe eiendom as die verlore of beskadigde eiendom te vervang.

# WOORDOMSKRYWINGS

**Toevallige skade** wat toevallige fisiese verlies of skade beteken wat vir die doeleindes van hierdie klousule brand, weerlig, ontploffing, aardbewing, botsing deur diere, lugvaartuie, voertuie of die vragte daarvan, vallende bome of dele daarvan, kwaadwillige beskadiging, storm, wind, hael, sneeu, water, diefstal of poging tot diefstal, olielekkasie uit enige apparaat insluit.

**Roerende persoonlike eiendom** sluit uit

(i) lugvaartuie, watervaartuie, motorvoertuie of die geïnstalleerde toebehore daarvan (behalwe tuingereedskap), sleepwaens, karavane met inbegrip van die inhoud en geïnstalleerde toebehore daarvan, diere, lewende hawe, handelsgoedere, handelsgereedskap, voorraad of landheer se los en vaste toebehore;

(ii) geld, dokumente of verhandelbare sekuriteite vir meer as R600 enige enkele eis.

# DEKKINGSBEPERKING

## Kosbaarhede

Pelse, edel- en halfedelmetale en -stene en artikels wat daaruit vervaardig word, **word beperk tot een derde van die versekerde bedrag.**

# SPESIALE BEPALING

## GEENEIS-KORTING

Indien die Maatskappy nie versoek word om 'n betaling gedurende die 12 maande onmiddellik voor die hernuwingsdatum vir jaarlikse polisse of die verjaardagdatum vir nie-jaarlikse polisse te maak nie word die premie vir hierdie afdeling vir die volgende tydperk gehef onderworpe aan die Maatskappy se kortingskaal wat op daardie datum van toepassing is.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Outomatiese verhoging van versekerde bedrag

Die Versekerde sal "gedek gehou" word vir 'n verhoogde versekerde bedrag teen 'n koers van 1,0 persent daarvan vir elke maand wat hierdie afdeling van krag is.

Geen premie vir die verhoging is tot die volgende verjaardag-/hernuwingsdatum van die polis betaalbaar nie wanneer die versekerde bedrag en die premie verhoog sal word met 12 persent bó dit wat dan van krag is.

## Roerende persoonlike eiendom in voertuie

Terwyl in enige motorvoertuig hoogstens R1 000 vir verlies of skade aan roerende persoonlike eiendom met **uitsluiting** van klerasie, pelse, juweliersware, optiese, fotografiese en sporttoerusting en diverse persoonlike eiendom-items wat geld, dokumente en verhandelbare sekuriteite insluit.

Diefstal uit voertuie word nie gedek nie tensy sodanige eiendom op kragdadige en gewelddadige wyse gesteel word.

**Die Maatskappy sal boonop betaal vir**

## Bykomende koste

Koste gehef deur enige gemagtigde instansie vir brandweer- en soortgelyke koste in verband met ʹn versekerde voorval.

## Kredietkaarte

Hoogstens R1 000 waarvoor die Versekerde aanspreeklik is nadat hy sy krediet-, onkoste-, debiet of soortgelyke kaart verloor het met dien verstande dat hy voldoen aan die voorwaardes waarkragtens die kaart uitgereik is.

Die dekking vir hierdie uitbreiding is wêreldwyd.

## Dood

R5 000 indien die Versekerde as gevolg van brand of diewe beseer word en binne twaalf maande sterf as gevolg van sodanige besering.

## Voedselbederwing

Hoogstens R1 000 vir toevallige bederwing van voedsel as gevolg van enige oorsaak behalwe die doelbewuste weerhouding van krag deur ʹn voorsieningsowerheid.

## Sleutels en slotte

Hoogstens R1 000 vir die koste van vervanging van slotte/elektroniese slotte/sleutels/afstandbeheerde alarm- of sekuriteitkontroletoestel en indien nodig die herprogrammering van enige gekodeerde alarm/elektroniese slot-/sekuriteitstoestel na die verdwyning van enige sleutels of afstandbeheerde kontroletoestel of nadat die Versekerde enige redelike vermoede het dat duplikate van ʹn sleutel, afstandbeheerde alarmkontroletoestel of elektroniese sekuriteitskontrole in besit is van ʹn ongemagtigde persoon ten opsigte van die woning by die adres vermeld in die bylae of enige motorvoertuig, sleepwa of karavaan besit deur die Versekerde.

## Mediese uitgawes

Hoogstens R1 200 vir mediese uitgawes wat redelikerwys aangegaan is na toevallige besering van

(i) enige persoon behalwe die Versekerde veroorsaak deur ʹn huisdier wat aan die Versekerde behoort of deur ʹn defek in die gebou geleë by die adres vermeld

(ii) enige huishoudelike werknemer wat voortspruit uit sy werk by die Versekerde.

## Besittings van gaste en bediendes

Hoogstens R1 000 vir enige enkele persoon ten opsigte van roerende persoonlike eiendom wat behoort aan gaste, besoekers of huisbediendes en wat as gevolg van ʹn versekerde voorval verloor of beskadig word maar diefstal of enige poging daartoe van roerende persoonlike eiendom van huisbediendes moet gepaardgaan met kragdadige gewelddadige betreding.

## Eiendom in die ope

Hoogstens die versekerde bedrag vir Roerende Persoonlike Eiendom wat verlore gaan of beskadig word as gevolg van brand, weerlig of ontploffing.

Hoogstens R1 000 vir Roerende Persoonlike Eiendom wat verlore gaan of beskadig word as gevolg van diefstal of poging tot diefstal terwyl in die ope by die adres vermeld in die bylae.

## Eiendom in transito

Hoogstens die versekerde bedrag vir verlies of beskadiging van Roerende Persoonlike Eiendom wat nie andersins verseker is nie en veroorsaak word deur of voortspruit uit

(i) brand, weerlig of ontploffing

(ii) diefstal terwyl dit verwyder word omdat die

Versekerde permanent verhuis of terwyl dit na of vanaf enige bank, veilige bewaarplek of meubeldepot geneem word.

## Waterverlies

Hoogstens R5 000 vir bykomende koste gehef deur die verskaffingsowerheid vir waterverlies as gevolg van bars of lekkasie (roes van pype ingesluit) van die hooftoevoerpype tussen die verskaffers se meter en die gebou.

Die bykomende bedrag is die bedrag waarmee die rekening ingedien deur die verskaffingsowerheid in die tydperk (wat nie 3 maande te bowe mag gaan nie) waartydens die verlies voorkom die gemiddelde rekening betaalbaar vir water in die afgelope 6 maande oorskry.

## Huurgeld

Hoogstens 20 persent van die versekerde bedrag vir huurgeld betaalbaar of die koste van alternatiewe akkommodasie indien die Versekerde se woonplek onbewoonbaar word as gevolg van 'n geldige eis.

Betaling word nie vir 'n langer tydperk gemaak as wat nodig is om die woonplek bewoonbaar te maak nie.

## Veeartseny-uitgawes

Hoogstens R500 vir veeartseny-uitgawes aangegaan na die plaasvind van 'n padongeluk waarby 'n huisdier van die Versekerde betrokke is.

## Wagte

Hoogstens R2 000 vir koste wat redelikerwys aangegaan is vir die indiensneming van wagte na die plaasvind van 'n voorval wat tot 'n geldige eis aanleiding gee.

# ONDERAFDELING B – AANSPREEKLIKHEID

# VERSEKERDE VOORVAL

1. Toevallige

   (a) dood van of liggaamlike besering (met inbegrip van siekte) aan enige persoon wat nie normaalweg 'n inwoner van die gebou is nie en wat nie voortspruit uit of in die loop van sy diens by die Versekerde nie;

   (b) verlies of fisiese skade aan tasbare eiendom wat nie aan 'n persoon wat normaalweg 'n inwoner van die gebou is behoort nie en ook nie in sy bewaring of onder sy beheer is nie veroorsaak enige plek ter wêreld (nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(b)) deur die nalatigheid van die Versekerde of sy huisbediendes ten opsigte waarvan die Versekerde wetlik aanspreeklik word om skadevergoeding te betaal;

2. Skade deur 'n versekerde gevaar aan die gebou, landheer se los en vaste toebehore, olie- en watertenks, of aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit, telefoon- of televisieverbindings tussen die gebou en die openbare of hoofleidingtoevoerpunte waarvoor die Versekerde wetlik aanspreeklik word as 'n huurder;

3. Dood van of liggaamlike besering (met inbegrip van siekte) aan enige huisbediende in diens van die Versekerde by die gebou wat regstreeks en uitsluitlik voortspruit uit en in die loop van die bediende se werksaamhede by die Versekerde ten opsigte waarvan die Versekerde wetlik aanspreeklik word om skadevergoeding te betaal.

# SKADELOOSSTELLING

Die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge een van of al die versekerde voorvalle vir enige enkele versekerde voorval of reeks versekerde voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron met inbegrip van enige regskoste wat deur 'n eiser van die Versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word, sal nie R1 000 000 oorskry nie.

Indien dit van die Maatskappy verlang word om meer as een persoon skadeloos te stel is die aanspreeklikheidsperk in totaal op alle persone wat skadeloos gestel word en by voorkeur op die Versekerde van toepassing of in die geval van sy dood sy wettige persoonlike verteenwoordiger.

# SPESIALE UITSONDERINGS

Hierdie onderafdeling dek nie die volgende nie:

(a) die Versekerde se besigheid of beroep (behalwe soos in versekerde voorval 3 voorsien);

(b) die eienaarskap of bewoning van grond of geboue (tensy die residensiële gebou self deur die polis verseker word of die bewoning maar nie eienaarskap nie van 'n tydelike woonplek);

(c) die eienaarskap, besit of gebruik (behalwe as 'n passasier wat geen beheerreg het nie) van enige lugvaartuig (behalwe modellugvaartuig), watervaartuig (behalwe nie-kragaangedrewe vaartuie wat op binnelandse of kus waterweë gebruik word), kragondersteunde fiets of enige soort meganiesaangedrewe voertuig (behalwe tuinimplemente of gholfkarretjie), sleepwaens, karavane of diere (behalwe katte, honde of perde) maar hierdie uitsondering geld nie vir versekerde voorval 3 nie;

(d) aanspreeklikheid kragtens ooreenkoms aanvaar tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

(e) aanspreeklikheid voortspruitend uit of wat verband hou met deursypeling, besoedeling of kontaminasie of enige koste in verband met die vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe tensy veroorsaak deur 'n skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis wat nie met enige geleidelikwerkende oorsaak verband hou nie;

(f) boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

(g) vergoeding vir skadevergoeding of regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die Versekerde verhaal word ten opsigte van uitsprake wat aanvanklik verkry is van 'n ander hof as 'n hof met regsbevoegdheid binne die gebied wat op 1 Januarie 1976 die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland uitgemaak het;

(h) enige aanspreeklikheid wat binne die omvang van enige soort motorvoertuigversekering val of wat verpligtend versekerbaar is kragtens enige wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie beheer nieteenstaande die feit dat geen sodanige versekering van krag of aangegaan is nie.

# DEKKINGSUITBREIDING

## Huurdersaanspreeklikheid

Indien die Versekerde ʼn woonplek okkupeer wat nie aan hom behoort nie sluit hierdie afdeling sy regsaanspreeklikheid (behalwe enige aanspreeklikheid voortspruitende uit ʼn ooreenkoms met die landheer tensy die Versekerde in die afwesigheid van sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het) vir verlies of beskadiging van die gebou en die diensaansluitings van versorgingsbedrywe wat te wyte aan sy nalatigheid veroorsaak word deur of voortspruit uit

(i) brand of ontploffing;

(ii) (a) storm, wind, hael, sneeu of water;

(b) diefstal of poging tot diefstal

**tensy** die woonplek onbewoon is;

(iii) toevallige brekasie van vaste glas of sanitêre ware.

## Werkgewersaanspreeklikheid

Indien die Versekerde ʼn huishoudelike werknemer in diens het sluit hierdie afdeling sy regsaanspreeklikheid vir dood of liggaamlike besering van sodanige werknemer of skade aan sy eiendom in wat voortspruit uit en in die loop van sodanige diens plaasvind maar wat nie uit nywerheidslongsiektes voortspruit of daarmee verband hou nie tensy voortspruitende uit ʼn skielike en onvoorsiene oorsaak.

## Sekuriteitsmaatskappy-aanspreeklikheid

Indien die Versekerde ooreenkomstig ʼn kontrak met ʼn sekuriteitsmaatskappy om die Versekerde se eiendom te beskerm by die adres vermeld in die bylae wetlik aanspreeklik word vir nalatigheid van die werknemers van sodanige maatskappy gedurende hulle dienstydperk by die Versekerde sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in tot die mate van die skadeloosstelling wat toegestaan sou word indien vermelde werknemers onder ʼn dienskontrak met die Versekerde was en nie met die sekuriteitsmaatskappy nie.

Indien die sekuriteitsfirma ten tye van die gebeurtenis wat tot ʼn eis aanleiding gee geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis ten opsigte van dieselfde voorval is die maatskappy nie aanspreeklik om enige betaling te maak behalwe ten opsigte van enige bedrag bó die bedrag betaalbaar ingevolge sodanige ander polis nie.

## Onregmatige inhegtenisname

Hoogstens R50 000 vir alle skadevergoeding wat die Versekerde wetlik aanspreeklik is om te betaal wat voortspruit uit onregmatige inhegtenisname of visentering van enige persoon.

santam

# HUISEIENAARS

## ONDERAFDELING A – GEBOU

Die Maatskappy sal na eie keuse verlies of toevallige beskadiging van die gebou herstel, vervang of daarvoor betaal.

## UITGESLOTE VOORVALLE

Hierdie afdeling dek nie die volgende nie

1. diefstal of poging tot diefstal, kwaadwillige beskadiging of lekkasie van water **indien die gebou langer as die tydperk vermeld in die bylae onbewoon is;**

2. verlies of skade veroorsaak deur

   (i) storm, wind, water, hael, sneeu, oorstroming aan heinings, hekke, geplante heinings of keermure;

   (ii) diefstal deur enige huurder of onderhuurder (of deur die gesin of bediendes van sodanige huurder of onderhuurder);

   (iii) ongedierte, insekte, rysmiere, skraping, induiking, afsplintering, ontsiering of klamheid, die proses van skoonmaak, kleuring, bleiking, verandering, herstelling, vernuwing;

   (iv) skraping, byting, kouing, skeuring of bevuiling deur huisdiere;

   (v) wortels of onkruid aan ondergrondse pype, tennisbane, inritte;

   (vi) geleidelikwerkende oorsake soos maar nie beperk nie tot slytasie, roes, muf, wegvreting, klam, nat of droë verrotting;

   (vii) kraking van die gebou;

   (viii) insakking, grondverskuiwing tensy as gedek vermeld in die bylae;

   (ix) meganiese of elektriese onklaarraking of steuring (behalwe vir swembad- of boorgatmasjinerie tot hoogstens R1 500).

## ONDERVERSEKERING

Die versekerde bedrag moet gelykstaande wees aan die beraamde koste om die gebou met nuwe materiale te herbou en voorsiening maak vir bykomende gelde en koste wat betaalbaar sal wees **want as dit nie die geval is nie** sal die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot die verhouding waarin die versekerde bedrag tot die werklike koste van herbouing met nuwe materiale en sodanige bykomende gelde en koste staan.

Eise sal vereffen word op die grondslag van vervanging of herstelling met nuwe materiale sonder aftrekking vir verbetering.

Die Versekerde mag versoek dat vereffening op 'n kontantgrondslag geskied in welke geval die Maatskappy se verpligting nie die markwaarde van daardie gedeelte van die gebou wat die onderwerp van die eis is sal oorskry nie.

Indien veranderings of uitbreidings aan die gebou onderneem word wat die vervangingswaarde daarvan verhoog is dit belangrik dat die Maatskappy in kennis gestel word sodra die werk voltooi is sodat die versekerde bedrag dienooreenkomstig verhoog kan word.

# WOORDOMSKRYWINGS

**Toevallige skade** wat toevallige fisiese verlies of skade beteken wat vir die doeleindes van hierdie klousule nie brand, weerlig, ontploffing, aardbewing, botsing deur diere, lugvaartuie, voertuie of die vragte daarvan, vallende bome of dele daarvan, kwaadwillige beskadiging, storm, wind, hael, sneeu, water, diefstal of poging tot diefstal, olielekkasie uit enige apparaat insluit nie.

**Die gebou** beteken die woonplek geleë te die adres vermeld in die bylae met inbegrip van alle aanvullende strukture soos motorhuise, buitegeboue, mure, heinings, bane, swembaddens en met inbegrip van geplante heinings, hekke, geplaveide inritte en binnehowe en die los en vaste toebehore wat normaalweg saam met dit verkoop sal word.

**Bykomende gelde en koste** sluit in argitekte en ander konsultante se gelde, koste vir die verwydering van puin vanaf die terrein van die versekerde gebou en soortgelyke uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan in verband met ʼn eis.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Outomatiese verhoging van versekerde bedrag

Die Versekerde sal "gedek gehou" word vir ʼn verhoogde versekerde bedrag teen ʼn koers van 1,0 persent daarvan vir elke maand wat hierdie afdeling van krag is.

Geen premie vir die verhoging is tot die volgende verjaardag-/hernuwingsdatum van die polis betaalbaar nie wanneer die versekerde bedrag en die premie verhoog sal word met 12 persent bó dit wat dan van krag is.

## Verbandhouers/huurders

Indien die dade van enige verbandnemer/huurder/onderhuurder in die gebou die risiko verhoog sonder dat die verbandhouer/Versekerde daarvan kennis dra sal die dekking nie geaffekteer word nie.

**Die Maatskappy sal boonop betaal vir**

## Bykomende koste

Koste gehef deur enige gemagtigde instansie vir brandweer- en soortgelyke koste in verband met ʼn versekerde voorval.

## Huurgeld ontvangbaar

Hoogstens 20 persent van die versekerde bedrag vir huurgeld ontvangbaar indien die Gebou onbewoonbaar word as gevolg van ʼn versekerde voorval.

Betalings word nie vir ʼn langer tydperk gemaak as wat nodig is om die Gebou bewoonbaar te maak nie.

## Wagte

Hoogstens R2 000 vir koste wat noodsaaklikerwys aangegaan is vir die indiensneming van wagte na die plaasvind van ʼn versekerde voorval wat aanleiding tot ʼn geldige eis gee.

# ONDERAFDELING B – AANSPREEKLIKHEID

## VERSEKERDE VOORVALLE

Toevallige

(a) dood van of liggaamlike besering (met inbegrip van siekte) aan enige persoon wat nie normaalweg ʼn inwoner van die gebou is nie en wat nie voortspruit uit of in die loop van sy diens by die Versekerde nie

(b) verlies of fisiese skade aan tasbare eiendom wat nie aan ʼn persoon wat normaalweg ʼn inwoner van die gebou is behoort nie en ook nie in sy bewaring of onder sy beheer is nie

veroorsaak in of rondom die gebou deur die nalatigheid van die Versekerde of sy huisbediendes ten opsigte waarvan die Versekerde wetlik aanspreeklik word om skadevergoeding te betaal.

## SKADELOOSSTELLING

Die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge een van of al die versekerde voorvalle vir enige enkele versekerde voorval of reeks versekerde voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron met inbegrip van enige regskoste wat deur ʼn eiser van die Versekerde verhaalbaar is en alle ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se geskrewe toestemming aangegaan word sal nie R1 000 000 oorskry nie.

Indien dit van die Maatskappy verlang word om meer as een persoon skadeloos te stel is die aanspreeklikheidsperk in totaal op alle persone wat skadeloos gestel word en by voorkeur op die Versekerde van toepassing of in die geval van sy dood sy wettige persoonlike verteenwoordiger.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Hierdie onderafdeling dek nie die volgende nie

(a) die Versekerde se besigheid of beroep (behalwe eienaar van die gebou);

(b) die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die Versekerde van enige lokomotief, rollende materiaal, lugvaartuie, watervaartuie, kragondersteunde fiets of enige soort meganiesaangedrewe voertuig (behalwe tuinimplemente), sleepwaens of diere (behalwe katte, honde of perde);

(c) aanspreeklikheid kragtens ooreenkoms aanvaar tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

(d) aanspreeklikheid voortspruitend uit of wat verband hou met deursypeling, besoedeling of kontaminasie of enige koste in verband met die vernietiging of opruiming van deursypelende, besoedelende of kontaminerende stowwe tensy veroorsaak deur ʼn skielike onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis wat nie met enige geleidelikwerkende oorsaak verband hou nie;

(e) boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;

(f) vergoeding vir skadevergoeding of regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die Versekerde verhaal word ten opsigte van uitsprake wat aanvanklik verkry is van ʼn ander hof as ʼn hof met regsbevoegdheid binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland.

# KANTOORINHOUD

## ONDERAFDELING A – INHOUD

## VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan die inhoud veroorsaak deur 'n versekerde gevaar terwyl in daardie deel van die persele wat deur die Versekerde geokkupeer word as kantore of spreekkamers (waarna hierbinne verwys word as 'kantore').

### Eweredigheid (nie van toepassing op versekerde gevaar 5 nie)

Indien die waarde van die inhoud ten tyde van die aanvang van die plaasvind van 'n versekerde voorval gesamentlik meer is as die bedrag daarop verseker word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy 'n eweredige deel van die verlies dra.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) die bedrag van enige bybetaling vermeld in die bylae;

(b) verlies of skade aan geld, muntmetaal, juweliersware, edel- en halfedelmetale of -stene of rekenaartoerusting en dataverwerkingstoerusting;

(c) 'n versekerde voorval wat voortspruit uit die oneerlikheid van 'n prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde;

(d) monsters van handelsvoorraad en -materiaal of eiendom gedra as monsters of vir verkoop of vir aflewering na verkoop;

(e) enigiets wat meer uitdruklik verseker is;

(f) meer as R2 500 vir persoonlike besittings per individu en R7 500 alles tesame;

(g) dokumente (soos omskryf) indien ingevolge onderafdeling C verseker.

## SPESIALE UITBREIDINGS

### 1. Veranderings en wanbeskrywing

Die Versekerde word nie benadeel nie deur enige verandering of wanbeskrywing van okkupasie te wyte aan

(a) die verkryging van bykomende persele

(b) strukturele veranderings of herstelwerk aan geboue

met dien verstande dat kennis so gou as moontlik na die voorval aan die Maatskappy gegee word en die Versekerde enige bykomende premie wat verlang mag word, betaal.

## 2. Kapitale toevoegings

Veranderings, toevoegings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bó die versekerde bedrag nie) word "gedek gehou" tot hoogstens vyftien persent van die versekerde bedrag met dien verstande dat die Versekerde die Maatskappy aan die einde van elke kwartaal in kennis stel en enige bykomende premie wat verlang mag word betaal.

## 3. Bergingverkoping

Die Maatskappy onderneem om nie enige eiendom wat die onderwerp van 'n eis is te verkoop of daarmee weg te doen sonder om die Versekerde die keuse te gee om dit teen die meeste van die billike intrinsieke en markwaarde daarvan terug te koop nie maar hierdie klousule gee nie aan die Versekerde die reg om die eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie.

## 4. Brandbluskoste

Bo en behalwe enige bedrag betaal as gevolg van die versekerde voorval sal die Maatskappy enige koste betaal waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is wat verband hou met die blus of bestryding van brand en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 5. Slotte sleutels en toegangskaarte

Onderworpe daaraan dat die Versekerde die eerste R200 van iedere en elke voorval betaal sal die Maatskappy hoogstens R2 500 betaal vir vervanging van slotte, sleutels en toegangskaarte van enige versekerde persele indien die sleutel of toegangskaart verloor of gesteel is of indien die Versekerde enige redelike vermoede het dat duplikate van sodanige sleutel of toegangskaart in besit is van 'n ongemagtigde persoon.

## 6. Nuwe bykomende persele

Bykomende kantore gebruik deur die Versekerde word verseker met dien verstande dat

(a) die Maatskappy binne 'n redelike tyd nadat dit vir die eerste keer aan risiko blootgestel word daarvan in kennis gestel word

(b) enige vereiste bykomende premie betaal word.

## 7. Verwydering van puin

Onderworpe aan 'n perk van vyftien persent van die versekerde bedrag ingevolge Afdeling A sal die Maatskappy bo en behalwe die versekerde bedrag ingevolge Afdeling A betaal vir die koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping en verwydering van puin voortspruitend uit 'n versekerde voorval (met inbegrip van voorraad, puin en onbeskadigde inhoud) vanaf die terrein van die kantore vernietig of beskadig en die gebied reg langs die kantore maar met uitsluiting van koste en uitgawes voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis verseker word nie.

## 8. Lopersleutels

Onderworpe aan bewys tot bevrediging van die Maatskappy dat betreding of verlating van die versekerde persele deur middel van die gebruik van 'n loper verkry is word dit vir die doeleindes van 'n versekerde voorval as kragdadige en gewelddadige betreding of verlating beskou.

## 9. Opskortende verkoop-/bruikhuurooreenkomste

Mits die Maatskappy voor 'n versekerde voorval daarvan in kennis gestel is sal hulle die belang van enige eienaar van versekerde eiendom wat die onderwerp is van 'n opskortende verkoop-/bruikhuurooreenkoms aanteken en beskerm.

## 10. Tydelike beskermings

Die Maatskappy sal hoogstens R2 000 betaal vir koste wat redeliker- en noodsaaklikerwys aangegaan is om tydelike herstelwerk en/of ander maatreëls vir die beveiliging van die versekerde eiendom te tref na die plaasvind van 'n versekerde voorval.

## 11. Tydelike verwydering

Die Maatskappy sal betaal vir 'n versekerde voorval wat aan die inhoud plaasvind (beperk tot 15 persent van die versekerde bedrag)

(i) by enige persele waar 'n prinsipaal, direkteur, vennoot, lid of weknemer van die Versekerde tydelik in diens of inwoner is;

(ii) terwyl in veilige bewaring by 'n bank of terwyl in 'n brandkas of -kluis by 'n instelling wat sodanige dienste verleen;

(iii) terwyl in enige handelspersele vir skoonmaak, opknapping of herstel;

(iv) terwyl in transito per lug, spoor, pad of binnelandse waterweg tussen die kantore en enige van (i) tot (iii) hierbo.

## 12. Huurders

Die Versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in die persele waarin hy 'n medehuurder is of van die eienaar van enige persele waarin hy 'n huurder is nie met dien verstande dat hy die Maatskappy in kennis stel sodra hy van sodanige handeling te wete kom en enige bykomende premie wat verlang mag word, betaal.

## 13. Vervangingswaarde

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar vir 'n eis ten opsigte van inhoud bereken word is òf die vervanging van die inhoud met soortgelyke eiendom in 'n toestand gelykstaande aan maar nie beter of omvangryker nie as die toestand daarvan toe dit nuut was òf herstelling van die inhoud tot 'n toestand aansienlik dieselfde maar nie beter nie as die toestand daarvan toe dit nuut was

met dien verstande dat indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging as al die versekerde eiendom verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig was ten tyde van vervanging of herstelling die versekerde bedrag daarop ten tyde van die verlies of skade oorskry, word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra.

## 14. Diefstal as gevolg van kragdadige betreding (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende gevaar word gevoeg tot die gevare van toepassing op onderafdeling A – inhoud:

7. Diefstal wat met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die kantore en/of spreekkamers gepaard gaan of enige poging daartoe of weens diefstal (of enige poging daartoe) wat volg op geweld of dreigement van geweld

   met dien verstande dat

   (i) die Maatskappy nie ingevolge hierdie uitbreiding aanspreeklik is nie vir diefstal of poging tot diefstal deur enige prinsipaal, lid, direkteur of werknemer van die versekerde;

   (ii) die bedrag betaalbaar verminder word met die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding;

(iii) die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag beloop vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding minus die eerste bedrag betaalbaar.

## 15. Diefstaluitbreiding (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die volgende gevaar word gevoeg tot die gevare van toepassing op onderafdeling A – inhoud:

7. Diefstal of enige poging daartoe behalwe deur 'n prinsipaal, lid, vennoot, direkteur of werknemer van die Versekerde

met dien verstande dat:

(i) die bedrag betaalbaar verminder word met die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding

(ii) die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag beloop vermeld in die bylae vir hierdie uitbreiding minus die eerste bedrag betaalbaar.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Inhoud

Die totale inhoud van die kantore die eiendom van die Versekerde of wat deur hom in trust of op kommissie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is met inbegrip van

(a) landheer of huurders se los en vaste toebehore;

(b) dokumente, manuskripte en besigheidsboeke, planne en ontwerpe;

(c) patrone, modelle en gietvorms

maar die dekking ten opsigte van (b) en (c) word beperk tot die waarde van die materiale en die arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes in verband met die produksie van enige inligting daarin vervat en die waarde van sodanige inligting vir die Versekerde uit;

(d) persoonlike besittings (met inbegrip van trapfietse en gereedskap) van prinsipale, direkteure, vennote, lede en werknemers van die Versekerde terwyl in die kantore.

## Dokumente

Films, bande, boeke, rekords, kaarte, planne, tekeninge, uittreksels, aktes, testamente, verbande, ooreenkomste, manuskripte, briewe, sertifikate en soortgelyke geskrewe, gedrukte of andersins gegraveerde dokumente die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is.

Met uitsluiting van geld, rekenaarprogrammatuur en datadraende materiaal tensy andersins vermeld in die bylae.

## Versekerde gevare

1. Brand, weerlig, donderslag en (nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(a)) onderaardse vuur maar met uitsluiting van verlies of skade in die ondergrondse werksaamhede van enige myn;

2. Ontploffing;

3. Aardbewing (nieteenstaande Algemene Uitsondering 5(a));

4. Spesiale gevare wat beteken verlies of skade deur

(a) storm, wind, water, hael of sneeu maar met uitsluiting van verlies of skade voortspruitend daaruit dat enige inhoud enige proses ondergaan wat noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water vereis;

(b) botsing deur

(i) lugvaartuie of ander lugtoestelle of voorwerpe daaruit laat val;

(ii) diere en voertuie;

(iii) vallende bome;

(iv) antennes of satellietskottels;

5. Toevallige brekasie van spieëls en glasblaaie van of vaste glas in of op meubels;

6. Kwaadwillige beskadiging (soos omskryf).

## Kwaadwillige beskadiging

Skade wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak, behalwe skade aan:

1. roerende eiendom wat:

(a) gesteel word

(b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

(a) die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe

(b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel;

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) gevolglike of onregstreekse skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(b) skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(c) skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(d) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1(i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Indien enige versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die Versekerde 'n mede-versekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

### Geld

Gangbare munt (met uitsluiting van Krugerrande en soortgelyke muntstukke), bank-, valutanote, reisigers- en ander tjeks, posorders en -wissels, ongebruikte gangbare pos-, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en ander sertifikate, dokumente of middele van 'n verhandelbare aard die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy verantwoordelik is.

# KLOUSULES

### 1. Bykomende heffings

Die versekerde bedrag vir persoonlike en draagbare rekenaars ingevolge onderafdeling A sluit voorsiening in vir oortyd, nagwerk, werk op openbare vakansiedae en vervoerkoste vir spoed- of lugvragvervoer maar die Maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot vyftig persent van die totale herstel- of vervangingskoste.

### 2. Kragstuwing of weerligslae

Alle verlies of skade aan mini-mikro-rekenaars of draagbare rekenaars voortspruitend uit die kragbron hetsy as gevolg van kragstuwing of weerligslae is onderworpe aan 'n bykomende bybetaling bo en behalwe dié vermeld in die bylae van tien persent van die nuwe vervangingswaarde van vermelde eiendom onderworpe aan 'n minimum van R1 000 maar indien sodanige toerusting ten volle teen elektriese voorsiening-variasies beveilig is met beskermings wat deur die Maatskappy goedgekeur is dan word hierdie bykomende bybetaling te syde gestel.

# ONDERAFDELING B – BYKOMENDE UITGAWES

# VERSEKERDE VOORVAL

Indien die kantore onbewoonbaar word as gevolg van 'n versekerde voorval wat ingevolge onderafdeling A verseker word.

# SKADELOOSSTELLING

Bo en behalwe enige betaling ingevolge onderafdeling A sal die Maatskappy redelike en noodsaaklike bykomende uitgawes betaal beperk tot 25% van die versekerde bedrag ingevolge onderafdeling A aangegaan gedurende die tydperk nodig vir herstelling na die plaasvind van 'n versekerde voorval.

# SPESIALE UITBREIDING

Vir die doeleindes van hierdie onderafdeling sluit "kantore" enige persele in die nabyheid van die kantore in indien skade aan sodanige persele toegang tot die kantore verhinder of beperk.

# ONDERAFDELING C – DOKUMENTE (ALLE RISIKO'S)

# VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan dokumente (soos omskryf in onderafdeling A) wat normaalweg by die kantore gehou word die eiendom van die Versekerde of wat in trust of op kommissie gehou word waarvoor die Versekerde verantwoordelik is.

# SKADELOOSSTELLING

Die Maatskappy sal die minste van die koste en uitgawes noodsaaklikerwys aangegaan om die dokumente te herstel of te vervang en die versekerde bedrag vermeld in die bylae betaal.

# SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies of skade voortspruitende uit of in verband met

(a) elektriese, elektroniese of magnetiese besering, steuring of uitwissing van elektroniese of magnetiese opnames tensy regstreeks te wyte aan weerlig in welke geval die weerligverlies of skadeloosstellingsbedrag verminder word met 10% van sodanige bedrag of R1 000 welke ookal die grootste is;

(b) geleidelike agteruitgang, slytasie, inherente fout, ongedierte, kopiëring, verwerking of ander werk aan die dokument;

(c) rekenaardatadraende media;

(d) koste aangegaan om films of video's weer te fotografeer of oudiobande weer op te neem;

(e) 'n versekerde voorval wat voortspruit uit die resultaat van die oneerlikheid van 'n prinsipaal, direkteur, vennoot, lid of werknemer van die Versekerde.

# ONDERAFDELING D – DOKUMENTE (REGSAANSPREEKLIKHEID)

# VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan dokumente (soos omskryf in onderafdeling A) deur 'n versekerde voorval verseker ingevolge onderafdeling A of (indien verseker) onderafdeling C wat daartoe aanleiding gee dat die Versekerde wettiglik aanspreeklik word om skadevergoeding te betaal.

# SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron met inbegrip van regsgelde wat deur 'n eiser van die Versekerde verhaalbaar is en ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan is, sal nie die bedrag vermeld in die bylae oorskry nie.

# SPESIALE UITSONDERING

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) aanspreeklikheid kragtens ooreenkoms aanvaar tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

(b) aanspreeklikheid voortspruitend uit die oneerlikheid van enige prinsipaal, direkteur, bestuurder, vennoot, of werknemer van die Versekerde;

(c) verlies of skade aan geld (soos omskryf in onderafdeling A);

(d) elektriese, elektroniese of magnetiese besering, steuring of uitwissing van elektroniese of magnetiese opnames tensy regstreeks te wyte aan weerlig;

(e) geleidelike agteruitgang, slytasie, inherente fout, ongedierte, kopiëring, verwerking of ander werk aan die dokument.

# SPESIALE UITSONDERING

Algemene Uitsondering 1 word geskrap en deur die volgende vervang:

Hierdie onderafdeling dek nie verlies, skade, aanspreeklikheid of onkoste wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of in verband met of as gevolg van oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of geüsurpeerde gesag nie.

# MASJINERIE BREEKSKADE

## VERSEKERDE VOORVAL

Onverwagse en onvoorsiene fisiese skade aan die versekerde masjinerie by die persele terwyl

(a) in werking of rustend

(b) dit gedemonteer word vir die doeleindes van skoonmaak, ondersoek, opknapping of verwydering na 'n ander posisie of in die loop van hierdie operasies en gedurende daaropvolgende heroprigting.

## SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar is

**(a) herstelbare skade**

die koste van herstelling van die versekerde masjinerie tot die toestand daarvan onmiddellik voor die versekerde voorval synde die waarde van vervangingsdele, arbeids- en vervoerkoste teen gewone tariewe (met inbegrip van enige noodsaaklike demontering- en heroprigtingskoste) sonder enige aftrekking vir verbetering behalwe 'n toepaslike toelating vir onderdele of toerusting wat op enige wyse weer gebruik kan word;

**(b) ander skade**

die vervangingskoste teen markwaarde plus die koste om die beskadigde item te demonteer en die koste om die vervanging af te lewer en op te rig min die waarde van enige berging;

**Memo**
"herstelbare skade" word omskryf as skade waarvoor die herstelkoste minder is as die markwaarde van die item ten tye van die plaasvind van 'n versekerde voorval.

**Eweredigheid**
Indien die versekerde bedrag teenoor 'n item ten tyde van die plaasvind van 'n versekerde voorval minder is as die geïnstalleerde nuwe waarde daarvan word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy 'n eweredige deel van die verlies dra.

Elke versekerde item is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Hierdie polis dek nie die volgende nie:

(a) die bedrag bybetaling vermeld teenoor 'n item;

(b) verlies of skade te wyte aan

(i) brand, ontploffing of weerlig;

(ii) diefstal of enige poging daartoe;

(iii) inmekaarstort van geboue, botsing deur diere of voertuie of enigiets op sodanige diere of voertuie, lugvaartuie en ander lugtoestelle en voorwerpe daaruit laat val of soniese skokgolwe;

(iv) ontsnapping van water uit apparaat wat water bevat met inbegrip van lekkasie of ontlading uit enige sprinkelaar- of stortstelsel;

(v) storm, wind, water of hael of enige daaropvolgende demontering of heroprigting;

(c) verlies of skade voortspruitende uit misbruik van gereedskap of uit eksperimente, oorladings of toetse wat die oplegging van abnormale voorwaardes noodsaak;

(d) vermorsing, wegslyting of uitslyting van enige onderdeel van die masjinerie veroorsaak deur of voortspruitend uit gewone gebruik of ander geleidelike agteruitgang maar ʼn gevolglike versekerde voorval word nie uitgesluit nie;

(e) (i) fondasies en messelwerk tensy uitdruklik ingesluit en beskryf in die masjineriebylae;

(ii) ruilbare en vervangbare onderdele soos (maar nie beperk nie tot) snyers, bore, messe, saaglemme;

(iii) matryse, gietvorms, patrone, blokke, stempels, ponsmasjiene, bedekkings of graverings op silinders en pletrolle;

(iv) onderdele wat as gevolg van hulle gebruik en/of aard ʼn hoë graad slytasie of waardevermindering ly soos (maar nie beperk nie tot) vergruisings-, hamerslag- of slypvlakke, slytplate, skerms en siwwe, buigsame pype, voeg- en pakmateriaal, filtreerdoeke, wiele, toue, bande, stange, hyser- en vervoerbande of -toue, borsels, batterye, wielbande, vuurvaste materiale, roosterstawe, branderopeninge of kabels behalwe elektriese geleiers;

(v) bedieningsmateriale soos brandstof, chemikalieë, filtreerstowwe, hitte, oordragmedia, skoonmaakmiddels, smeermiddels, olies of katalisators maar ʼn gevolglike versekerde voorval word nie uitgesluit nie;

(f) skade aan materiale tydens die vervaardigingsproses;

(g) die koste van veranderings, toevoegings, verbeterings of opknappings wat na ʼn versekerde voorval uitgevoer word;

(h) die koste of gevolge van tydelike herstelwerk wat sonder die voorafverkreë toestemming van die Maatskappy uitgevoer word tensy sodanige tydelike herstelwerk uitsluitlik uitgevoer was om verdere verlies of skade te vermy of te verminder.

# MEMORANDA

## 1. Bykomende koste

Die Versekerde bedrag sluit voorsiening in vir oortyd, nagwerk, werk op openbare vakansiedae en spoed- of lugvragvervoer maar die Maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot vyftig persent van die totale herstel- of vervangingskoste voor die aangaan van sodanige bykomende koste en tot die versekerde bedrag vir masjinerie wat herstel of vervang word.

## 2. Verkoelingsmiddels (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

Die versekerde bedrag op verkoelingstoerusting sluit voorsiening in vir die hernuwing van verkoelingsmiddels genoodsaak deur ʼn versekerde voorval.

## 3. Transformator-/skakeltuigolie (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

Die versekerde bedrag op transformators en/of skakeltuie sluit voorsiening in vir die hernuwing van olie genoodsaak deur ʼn versekerde voorval.

# MASJINERIEVERSEKERING

## VERSEKERDE VOORVAL

Onverwagse en onvoorsiene fisiese skade aan die versekerde masjinerie omskryf in die Masjinerieversekeringsbylae vanweë enige oorsaak wat nie hieringevolge uitgesluit word nie terwyl

(a) in werking of rustend

(b) dit gedemonteer word vir die doeleindes van skoonmaak, ondersoek, opknapping of verwydering na ´n ander posisie of in die loop van hierdie operasies en gedurende daaropvolgende heroprigting

binne die Versekerde se persele.

## SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

### 1. Gedeeltelike verlies

Indien die versekerde masjinerie skade ly, is die grondslag van skadeloosstelling die koste en uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan om die beskadigde masjinerie tot sy werkende toestand te herstel met inbegrip van koste aangegaan om toegang te verkry, aftakeling, heroprigting asook gewone vrag- en doeanereg met dien verstande dat

(a) die waarde van enige parte wat op enige wyse hoegenaamd gebruik kan word, afgetrek sal word;

(b) die koste van enige alterasie, toevoeging, verbetering of opknapping wat ten tye van die herstelwerk uitgevoer word nie ingevolge hierdie polis verhaalbaar is nie;

(c) indien die Versekerde sonder die Maatskappy se toestemming in die belang van veiligheid of om verdere verlies van of skade aan die Versekerde Eiendom te beperk tydelike herstelwerk onderneem die Maatskappy die koste van sodanige herstelwerk sal dra. Indien die tydelike herstelwerk die verlies vererger of bykomende verlies van of skade aan die Versekerde Eiendom veroorsaak sal sodanige bykomende koste so opgeloop of gevolge wat daaruit spruit vir die rekening van die Versekerde wees;

(d) waar die skade tot ´n deel of onderdele van enige versekerde item beperk is die Maatskappy nie verantwoordelik is nie vir enige bedrag bó die waarde van sodanige deel of onderdele wat beskadig is soos voor voorsiening gemaak is in die Versekerde Bedrag.

### 2. Algehele verlies

(a) Indien toerusting binne drie jaar vanaf datum van vervaardiging algeheel verloor of beskadig word is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word die koste van vervanging of herstelling van die toerusting met toerusting van dieselfde aard of tipe maar nie beter of omvangryker nie as die versekerde toerusting toe nuut met inbegrip van vrag- en oprigtingkoste, doeanereg en die koste om die vernietigde toerusting te verwyder minus die waarde van enige berging, onderworpe aan bepalings (a), (b), (c);

(b) In die geval van toerusting ouer as 3 jaar vanaf datum van vervaardiging is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken word die koste van vervanging teen markwaarde en die koste van die verwydering van die toerusting minus die waarde van enige berging, onderworpe aan bepalings (a), (b), (c).

Die versekerde item word as algeheel vernietig geag indien die herstelkoste (soos omskryf onder gedeeltelike verlies) gelykstaande is aan of die waarde soos omskryf in 2 (b) hierbo onmiddellik voor die versekerde voorval, oorskry.

### Eweredigheid

Indien die versekerde bedrag teenoor 'n item ten tyde van die plaasvind van 'n versekerde voorval minder is as die geïnstalleerde nuwe waarde daarvan word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy 'n eweredige deel van die verlies dra.

Elke versekerde item is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

# BEPALINGS

(a) Die werk van vervanging of herstel (wat op ander persele en op enige wyse wat aan die vereistes van die versekerde voldoen uitgevoer mag word, onderworpe daaraan dat die maatskappy se aanspreeklikheid nie daardeur verhoog word nie) moet met redelike spoed 'n aanvang neem andersins word geen betaling gedoen bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie herstelwaarde-voorwaarde nie hierby ingelyf was nie.

(b) Die Maatskappy behou die reg voor om enige skade wat deur hierdie afdeling van die polis skadeloos gestel word, te herstel, te vervang of in besit te stel of om 'n kontantbetaling in plek daarvan te doen.

(c) In beide geval (1) of (2) sal die bedrag betaalbaar hoogstens die bedrag vermeld in die Masjinerieversekeringsbylae beloop.

# SPESIALE UITSONDERINGS

Hierdie polis stel ongeag die oorspronklike oorsaak nie die versekerde skadeloos teen die volgende nie:

1. Skade te wyte aan
   (i) brandblussing van 'n brand, ontploffing of regstreekse weerligslag;
   (ii) diefstal of enige poging daartoe;
   (iii) inmekaarstort van geboue botsing deur diere of voertuie of enigiets op sodanige diere of voertuie, lugvaartuie en ander lugtoestelle en voorwerpe daaruit laat val of soniese skokgolwe;
   (iv) ontsnapping van water uit apparaat wat water bevat met inbegrip van lekkasie of ontlading uit enige sprinkelaar- of stortstelsel;
   (v) storm, wind, water, hael, sneeu, oorstroming, onderwaterstelling of enige daaropvolgende demontering of heroprigting.
2. Verlies of skade voortspruitend uit misbruik van gereedskap of uit eksperimente, oorladings of toetse wat die oplegging van abnormale voorwaardes genoodsaak.
3. Vermorsing, wegslyting of uitslyting van enige onderdeel van die masjinerie veroorsaak deur of voortspruitend uit gewone gebruik of ander geleidelike agteruitgang maar 'n gevolglike versekerde voorval word nie uitgesluit nie.
4. Verlies van of skade aan vuurvaste materiaal, ruilbare en vervangbare onderdele en gereedskap soos (maar nie beperk nie tot) snyers, bore, messe, saaglemme, matryse, gietvorms, patrone, ponsmasjiene, bedekkings of graverings op silinders en pletrolle, vergruisings-, hamerslag- of slypvlakke, slytplate, skerms en siwwe, toue, bande, stange, hyser- en vervoerbande, borsels, batterye, wielbande maar 'n gevolglike versekerde voorval word nie uitgesluit nie.

5. Gevolglike verlies, vertraging of onderbreking van die besigheid of aanspreeklikheid van enige aard hoegenaamd behalwe verliese waarvoor uitdruklik hierin voorsiening gemaak word.

# KLOUSULES

## 1. Bykomende koste

### (a) Bespoediging

Die Versekerde bedrag sluit voorsiening in vir oortyd, nagwerk, werk op openbare vakansiedae en spoed- of lugvragvervoer maar die Maatskappy se aanspreeklikheid word beperk tot vyftig persent van die totale herstel- of vervangingskoste voor die aangaan van sodanige bykomende koste en tot die versekerde bedrag vir masjinerie wat herstel of vervang word.

### (b) Verkoelingsmiddels

Die versekerde bedrag op verkoelingstoerusting sluit voorsiening in vir die hernuwing van verkoelingsmiddels genoodsaak deur ʼn versekerde voorval.

### (c) Transformator-/skakeltuigolie

Die versekerde bedrag op transformators en/of skakeltuie sluit voorsiening in vir die hernuwing van olie genoodsaak deur ʼn versekerde voorval.

## 2. Fondasies, klipmesselwerk, vuurvaste materiaal, vals vloere of plafonne wat met die versekerde masjinerie verband hou

Tensy spesiale voorsiening daarvoor in die Masjineriebylae gemaak word, word die skadeloosstelling nie uitgebrei om enige koste opgeloop in verband met die herstel, vervanging of herstelling daarvan te dek of in te sluit nie.

## 3. Bykomende nuut verkrygde masjinerie

Die polis word uitgebrei om skadeloosstelling by die Versekerde se persele te verleen vir nuut verkrygde masjinerie van ʼn soortgelyke aard as dié wat in die Masjinerieversekeringsbylae gespesifiseer is met dien verstande dat

(a) installasie en suksesvolle inwerkingstelling tot aanvaarbare bedryfstandaarde behaal is;

(b) die versekerde bedrae vir sodanige bykomende masjinerie in totaal nie 25% van die totale versekerde bedrag vermeld in die Masjinerieversekeringsbylae oorskry nie;

(c) die Versekerde die Maatskappy so gou doenlik in kennis stel van sodanige bykomende masjinerie maar hoogstens 6 maande vanaf die datum van die installasie daarvan of by polishernuwing wat ook al eerste plaasvind;

(d) die Versekerde instem om bykomende premie te betaal met ingang vanaf die datum van die verkryging daarvan

altyd onderworpe aan alle bepalings, uitsonderings en voorwaardes van die polis.

santam

# MOTOR

## ONDERAFDELING A – MATERIËLE SKADE

## VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan 'n versekerde voertuig die eiendom van of gehuur of gekoop of gebruikhuur ingevolge 'n opskortende verkoop-/bruikhuurooreenkoms deur die Versekerde met inbegrip van terwyl in transito per see, lug of binnelandse waterweg tussen hawens of plekke binne die gebiedsperke en laai of aflaai wat daarmee gepaard gaan maar beperk tot

(a) die werklike en noodsaaklike herstelkoste of die markwaarde van die versekerde voertuig of die bedrag wat teenoor die versekerde voertuig vermeld word na gelang van wat die laagste is en

(b) indien die versekerde voertuig na die plaasvind van verlies of skade onklaar is die redelike en noodsaaklike koste vir beskerming daarvan en verwydering na die naaste bekwame hersteller en

(c) indien die versekerde voertuig herstel word die koste van heraflewering aan die Versekerde tot hoogstens die vervoerkoste vanaf die hersteller na die Versekerde se permanente adres binne die gebiedsperke

waarvan die eerste bedrag betaalbaar afgetrek moet word.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(i) slytasie, meganiese, elektriese of elektroniese onklaarrakings, weierings of brekasies;

(ii) waardevermindering hetsy voortspruitend uit herstelwerk na die plaasvind van 'n versekerde voorval of andersins;

(iii) skade aan

  (a) bande deur die aanwending van remme of deur padlekke, snye of barste;

  (b) die veerstelsel te wyte aan ongelykhede van die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede;

(iv) diefstal of enige poging daartoe van toebehore of onderdele indien die dekking ingevolge hierdie onderafdeling vermeld word as derdeparty, brand en diefstal tensy die versekerde voertuig terselfdertyd gesteel word of die diefstal plaasvind uit die Versekerde se geslote motorhuis;

(v) meer as die bedrag in die bylae vermeld (minus enige toepaslike bybetaling) ten opsigte van diefstal of enige poging daartoe van geïnstalleerde radio's, bandspelers en soortgelyke toerusting en/of geïnstalleerde telefone uit 'n versekerde voertuig;

(vi) toebehore en onderdele wat vir herstel of vervanging van 'n versekerde voertuig nodig is wat nie in die Republiek van Suid-Afrika verkrygbaar is nie in welke geval die Maatskappy van sy aanspreeklikheid onthef word deur 'n kontantbetaling te maak van die waarde van die artikel ten tye van die versekerde voorval of die bedrag wat in die vervaardiger/agent se jongste pryslys vir die betrokke item vermeld word na gelang van wat die minste is;

(vii) verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortvloei.

# UITBREIDINGS

## Alternatiewe vereffeningsgrondslae

1. Nieteenstaande die bepalings van hierdie onderafdeling indien 'n LAW of motorkar gedurende die tydperk van twaalf kalendermaande na die datum waarop dit vir die eerste keer geregistreer is

   (a) gesteel word en nie teruggevind word binne ses weke vanaf die datum waarop die diefstal by die Maatskappy aangemeld is nie

   of

   (b) na die plaasvind van 'n versekerde voorval tot so 'n mate beskadig is dat die beraamde herstelkoste (deur twee onafhanklike herstellers) sewentig persent van die kleinhandelsprys daarvan op die datum van die versekerde voorval te bowe gaan

   sal die Maatskappy dit onderworpe aan die toestemming van die Versekerde en/of enige ander belanghebbende party vervang met 'n nuwe voertuig van dieselfde soort en model met dien verstande dat

   (i) sodanige voertuig beskikbaar is in die gebied waarin die versekerde voertuig geregistreer is;

   (ii) die gesteelde/beskadigde voertuig die eiendom van die Maatskappy word;

   (iii) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir meer as die bedrag vermeld in die bylae vir sodanige voertuig.

2. Indien die versekerde beskadigde voertuig of LAW na die Maatskappy se mening nie ekonomies herstel kan word nie en afgeskryf moet word is die vereffeningsgrondslag die markwaarde wat bereken word deur die kleinhandelsprys vir die toepaslike voertuig soos vermeld in die jongste Auto Dealers Digest te neem en die vermelde Digest se faktore daarop toe te pas wat die gedrukte waarde òf verminder òf verhoog.

## Aardbewing

Die woord 'aardbewing' word geskrap uit Algemene Uitsondering 5(a).

## Mediese uitgawes

Indien die Versekerde of die bestuurder of enige ander insittende van die permanenttoegemaakte passasierskompartement van enige versekerde voertuig of motor of gemotoriseerde karavaan behalwe 'n bus of 'n huurmotor regstreeks in verband met sodanige versekerde voertuig of karavaan liggaamlike besering opdoen op gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare wyse sal die Maatskappy aan die Versekerde enige mediese uitgawes wat werklik en noodsaaklikerwys aangegaan is en nie uit enige ander bron verhaalbaar is nie tot hoogstens R1 500 per beseerde persoon betaal.

## Herstelmagtiging

Die Versekerde mag (onderworpe daaraan dat 'n gespesifiseerde beraming verkry en onmiddellik aan die Maatskappy gestuur word) herstelwerk tot hoogstens R2 000 magtig na die plaasvind van 'n versekerde voorval.

### Opskortende verkoop-/bruikhuurooreenkoms

Indien die Maatskappy voor ʹn versekerde voorval in kennis gestel is van enige party se belang in enige versekerde voertuig wat die onderwerp van ʹn opskortende verkoop-/bruikhuurooreenkoms is, sal hulle sodanige belang aanteken en beskerm met dien verstande dat indien enige betaling ooreenkomstig hierdie onderafdeling aan sodanige eienaar gemaak word sy kwitansie as volle en finale ontheffing van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir verlies of skade beskou word.

### Brandweerheffings

Enige koste wat met die blus of bestryding van brand verband hou word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar bó en behalwe enige ander betaling waarvoor die Maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik mag wees met dien verstande dat die Versekerde wettiglik aanspreeklik is vir sodanige koste en die versekerde eiendom deur die brand in gevaar gestel was.

# ONDERAFDELING B – AANSPREEKLIKHEID

# VERSEKERDE VOORVAL

ʹn Ongeval veroorsaak deur of deur middel van of in verband met ʹn versekerde voertuig of ʹn sleepwa wat daaraan vas is of die laai en/of aflaai daarvan of enige ongeskikte voertuig wat op sleeptou geneem word ten opsigte waarvan die Versekerde en/of enige passasier wetlik aanspreeklik word om skadevergoeding te betaal vir

(a) dood of liggaamlike besering (met inbegrip van siekte) van enige persoon;

(b) skade aan eiendom.

# SKADELOOSSTELLING

Die Maatskappy sal alle bedrae met inbegrip van regsgelde verhaalbaar deur ʹn eiser en ander koste en uitgawes wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan is waarvoor die Versekerde wettiglik aanspreeklik word tot hoogstens die aanspreeklikheidsperke hieronder betaal.

# AANSPREEKLIKHEIDSPERKE

Die Maatskappy is nie vir meer as die bedrag hieronder vermeld vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron aanspreeklik nie

(i) R1 000 000 vir ʹn versekerde voorval wat voortspruit uit brand (LAW's en motorkarre) of brand en/of ontploffing (enige ander versekerde voertuig);

(ii) R200 000 vir dood of liggaamlike besering van enige enkele of alle persone wat in of op die laaibak van ʹn LAW of die passasierskajuit van ʹn motorkar met ʹn oop of afslaandak vervoer word of dit binnegaan of dit bestyg of daarvan afstap;

(iii) R100 000 vir dood of liggaamlike besering van enige enkele of alle persone wat in of op ʹn handelsvoertuig wat ontwerp is om passasiers te vervoer, vervoer word of dit binnegaan of dit bestyg of daarvan afstap;

(iv) R10 000 vir dood of liggaamlike besering van enige enkele of alle persone wat op ʹn motorfiets vervoer word of dit bestyg of daarvan afstap;

(v) R2 500 000 in enige ander omstandighede

maar indien die motorafdeling uitgebrei word om ander persone behalwe die Versekerde skadeloos te stel is bogemelde perke in totaal op alle persone wat skadeloos gestel word en by voorkeur op die Versekerde van toepassing of in die geval van sy dood sy wettige persoonlike verteenwoordiger.

# SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) dood of liggaamlike besering van enige persoon

- (i) wat ʼn lid van dieselfde huishouding as die Versekerde is;
- (ii) in diens van die Versekerde indien dood of liggaamlike besering voortspruit uit en in die loop van sodanige diens;
- (iii) wat ten tye van ʼn versekerde voorval in of op enige versekerde voertuig behalwe ʼn handelsvoertuig wat ontwerp is vir die vervoer van passasiers, ʼn LAW, motorkar of die kajuit of die permanent omslote passasiersdraende kompartement van ʼn LAW vervoer word of dit binnegaan of dit bestyg of daarvan afstap of ʼn motorfiets.

(b) skade aan

- (i) eiendom wat behoort aan of in trust gehou word deur of in die bewaring of onder die beheer is van die Versekerde of wat deur ʼn versekerde voertuig vervoer word of daarop gelaai of daarvan afgelaai word;
- (ii) enige voertuig of sleepwa (behalwe soos in onderafdeling A voorsien) op sleeptou geneem deur ʼn versekerde voertuig of enige eiendom in of op sodanige voertuig of sleepwa.

(c) ʼn versekerde voorval

- (i) wat binne die omvang van enige verpligte motorvoertuigversekeringswet val al is daar geen sodanige versekering aangegaan of van krag nie;
- (ii) wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik vir doeleindes behalwe die instandhouding of herstel van ʼn versekerde voertuig (tensy dit ʼn vurkhyser is) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met sodanige versekerde voertuig of enigiets vervaardig deur of gehou in sodanige gereedskap of toerusting;
- (iii) veroorsaak of wat voorkom buite die grense van enige ryweg of hoofpad in verband met die bring van ʼn vrag na ʼn versekerde voertuig om daarop gelaai te word of die wegneem van ʼn vrag nadat dit afgelaai is.

(d) enige kontraktuele aanspreeklikheid.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Bestuur van ander voertuie

Indien die Versekerde ʼn individu is sal die Maatskappy hom ingevolge onderafdeling B skadeloosstel terwyl hy persoonlik ʼn LAW, motorkar of motorfiets bestuur of gebruik wat nie aan hom behoort of deur hom ingevolge ʼn opskortende verkoop-/bruikhuurooreenkoms gehuur, gekoop of gebruikhuur word nie.

## Geregtelike doodsondersoek/strafregtelike stappe

Die Maatskappy mag na sy uitsluitlike goeddunke reël vir verteenwoordiging by enige geregtelike doodsondersoek/strafregtelike stappe wat voortspruit uit 'n versekerde voorval en sal alle koste en uitgawes daarvan wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan is, betaal.

## Ander bestuurders

Die Maatskappy sal enige persoon wat 'n versekerde voertuig op bevel of met die toestemming van die Versekerde bestuur of gebruik skadeloos stel met dien verstande dat

(a) sodanige persoon asof hy die Versekerde is die bepalings van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees in soverre hulle van toepassing kan wees;

(b) sodanige persoon nie kragtens 'n ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie (hierdie bepaling is nie van toepassing op enige bedrag wat ingevolge sodanige polis verhaalbaar is nie);

(c) sodanige persoon nie 'n motorvoertuigversekering geweier of gekanselleer gehad het deur 'n versekeraar nie;

(d) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

 (i) dood van of liggaamlike besering aan enige ander persoon wat 'n lid van dieselfde huishouding is as die persoon wat skadeloos gestel word of voortspruit uit of in die loop van diens by die persoon wat skadeloos gestel word;

 (ii) skade aan eiendom wat behoort aan of in trust gehou word deur of in die bewaring of onder die beheer is van die persoon wat skadeloos gestel word.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Versekerde voertuig

Enige handelsvoertuig, LAW, motorkar, motorfiets of sleepwa (met inbegrip van enige permanente toebehore, bybehore of onderdele daarin of daarop) waarvan besonderhede in die bylae vermeld word met inbegrip van enige voertuig wat tydelik deur die Versekerde bestuur word as vervanging vir enige gespesifiseerde voertuig wat nie in gebruik is nie vir die doeleindes van opknapping, instandhouding en/of herstel met dien verstande dat die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir sodanige vervangingingsvoertuig die minste van die markwaarde daarvan en die versekerde bedrag vir die vervangde voertuig sal wees.

## Handelsvoertuig

Enige selfaangedrewe voertuig ontwerp vir die vervoer van goedere of passasiers (wat nie binne die omskrywing van LAW, motorkar of -fiets val nie), voorhakers, gespesialiseerde handelsvoertuie of driewiel-voertuie met 'n silinderinhoud bò 350 kubieke sentimeter of wat ontwerp is vir die vervoer van passasiers.

## LAW (ligte afleweringswa)

Enige selfaangedrewe voertuig (wat nie binne die woordomskrywing van motorkar of motorfiets val nie) wat nie 3500 kilogram bruto voertuigmassa oorskry nie en ontwerp is vir die vervoer van goedere of passasiers of albei.

## Motorkar

Enige selfaangedrewe voertuig met 'n toe stasiewa-, afslaan- of oop bakwerk toegerus met permanente passasiersitplek vir nie meer as 12 persone (met inbegrip van die bestuurder) nie.

## Motorfiets

Enige selfaangedrewe tweewiel-voertuig (waaraan 'n enkelsitplek-passasiersyspanwa gemonteer mag wees), meganiesondersteunde trapfiets of driewiel-voertuig met 'n silinderinhoud van hoogstens 350 kubieke sentimeter en wat ontwerp is vir die vervoer van goedere of kwadrufiets.

## Sleepwa

Enige voertuig sonder selfaandrywing wat ontwerp is om gesleep te word deur 'n handelsvoertuig, LAW, motorkar of motorfiets.

## Voorval

Elke versekerde voorval sluit alle gebeurtenisse of voorvalle voortspruitend uit 'n enkele oorsaak of reeks oorsake met een oorspronklike oorsaak of bron in.

## Dekking

Indien die dekking vir 'n versekerde voertuig in die bylae vermeld word as synde

(a) "omvattend" geld onderafdelings A en B van die motorafdeling;

(b) "derdeparty, brand en diefstal" word onderafdeling A beperk tot verlies of skade deur brand, weerlig of ontploffing en diefstal of enige poging daartoe en geld onderafdeling B;

(c) "slegs derdeparty" geld slegs onderafdeling B.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Landbouvoertuigwaarborg

Gewaarborg dat die versekerde voertuig uitsluitlik vir landbouwerk gebruik word.

## 2. Gebeurlikheidsaanspreeklikheid

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel vir 'n versekerde voorval ingevolge onderafdeling B wat voortspruit uit die gebruik deur 'n werknemer (of enige persoon indien skoolkinders vervoer word) van enige voertuig in verband met die besigheid met dien verstande dat

(a) die voertuig nie deur die Versekerde voorsien word nie;

(b) hierdie memorandum nie verlies of skade aan die voertuig dek nie;

(c) daar geen ander versekering bestaan wat die voertuig dek nie.

## 3. Wrakverwydering-uitbreiding

Die dekking verskaf ingevolge onderafdeling A word uitgebrei om koste en uitgawe in te sluit wat deur die Versekerde aangegaan is ten opsigte van die opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van enige versekerde voertuig na skade aan sodanige voertuig deur 'n versekerde voorval met dien verstande dat bò en behalwe die skadeloosstellingsperk ingevolge onderafdeling A die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie die perk in die bylae as van toepassing op hierdie uitbreiding vermeld ten opsigte van enige enkele voorval oorskry nie.

## 4. Bestuur van ander voertuie uitgesluit

Die spesiale uitbreiding vir "bestuur van ander voertuie" ingevolge onderafdeling B word gekanselleer.

## 5. Eerste bedrag betaalbaar (Onderafdeling B)

Items 4(a) en 7 van eerste bedrae betaalbaar in die bylae geld vir 'n versekerde voorval ingevolge onderafdeling B.

## 6. Skadeloosstelling aan werkgewer

Die Maatskappy sal die werkgewer van die Versekerde (die werkgewer) ingevolge onderafdeling B skadeloos stel terwyl 'n versekerde voertuig gebruik word deur die Versekerde en/of ander werknemers in die loop van die besigheid van die werkgewer met dien verstande dat

(a) sodanige skadeloosstelling nie aanspreeklikheid vir dood of liggaamlike besering van enige werknemer voortspruitend uit of in die loop van sodanige diens insluit nie;

(b) die werkgewer nie ingevolge enige ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie;

(c) die werkgewer asof hy die Versekerde is die bepalings van hierdie polis nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees in soverre hulle van toepassing kan wees.

## 7. Slegs bestuur deur versekerde

Indien die versekerde voertuig deur enige persoon behalwe die Versekerde bestuur word, is die Maatskappy (nieteenstaande enigiets teenstrydigs hierin vervat) nie ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik nie.

## 8. Wettige gebruik van bestuurders wat nie oor 'n rybewys beskik nie

Spesiale voorwaarde 4(ii) en item 2(a) van die eerste bedrag betaalbaar in die bylae word as gekanselleer beskou indien 'n rybewys nie volgens wet vereis word nie.

## 9. Passasiersaanspreeklikheidbeperking

Paragraaf (ii) van die aanspreeklikheidsperke (onderafdeling B) word gewysig om soos volg te lees

(ii) R50 000 vir dood of liggaamlike besering van enige enkele of alle persone wat in of op 'n LAW of motorkar vervoer word of dit binnegaan of dit bestyg of daarvan afstap.

## 10. Passasiersaanspreeklikheidbeperking (bestuurders jonger as 25 jaar)

Memorandum 9 geld indien die versekerde voertuig bestuur word deur 'n persoon wat jonger as 25 jaar oud is.

## 11. Laai- en aflaai-uitbreiding

Spesiale uitsondering (c)(iii) van onderafdeling B word gekanselleer.

## 12. Verlies aan sleutels-uitbreiding

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van vervangingskoste van sleutels en slotte met inbegrip van die afstandbeheerde alarmkontroletoestel en indien nodig herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van enige versekerde voertuig na die verdwyning van enige sleutel

of alarmkontroletoestel van sodanige voertuig of nadat die Versekerde enige redelike vermoede het dat duplikate van sodanige sleutel of alarmkontroletoestel in besit is van 'n ongemagtigde persoon met dien verstande dat

(i) die Maatskappy se aanspreeklikheid nie die bedrag vermeld in die bylae vir enige enkele voorval oorskry nie;

(ii) die Versekerde die bedrag vermeld in die bylae vir iedere en elke verlies betaal;

(iii) enige betaling ingevolge hierdie uitbreiding vir die doeleindes van spesiale voorwaarde 1 en die eerste bedrag betaalbaar woordomskrywing nie 'n versekerde voorval uitmaak nie.

## 13. Handbediende voertuie

Die Maatskappy is nie aanspreeklik terwyl enige handbediende voertuig in beweging is nie tensy 'n bediener wat die kontrole hanteer en nie die voertuig bestuur nie in beheer is.

## 14. Motorhandelgebruik (met uitsluiting van sleepdiens)

Uitsluiting (a) van spesiale voorwaarde 6 – gebruiksbeperking – word gekanselleer en vervang deur

(a) eksperimente, toetse, toetslope, demonstrasies en/of sleepdiensdoeleindes in verband met die motorhandel.

## 15. Motorhandelgebruik (met inbegrip van sleepdiens)

Uitsluiting (a) van spesiale voorwaarde 6 – gebruiksbeperking – en die woorde "of sleep teen vergoeding" in uitsluiting (b) word gekanselleer en uitsluiting (a) word vervang deur

(a) eksperimente, toetse, toetslope en/of demonstrasiedoeleindes in verband met die motorhandel.

## 16. Vermelde bestuurders

Indien 'n versekerde voertuig bestuur word deur enige persoon behalwe die Versekerde of die persone vermeld in die bylae is die Maatskappy (nieteenstaande enigiets teenstrydigs hierin vervat) nie ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik nie.

## 17. Passasiersaanspreeklikheid-uitbreiding (handelsvoertuie wat ontwerp is vir die vervoer van goedere)

Die woorde "ontwerp is vir die vervoer van passasiers" word geskrap uit spesiale uitsondering (a)(iii) van onderafdeling B en item (iii) van die aanspreeklikheidsperke (onderafdeling B) en die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele of alle persone wat ten tyde van 'n versekerde voorval in of op 'n handelsvoertuig wat ontwerp is vir die vervoer van goedere vervoer word of dit binnegaan of dit bestyg of daarvan afstap is die bedrag vermeld in item (iii) van die aanspreeklikheidsperke (onderafdeling B) of die bedrag vermeld in die bylae (indien van toepassing).

## 18. Passasiersaanspreeklikheid-uitbreiding (handelsvoertuie wat ontwerp is vir die vervoer van passasiers)

Die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele of alle persone ingevolge item (iii) van die aanspreeklikheidsperke (onderafdeling B) word verhoog tot die bedrag vermeld in die bylae.

## 19. Beperkte bestuur

Die volgende word by spesiale voorwaarde 4 gevoeg:

(iii) enige persoon wat jonger as 25 jaar is of deur die Versekerde of met die algemene kennis en toestemming van die Versekerde bestuur word deur enige ander persoon wat vir ʹn korter tydperk as twee jaar ʹn geldige rybewys gehad het om die voertuig te bestuur en nie gediskwalifiseer is om sodanige rybewys te hê nie.

## 20. Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 sluit versekerde voorval, verlies of skade in wat regstreeks te wyte is aan of betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

## 21. Selfaangedrewe karavane

Die woorde "toebehore of onderdele" word geskrap uit die woordomskrywing van "versekerde voertuig".

## 22. Ongemagtigde passasiers

Onderafdeling B word uitgebrei om passasiers in te sluit wat strydig met die Versekerde se bevele aan sy bestuurder om nie passasiers te vervoer nie op ʹn versekerde voertuig vervoer word.

Memorandum 17 geld indien hierdie memorandum van krag is.

Hierdie memorandum is slegs van krag indien die versekerde voertuig bestuur word deur ʹn persoon wat behoorlik deur die Versekerde gemagtig is.

## 23. Voertuie wat nie vir algemene padgebruik gebou is nie

Die gebiedsperke vir die versekerde voertuie word beperk tot privaatpersele van die Versekerde binne die gebiedsperke vermeld in die bylae behalwe dat die voertuig gebruik mag word op daardie gedeelte van enige pad wat deur sodanige persele loop.

## 24. Windskerm

Die Maatskappy sal betaal vir skade aan 'n versekerde LAW of motorkar of handelsvoertuig wat voortspruit uit brekasie van die windskerm of ander vensterglas en krappe aan die bakwerk daarvan wat uitsluitlik en regstreeks daaruit voortspruit met dien verstande dat die Versekerde die eerste bedrag betaalbaar (van toepassing op glas) gespesifiseer in die bylae betaal.

Vir die doeleindes van spesiale voorwaarde 2 maak enige betaling ingevolge hierdie uitbreiding nie 'n versekerde voorval uit nie.

## 25. Regsverdedigingskoste

Die Maatskappy sal die persone vermeld in die bylae skadeloosstel teen koste en uitgawes wat met die Maatskappy se skriftelike toestemming deur sodanige persoon aangegaan word ten opsigte van die verdediging van enige kriminele geding wat teen hom ingebring word in die loop van sy dienste by die Versekerde wat voortspruit uit 'n oortreding van die volgende gedurende die versekeringstydperk

die Wet op Gevaarhoudende Stowwe Nr. 15 van 1973 (soos gewysig)

wat gelees moet word saam met die Strafproseswet Nr. 56 van 1955 en met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie om

(a) voort te gaan met of 'n appèl te verdedig sonder die Maatskappy se voorafgaande skriftelike toestemming;

(b) enige boete of straf te betaal wat deur enige magistraat of regter opgelê is en ook nie vir enige geldelike verlies wat daarop volg nie;

(c) meer as R10 000 te betaal gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis).

## 26. Vlote

Indien die besonderhede van versekerde voertuie beperk word tot die aantal en klas versekerde voertuie word spesiale voorwaarde 1 en die bylae van die eerste bedrae betaalbaar gekanselleer en slegs vir die doeleindes van hierdie memorandum word Algemene Voorwaarde 7 vervang deur

"7 Aanpassing van premie

Die Versekerde moet binne 30 dae na die verstryking van elke twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) of die vooraf beëindiging van hierdie afdeling aan die Maatskappy die aantal voertuie aangekoop, gebruikhuur of gehuur en verkoop of andersins mee weggedoen gedurende sodanige tydperk verklaar vir elke klas versekerde voertuig en moet premie bereken teen 50% van die premie gehef vir die verstreke tydperk op die verskil tussen die aantal voertuie ten tye van die aanvangsdatum van die tydperk en dié wat verklaar is, betaal of ontvang".

## 27. Krediettekort

Indien 'n algehele verlies-skikking ingevolge onderafdeling A minder is as die bedrag wat aan die finansier verskuldig is ingevolge 'n huidige afbetalings- of bruikhuurooreenkoms betaal die Maatskappy aan die Versekerde 'n verdere bedrag gelykstaande aan die tekort minus

(a) enige agterstallige paaiemente of huurgeld insluitende rente betaalbaar op sodanige agterstallige bedrae;

(b) alle premieterugbetalings vir kansellasie van enige versekeringsdekking wat met die motorvoertuig verband hou;

(c) die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou gewees het sou daar geen reskapitaalwaarde aan die einde van die finansieringstydperk bestaan het nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word;

(d) die eerste bedrag betaalbaar ingevolge onderafdeling A

altyd met dien verstande dat

(a) die bedrae betaalbaar nie die maksimum skadeloosstelling minus die eerste bedrag betaalbaar ingevolge onderafdeling A oorskry nie;

(b) die endossement nie van toepassing is nie op ʼn ooreenkoms ingevolge waarvan die bedrag van enige enkele paaiement, buiten die finale reswaarde-bedrag na die aanvanklike paaiement, met meer as 10% van enige ander paaiement verskil nie;

(c) indien sodanige tekort die resultaat is van ʼn hervoorskot ingevolge ʼn afbetalingsooreenkoms of herfinansiering ingevolge ʼn bruikhuureenkoms die versekering ingevolge hierdie uitbreiding nietig verklaar word.

# SPESIALE VOORWAARDES

## 1. Eerste bedrag betaalbaar

Die volgende bylae omskryf die omstandighede waarin ʼn bedrag deur die Versekerde gedra moet word ingevolge onderafdeling A.

Elke toepaslike item van die bylae geld afsonderlik en kumulatief vir elke versekerde voertuig vir elke versekerde voorval.

Indien die Maatskappy enige betaling maak wat ʼn bedrag wat deur die Versekerde gedra moet word insluit moet sodanige bedrag onmiddellik terugbetaal word.

## 2. EVG (eisvrye groep)/GEB(geeneis-bonus)

Indien die Maatskappy nie versoek word om enige betaling te maak vir n versekerde voorval gedurende die tydperk vermeld hieronder wat die hernuwing van hierdie afdeling onmiddellik voorafgaan nie sal die premie vir ʼn versekerde voertuig (behalwe ʼn sleepwa of een waarvoor die dekking in die bylae vermeld word as synde buiten omvattend te wees) gedurende die daaropvolgende tydperk gehef word ooreenkomstig die Maatskappy se tariefskaal vir die toepaslike EVG of verminder word met die persentasie GEB wat van toepassing is.

Elke versekerde voertuig is afsonderlik aan hierdie voorreg onderworpe

| Tydperk | Voertuig / EVG of GEB | |
|---|---|---|
| | Handelsvoertuig | Ander versekerde voertuig |
| Korter as 12 maande | 0 | 0 |
| Nie korter as 12 maande nie | 15% | 1 |
| Nie korter as 24 maande nie | 20% | 2 |
| Nie korter as 36 maande nie | 30% | 3 |
| Nie korter as 48 maande nie | 40% | 4 |
| Nie korter as 60 maande nie | 40% | 5 |

Indien een of meer versekerde voorvalle gedurende die toepaslike tydperk plaasvind ten opsigte van ʼn versekerde voertuig waarvoor die premie op EVG 4 of 5 gebaseer is sal die premie vir die daaropvolgende tydperk onderskeidelik op EVG 2 of 3 gebaseer word en daarna ooreenkomstig die bepalings van bogemelde skaal maar in enige ander omstandighede geld EVG 0.

Indien die Maatskappy gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling toestem tot ʼn oordrag van belang in ʼn versekerde voertuig sal geen EVG/GEB wat aan die Versekerde verskuldig is oorgaan tot die voordeel van die oordragontvanger nie.

## 3. Bestuursoortredings

Die Versekerde moet die Maatskappy onmiddellik in kennis stel indien sy of sodra hy te wete kom dat enige werknemer se rybewys geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word of indien hy/hulle aangekla word van of skuldig bevind word aan nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur.

## 4. Bestuurders

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir enige versekerde voorval wat plaasvind terwyl ʼn versekerde voertuig bestuur word deur

(i) die Versekerde terwyl onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels (tensy voorgeskryf deur en geneem ooreenkomstig die voorskrifte van ʼn geregistreerde mediese praktisyn (behalwe hyself)) of terwyl nie gelisensieer om sodanige voertuig te bestuur nie;

(ii) enige persoon met die algemene toestemming van die Versekerde wat na die wete van die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy voorgeskryf deur en geneem ooreenkomstig die voorskrifte van ʼn geregistreerde mediese praktisyn (behalwe sodanige persoon)) of terwyl nie gelisensieer om die voertuig te bestuur nie

met dien verstande dat enige bestuurder as gelisensieer om die voertuig te bestuur beskou sal word indien hy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige gebiede binne die gebiedsperke of indien nie-voldoening aan sodanige wet uitsluitlik spruit uit versuim om enige lisensie te hernieu wat onderworpe aan periodieke hernuwing is of indien ʼn lisensie nie kragtens wet vereis word nie of indien sodanige bestuurder leer om te bestuur en aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders voldoen

en verder met dien verstande dat spesiale uitsondering (ii) nie van toepassing sal wees nie indien die Versekerde onbewus was dat die bestuurder ongelisensieer is en indien die Versekerde tot bevrediging van die Maatskappy kan bewys dat daar in die normale loop van sy sakebedrywighede prosedures ingestel is om te verseker dat slegs gelisensieerde bestuurders toegelaat word om versekerde voertuie te bestuur.

## 5. Motorhandel – beperkte gebruik

Indien die Versekerde ʼn individu is wat betrokke is by die motorhandel en die beskrywing van gebruik Klas 1 is

(a) sluit hierdie afdeling gebruik vir die doeleindes van eksperimente, toetsritte, demonstrasie, sleep of onklaarraking uit wat verband hou met die Versekerde se besigheid;

(b) sluit die "bestuur van ander voertuie"-uitbreiding van onderafdeling B die volgende uit

   (i) voertuie wat die eiendom van of in die bewaring of onder die beheer is van ʼn maatskappy of firma waarvan die Versekerde ʼn prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer is;

   (ii) enige voertuig wat in die bewaring of onder die beheer is van die Versekerde in die loop van sy besigheid as ʼn motorhandelaar.

## 6. Gebruiksbeperkings

Hierdie afdeling is slegs van krag terwyl 'n versekerde voertuig gebruik word met die algemene medewete en toestemming van die Versekerde vir

(indien gebruik as Klas 1 vermeld word)

sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes (met inbegrip van ritte na en vanaf die Versekerde se besigheidsplek of werksaamhede) en ten opsigte van LAW's en motorkarre sakedoeleindes tensy die voertuig besit of gebruik word deur 'n maatskappy (behalwe boerderymaatskappye), 'n voltydse versekeringsverteenwoordiger, 'n algemene mediese praktisyn, 'n handelsreisiger (hoe ook al bekend) of 'n boer of boerderymaatskappy vir huis-tot-huis kleinhandelverspreiding;

(indien gebruik as Klas 2 vermeld word)

sosiale, huishoudelike en plesier-, sake- of professionele doeleindes

maar sodanige gebruik sluit die volgende uit

(a) enige doel in verband met die motorhandel;

(b) bestuursonderrig of sleep teen vergoeding;

(c) verhuur, die vervoer van passasiers vir huurgeld of die vervoer van reisgeldbetalende passasiers (wat nie gebruik in verband met 'n saamryklub uitsluit nie);

(d) resiesja-, snelheids- of ander wedrenne, tydrenne of toetsritte of bestuur in 'n wedren teen vergoeding;

(e) die vervoer van plofstowwe of massa ontvlambare vloeistowwe of gasse;

(f) die vervoer van goedere of passasiers bò dit waarvoor die versekerde voertuig gebou is

maar nieteenstaande (a) sal die Maatskappy die Versekerde skadeloos stel terwyl 'n versekerde voertuig in die bewaring of onder die beheer is van 'n lid van die motorhandel vir die doel om opgeknap, in stand gehou of herstel te word.

## 7. Aanspreeklikheid teenoor slegs die versekerde

Nieteenstaande die feit dat onderafdeling B uitgebrei word om ander persone behalwe die Versekerde skadeloos te stel beskik niemand behalwe die Versekerde oor enige regte teen die Maatskappy nie en die Versekerde mag ook nie sy regte aan enige ander persoon prysgee nie die bedoeling synde dat die Versekerde namens sodanige persoon moet eis indien dit van die Maatskappy verlang word om 'n ander persoon skadeloos te stel.

Die kwitansie van die Versekerde onthef die Maatskappy in alle gevalle geheel en al van sy aanspreeklikheid.

# MOTORHANDEL (EKSTERNE RISIKO'S)

## ONDERAFDELING A – MATERIËLE SKADE

## VERSEKERDE VOORVAL

Verlies of skade aan 'n versekerde voertuig en die toebehore en onderdele daarvan terwyl aan die voertuig vasgemaak die eiendom van die Versekerde of in sy bewaring of onder sy beheer (met uitsluiting van enige voertuig die eiendom van die Versekerde wat uitgehuur of verkoop word ingevolge 'n uitgestelde verkoop-/bruikhuur- of soortgelyke ooreenkoms tensy sodanige voertuig in die bewaring of onder die beheer is van die Versekerde ten tye van die plaasvind van sodanige verlies of skade) en enige voertuig hetsy meganiesaangedrewe of andersins wat aan 'n versekerde voertuig vasgemaak is om gesleep of herwin te word terwyl

elders dan in of op enige sakeperseel wat deur die Versekerde besit of okkupeer word en sodanige voertuig in ooreenstemming met die besigheid gebruik word

in Afrika suid van breedtegraad 15º suid met uitsluiting van Angola, Malawi, Mosambiek en Zambië en onderworpe aan die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis en beperk tot

(i) die werklike en noodsaaklike herstelkoste of die markwaarde van die versekerde voertuig en/of die toebehore en/of die onderdele daarvan ten tye van sodanige verlies of skade of die bedrag wat teenoor die versekerde voertuig vermeld word na gelang van wat die laagste is

en

(ii) indien die versekerde voertuig na die plaasvind van verlies of skade onklaar is die redelike en noodsaaklike koste vir beskerming daarvan en verwydering na die naaste bekwame hersteller

en

(iii) indien die versekerde voertuig herstel word die koste van heraflewering aan die Versekerde tot hoogstens die vervoerkoste vanaf die hersteller na die Versekerde se permanente adres binne die gebiedsperke

waarvan die eerste bedrag betaalbaar afgetrek moet word.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(i) slytasie, meganiese of elektriese onklaarrakings, weierings of brekasies;

(ii) waardevermindering hetsy voortspruitend uit herstelwerk na die plaasvind van 'n versekerde voorval of andersins;

(iii) skade aan

  (a) bande deur die aanwending van remme of deur padlekke, snye of barste;

  (b) die veerstelsel te wyte aan ongelykhede van die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede;

  (c) die voertuig veroorsaak deur of wat toegeskryf kan word aan oorlaaiing of ooreising;

(iv) diefstal of enige poging daartoe van toebehore of onderdele indien die dekking ingevolge hierdie onderafdeling vermeld word as derdeparty, brand en diefstal tensy die versekerde voertuig terselfdertyd gesteel word;

(v) meer as R500 tensy ʼn hoër bedrag in die bylae vermeld word ten opsigte van diefstal of enige poging daartoe van geïnstalleerde radio's, bandspelers, klank- en soortgelyke toerusting en/of geïnstalleerde telefone uit ʼn versekerde voertuig;

(vi) toebehore en onderdele wat vir herstel of vervanging van ʼn versekerde voertuig nodig is wat nie in die Republiek van Suid-Afrika verkrygbaar is nie in welke geval die Maatskappy van sy aanspreeklikheid onthef word deur ʼn kontantbetaling te maak van die waarde van die artikel ten tye van die versekerde voorval of die bedrag wat in die vervaardiger/agent se jongste pryslys vir die betrokke item vermeld word na gelang van wat die minste is;

(vii) verlies of skade veroorsaak deur permanente of tydelike besitontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortvloei.

# UITBREIDINGS

## Aardbewing

Die woord 'aardbewing' word geskrap uit Algemene Uitsondering 5(a).

## Herstelmagtiging

Die Versekerde mag (onderworpe daaraan dat ʼn gespesifiseerde beraming verkry en onmiddellik aan die Maatskappy gestuur word) herstelwerk tot hoogstens R2 000 magtig na die plaasvind van ʼn versekerde voorval.

# ONDERAFDELING B – AANSPREEKLIKHEID

# VERSEKERDE VOORVAL

ʼn Ongeval veroorsaak deur of deur middel van of in verband met ʼn versekerde voertuig of ʼn sleepwa wat daaraan vas is of die laai en/of aflaai daarvan of enige ongeskikte voertuig wat op sleeptou geneem word ten opsigte waarvan die Versekerde wetlik aanspreeklik word om skadevergoeding te betaal vir

(a) dood of liggaamlike besering (met inbegrip van siekte) van enige persoon wat nie ʼn lid van dieselfde huishouding as die Versekerde is nie maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering van enige persoon in diens van die Versekerde wat uit of in die loop van sodanige diens voortspruit;

(b) skade aan eiendom behalwe eiendom wat aan die Versekerde behoort of wat deur die Versekerde in trust gehou word of wat in sy bewaring of onder sy beheer is of wat deur die versekerde voertuig vervoer word of daarop gelaai of daarvan afgelaai word.

# SKADELOOSSTELLING

Die Maatskappy sal (onderworpe aan die regsbevoegheidsklousule) alle bedrae met inbegrip van regsgelde verhaalbaar deur ʼn eiser en ander koste en uitgawes wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan is waarvoor die Versekerde of enige passasier wettiglik aanspreeklik word tot hoogstens die aanspreeklikheidsperke hieronder betaal.

# AANSPREEKLIKHEIDSPERKE

Die Maatskappy is nie vir meer as die bedrag hieronder vermeld vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron aanspreeklik nie

(i) R1 000 000 vir 'n versekerde voorval wat voortspruit uit brand en/of ontploffing;

(ii) R100 000 vir dood of liggaamlike besering van enige enkele of alle persone wat in of op 'n meganiesaangedrewe versekerde voertuig vervoer word of dit binnegaan of dit bestyg of daarvan afstap;

(iii) R10 000 vir dood of liggaamlike besering van enige of alle persone wat op 'n motorfiets vervoer word of dit bestyg of daarvan afstap;

(iv) R2 500 000 in enige ander omstandighede

maar indien die hierdie afdeling uitgebrei word om ander persone behalwe die Versekerde skadeloos te stel is bogemelde perke in totaal op alle persone wat skadeloos gestel word en by voorkeur op die Versekerde van toepassing of in die geval van sy dood sy wettige persoonlike verteenwoordiger.

# SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) Skade aan enige voertuig of sleepwa (behalwe soos in onderafdeling A voorsien) op sleeptou geneem deur 'n versekerde voertuig of enige eiendom in of op sodanige voertuig of sleepwa;

(b) 'n versekerde voorval

  (i) wat binne die omvang van enige verpligte motorvoertuigversekeringswet val al is daar geen sodanige versekering aangegaan of van krag nie;

  (ii) wat voortspruit uit die werkverrigting, demonstrasie of gebruik vir doeleindes behalwe die instandhouding of herstel van 'n versekerde voertuig (tensy dit 'n vurkhyser is) van enige gereedskap of toerusting wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met sodanige versekerde voertuig of enigiets vervaardig deur of gehou in sodanige gereedskap of toerusting;

  (iii) veroorsaak of wat voorkom buite die grense van enige ryweg of hoofpad in verband met die bring van 'n vrag na 'n versekerde voertuig om daarop gelaai te word of die wegneem van 'n vrag nadat dit afgelaai is;

(c) enige kontraktuele aanspreeklikheid;

(d) dood of liggaamlike besering van enige persoon wat in of op enige sleepwa of motorfiets, bromponie of syspanwa wat daaraan vasgeheg is, vervoer word of dit bestyg of daarvan afstap.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Geregtelike doodsondersoek/strafregtelike stappe

Die Maatskappy mag na sy uitsluitlike goeddunke reël vir verteenwoordiging by enige geregtelike doodsondersoek/strafregtelike stappe wat voortspruit uit 'n versekerde voorval en sal alle koste en uitgawes daarvan wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan is betaal.

Met dien verstande dat die Maatskappy nie enige koste en uitgawes ten opsigte van enige aanklag met inbegrip van bestuur terwyl onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels of bestuur met 'n bloedalkoholinhoud bó dit wat regtens toegelaat word sal betaal nie.

## Ander bestuurders

Die Maatskappy sal enige persoon wat 'n versekerde voertuig op bevel of met die toestemming van die Versekerde bestuur of gebruik skadeloos stel met dien verstande dat

(a) sodanige persoon asof hy die Versekerde is die bepalings van hierdie versekering nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees in soverre hulle van toepassing kan wees;

(b) sodanige persoon nie kragtens 'n ander polis op skadeloosstelling geregtig is nie;

(c) sodanige persoon nie 'n motorvoertuigversekering geweier of gekanselleer gehad het deur 'n versekeraar nie;

(d) die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

  (i) dood van of liggaamlike besering aan enige ander persoon wat 'n lid van dieselfde huishouding is as die persoon wat skadeloos gestel word of voortspruit uit of in die loop van diens by die persoon wat skadeloos gestel word;

  (ii) skade aan eiendom wat behoort aan of in trust gehou word deur of in die bewaring of onder die beheer is van die persoon wat skadeloos gestel word;

(e) hierdie uitbreiding is aan Algemene Uitsondering (ii) onderworpe.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Versekerde voertuig

Enige handelsvoertuig, LAW, motorkar, motorfiets of sleepwa (met inbegrip van enige permanente toebehore, bybehore of onderdele daarin of daarop) waarvan besonderhede in die bylae vermeld word met inbegrip van enige voertuig wat tydelik deur die Versekerde bestuur word as vervanging vir enige gespesifiseerde voertuig wat nie in gebruik is nie vir die doeleindes van opknapping, instandhouding en/of herstel met dien verstande dat die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir sodanige vervangingingsvoertuig die minste van die markwaarde daarvan en die versekerde bedrag vir die vervangde voertuig sal wees.

## Handelsvoertuig

Enige selfaangedrewe voertuig ontwerp vir die vervoer van goedere of passasiers (wat nie binne die omskrywing van LAW, motorkar of -fiets val nie), voorhakers, gespesialiseerde handelsvoertuie of driewiel-voertuie met 'n silinderinhoud bó 350 kubieke sentimeter of wat ontwerp is vir die vervoer van passasiers.

## LAW (ligte afleweringswa)

Enige selfaangedrewe voertuig (wat nie binne die woordomskrywing van motorkar of motorfiets val nie) wat nie 3500 kilogram bruto voertuigmassa oorskry nie en ontwerp is vir die vervoer van goedere of passasiers of albei.

## Motorkar

Enige selfaangedrewe voertuig met 'n toe stasiewa- afslaan of oop bakwerk toegerus met permanente passasiersitplek vir nie meer as 12 persone (met inbegrip van die bestuurder) nie.

## Motorfiets

Enige selfaangedrewe tweewiel-voertuig (waaraan 'n enkelsitplek-passasiersyspanwa gemonteer mag wees), meganiesondersteunde trapfiets of driewiel-voertuig met 'n silinderinhoud van hoogstens 350 kubieke sentimeter en wat ontwerp is vir die vervoer van goedere.

## Sleepwa

Enige voertuig sonder selfaandrywing wat ontwerp is om gesleep te word deur 'n handelsvoertuig, LAW, motorkar of motorfiets.

## Voorval

Elke versekerde voorval sluit alle gebeurtenisse of voorvalle voortspruitend uit 'n enkele oorsaak of reeks oorsake met een oorspronklike oorsaak of bron in.

# MEMORANDA (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

## Verlies aan gebruik van kliënte se voertuie

Indien die Maatskappy aanspreeklik is om die Versekerde ingevolge onderafdeling A van hierdie afdeling skadeloos te stel ten opsigte van verlies of skade aan enige voertuig wat aan 'n kliënt behoort terwyl dit in die bewaring of onder die beheer van die Versekerde is sal die Maatskappy die Versekerde nieteenstaande enigiets teenstrydigs in spesiale uitsondering (ii) van onderafdeling A van hierdie afdeling vervat boonop skadeloos stel teen regsaanspreeklikheid om vergoeding vir verlies aan gebruik van sodanige voertuig te betaal

met dien verstande dat

1. die maatskappy se aanspreeklikheid beperk word tot 'n bedrag onder R100 per dag en
2. die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding onder geen omstandighede die maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van verlies of skade aan sodanige voertuig ingevolge onderafdeling A van hierdie adeling of R1 000 na gelang van wat die minste is sal oorskry.

## Verlies aan sleutels

Die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel ten opsigte van die vervangingskoste van slotte en sleutels met inbegrip van afstandalarm-beheertoestelle, indien nodig die herprogrammering van enige gekodeerde alarmstelsel van die versekerde voertuig na verdwyning van enige sleutels of alarmkontroletoestel van sodanige voertuig of nadat die Versekerde rede het om te vermoed dat 'n ongemagtigde persoon in besit van 'n duplikaat van sodanige sleutels of alarmbeheertoestel is

met dien verstande dat

1. die Maatskappy se aanspreeklikheid ten opsigte van enige enkele voorval nie die bedrag vermeld in die bylae oorskry nie;
2. sodanige betaling verminder word met die eerste bedrag betaalbaar vermeld in die bylae.

Die bepalings met betrekking tot eerste bedrag betaalbaar en geeneis-bonus van hierdie afdeling geld nie vir hierdie memorandum nie.

## Sosiale, huishoudelike en plesier-gebruik

Hierdie afdeling dek gebruik vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes deur die persoon vermeld in die bylae.

Indien hierdie memoranda van toepassing is sluit versekerde voorval (b) toesluit in 'n motorhuis by of naby die vermelde persoon se woning (permanent of tydelik) en parkering wat met sosiale, huishoudelike en plesier-gebruik verband hou, in.

## Bykomende derdeparty (behalwe brand of ontploffing)-dekking

As teenprestasie vir ʼn bykomende premie word die perk van die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge onderafdeling B vir enige enkele ongeval of reeks ongevalle met een oorspronklike oorsaak of bron verhoog tot die bedrag vermeld in die bylae (maar die aanspreeklikheidsperk vir dood, besering en/of skade regstreeks of onregstreeks te wyte aan of voortspruitende uit brand en/of ontploffing bly R1 000 000 vir enige enkele ongeval of reeks ongevalle met een oorspronklike oorsaak of bron).

## Bykomende derdeparty (met inbegrip van brand of ontploffing)-dekking

As teenprestasie vir ʼn bykomende premie word die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge onderafdeling B vir enige enkele ongeval of reeks ongevalle met een oorspronklike oorsaak of bron verhoog tot die bedrag vermeld in die bylae.

## Ongemagtigde gebruik deur werknemers

As teenprestasie vir die betaling van ʼn bykomende premie word Algemene Uitsondering (i)(a) van hierdie afdeling ter syde gestel.

## Motorfiets-passasiersrisiko verhoogde aanspreeklikheidsperk

As teenprestasie vir ʼn bykomende premie word die aanspreeklikheidsperk vir dood of liggaamlike besering van enige of alle persone wat op ʼn motorfiets vervoer word of dit bestyg of daarvan afstap vanaf R10 000 tot die bedrag vermeld in die bylae verhoog.

# SPESIALE VOORWAARDES

## 1. Eerste bedrag betaalbaar

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling vir iedere en elke verlies, skade of aanspreeklikheid word verminder met die eerste bedrag betaalbaar in die bylae teenoor die toepaslike voorval aangedui.

Die eerste bedrag betaalbaar is op onderafdeling A sowel as onderafdeling B van toepassing.

Elke toepaslike item van die bylae geld afsonderlik en kumulatief vir elke versekerde voertuig vir elke versekerde voorval.

Indien die Maatskappy enige betaling maak wat ʼn bedrag wat deur die Versekerde gedra moet word insluit, moet sodanige bedrag onmiddellik terugbetaal word.

## 2. Geeneis-bonus (GEB)

Indien die Maatskappy nie versoek word om enige betaling te maak vir ʼn versekerde voorval gedurende die twaalf maande wat die hernuwing-/verjaardagdatum van hierdie afdeling onmiddellik voorafgaan nie sal die premie gedurende die daaropvolgende tydperk (beperk tot 12 maande) verminder word met die persentasie GEB wat van toepassing is.

Indien die Maatskappy gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling toestem tot ʼn oordrag van belang in ʼn versekerde voertuig sal geen GEB wat aan die Versekerde verskuldig is oorgaan tot die voordeel van die oordragontvanger nie.

## 3. Bestuursoortredings

Die Versekerde moet die Maatskappy onmiddellik in kennis stel indien sy of sodra hy te wete kom dat enige werknemer se rybewys geëndosseer, opgeskort of gekanselleer word of indien hy/hulle aangekla word van of skuldig bevind word aan nalatige, roekelose of onbehoorlike bestuur.

## 4. Aanspreeklikheid teenoor slegs die versekerde

Nieteenstaande die feit dat onderafdeling B uitgebrei word om ander persone behalwe die Versekerde skadeloos te stel beskik niemand behalwe die Versekerde oor enige regte teen die Maatskappy nie en die Versekerde mag ook nie sy regte aan enige ander persoon prysgee nie die bedoeling synde dat die Versekerde namens sodanige persoon moet eis indien dit van die Maatskappy verlang word om 'n ander persoon skadeloos te stel

Die kwitansie van die Versekerde onthef die Maatskappy in alle gevalle geheel en al van sy aanspreeklikheid.

## 5. Regsbevoegdheid

Die skadeloosstelling ingevolge Onderafdeling B geld nie ten opsigte van uitsprake wat nie in die eerste plek deur of van 'n Hof met behoorlike regsbevoegdheid binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi gelewer of verkry is nie.

## 6. Gebruiksbeskrywing

Gebruik vir besigheidsdoeleindes van die Versekerde deur die Versekerde, 'n lid, direkteur, werknemer of bediende van die Versekerde met uitsluiting van transito aflewering of konvooi vir of namens die Versekerde

met inbegrip van

gebruik vir die doeleindes van opleiding met dien verstande dat die persoon wat geleer word om te bestuur voldoen aan die Wet van krag met betrekking tot leerlingbestuurders en vergesel word van 'n bestuurder wat ten volle gelisensieer is wat óf die Versekerde óf 'n lid óf 'n werknemer van die Versekerde sal wees

met inbegrip van

gebruik in die doeleindes van demonstrasie met inbegrip van bestuur deur die persoon aan wie die voertuig gedemonstreer word met dien verstande dat sodanige persoon vegesel word van 'n bestuurder wat ten volle gelisensieer is wat óf die Versekerde óf 'n lid, direkteur of werknemer van die Versekerde sal wees

en

(indien in die bylae vermeld as synde van toepassing) gebruik vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes (hetsy sodanige gebruik verband hou met die besigheid van die Versekerde al dan nie) deur enige persoon behalwe die Versekerde, 'n lid, 'n direkteur of 'n werknemer van die Versekerde.

# OPSIONELE DEKKINGSBEPERKINGS (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Uitsluiting van demonstrasierisiko

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik nie indien voertuie vir die doeleindes van demonstrasie gebruik word.

## 2. Uitsluiting van eie voertuie

Die Maatskappy is nie ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik vir voertuie wat aan die Versekerde behoort of wat deur die Versekerde gehuur of gebruikhuur word of wat aan die Versekerde geleen word of voertuie wat kragtens 'n uitgestelde betalingreëling gekoop is nie.

## 3. Slegs derdeparty

Onderafdeling A en die geeneis-bonusbepalings word gekanselleer.

## 4. Slegs derdeparty, brand en diefstal

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge onderafdeling A word beperk tot slegs verlies of skade voortspruitend uit brand, selfontbranding, weerlig of ontploffing of deur diefstal of enige poging daartoe en die geeneis-bonusbepaling word gekanselleer.

## 5. Slegs motorfietse-polis

Die woorde "handelsvoertuig, LAW, motor of sleepwa" word geskrap uit die woordomskrywing van versekerde voertuig.

## 6. Dekking beperk tot spesiale tipes

Die woorde "handelsvoertuig, LAW, motorfiets of sleepwa" word geskrap uit die woordomskrywing van versekerde voertuig en vervang met "trekker, boerdery-, tuinbou- of bosbouvoertuig (behalwe'n handelsvoertuig, LAW of motor), of pad- en grondverskuiwingstoerusting-hyswaens.

# ALGEMENE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie ten opsigte van

(i) Enige ongeval, besering, verlies, skade en/of aanspreeklikheid veroorsaak, opgedoen of op die hals gehaal terwyl die voertuig

- (a) gebruik word vir enige ongemagtigde doeleindes deur 'n werknemer van die Versekerde of deur enige ander persoon met wie sodanige werknemer saamspan of saamgespan het;
- (b) met die algemene wete en toestemming van die Versekerde of van sy verteenwoordiger gebruik word op 'n ander wyse as ooreenkomstig die ''gebruiksbeskrywing'' of vir enige ander doeleinde as dit waarvoor dit gelisensieer is;
- (c) uitverhuur word of terwyl gebruik as 'n huurmotor of 'n openbare of private huurrytuig of gebruik word vir die vervoer van passasiers teen vergoeding;
- (d) gebruik word vir renjaag, pasaangee of in enige spoedwedren of toetsloop of terwyl dit bestuur word in 'n spel om 'n weddenskap;
- (e) gebruik word om plofstowwe te vervoer;
- (f) enige vrag vervoer bó dit waarvoor dit gebou of gelisensieer is;
- (g) gebruik word vir enige ongewone of besonder gevaarlike doeleindes met dien verstande dat die vervoer van petrol of ander spiritualieë op sigself nie 'n oortreding van hierdie beperking is nie;
- (h) buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi maar die Maatskappy sal die Versekerde skadeloos stel teen verlies of skade aan die voetuig terwyl in transito per see, tussen die hawens van hierdie gebiede met inbegrip van laai en aflaai wat met sodanige transito verband hou.

(ii) Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir enige versekerde voorval wat plaasvind terwyl 'n versekerde voertuig bestuur word deur

(a) die Versekerde terwyl onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels (tensy voorgeskryf deur en geneem ooreenkomstig die voorskrifte van 'n geregistreerde mediese praktisyn (behalwe hyself)) of terwyl nie gelisensieer om sodanige voertuig te bestuur nie

'n leerlinglisensie word nie as 'n lisensie beskou vir die doeleindes van Algemene Uitsondering (ii)(a) nie.

(b) enige persoon met die algemene toestemming van die Versekerde wat na die wete van die Versekerde onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is (tensy voorgeskryf deur en geneem ooreenkomstig die voorskrifte van 'n geregistreerde mediese praktisyn (behalwe sodanige persoon)) of terwyl nie gelisensieer om die voertuig te bestuur nie

'n leerlinglisensie word nie as 'n lisensie beskou vir die doeleindes van Algemene Uitsondering (ii)(b) nie

met dien verstande dat enige bestuurder as gelisensieer om die voertuig te bestuur beskou sal word indien hy voldoen aan die lisensiewette met betrekking tot enige gebiede binne die gebiedsperke of indien nie-voldoening aan sodanige wet uitsluitlik spruit uit versuim om enige lisensie te hernu wat onderworpe aan periodieke hernuwing is of indien 'n lisensie nie kragtens wet vereis word nie of indien sodanige bestuurder leer om te bestuur en aan die wette met betrekking tot leerlingbestuurders voldoen.

santam

# MOTORHANDEL (INTERNE RISIKO'S)

## ONDERAFDELING A – MATERIËLE SKADE

## VERSEKERDE VOORVAL

Skade aan 'n versekerde voertuig en die toebehore en onderdele daarvan terwyl aan die voertuig vasgemaak die eiendom van die Versekerde of in sy bewaring of onder sy beheer (met uitsluiting van enige voertuig die eiendom van die Versekerde wat uitgehuur of verkoop word ingevolge 'n uitgestelde verkoop-/bruikhuur- of soortgelyke ooreenkoms tensy sodanige voertuig in die bewaring of onder die beheer is van die Versekerde ten tye van die plaasvind van sodanige skade) wat in of op die persele plaasvind maar beperk tot

(a) die werklike en noodsaaklike herstelkoste of die markwaarde van die versekerde voertuig en/of die toebehore en/of die onderdele daarvan ten tye van sodanige skade of die bedrag wat teenoor die versekerde voertuig vermeld word na gelang van wat die laagste is

en

(b) indien die versekerde voertuig na die plaasvind van skade onklaar is die redelike en noodsaaklike koste vir beskerming daarvan en verwydering na die naaste bekwame hersteller

en

(c) indien die versekerde voertuig herstel word die koste van heraflewering aan die Versekerde tot hoogstens die vervoerkoste vanaf die hersteller na die Versekerde se permanente adres binne die gebiedsperke waarvan die eerste bedrag betaalbaar afgetrek moet word.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(i) slytasie, meganiese of elektriese onklaarrakings, weierings of brekasies;

(ii) waardevermindering hetsy voortspruitend uit herstelwerk na die plaasvind van 'n versekerde voorval of andersins;

(iii) skade aan

(a) bande deur die aanwending van remme of deur padlekke, snye of barste;

(b) die veerstelsel te wyte aan ongelykhede van die pad of ander oppervlak of weens botsing met sodanige ongelykhede;

(iv) toebehore en onderdele wat vir herstel of vervanging van 'n versekerde voertuig nodig is wat nie in die Republiek van Suid-Afrika verkrygbaar is nie in welke geval die Maatskappy van sy aanspreeklikheid onthef word deur 'n kontantbetaling te maak van die waarde van die artikel ten tye van die versekerde voorval of die bedrag wat in die vervaardiger/agent se jongste pryslys vir die betrokke item vermeld word na gelang van wat die minste is.

# ONDERAFDELING B – AANSPREEKLIKHEID

# VERSEKERDE VOORVAL

Toevallige

(a) dood of liggaamlike besering van enige persoon wat nie 'n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde is nie maar met uitsluiting van dood of liggaamlike besering van enige persoon in diens van die Versekerde wat uit of in die loop van sodanige diens voortspruit;

(b) skade aan

  (i) die versekerde voertuig en/of die toebehore en onderdele daarvan terwyl daarop wat deur die Versekerde in trust gehou word of in sy bewaring of onder sy beheer is behalwe 'n voertuig wat aan die Versekerde of 'n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde of 'n werknemer van die Versekerde behoort;

  (ii) eiendom wat nie aan die Versekerde behoort of deur hom in trust gehou word of in sy bewaring of onder sy beheer is nie en ook nie aan 'n lid van dieselfde huishouding as die Versekerde of 'n werknemer van die Versekerde behoort nie wat in of op of by die persele plaasvind as gevolg van die nalatigheid van die Versekerde of enige persoon in diens van of wat namens die Versekerde optree of deur of as gevolg van enige defek in die persele of in die wyses, werksbedrywighede, masjinerie of toerusting daarin.

# SKADELOOSSTELLING

Onderworpe om die regsbevoegdheidsklousule sal die Maatskappy alle bedrae met inbegrip van regsgelde verhaalbaar deur 'n eiser en ander koste en uitgawes wat met hulle skriftelike toestemming aangegaan is waarvoor die Versekerde wettiglik aanspreeklik word tot hoogstens die aanspreeklikheidsperke vermeld in die bylae betaal.

In die geval van die dood van die Versekerde sal die Maatskappy sy wettige persoonlike verteenwoordiger ooreenkomstig en onderworpe aan die beperkings van hierdie polis skadeloos stel ten opsigte van die aanspreeklikheid wat deur hom op die hals gehaal is met dien verstande dat sodanige persoonlike verteenwoordiger asof hy die Versekerde was die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis sal nakom, uitvoer en daaraan onderworpe sal wees in soverre hulle van toepassing is.

# SPESIALE UITSONDERING

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir 'n versekerde voorval wat binne die omvang van enige verpligte motorvoertuigversekeringswet val al is daar geen sodanige versekering aangegaan of van krag nie.

## Oorloguitsluiting (van toepassing op onderafdeling B)

Algemene Uitsondering 1 word geskrap en vervang met"1 Oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, rewolusie, militêre of geüsurpeerde gesag".

# SPESIALE KLOUSULE

## Geeneis-bonus (GEB) (van toepassing op onderafdelings A en B)

Indien die Maatskappy nie gedurende die twaalf maande wat die hernuwing van hierdie afdeling onmiddellik voorafgaan versoek word om enige betaling vir 'n versekerde voorval te maak nie sal die premie gedurende die daaropvolgende tydperk verminder word met die persentasie GEB wat van toepassing is.

Indien die Maatskappy gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling toestem tot 'n oordrag van belang in 'n versekerde voertuig sal geen GEB wat aan die Versekerde verskuldig is oorgaan tot die voordeel van die oordragontvanger nie.

# ALGEMENE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie ten opsigte van die volgende aanspreeklik nie

(i) (a) dood, besering of skade wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur brand of ontploffing of deur weerlig

Met dien verstande dat hierdie uitsondering nie van toepassing is nie op enige eis ingevolge onderafdeling B van hierdie polis voortspruitend uit dood, besering of skade veroorsaak deur brand of ontploffing wat regstreeks uit die besit van 'n motorvoertuig voortspruit.

(b) enige gevolg van diefstal of huisbraak of enige poging daartoe;

(c) skade aan eiendom opgedoen terwyl daaraan gewerk word en wat regstreeks uit sodanige werk voortspruit;

(d) enige defektiewe vakmanskap of enige gevolg daarvan;

(e) dood, besering of skade veroorsaak deur of deur middel van enige sloping van of strukturele verandering of aanbouing aan die persele of deur of deur middel van die installasie van enige toerusting;

(f) dood, besering of skade veroorsaak deur of as gevolg van of in verband met die Versekerde of enige persoon in diens van of wat namens die Versekerde optree se gebruik van hysbakke of hysers wat hoër as twee meter gelig kan word of kragaangedrewe krane of hystoestelle;

(g) dood, besering of skade voortspruitend uit die bestuur van die voertuig elders as in of op die persele deur die Versekerde of enige persoon in diens van of wat namens die Versekerde optree;

(h) skade aan die voertuig en/of die toebehore of onderdele daarvan veroorsaak deur weerstoestande;

(ii) Enige eis wat uit enige kontraktuele aanspreeklikheid voortspruit.

# SPESIALE VOORWAARDE

## Regsbevoegdheid

Die skadeloosstelling ingevolge afdeling II geld nie ten opsigte van uitsprake wat nie in die eerste plek deur of van 'n Hof met behoorlike regsbevoegdheid binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawië gelewer of verkry is nie.

# MEMORANDA (indien in die bylae as van krag vermeld)

## Slegs derdeparty

Afdeling 1 en die geeneis-bonusbepalings van hierdie afdeling word gekanselleer.

## Bykomende derdeparty-dekking (behalwe brand of ontploffing)

As teenprestasie vir 'n bykomende premie word die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge onderafdeling B vir enige enkele ongeval of reeks ongevalle met een oorspronklike oorsaak of bron verhoog tot die bedrag vermeld in die bylae (maar die aanspreeklikheidsperk vir dood, besering en/of skade regstreeks of onregstreeks te wyte aan of voortspruitend uit brand en/of ontploffing bly R1 000 000 vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron).

## Bykomende derdeparty-dekking (met inbegrip van brand of ontploffing)

As teenprestasie vir 'n bykomende premie word die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge onderafdeling B vir enige enkele ongeval of reeks ongevalle met een oorspronklike oorsaak of bron verhoog tot die bedrag vermeld in die bylae.

## Werk weg van perseel

As teenprestasie vir 'n bykomende premie word die persele waarop hierdie versekering van toepassing is gewysig deur die insluiting van die woorde "en persele geleë elders in Afrika suid van die breedtegraad 15º suid behalwe Angola, Mosambiek en Zambië waar die Versekerde 'n lid, 'n hoof-direkteur of 'n werknemer van die Versekerde werksaam mag wees in verband met die besigheid".

## Slegs motorfietspolisse

Die woorde "handelsvoertuig, LAW motor of sleepwa" word geskrap uit die woordomskrywing van versekerde voertuie.

# PERSOONLIKE ONGEVALLE

## VERSEKERDE VOORVAL

Liggaamlike besering aan 'n versekerde persoon uitsluitlik en regstreeks veroorsaak deur gewelddadige, toevallige uitwendige en sigbare wyse.

## VERGOEDING

Die bedrag betaalbaar (wat nie oordraagbaar is nie en aan die Versekerde betaal word ten behoewe van die versekerde persoon of indien van toepassing sy wettige persoonlike verteenwoordiger) is die voordeel omskryf in die vergoedingstabel.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie om vergoeding te betaal vir liggaamlike besering aan 'n versekerde persoon

(a) wat jonger as vyftien of ouer as vyf-en-sewentig jaar oud is;

(b) wat veroorsaak is deur of voortspruit uit

- (i) sy selfmoord of moedswillige selfbesering;
- (ii) en opgedoen word gedurende diens aan diens by enige gewapende of polisiemag;
- (iii) swangerskap, bevalling of enige fisiese gebrek of swakheid, siekte of kwaal wat voor die versekerde voorval bestaan het;
- (iv) herhaling van enigiets wat deur (b)(iii) hierbo uitgesluit word of van enige gevreesde siekte (soos omskryf);
- (v) die inname van enige verdowingsmiddel of dwelmmiddel wat regtens slegs op voorskrif (behalwe sy eie) van 'n gekwalifiseerde mediese of tandheelkundige praktisyn verkrygbaar is tensy sodanige dwelmmiddel/ verdowingsmiddel geneem word ingevolge en ooreenkomstig sodanige voorskrif.

(c) wat deelneem aan

- (i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of die aktiwiteite van werkers wat uitgesluit is;
- (ii) hangsweefvlieëry, valskermspring of lugvaart behalwe as 'n passasier;
- (iii) motorfietsry as 'n bestuurder of passasier behalwe in die loop van die Versekerde se besigheid;
- (iv) beroepsport, enige soort wedren of spoedtoets behalwe te voet of in nie-meganiesaangedrewe watervaartuie op kus- of binnelandse waters, rots- of bergklim wat die gebruik van toue vereis, sport op ys of sneeu, polo te perd, hinderniswedstryde, grootwildjag of enige onderwateraktiwiteit wat die gebruik van kunsmatige asemhalingsapparaat vereis.

# SPESIALE UITBREIDINGS

**(a) Blootstelling**

ʼn Versekerde voorval sluit in hongersnood, dors en/of blootstelling aan die elemente na die plaasvind van ʼn ongeval of ʼn ongeluk maar hierdie uitbreiding stel nie die spesiale uitsonderings ter syde nie.

**(b) Verdwyning**

ʼn Versekerde voorval sluit in dood van ʼn versekerde persoon wat verdwyn het met dien verstande dat die Maatskappy tevrede is dat dood ingetree het as regstreekse gevolg van ʼn versekerde voorval.

**(c) Kunsmatige lewenshulpapparaat**

Die vier-en-twintig maande-tydperk vermeld in voorbehoudsbepaling (iii) van die vergoedingsbylae sluit enige tydperk waartydens die lewe van ʼn versekerde persoon verleng word deur die gebruik van lewenshulpapparaat of -toerusting uit.

**(d) Repatriasie**

(Slegs van toepassing indien die sterftevoordeel verseker word)

Die Maatskappy sal bó en behalwe die kapitale bedrag vermeld in die bylae redelike en noodsaaklike uitgawes tot hoogstens R5 000 betaal vir repatriasie van die liggaam van ʼn gestorwe versekerde persoon na sy gewone woonplek.

**(e) Noodvervoer/redding**

Die Maatskappy sal hoogstens vyf-en-twintig persent van die versekerde bedrag vir mediese uitgawes vermeld in die bylae betaal vir noodvervoer (per lug, land of water) en/of om ʼn versekerde persoon te bevry, te red of andersins na ʼn veilige plek te bring na die plaasvind van ʼn versekerde voorval.

**(f) Ontvoering/skaking**

Indien tydelike algehele ongeskiktheid verseker word sal die Maatskappy die ontvoering of skaking van ʼn versekerde persoon as ʼn versekerde voorval beskou vir die doeleindes van die tydelike algehele ongeskiktheid- en mediese en ander uitgawesvoordele van die vergoedingsbylae

met dien verstande dat

(a) die tydelike algehele ongeskiktheid-voordeel beperk word tot die kortste van die ontvoering of skakingstydperk en agt weke;

(b) geen voordeel betaalbaar is nie indien enige lid van die versekerde persoon se onmiddellike familie by die ontvoering/skaking betrokke is as dader of medepligtige.

# KLOUSULES

## Wysiging van Algemene Uitsonderings

Algemene Uitsonderings 2, 3 en 4 word geskrap en Algemene Uitsondering 1 word vervang deur

1. (a) oorlog hetsy verklaar al dan nie tussen Frankryk, Verenigde Koninkryk, Volksrepubliek van China, Rusland en die Verenigde State van Amerika of oorlog in Europa hetsy verklaar al dan nie (behalwe burgeroorlog maar met inbegrip van enige uitvoeringsaksie deur of namens die Verenigde Volke) waarin enige van daardie lande of hulle gewapende magte betrokke is.

   (b) oorlog, inval, die daad van buitelandse vyande, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar word al dan nie) binne Suidelike Afrika met inbegrip van burgeroorlog, rebellie, militêre of geüsurpeerde gesag terwyl ʼn versekerde persoon in aktiewe diens is by die militêre vloot-, lugmag- of polisiedienste van enige volk maar hierdie uitsluiting geld nie vir ʼn versekerde voorval wat onafhanklik van sodanige gebeurlikhede plaasvind nie.

## Gebiedsperke

Die gebiedsperke vir hierdie afdeling is wêreldwyd.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Kapitale bedrag

Die bedrag vermeld in die bylae (beperk tot R200 000 vir 'n versekerde persoon bó 70 jaar oud) as synde betaalbaar vir die dood, permanente algehele of permanente gedeeltelike ongeskiktheid van die versekerde persoon.

## Versekerde persoon

Die Versekerde of die persoon vermeld in die bylae.

## Weeklikse tarief

Die bedrag vermeld in die bylae (beperk tot R250 per week vir 'n versekerde persoon bó 70 jaar oud) vir die versekerde persoon.

# VERGOEDINGSTABEL

| ITEM NR. | BESKRYWING VAN LIGGAAMLIKE BESERING | DIE VOORDEEL |
|---|---|---|
| 1. | Dood | **Die kapitale bedrag vermeld in die bylae** |
| **of** | | |
| 2. | Permanente algehele ongeskiktheid (wat beteken) | **Die kapitale bedrag vermeld in die bylae** |
| | (a) verlies deur fisiese skeiding by of bokant die pols of enkel of algehele verlies aan gebruik van 'n hand of voet | |
| | (b) algehele verlies aan | |
| | (i) spraak | |
| | (ii) alle gesig in 'n oog | |
| | (iii) alle gehoor in albei ore | |
| | (c) 'n besering wat die versekerde persoon permanent ongeskik laat vir die beoefening van sy gewone beroep en enige ander beroep waarvoor hy vanweë kennis of opleiding toegerus is | |
| | (d) volkome en ongeneeslike kranksinnigheid **gespesifiseer** in die bylae sal betaalbaar wees | |
| **of** | | |
| 3. | Permanente gedeeltelike ongeskiktheid (wat beteken) | **Die kapitale bedrag vermeld in die bylae** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | verlies aan alle gehoor – een oor | | 35% |
| (b) | verlies aan gesig behalwe waarneming van lig | | 100% |
| (c) | verlies deur fisiese skeiding of algehele verlies aan gebruik van | | |
| | (i) | al die vingers van een hand | 80% |
| | (ii) | al die tone van een voet | 30% |
| | (iii) | duim | |
| | – | albei falankse | 30% |
| | – | een falanks | 10% |
| | (iv) | wysvinger | |
| | – | drie falankse | 10% |
| | – | twee falankse | 8% |
| | – | een falanks | 4% |
| | (v) | middelvinger | |
| | – | drie falankse | 6% |
| | – | twee falankse | 4% |
| | – | een falanks | 2% |
| | (vi) | ringvinger | |
| | – | drie falankse | 5% |
| | – | twee falankse | 4% |
| | – | een falanks | 2% |
| | (vii) | pinkie | |
| | – | drie falankse | 4% |
| | – | twee falankse | 3% |
| | – | een falanks | 2% |
| | (viii) | middelhandbene | |
| | – | eerste of tweede – 'n bykomende | 3% |
| | – | derde, vierde of vyfde – 'n bykomende | 2% |
| | (ix) | groottoon | |
| | – | albei falankse | 5% |
| | – | een falanks | 2% |
| | (x) | ander tone | |
| | – | indien meer as een – elk | 2% |
| (d) | permanente verminking weens brandwonde aan | | |

| | | |
|---|---|---|
| (i) | 100% van die oppervlakte van die kop en/of nek | 50% |
| (ii) | 100% van die oppervlakte van die res van die liggaam | 25% |

**en**

| | | |
|---|---|---|
| 4. | Algehele en absolute ongeskiktheid om die versekerde persoon se gewone beroep te beoefen | **Die weeklikse tarief (of pro rata daarvan) vir die tydperk van ongeskiktheid of die aantal weke in die bylae vermeld** |

**en**

| | | |
|---|---|---|
| 5. | Mediese, chirurgiese, tandheelkundige verpleeginrigting of hospitaal behandeling (met inbegrip van die koste van kunsmatige hulpmiddels en kunsmatige liggaamsdele) wat werklik noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan is binne vier-en-twintig maande na die versekerde voorval (beperk tot R2 500 vir 'n versekerde persoon ouer as 70 jaar) | **Hoogstens die bedrag vermeld in die bylae** |

met dien verstande dat

(i) die voordeel ingevolge item 4 gestaak word wanneer die besering of wond wat die ongeskiktheid veroorsaak het sover redelik moontlik geheel of gesond geword het nieteenstaande die feit dat daar 'n mate van permanente ongeskiktheid mag oorbly;

(ii) die voordeel betaalbaar ingevolge item 4 bo en behalwe enige voordeel betaalbaar ingevolge items 1, 2 of 3 betaal sal word;

(iii) dood of permanente algehele of gedeeltelike ongeskiktheid plaasvind binne vier-en-twintig maande na die versekerde voorval;

(iv) indien geen voorsiening vir die versekerde voorval ingevolge item 3 (a), (b) of (c) gemaak word nie die Maatskappy 'n persentasie voordeel verenigbaar met bogemelde skaal sal betaal;

(v) indien die persentasie verminking ingevolge item 3 (d) minder as 100% van die oppervlakte is die Maatskappy 'n persentasie gebaseer op die mate waartoe werklike verminking met 100% verminking verband hou op die betrokke voordeel sal toepas;

(vi) die Maatskappy nie ingevolge item 3 (d) aanspreeklik is nie tensy die mate van verminking ingevolge (i) of (ii) afsonderlik 10% oorskry en ook nie totdat die permanente uitwerking van mediese en/of chirurgiese behandeling vasgestel is nie;

(vii) die Maatskappy nie vir dieselfde versekerde voorval ingevolge item 1, 2 of 3 gesamentlik aanspreeklik nie en ook nie vir meer as die kapitale bedrag nie of indien betaling ingevolge meer as een item gemaak word die hoogste van die kapitale bedrag ingevolge items 1 of 2 nie;

(viii) betaling van enige voordeel afhang van die voorwaarde dat die Versekerde sodanige mediese bewys lewer as wat verlang word en indien die Maatskappy dit versoek die versekerde persoon enige mediese of ander ondersoek ondergaan of indien die versekerde voorval dood tot gevolg het 'n nadoodse ondersoek op die Maatskappy se koste;

(ix) enige bedrag verhaalbaar ingevolge enige ongevallewet afgetrek word van enige voordeel wat ingevolge item 4 of 5 betaalbaar is;

(x) Algemene Voorwaardes 5 en 8 geld nie vir hierdie afdeling nie.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Aktiewe diens

Spesiale uitsondering (b) (ii) en klousule 1 (b) van die wysigings tot algemene uitsonderings word geskrap maar die perk van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele versekerde persoon of vir enige enkele ongeval of reeks ongevalle met een oorspronklike oorsaak of bron is die individuele en totale bedrae vermeld in die bylae.

Ten opsigte van hierdie memorandum word die kennisgewingstydperk in algemene voorwaarde 6 (beëindiging) na veertien dae verminder.

## 2. Oorskryding

Die Maatskappy is nie aanspreeklik om enige voordeel ingevolge item 4 van die vergoedingstabel gedurende die tydperk vermeld in die bylae as die oorskryding te betaal nie.

## 3. Werksurebeperking

Versekerde voorval is beperk tot liggaamlike besering voortspruitende uit en in die loop van die versekerde persoon se werksaamheid vir die Versekerde in die besigheid.

## 4. Beweeglikheidsuitbreiding

Wanneer die Maatskappy ʹn eis om permanente algehele ongeskiktheid erken het indien die versekerde persoon as ʹn regstreekse gevolg van sodanige ongeskiktheid permanent van ʹn rystoel afhanklik is vir beweeglikheid sal die Maatskappy hoogstens die bedrag vermeld in die bylae betaal vir

(a) ʹn selfaangedrewe rystoel en/of

(b) die ombouing van die kontrole van die versekerde persoon se motorvoertuig en (indien nodig) die installering van rystoellaaitoerusting en/of

(c) verbouings aan die versekerde persoon se woning om voorsiening te maak vir die gebruik van sodanige rystoel.

santam

# REKENINGS ONTVANGBAAR

## VERSEKERDE VOORVAL

Toevallige verlies of skade aan die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords terwyl by of in transito tussen die kamers en die woning van enige prinsipaal, direkteur, lid of vennoot van die Versekerde of van enige werknemer wie se pligte toegang tot sodanige boeke of rekords noodsaak of die persele van of die woning van enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of gemagtigde werknemer van die Versekerde se professionele adviseurs.

### 1. Skadeloosstelling

Indien die Versekerde as regstreekse gevolg van 'n versekerde voorval nie in staat is om die uitstaande debietsaldo's verskuldig na te spoor of vas te stel nie sal die Maatskappy die verskil tussen sodanige saldo's en die totaal van die bedrae betaal of nagespoor ten opsigte daarvan betaal plus enige redelike en noodsaaklike uitgawes bó gewone invorderingsgelde aangegaan om die saldo's verskuldig na te spoor of vas te stel maar in totaal beperk tot die versekerde bedrag.

**Eweredigheid**
Indien die versekerde bedrag minder is as die uitstaande debietsaldo's word die bedrag betaalbaar na verhouding verminder.

### 2. Rente betaalbaar

Die bykomende koste redelikerwys aangegaan deur die Versekerde in die vorm van slegs rente op 'n lening verskaf deur 'n erkende bankinstelling met die uitsluitlike doel om die vermindering in inkomste wat sou plaasgevind het as gevolg van 'n versekerde voorval as dit nie vir die lening was nie te vermy of te verminder wat ten tye van die plaasvind van die verlies of skade begin en nie later nie as sewe dae na die datum van finale vereffening van die Versekerde se eis ooreenkomstig 1 hierbo eindig.

Die Maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie item word tot 10% van die versekerde bedrag ingevolge item 1 hierbo beperk.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir 'n versekerde voorval voortspruitende uit

(a) of waartoe bygedra word deur enige oneerlike bedrieglike of kriminele daad van enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde hetsy hulle alleen optree of saamspan met ander;

(b) elektriese, elektroniese of magnetiese beskadiging, belemmering of uitwissing van elektroniese of magnetiese opnames tensy

  (i) regstreeks te wyte aan weerlig in welke geval die weerligskade of skadeloosstellingsbedrag verminder word met die bedrag van 10% van sodanige bedrag of R1 000 welke ookal die grootste is;

  (ii) die Versekerde die duplikaatrekords waarna in die duplikaatrekords-memorandum verwys word in stand hou in welke geval die Versekerde vir die eerste R1 000 van iedere en elke verlies verantwoordelik is;

(c) verandering, vervalsing, manipulasie, geheimhouding, vernietiging van of wegdoening met rekords van uitstaande debietsaldo's gepleeg om die onregmatige gee, neem, verkryging of weerhouding van geld, effekte of ander eiendom geheim te hou maar slegs tot die mate van sodanige onregmatige gee, neem, verkryging of weerhouding;

(d) boekhouding-, rekeningkundige of faktureerfoute of -weglatings;

(e) slytasie, geleidelike agteruitgang, ongedierte of inherente foute;

(f) of wat verband hou met permanente of tydelike besitontneming wat uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid voortvloei.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## 1. Kwaadwillige beskadiging

Skade regstreeks veroorsaak deur of deur middel van of as gevolg van die opsetlike of voorbedagte of moedswillige daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige skade te veroorsaak behalwe skade aan

1. roerende eiendom wat

   (a) gesteel word;

   (b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder vanuit enige perseel wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word;

2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by enige persele wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of terwyl daar gepoog word om in of uit te breek;

3. onroerende eiendom wat deur die Versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van

   (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering van of enige poging daartoe;

   (b) die sloping of gedeeltelike sloping of enige poging daartoe

   van die vermelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die bedoeling om enige deel daarvan te steel.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

(a) gevolglike of onregstreekse skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(b) skade wat spruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(c) skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(d) skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie polis verwys word of die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepaling (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien die versekerde gebou of gebou wat die versekerde eiendom bevat vir 30 opeenvolgende dae onbewoon gelaat word, word die versekering ingevolge hierdie uitbreiding opgeskort ten opsigte van die geraakte eiendom tensy die Versekerde voor die plaasvind van enige skade die skriftelike toestemming van die Maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die Versekerde 'n medeversekeraar saam met die Maatskappy en dra hy 'n deel van enige skade gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

## 2. Aardbewing

Algemene Uitsondering 5(a) word geskrap.

## 3. Rekeninge

Enige besonderhede of gegewens in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -dokumente vervat wat deur die Maatskappy verlang word ingevolge hierdie afdeling om enige eis hierkragtens te ondersoek of te staaf mag deur die Versekerde se ouditeurs of professionele rekenmeesters gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie-bewys van die besonderhede en gegewens waarmee dit verband hou.

# WOORDOMSKRYWING

## Uitstaande debietsaldo's

Die jongste verklaring wat gemaak is of gemaak moet word ooreenkomstig die verklaringsvoorwaarde aangepas vir

(a) slegte skulde;

(b) bedrae gedebiteer, gefaktureer en gekrediteer teen klante se rekenings (met inbegrip van kontant, krediet- en debietnotas wat nog nie ten tyde van die versekerde voorval in die Versekerde se rekeningboeke opgeneem is nie) in die tydperk tussen die datum van die verklaring en die versekerde voorval;

(c) enige handelstoestande wat 'n wesenlike invloed op die besigheid het of kan hê

sodat die bedrag verkry so na as wat redelikerwys uitvoerbaar is die bedrag verteenwoordig wat verkry sou gewees het op die datum van die versekerde voorval indien die versekerde voorval nie plaasgevind het nie.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Duplikaat-rekords

Gewaarborg dat die Versekerde duplikate hou van hulle rekeningboeke, -rekords of ander besigheidsboeke of -rekords wat besonderhede van uitstaande debietsaldo's bevat en dat sodanige duplikate in 'n ander perseel as die oorspronklikes daarvan gehou word.

## 2. Beskermingswaarborg

Gewaarborg dat die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -rekords wat besonderhede van uitstaande debietsaldo's bevat in 'n brandvaste brandkas, kabinet of brandkluis gehou word buite sake-ure tensy daar aan hulle gewerk word of hulle vir onmiddellike verwysing benodig word.

## 3. Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 sluit versekerde voorval verlies of skade in wat regstreeks te wyte is aan of betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

# SPESIALE VOORWAARDE

## Verklarings

Die Versekerde moet binne sestig dae na die einde van elke maand/kwartaal (soos vermeld in die bylae) die totale uitstaande debietsaldo's vir die maand/kwartaal verklaar maar indien

(a) geen verklaring binne sestig dae na die einde van 'n maand/kwartaal ontvang word nie

(b) 'n verklaring die versekerde bedrag oorskry

word dit aangeneem dat die Versekerde die versekerde bedrag verklaar het en indien die laaste verklaring voor 'n versekerde voorval minder is as die bedrag wat verklaar moes gewees het word die Maatskappy se aanspreeklikheid verminder deur die verskil tussen sodanige verklaring en die minste van die korrekte bedrag en die versekerde bedrag.

Aan die einde van elke twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) of die vooraf beëindiging van hierdie afdeling word die premie aangepas deur die premietarief op die gemiddelde versekerde bedrag toe te pas synde die totaal van die verklarings gedeel deur hulle aantal en indien die premie aldus verkry meer of minder is as die premie wat gehef is betaal of ontvang die Versekerde die verskil beperk in die geval van 'n terugbetaling tot vyftig persent van die premie wat gehef is.

# SAKE ALLE RISIKO'S

## VERSEKERDE VOORVAL

Toevallige fisiese verlies of fisiese skade aan die versekerde eiendom.

### Eweredigheid

Indien die waarde van enige versekerde eiendom wat nie afsonderlik gespesifiseer is nie ten tye van die plaasvind van 'n versekerde voorval meer is as die bedrag daarop verseker word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra.

Elke item wat sodanige eiendom dek is afsonderlik en individueel aan hierdie voorwaarde onderworpe.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) die bedrag van enige bybetaling vermeld in die bylae tensy die versekerde voorval voortspruit uit brand, weerlig of ontploffing;

(b) verlies of skade veroorsaak deur of voortspruitende uit

- (i) slytasie, instandhouding, waardevermindering, agteruitgang of ander geleidelikwerkende oorsaak;
- (ii) verandering in temperatuur of vogtigheid, die werking van lig of klimaats- of atmosferiese toestande tensy veroorsaak deur storm, wind, water, hael of sneeu;
- (iii) die proses van skoonmaak, kleuring, bleiking, verandering, herstelling of vernuwing;
- (iv) meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, onderbreking, brekasie of steuring;
- (v) inherente fout of gebrek, ongedierte, insekte, rysmiere, muf, klamheid, wegvreting, oksidasie of roes;
- (vi) konfiskering, terughouding, opeising of onteiening hetsy deur doeane- of ander owerheid;
- (vii) diefstal uit 'n onbewaakte voertuig wat behoort aan of onder die beheer is van die Versekerde of enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde tensy die voertuig by alle toegangspunte beveilig en gesluit is en toegang verkry word op kragdadige en gewelddadige wyse waarvan daar sigbare bewys is;
- (viii) diefstal uit 'n voertuig besit of bestuur deur die Versekerde of enige prinsipaal, lid, direkteur, vennoot of werknemer van die Versekerde wat oornag geparkeer word tensy sodanige voertuig in 'n beveiligde en geslote gebou gehuisves word en diefstal volg op kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van die gebou waarvan daar sigbare bewys is;

(c) verlies of skade voortspruitende uit of waartoe bygedra word deur oneerlikheid van 'n prinsipaal, lid, direkteur, vennoot, werknemer of agent van die Versekerde;

(d) verlies of skade aan versekerde eiendom wat ingevolge 'n vragbrief vervoer word;

(e) verlies of skade aan gangbare munt (met inbegrip van Krugerrande en soortgelyke muntstukke), bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en -orders, geldige ongebruikte posinkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies en ander dokumente, sertifikate of dokumente van 'n verhandelbare aard of sakeboeke.

# SPESIALE UITBREIDING

## Gebiedsperke

Nieteenstaande die gebiedsperke vermeld in Algemene Uitsondering 5(b) is die gebiedsperke vir hierdie afdeling wêreldwyd.

# KLOUSULES

## 1. Aardbewing

Algemene Uitsondering 5(a) word geskrap.

## 2. Brandbluskoste

Bo en behalwe enige bedrag betaal as gevolg van die versekerde voorval sal die Maatskappy enige koste opgeloop betaal waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is vir die blus of bestryding van brand as die Versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 3. Bergingverkoping

Die Maatskappy onderneem om nie enige eiendom wat die onderwerp van ´n eis is te verkoop of daarmee weg te doen sonder om die Versekerde die keuse te gee om dit teen die meeste van die billike intrinsieke en markwaarde daarvan terug te koop nie maar hierdie klousule gee nie aan die Versekerde die reg om die eiendom aan die Maatskappy prys te gee nie.

# WOORDOMSKRYWING

## Versekerde eiendom

Enige eiendom gespesifiseer in die bylae wat aan die Versekerde behoort of deur hom in trust of op kommissie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Verhoging in bedryfskoste

Die Maatskappy sal hoogstens die bedrag vermeld in die bylae betaal vir redelike en noodsaaklike koste wat aangegaan word om die gewone werkverrigtinge van die besigheid vol te hou na die plaasvind van ´n versekerde voorval waarvoor hulle aanspreeklikheid erken.

## 2. Beskerming- en alarmwaarborg

Dit is ´n voorwaarde wat aanspreeklikheid voorafgaan en dit word gewaarborg dat in enige persele waarin ´n alarm geïnstalleer is of vereis word dat een geïnstalleer moet wees

(a) die alarm in volle en behoorlike werking gestel word wanneer die persele vir besigheid gesluit word tensy 'n prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer van die Versekerde in die persele is;

(b) die alarm kragtens kontrak deur die leweransiers of deur bevoegde alarmdiensingenieurs in stand gehou word;

(c) hierdie versekering verlies of skade aan die versekerde eiendom uitsluit na die gebruik van 'n sleutel van die alarm of enige duplikaat wat aan die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer van die Versekerde behoort tensy dit verkry word deur middel van dreigement of geweld.

## 3. Vervangingswaarde

Die eisvereffeningsgrondslag is òf

(a) vervanging van die versekerde eiendom met soortgelyke eiendom gelykstaande aan maar nie beter of omvangryker nie as die nuwe toestand daarvan

òf

(b) herstelling van die versekerde eiendom na 'n toestand wat wesenlik dieselfde maar nie beter is nie as die nuwe toestand daarvan

met dien verstande dat indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging as al die versekerde eiendom (of die item van versekerde eiendom wat die onderwerp van 'n eis is) verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig was ten tye van vervanging of herstelling die versekerde bedrag daarop ten tye van die versekerde voorval oorskry word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies dra.

## 4. Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 sluit versekerde voorval verlies of skade in wat regstreeks te wyte is aan of betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word;

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Hierdie memorandum geld nie vir verlies of skade waarvoor die Versekerde as huurder en nie as eienaar nie aanspreeklik is nie.

# SAKE-ONDERBREKING (HUURGELD-GRONDSLAG)

## VERSEKERDE VOORVAL

Indien die besigheid as gevolg van skade (soos omskryf) onderbreek of belemmer word, sal die Maatskappy (nieteenstaande Algemene Uitsondering 4) die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling skadeloos stel.

## SKADELOOSSTELLING

### 1. Huurgeld ontvangbaar

Die bedrag betaalbaar word beperk tot

(a) verlies aan huurgeld ontvangbaar

synde die bedrag waarmee die huurgeld ontvangbaar gedurende die skadeloosstellingstydperk ten gevolge van die skade by die standaard-huurgeld ontvangbaar te kort skiet

(b) verhoging in bedryfskoste

synde die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan huurgeld ontvangbaar wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasvind indien daardie uitgawe nie aangegaan is nie te vermy of te verminder maar hoogstens die bedrag van die vermindering in huurgeld ontvangbaar daardeur vermy

minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die bedryfsuitgawes en vaste koste van die besigheid betaalbaar uit huurgeld ontvangbaar as wat mag ophou of verminder mag wees ten gevolge van die skade

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die jaarlikse huurgeld ontvangbaar (of ʼn eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

### 2. Bykomende verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing te wees)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot sodanige verdere bykomende uitgawes bó dit verhaalbaar ingevolge item (b) van 1 – huurgeld ontvangbaar – as wat die Versekerde noodsaakliker- en redelikerwys as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk aangegaan het ten einde die vermindering in huurgeld ontvangbaar te vermy of te verminder.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Skade

Skade beteken verlies of skade aan enige gebou of ander eiendom of enige deel daarvan van 'n tipe gespesifiseer en nie uitgesluit nie ingevolge enige fisiese skade versekering verleen deur die Brand, saamgevatte Geboue, Kantoorinhoud of Toevallige Skade afdelings van hierdie of enige ander soortgelyke polis wat die Versekerde se belange dek gebruik deur die Versekerde by die persele vir die doeleindes van die besigheid deur enige gevaar wat kragtens hierdie afdeling verseker word met dien verstande dat daar ten tye van die plaasvind van die skade 'n versekering van krag is wat sodanige eiendom teen sodanige skade dek en dat die Versekeraars 'n betaling ingevolge sodanige versekering gemaak of aanspreeklikheid daarvoor erken het.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling sal 'n versekerde gevaar dieselfde woordomskrywing hê as dié vervat in die versekering wat die skade dek.

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk wat met die plaasvind van die skade begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word.

## Huurgeld ontvangbaar

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar deur huurders ten opsigte van huurgeld vir die persele en vir dienste gelewer

<table>
<tr><td>STANDAARD HUURGELD ONTVANGBAAR<br>Die huurgeld ontvangbaar gedurende daardie tydperk in die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die skade wat met die skadeloosstellingstydperk saamval</td><td rowspan="2">waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die loop van die besigheid en vir afwykings daarvan of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die skade raak of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie sodat die aldus veranderde syfers so na as wat redelik uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk nà die skade verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie.</td></tr>
<tr><td>JAARLIKSE HUURGELD ONTVANGBAAR<br>Die huurgeld ontvangbaar gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die skade</td></tr>
</table>

## Alternatiewe handelsklousule

Indien die besigheid gedurende die skadeloosstellingstydperk elders as by die persele gedryf word, word die geld betaal of betaalbaar aan die Versekerde ten opsigte van huurgeld by sodanige ander persele in aanmerking geneem by berekening van die huurgeld ontvangbaar gedurende die skadeloosstellingstydperk.

# KLOUSULES

## 1. Ouditeurs

Enige besonderhede in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke vervat wat deur die Maatskappy verlang word mag deur die Versekerde se ouditeurs gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie bewys van sodanige besonderhede.

## 2. Departemente/takke

Indien die besigheid gedrywe word in departemente/takke waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is geld die bepalings van items (a) en (b) van 1 – huurgeld ontvangbaar – afsonderlik vir elke

departement/tak wat deur die skade geraak is behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur gemelde item minder is as die totaal van die som verkry deur die koers van huurgeld ontvangbaar van elke departement/tak van die besigheid (hetsy deur die skade geraak al dan nie) toe te pas op die betrokke jaarlikse huurgeld ontvangbaar daarvan (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

## 3. Deposito-premie

As teenprestasie daarvoor dat die premie vir item 1 voorlopig is onderneem die Versekerde om die werklike huurgeld ontvangbaar vir die boekjaar wat naaste met enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) saamval te verklaar waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die loop van die besigheid en vir afwykings daarvan of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die skade raak of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie sodat die aldus veranderde syfers so na as wat redelik uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk nà die skade verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie.

Indien geen verklaring binne ses maande na die verstryking van die betrokke tydperk ontvang word nie word dit beskou asof die Versekerde die versekerde bedrag(-drae) verklaar het en indien 'n eis ontstaan word enige bedrag betaal/betaalbaar as werklike verdienste behandel.

Onderworpe aan voorgaande sal die voorlopige premie vir die tydperk op die verklaarde syfer(-s) aangepas word en die Versekerde sal die verskil tot hoogstens die persentasie in die volgende tabel aangetoon betaal of ontvang.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die persentasie voorlopige premie betaal as 'n deposito (soos vermeld in die bylae) | 100 | 80 | 75 |
| Maksimum persentasie bykomende premie betaalbaar | Nul | 25 | 33,3 |
| Maksimum persentasie premieterugbetaling toelaatbaar | 50 | 37,5 | 33,3 |

# SPESIALE VOORWAARDE

## 1. Beëindiging van dekking

Hierdie afdeling word gestaak (tensy die Maatskappy vooraf skriftelik toegestem het) indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Bybetaling

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir die bedrag van enige bybetaling/gedurende die tydperk van enige tydoorskryding vermeld in die bylae.

In die geval van 'n tydoorskryding word die woordomskrywing van skadeloosstellingstydperk vervang deur

"Die tydperk wat met die verstryking van die tydoorskryding na die plaasvind van die versekerde voorval begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word".

## 2. Verhindering van toegang

Verlies deur skade aan die eiendom binne 'n vyf kilometer omtrek van die Versekerde se persele wat gebruik van of toegang na die persele verhinder of belemmer as gevolg van vernietiging of beskadiging daarvan hetsy die persele of eiendom van die Versekerde daarin beskadig word al dan nie word beskou as verlies wat uit 'n skade aan eiendom gebruik deur die Versekerde by die persele voortspruit.

## 3. Openbare dienste

(a) Indien die grondslag van hierdie uitbreiding as versekerde gevare in die bylae vermeld word geld die volgende memorandum ten opsigte van daardie openbare dienste wat in die bylae uiteengesit word:

Verlies soos verseker kragtens hierdie afdeling wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade aan eiendom by elektrisiteitsopwekkingstasies, substasies of verspreidingsnetwerke, gaswerke met inbegrip van verwante gasverspreidingsnetwerke en enige natuurlike gasproduksiefasiliteit op land, watersuiweringsaanlegte, pompstasies, brugkanale en pypleidings van 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien vir gebruik deur die publiek word beskou as verlies voortspruitende uit skade aan eiendom wat deur die Versekerde by die persele gebruik word

of

(b) Indien die grondslag van hierdie uitbreiding as toevallige onderbreking van voorsiening in die bylae vermeld word geld die volgende memorandum ten opsigte van daardie openbare dienste wat in die bylae uiteengesit word:

Die toevallige onderbreking van die openbare toevoer van elektrisiteit, gas of water wat minstens dertig agtereenvolgende minute voortduur by (ten opsigte van elektrisiteit) die aansluitpunte van die openbare voorsieningsonderneming se voerleidings of (ten opsigte van gas) die gasvoorsieningsonderneming se meters of (ten opsigte van water) die watervoorsieningsonderneming se hoofafsluitkraan by die Versekerde se persele en wat nie te wyte is aan die die volgende nie

(i) die doelbewuste optrede van enige voorsieningsowerheid of aan die feit dat sodanige owerheid sy reg uitoefen om voorsiening te weerhou of te beperk;

(ii) droogte;

(iii) waterbesoedeling;

(iv) gebrek aan brandstof of water

word beskou as verlies wat uit skade aan eiendom gebruik deur die Versekerde by die persele voortspruit.

santam

# SAKE-ONDERBREKING (INKOMSTE-GRONDSLAG)

## VERSEKERDE VOORVAL

Indien die besigheid as gevolg van skade (soos omskryf) onderbreek of belemmer word, sal die Maatskappy (nieteenstaande Algemene Uitsondering 4) die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling skadeloos stel.

## SKADELOOSSTELLING

### 1. Bruto inkomste

Die bedrag betaalbaar word beperk tot

(a) verlies aan bruto inkomste

synde die bedrag waarmee die bruto inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk ten gevolge van die skade by die standaard-bruto inkomste te kort skiet

(b) verhoging in bedryfskoste

synde die bykomende uitgawe noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die verlies aan huurgeld ontvangbaar wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasvind indien daardie uitgawe nie aangegaan is nie te vermy of te verminder maar hoogstens die bedrag van die vermindering in huurgeld ontvangbaar daardeur vermy

minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die bedryfsuitgawes en vaste koste van die besigheid betaalbaar uit huurgeld ontvangbaar as wat mag ophou of verminder mag wees ten gevolge van die skade

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die jaarlikse huurgeld ontvangbaar (of 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

### 2. Bykomende verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing te wees)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot sodanige verdere bykomende uitgawes bó dit verhaalbaar ingevolge item (b) van 1 – bruto inkomste – as wat die Versekerde noodsaakliker- en redelikerwys as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk aangegaan het ten einde die vermindering in bruto inkomste te vermy of te verminder.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Skade

Skade beteken verlies of skade aan enige gebou of ander eiendom of enige deel daarvan van 'n tipe gespesifiseer en nie uitgesluit nie ingevolge enige fisiese skade versekering verleen deur die Brand, saamgevatte Geboue, Kantoorinhoud of Toevallige Skade afdelings van hierdie of enige ander soortgelyke polis wat die Versekerde se belange dek gebruik deur die Versekerde by die persele vir die doeleindes van die besigheid deur enige gevaar wat kragtens hierdie afdeling verseker word met dien verstande dat daar ten tye van die plaasvind van die skade 'n versekering van krag is wat sodanige eiendom teen sodanige skade dek en dat die Versekeraars 'n betaling ingevolge sodanige versekering gemaak of aanspreeklikheid daarvoor erken het.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling sal 'n versekerde gevaar dieselfde woordomskrywing hê as dié vervat in die versekering wat die skade dek.

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk wat met die plaasvind van die skade begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word.

## Bruto inkomste

Soos omskryf in die bylae

| | |
|---|---|
| STANDAARD BRUTO INKOMSTE<br>Die bruto inkomste gedurende daardie tydperk in die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die skade wat met die skadeloosstellingstydperk saamval | waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die loop van die besigheid en vir afwykings daarvan of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die skade raak of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie sodat die aldus veranderde syfers so na as wat redelik uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk nà die skade verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie. |
| JAARLIKSE BRUTO INKOMSTE<br>Die bruto inkomste gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die skade | |

## Alternatiewe handelsklousule

Indien werk gedurende die skadeloosstellingstydperk gedoen of dienste gelewer word elders as by die persele ten bate van die besigheid óf deur die Versekerde óf deur ander ten behoewe van die Versekerde word die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige werk of dienste in aanmerking geneem by berekening van die bruto inkomste gedurende die skadeloosstellingstydperk.

# KLOUSULES

## 1. Ouditeurs

Enige besonderhede in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke vervat wat deur die Maatskappy verlang word mag deur die Versekerde se ouditeurs gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie bewys van sodanige besonderhede.

## 2. Departemente/takke

Indien die besigheid gedrywe word in departemente/takke waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is geld die bepalings van items (a) en (b) van 1 – bruto inkomste – afsonderlik vir elke

departement/tak wat deur die skade geraak is behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur gemelde item minder is as die totaal van die som verkry deur die bruto inkomste-koers van elke departement/tak van die besigheid (hetsy deur die skade geraak al dan nie) toe te pas op die betrokke jaarlikse bruto inkomste daarvan (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

### 3. Deposito-premie

As teenprestasie daarvoor dat die premie vir item 1 voorlopig is onderneem die Versekerde om die werklike bruto inkomste vir die boekjaar wat naaste met enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken van die aanvang van hierdie polis) saamval, te verklaar.

Indien geen verklaring binne ses maande na die verstryking van die betrokke tydperk ontvang word nie word dit beskou asof die Versekerde die versekerde bedrag(-drae) verklaar het en indien 'n eis ontstaan word enige bedrag betaal/betaalbaar as werklike verdienste behandel.

Onderworpe aan voorgaande sal die voorlopige premie vir die tydperk op die verklaarde syfer(-s) aangepas word en die Versekerde sal die verskil tot hoogstens die persentasie in die volgende tabel aangetoon betaal of ontvang:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die persentasie voorlopige premie betaal as 'n deposito (soos vermeld in die bylae) | 100 | 80 | 75 |
| Maksimum persentasie bykomende premie betaalbaar | Nul | 25 | 33,3 |
| Maksimum persentasie premieterugbetaling toelaatbaar | 50 | 37,5 | 33,3 |

# SPESIALE VOORWAARDE

### 1. Beëindiging van dekking

Hierdie afdeling word gestaak (tensy die Maatskappy vooraf skriftelik toegestem het) indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

### 1. Bybetaling

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir die bedrag van enige bybetaling/gedurende die tydperk van enige tydoorskryding vermeld in die bylae.

In die geval van 'n tydoorskryding word die woordomskrywing van skadeloosstellingstydperk vervang deur

"Die tydperk wat met die verstryking van die tydoorskryding na die plaasvind van die versekerde voorval begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word".

## 2. Uitbreidings na ander persele

Verlies soos verseker kragtens hierdie afdeling wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid by die persele vermeld in die bylae of aan eiendom hieronder beskryf word beskou as verlies as gevolg van skade aan eiendom wat deur die Versekerde by die persele gebruik word.

### (a) Gespesifiseerde verskaffers

Die persele van die verskaffers uiteengesit in die bylae vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

### (b) Bykomende persele

Indien die Versekerde eiendom by enige nuut toegevoegde persele okkupeer of het vir die doeleindes van die besigheid gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling sal sodanige nuut toegevoegde persele as ingesluit beskou word by dié wat gespesifiseer is onderworpe daaraan dat die Maatskappy so gou as redelikerwys moontlik in kennis gestel word en onderworpe aan aanpassing van die premie indien nodig.

### (c) Klante

Die persele van die Versekerde se klante uiteengesit in die bylae vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

### (d) Dokumente

Dokumente wat aan die Versekerde behoort of deur hom in trust gehou word terwyl by die persele wat nie deur die Versekerde geokkupeer word nie of terwyl in transito vir 'n bedrag wat nie die bedrag vermeld in die bylae oorskry nie.

### (e) Patrone en soortgelyke items

Patrone, setapparaat, modelle, maatvorms, gietvorms, matryse, gereedskap, planne, tekeninge en ontwerpe die Versekerde se eie of wat deur hom in trust of op kommisie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is terwyl by die persele van enige masjienmaker, ingenieur, gieter of ander metaalwerker binne die gebiedsperke vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

Hierdie uitbreiding geld nie terwyl sodanige eiendom in transito is nie en ook nie terwyl dit in enige persele is wat geheel en al of gedeeltelik deur die Versekerde geokkupeer word nie.

### (f) Verhindering van toegang

Eiendom binne 'n tien kilometer omtrek van die Versekerde se persele wat gebruik van of toegang na die persele verhinder of belemmer as gevolg van vernietiging of beskadiging daarvan hetsy die persele of eiendom van die Versekerde daarin beskadig word al dan nie.

### (g) Kontrakterreine

Die terrein(-e) uiteengesit in die bylae waar die Versekerde 'n kontrak uitvoer vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

Hierdie uitbreiding geld nie vir enige terrein(-e) wat deur die Versekerde geokkupeer word nie.

### (h) Paaie brûe en spoorlyne

Paaie, brûe en spoorlyne binne 'n tien kilometer omtrek van die Versekerde se persele waaroor voorrade vervoer word tussen verskaffers se persele en die Versekerde se persele en tussen die Versekerde se persele en klante se persele vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(i) Bergingsterreine**

Die persele uiteengesit in die bylae waar eiendom van die Versekerde geberg word vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

Hierdie uitbreiding geld nie vir enige persele wat deur die Versekerde geokkupeer word nie.

**(j) Transito en voertuie**

Eiendom van die Versekerde terwyl in transito per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg en voertuie besit of bestuur deur die Versekerde elders as by persele wat deur die Versekerde geokkupeer word vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(k) Ongespesifiseerde verskaffers**

Die persele van enige van die Versekerde se verskaffers, vervaardigers of verwerkers van onderdele, goedere of materiale maar met uitsluiting van die persele van enige openbare voorsieningsonderneming waarvandaan die Versekerde elektrisiteit, gas of water verkry vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(l) Voertuigvervaardigers**

Die persele van die vervaardigers uiteengesit in die bylae (en enige van die vervaardigers wat hulle van onderdele of materiale voorsien) vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(m) Openbare dienste – slegs versekerde gevare**

Eiendom by kragstasies, substasies of transmissienetwerke, gasfabrieke insluitende die verwante gasverspreidingsnetwerk, watersuiweringsaanlegte, pompstasies, waterleidings en pypleidings van ʼn owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te verskaf vir openbare gebruik en wat lei tot ʼn toevoeronderbreking van water, gas of elektrisiteit by die perseel van die Versekerde tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**(n) Openbare telekommunikasie – slegs versekerde gevare**

(i) Eiendom op die persele van enige openbare owerheid wat regtens gemagtig is om ʼn telekommunikasiefasiliteit aan die versekerde te verskaf.

(ii) Die transmissiefasiliteitnetwerk van die openbare owerheid in (i) vermeld tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**(o) Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking**

Die onderbreking van die openbare telekommunikasiefasiliteite na die Versekerde se persele met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voorspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie

(i) droogte;

(ii) ʼn fout by enige deel van die persele wat aan die versekerde behoort;

(iii) ʼn besluit van enige owerheid om die telekommunikasiefasiliteit regtens van die versekerde te weerhou tensy sodanige besluit regstreeks toeskryfbaar is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(iv) enige gebeurtenis in Algemene Uitsondering 1 en 2 omskryf, maar dekking verskaf deur die Uitbreiding: Kwaadwillige Beskadiging in die grondliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis word nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die fasiliteit te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie tensy die onderbreking of belemmering van die Versekerde se besigheid langer as 24 uur duur tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**(p) Openbare dienste – uitgebreide dekking**

Algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare toevoer van water, gas of elektrisiteit na die Versekerde se persele word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf) met dien verstande dat hierdie afdeling nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie

(i) droogte;

(ii) waterbesoedeling;

(iii) 'n brandstof- of watertekort;

(iv) 'n fout in enige deel van die installasie wat aan die persele behoort;

(v) 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk tensy sodanige besluit regstreeks toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(vi) enige gebeurtenis in Algemene Uitsondering 1 en 2 beskryf maar dekking wat verskaf is deur die Uitbreiding: Kwaadwillige Beskadiging in die onderliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis is nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die besigheid te wyte is aan 'n meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie, tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**Die gebiedsgrense van**
(b) van die uitbreidings tot ander persele word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.
(c) tot (p) inklusief van die uitbreidings tot ander persele en die uitgebreide dekking vir openbare telekommunikasies en openbare dienste word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

**(q) Toevallige skade**

Die volgende omskrewe gebeurtenis word bygevoeg:

Verlies ná onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die persele plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge omskrewe gebeurtenis (i) van die afdeling Toevallige Skade van hierdie polis (hierna skade genoem) met dien verstande dat

(i) die bepaling, ingevolge enige item van hierdie afdeling dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is, geskrap word ten opsigte van hierdie omskrewe voorval;

(ii) die Maatskappy nie meer betaal as die versekerde bedrag vermeld in die bylae van die afdeling Toevallige Skade vir beide hierdie afdeling en die afdeling Toevallige Skade tesame nie.

## 3. Moord-, selfmoord-, siekte- of kwaaluitbreiding

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie wat ingesluit is in die premie vir hierdie versekering word skade beskou as synde verlies in te sluit na onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die volgende

| | | |
|---|---|---|
| (a) | moord of selfmoord | by die Versekerde se persele |
| (b) | voedsel- of drankvergiftiging | |
| (c) | ongedierte, plae of defektiewe sanitêre reëlings by die Versekerde se persele | mits die munisipale, streeks-, plaaslike of staatsowerheid verantwoordelik vir die gebied 'n bestaande aanmeldbare mediese toestand of aansteeklike siekte binne die gebied verklaar het en/of kwarantynregulasies neergelê het en/of opgetree het om toegang tot die gebied te beperk ooreenkomstig enige plaaslike, munisipale, streeks- of nasionale wet of verordening of regulasie wat verband hou met openbare gesondheid en veiligheid. |
| (d) | aansteeklike of besmetlike siektes by die Versekerde se persele | |
| (e) | aansteeklike of besmetlike siektes binne 'n omtrek van 50 kilometer vanaf die Versekerde se persele | |

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding

(i) beteken 'skadeloosstellingstydperk' die tydperk wat met die plaasvind van (a) of (b) hierbo begin of vir (c), (d) en (e) die datum waarop beperkings op die persele ingestel is en wat nie later nie as drie maande daarna eindig;

(ii) beteken 'versekerde persele' daardie plekke uiteengesit in die bylae as die Versekerde se persele en dit sluit nie die persele van verskaffers, klante, kontrakteurs (of sub-kontrakteurs) in nie nieteenstaande die feit dat hierdie versekering andersins uitgebrei mag word om sodanige persele in te sluit;

(iii) word die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele voorval gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) beperk tot die bedrag vermeld in die bylae.

Die dekking wat deur hierdie uitbreiding verleen word sluit nie enige koste voortspruitende uit skoonmaak, herstel, intrekking of nagaan van die Versekerde se persele in nie.

# SAKE-ONDERBREKING (TOEVOEGINGS-GRONDSLAG) (MASJINERIE)

## VERSEKERDE VOORVAL

Indien die besigheid as gevolg van skade (soos omskryf) onderbreek of belemmer word, sal die Maatskappy (nieteenstaande Algemene Uitsondering 4) die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling skadeloos stel.

## SKADELOOSSTELLING

### 1. Bruto wins

Die bedrag betaalbaar word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan

(a) vermindering in omset

synde die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk ten gevolge van die skade by die standaardomset te kort skiet

(b) verhoging in bedryfskoste

synde die bykomende uitgawe (onderworpe aan die bepalings van spesiale voorwaarde 1) noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawe nie aangegaan is nie te vermy of te verminder maar hoogstens die som verkry deur die bruto wins-koers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy

minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die versekerde vaste koste as wat mag ophou of verminder mag wees ten gevolge van die skade

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die bedrag verkry deur die bruto wins-koers toe te pas op die jaarlikse omset (of op ´n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

### 2. Bykomende verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing te wees)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot sodanige verdere bykomende uitgawes bó dit verhaalbaar ingevolge item (b) van 1 – bruto wins – as wat die Versekerde noodsaakliker- en redelikerwys as gevolg van die ongeval gedurende die skadeloosstellingstydperk aangegaan het ten einde die vermindering in omset te vermy of te verminder.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Ongeval

Ongeval beteken verlies of skade aan enige masjinerie uiteengesit in die bylae van die masjinerie-onklaarrakingsafdeling gebruik deur die Versekerde by die persele vir die doeleindes van die besigheid deur enige gevaar wat kragtens hierdie afdeling verseker word met dien verstande dat daar ten tye van die plaasvind van die ongeval ʼn versekering van krag is wat sodanige eiendom teen sodanige skade dek en dat die Versekeraars ʼn betaling ingevolge sodanige versekering gemaak of aanspreeklikheid daarvoor erken het.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling sal ʼn versekerde gevaar dieselfde woordomskrywing hê as dié vervat in die versekering wat die skade dek.

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk wat met die plaasvind van die ongeval begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word.

## Omset

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en gelewer en vir dienste gelewer in die loop van die besigheid by die persele.

## Bruto wins

Die bedrag verkry deur die bedrag van die versekerde vaste koste by die netto wins te tel of indien daar geen netto wins is nie die bedrag van die versekerde vaste koste minus sodanige gedeelte van enige netto handelsverlies in dieselfde verhouding as wat die bedrag van die versekerde vaste koste tot alle vaste koste van die besigheid staan.

## Netto wins

Die netto wins (met uitsluiting van alle kapitaalinkomste en alle uitgawes wat behoorlik teen kapitaal gedebiteer kan word) wat voortspruit uit die besigheid van die Versekerde by die persele nadat behoorlike voorsiening gemaak is vir alle vaste koste en ander koste met inbegrip van waardevermindering maar voor aftrekking van enige belasting wat op winste gehef kan word.

## Versekerde vaste koste

Soos in die bylae vermeld

<table>
<tr><td>BRUTO WINSKOERS<br>Die bruto wins-koers op die omset verdien gedurende die boekjaar onmiddellik voor die datum van die skade</td><td rowspan="3">waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die loop van die besigheid en vir afwykings daarvan of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die ongeval raak of wat die besigheid sou geraak het indien die ongeval nie plaasgevind het nie sodat die aldus veranderde syfers so na as wat redelik uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk nà die ongeval verkry sou gewees het as dit nie vir die ongeval was nie.</td></tr>
<tr><td>JAARLIKSE OMSET<br>Die omset gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die ongeval</td></tr>
<tr><td>STANDAARDOMSET<br>Die omset gedurende daardie tydperk in die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die ongeval wat met die skadeloosstellingstydperk saamval</td></tr>
</table>

## Alternatiewe handelsklousule

Indien goedere gedurende die skadeloosstellingstydperk verkoop of dienste gelewer word elders as by die persele ten bate van die besigheid óf deur die Versekerde óf deur ander ten behoewe van die Versekerde word die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige verkope of dienste in aanmerking geneem by berekening van die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk.

# KLOUSULES

## 1. Opgehoopte voorraad

By die verrekening van 'n verlies moet billike voorsiening gemaak word indien enige omsettekort te wyte aan die skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die omset tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

## 2. Ouditeurs

Enige besonderhede in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke vervat wat deur die Maatskappy verlang word mag deur die Versekerde se ouditeurs gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie bewys van sodanige besonderhede.

## 3. Departemente/takke

Indien die besigheid gedrywe word in departemente/takke waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is geld die bepalings van items (a) en (b) van 1 – bruto wins – afsonderlik vir elke departement/tak wat deur die ongeval geraak is behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur gemelde item minder is as die totaal van die som verkry deur die bruto wins-koers van elke departement/tak van die besigheid (hetsy deur die ongeval geraak al dan nie) toe te pas op die betrokke jaarlikse omset daarvan (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

## 4. Deposito-premie

As teenprestasie daarvoor dat die premie vir item 1 voorlopig is onderneem die Versekerde om die werklike bruto wins-syfers vir die boekjaar wat naaste met enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) saamval te verklaar.

Indien geen verklaring binne ses maande na die verstryking van die betrokke tydperk ontvang word nie word dit beskou asof die Versekerde die versekerde bedrag(-drae) verklaar het en indien 'n eis ontstaan word enige bedrag betaal/betaalbaar as werklike verdienste behandel.

Onderworpe aan voorgaande sal die voorlopige premie vir die tydperk op die verklaarde syfer(-s) aangepas word en die Versekerde sal die verskil tot hoogstens die persentasie in die volgende tabel aangetoon betaal of ontvang.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die persentasie voorlopige premie betaal as 'n deposito (soos vermeld in die bylae) | 100 | 80 | 75 |
| Maksimum persentasie bykomende premie betaalbaar | Nul | 25 | 33,3 |
| Maksimum persentasie premieterugbetaling toelaatbaar | 50 | 37,5 | 33,3 |

## 5. Produksie-alternatief

Die woord "omset" kan na die keuse van die Versekerde met "produksie" wat omskryf word as "die verkoop- of oordragwaarde van goedere in die loop van die besigheid deur die Versekerde by die persele vervaardig of verwerk" vervang word waar dit ook al mag voorkom (behalwe in die woordomskrywing van bruto wins) met dien verstande dat

(a) slegs een sodanige betekenis van krag is na die plaasvind van die skade;

(b) die opgehoopte voorraad-klousule as gekanselleer beskou word indien "produksie" aanvaar word.

# SPESIALE VOORWAARDES

## 1. Defekte

Die Versekerde moet die Maatskappy in kennis stel van enige defekte in die versekerde masjinerie wat by die aanvang van hierdie versekering aan hom bekend is of gedurende die voortsetting daarvan aan hom bekend word en moet die Maatskappy se verteenwoordiger te eniger redelike tyd toegang tot die masjinerie verleen.

## 2. Uitgeslote voorvalle

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir onderbreking van of bemoeiing met die besigheid

(a) voortspruitende uit veranderings, toevoegings, verbeterings of opknappings wat na 'n ongeval uitgevoer word en die skadeloosstellingstydperk sluit die tyd vereis vir sodanige werk uit;

(b) te wyte aan die onbeskikbaarheid vir onmiddellike gebruik van enige masjinerie item wat as 'n bystand vir 'n ander item gespesifiseer word.

## 3. Beëindiging van dekking

Hierdie afdeling word gestaak (tensy die Maatskappy vooraf skriftelik toegestem het) indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word.

## 4. Onversekerde vaste koste

Indien enige vaste koste van die besigheid nie deur hierdie polis verseker is nie (synde afgetrek by berekening van die bruto wins soos hierbinne omskryf) word by die berekening van die bedrag verhaalbaar as verhoging in bedryfskoste slegs daardie gedeelte van enige bykomende uitgawe in berekening gebring in dieselfde verhouding as wat die bruto wins tot die som van die bruto wins en die onversekerde vaste koste staan.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Bybetaling

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir die bedrag van enige bybetaling/gedurende die tydperk van enige tydoorskryding vermeld in die bylae.

In die geval van 'n tydoorskryding word die woordomskrywing van skadeloosstellingstydperk vervang deur

"Die tydperk wat met die verstryking van die tydoorskryding na die plaasvind van die versekerde voorval begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word".

## 2. Openbare dienste (toevallige onderbreking)

Die toevallige onderbreking van die openbare toevoer van elektrisiteit, gas of water wat minstens dertig agtereenvolgende minute voortduur by (ten opsigte van elektrisiteit) die aansluitpunte van die openbare voorsieningsonderneming se voerleidings of (ten opsigte van gas) die gasvoorsieningsonderneming se meters of (ten opsigte van water) die watervoorsieningsonderneming se hoofafsluitkraan by die Versekerde se persele en wat nie te wyte is aan die die volgende nie

(i) die doelbewuste optrede van enige voorsieningsowerheid of aan die feit dat sodanige owerheid sy reg uitoefen om voorsiening te weerhou of te beperk;

(ii) droogte;

(iii) waterbesoedeling;

(iv) gebrek aan brandstof of water

word beskou as verlies wat uit 'n ongeval aan eiendom gebruik deur die Versekerde by die persele voortspruit.

santam

# SAKE-ONDERBREKING (TOEVOEGINGSGRONDSLAG)

## VERSEKERDE VOORVAL

Indien die besigheid as gevolg van skade (soos omskryf) onderbreek of belemmer word, sal die Maatskappy (nieteenstaande Algemene Uitsondering 4) die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling skadeloos stel.

## SKADELOOSSTELLING

### 1. Bruto wins

Die bedrag betaalbaar word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan

(a) vermindering in omset

synde die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk ten gevolge van die skade by die standaardomset te kort skiet

(b) verhoging in bedryfskoste

synde die bykomende uitgawe (onderworpe aan die bepalings van spesiale voorwaarde 1) noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawe nie aangegaan is nie te vermy of te verminder maar hoogstens die som verkry deur die bruto wins-koers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy

minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die versekerde vaste koste as wat mag ophou of verminder mag wees ten gevolge van die skade

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die bedrag verkry deur die bruto wins-koers toe te pas op die jaarlikse omset (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

### 2. Lone (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

**A. Tweeledige grondslag**

Die bedrag betaalbaar word beperk tot verlies ten opsigte van lone te wyte aan

(a) vermindering in omset

(i) synde gedurende die aanvanklike tydperk die som verkry deur die lonekoers toe te pas op die omsettekort gedurende sodanige tydperk

minus enige besparings gedurende sodanige tydperk weens 'n vermindering as gevolg van die skade in die bedrag aan lone betaal en

(ii) gedurende die oorblywende gedeelte van die skadeloosstellingstydperk

die som verkry deur die lonekoers toe te pas op die omsettekort gedurende sodanige tydperk

minus enige besparing gedurende sodanige tydperk weens 'n vermindering as gevolg van die skade in die bedrag aan lone betaal

maar hoogstens

die som verkry deur die oorblywende persentasie van die lonekoers toe te pas op die omsettekort gedurende vermelde oorblywende gedeelte van die skadeloosstellingstydperk verhoog met sodanige bedrag as wat afgetrek word vir besparings ingevolge klousule (i).

OPMERKING: Die aanvanklike tydperk mag na die keuse van die Versekerde vervang word met die alternatiewe tydperk met dien verstande dat die bedrag verkry ingevolge die bepalings van klousule (a)(ii) nie die bedrag wat ingevolge klousule (a)(i) afgetrek word vir besparings gedurende die alternatiewe tydperk oorskry nie.

(b) verhoging in bedryfskoste

synde soveel van die bykomende uitgawe beskryf in klousule (b) van die betrokke bruto wins-item as waarmee die bedrag betaalbaar ingevolge daarvan oorskry word

maar hoogstens die bykomende bedrag wat betaalbaar sou gewees het ten opsigte van vermindering in omset ingevolge die bepalings van klousules (a)(i) en (ii) van hierdie item indien sodanige uitgawe nie aangegaan was nie

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie item na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die bedrag verkry deur die lonekoers toe te pas op die jaarlikse omset (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

**B. Pro rata weeklikse grondslag**

Die bedrag betaalbaar gedurende die aanvanklike tydperk word beperk tot die werklike bedrag wat die Versekerde aan lone betaal aan werknemers wie se dienste hoegenaamd nie as gevolg van die skade deur die Versekerde gebruik kan word nie en 'n billike deel van die lone betaal aan werkers wie se dienste nie ten volle as gevolg van die skade deur die Versekerde gebruik kan word nie

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die totale bedrag lone wat gedurende die aantal weke gespesifiseer in die bylae onmiddellik na die skade betaal sou gewees het indien die skade nie plaasgevind het nie.

## 3. Bykomende verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing te wees)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot sodanige verdere bykomende uitgawes bó dit verhaalbaar ingevolge item (b) van 1 – bruto wins – en item (b) van 2 – lone (indien verseker) – as wat die Versekerde noodsaakliker- en redelikerwys as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk aangegaan het ten einde die vermindering in omset te vermy of te verminder.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Skade

Skade beteken verlies of skade aan enige gebou of ander eiendom of enige deel daarvan van 'n tipe gespesifiseer en nie uitgesluit nie ingevolge enige fisiese skade versekering verleen deur die Brand, saamgevatte Geboue, Kantoorinhoud of Toevallige Skade afdelings van hierdie of enige ander soortgelyke polis wat die Versekerde se belange dek gebruik deur die Versekerde by die persele vir die doeleindes van die besigheid deur enige gevaar wat kragtens hierdie afdeling verseker word met dien verstande dat daar ten tye van die plaasvind van die skade 'n versekering van krag is wat sodanige eiendom teen sodanige skade dek en dat die Versekeraars 'n betaling ingevolge sodanige versekering gemaak of aanspreeklikheid daarvoor erken het.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling sal 'n versekerde gevaar dieselfde woordomskrywing hê as dié vervat in die versekering wat die skade dek.

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk wat met die plaasvind van die skade begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word.

## Omset

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en gelewer en vir dienste gelewer in die loop van die besigheid by die persele.

## Bruto wins

Die bedrag verkry deur die bedrag van die versekerde vaste koste by die netto wins te tel of indien daar geen netto wins is nie die bedrag van die versekerde vaste koste minus sodanige gedeelte van enige netto handelsverlies in dieselfde verhouding as wat die bedrag van die versekerde vaste koste tot alle vaste koste van die besigheid staan.

## Netto wins

Die netto wins (met uitsluiting van alle kapitaalinkomste en alle uitgawes wat behoorlik teen kapitaal gedebiteer kan word) wat voortspruit uit die besigheid van die Versekerde by die persele nadat behoorlike voorsiening gemaak is vir alle vaste koste en ander koste met inbegrip van waardevermindering maar voor aftrekking van enige belasting wat op winste gehef kan word.

## Versekerde vaste koste

Soos in die bylae vermeld

<table>
<tr><td>BRUTO WINSKOERS<br>Die bruto wins-koers op die omset verdien gedurende die boekjaar onmiddellik voor die datum van die skade</td><td rowspan="4">waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die loop van die besigheid en vir afwykings daarvan of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die skade raak of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie sodat die aldus veranderde syfers so na as wat redelik uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk nà die skade verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie.</td></tr>
<tr><td>LONEKOERS<br>Die koers van lone tot omset gedurende die boekjaar onmiddellik voor die datum van die skade</td></tr>
<tr><td>JAARLIKSE OMSET<br>Die omset gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die skade</td></tr>
<tr><td>STANDAARDOMSET<br>Die omset gedurende daardie tydperk in die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die skade wat met die skadeloosstellingstydperk saamval</td></tr>
</table>

## Alternatiewe handelsklousule

Indien goedere gedurende die skadeloosstellingstydperk verkoop of dienste gelewer word elders as by die persele ten bate van die besigheid óf deur die Versekerde óf deur ander ten behoewe van die Versekerde word die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige verkope of dienste in aanmerking geneem by berekening van die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk.

Indien item 2 – lone – as synde van toepassing vermeld word, word die volgende woordomskrywings ingesluit:

## Lone

Die totale vergoeding (met inbegrip van alle verwante betalings) van alle werknemers behalwe dié wie se vergoeding as salarisse in die Versekerde se rekeningboeke behandel word.

## Aanvanklike tydperk

Die gedeelte van die skadeloosstellingstydperk wat met die plaasvind van die skade begin en eindig nie later nie as die aantal weke daarna vermeld in die bylae.

## Oorblywende persentasie

Die persentasie vermeld in die bylae.

## Alternatiewe tydperk

Die gedeelte van die skadeloosstellingstydperk wat met die plaasvind van die skade begin en eindig nie later nie as die aantal weke daarna vermeld in die bylae.

# KLOUSULES

## 1. Opgehoopte voorraad

By die verrekening van 'n verlies moet billike voorsiening gemaak word indien enige omsettekort te wyte aan die skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die omset tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

## 2. Ouditeurs

Enige besonderhede in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke vervat wat deur die Maatskappy verlang word mag deur die Versekerde se ouditeurs gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie bewys van sodanige besonderhede.

## 3. Departemente/takke

Indien die besigheid gedrywe word in departemente/takke waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is geld die bepalings van items (a) en (b) van 1 – bruto wins – en items (a) en (b) van 2 – lone (indien verseker) – afsonderlik vir elke departement/tak wat deur die skade geraak is behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur gemelde item minder is as die totaal van die som verkry deur die bruto wins-/lonekoers van elke departement/tak van die besigheid (hetsy deur die skade geraak al dan nie) toe te pas op die betrokke jaarlikse omset daarvan (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

## 4. Deposito-premie

As teenprestasie daarvoor dat die premie vir item 1 (en item 2 indien verseker) voorlopig is onderneem die Versekerde om die werklike bruto wins (en lone) – syfers vir die boekjaar wat naaste met enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) saamval te verklaar.

Indien geen verklaring binne ses maande na die verstryking van die betrokke tydperk ontvang word nie word dit beskou asof die Versekerde die versekerde bedrag(-drae) verklaar het en indien 'n eis ontstaan word enige bedrag betaal/betaalbaar as werklike verdienste behandel.

Onderworpe aan voorgaande sal die voorlopige premie vir die tydperk op die verklaarde syfer(-s) aangepas word en die Versekerde sal die verskil tot hoogstens die persentasie in die volgende tabel aangetoon betaal of ontvang:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die persentasie voorlopige premie betaal as 'n deposito (soos vermeld in die bylae) | 100 | 80 | 75 |
| Maksimum persentasie bykomende premie betaalbaar | Nul | 25 | 33,3 |
| Maksimum persentasie premieterugbetaling toelaatbaar | 50 | 37,5 | 33,3 |

## 5. Produksie-alternatief

Die woord "omset" kan na die keuse van die Versekerde met "produksie" wat omskryf word as "die verkoop- of oordragwaarde van goedere in die loop van die besigheid deur die Versekerde by die persele vervaardig of verwerk" vervang word waar dit ook al mag voorkom (behalwe in die woordomskrywing van bruto wins) met dien verstande dat

(a) slegs een sodanige betekenis van krag is na die plaasvind van die skade

(b) die opgehoopte voorraad-klousule as gekanselleer beskou word indien "produksie" aanvaar word.

# SPESIALE VOORWAARDES

## 1. Onversekerde vaste koste *(die woorde en uitdrukkings gebruik dra die betekenis wat normaalweg in die rekeningboeke van die Versekerde aan hulle toegeken word)*

Indien enige vaste koste van die besigheid nie deur hierdie polis verseker is nie (synde afgetrek by berekening van die bruto wins soos hierbinne omskryf) word by die berekening van die bedrag verhaalbaar as verhoging in bedryfskoste slegs daardie gedeelte van enige bykomende uitgawe in berekening gebring in dieselfde verhouding as wat die bruto wins tot die som van die bruto wins en die onversekerde vaste koste staan.

## 2. Beëindiging van dekking

Hierdie afdeling word gestaak (tensy die Maatskappy vooraf skriftelik toegestem het) indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Bybetaling

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir die bedrag van enige bybetaling/gedurende die tydperk van enige tydoorskryding vermeld in die bylae.

In die geval van ʼn tydoorskryding word die woordomskrywing van skadeloosstellingstydperk vervang deur:

"Die tydperk wat met die verstryking van die tydoorskryding na die plaasvind van die versekerde voorval begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word".

## 2. Uitbreidings na ander persele

Verlies soos verseker kragtens hierdie afdeling wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid by die persele vermeld in die bylae of aan eiendom hieronder beskryf word beskou as verlies as gevolg van skade aan eiendom wat deur die Versekerde by die persele gebruik word.

**(a) Gespesifiseerde verskaffers**

Die persele van die verskaffers uiteengesit in die bylae vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(b) Bykomende persele**

Indien die Versekerde eiendom by enige nuut toegevoegde persele okkupeer of het vir die doeleindes van die besigheid gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling sal sodanige nuut toegevoegde persele as ingesluit beskou word by dié wat gespesifiseer is onderworpe daaraan dat die Maatskappy so gou as redelikerwys moontlik in kennis gestel word en onderworpe aan aanpassing van die premie indien nodig.

**(c) Klante**

Die persele van die Versekerde se klante uiteengesit in die bylae vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(d) Dokumente**

Dokumente wat aan die Versekerde behoort of deur hom in trust gehou word terwyl by die persele wat nie deur die Versekerde geokkupeer word nie of terwyl in transito vir ʼn bedrag wat nie die bedrag vermeld in die bylae oorskry nie.

**(e) Patrone en soortgelyke items**

Patrone, setapparaat, modelle, maatvorms, gietvorms, matryse, gereedskap, planne, tekeninge en ontwerpe die Versekerde se eie of wat deur hom in trust of op kommisie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is terwyl by die persele van enige masjienmaker, ingenieur, gieter of ander metaalwerker binne die gebiedsperke vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

Hierdie uitbreiding geld nie terwyl sodanige eiendom in transito is nie en ook nie terwyl dit in enige persele is wat geheel en al of gedeeltelik deur die Versekerde geokkupeer word nie.

**(f) Verhindering van toegang**

Eiendom binne ʼn tien kilometer omtrek van die Versekerde se persele wat gebruik van of toegang na die persele verhinder of belemmer as gevolg van vernietiging of beskadiging daarvan hetsy die persele of eiendom van die Versekerde daarin beskadig word al dan nie.

**(g) Kontrakterreine**

Die terrein(-e) uiteengesit in die bylae waar die Versekerde ʼn kontrak uitvoer vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

Hierdie uitbreiding geld nie vir enige terrein(-e) wat deur die Versekerde geokkupeer word nie.

**(h) Paaie, brûe en spoorlyne**

Paaie, brûe en spoorlyne binne ʼn tien kilometer omtrek van die Versekerde se persele waaroor voorrade vervoer word tussen verskaffers se persele en die Versekerde se persele en tussen die Versekerde se persele en klante se persele vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(i) Bergingsterreine**

Die persele uiteengesit in die bylae waar eiendom van die Versekerde geberg word vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

Hierdie uitbreiding geld nie vir enige persele wat deur die Versekerde geokkupeer word nie.

**(j) Transito en voertuie**

Eiendom van die Versekerde terwyl in transito per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg en voertuie besit of bestuur deur die Versekerde elders as by persele wat deur die Versekerde geokkupeer word vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(k) Ongespesifiseerde verskaffers**

Die persele van enige van die Versekerde se verskaffers, vervaardigers of verwerkers van onderdele, goedere of materiale maar met uitsluiting van die persele van enige openbare voorsieningsonderneming waarvandaan die Versekerde elektrisiteit, gas of water verkry vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(l) Voertuigvervaardigers**

Die persele van die vervaardigers uiteengesit in die bylae (en enige van die vervaardigers wat hulle van onderdele of materiale voorsien) vir ʼn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(m) Openbare dienste – slegs versekerde gevare**

Eiendom by kragstasies, substasies of transmissienetwerke, gasfabrieke insluitende die verwante gasverspreidingsnetwerk, watersuiweringsaanlegte, pompstasies, waterleidings en pypleidings van ʼn owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te verskaf vir openbare gebruik en wat lei tot ʼn toevoeronderbreking van water, gas of elektrisiteit by die perseel van die Versekerde tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**(n) Openbare telekommunikasie – slegs versekerde gevare**

(i) Eiendom op die persele van enige openbare owerheid wat regtens gemagtig is om ʼn telekommunikasiefasiliteit aan die versekerde te verskaf.

(ii) Die transmissiefasiliteitnetwerk van die openbare owerheid in (i) vermeld tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**(o) Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking**

Die onderbreking van die openbare telekommunikasiefasiliteite na die Versekerde se persele met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voorspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

(i) droogte;

(ii) 'n fout by enige deel van die persele wat aan die versekerde behoort;

(iii) 'n besluit van enige owerheid om die telekommunikasiefasiliteit regtens van die versekerde te weerhou tensy sodanige besluit regstreeks toeskryfbaar is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(iv) enige gebeurtenis in Algemene Uitsondering 1 en 2 omskryf, maar dekking verskaf deur die Uitbreiding: Kwaadwillige Beskadiging in die grondliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis word nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die fasiliteit te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie tensy die onderbreking of belemmering van die Versekerde se besigheid langer as 24 uur duur tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**(p) Openbare dienste – uitgebreide dekking**

Algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare toevoer van water, gas of elektrisiteit na die Versekerde se persele word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf) met dien verstande dat hierdie afdeling nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie

(i) droogte;

(ii) waterbesoedeling;

(iii) 'n brandstof- of watertekort;

(iv) 'n fout in enige deel van die installasie wat aan die persele behoort;

(v) 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk tensy sodanige besluit regstreeks toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(vi) enige gebeurtenis in Algemene Uitsondering 1 en 2 beskryf maar dekking wat verskaf is deur die Uitbreiding: Kwaadwillige Beskadiging in die onderliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis is nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die besigheid te wyte is aan 'n meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie, tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**Die gebiedsgrense van**
(b) van die uitbreidings tot ander persele word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.
(c) tot (p) inklusief van die uitbreidings tot ander persele en die uitgebreide dekking vir openbare telekommunikasies en openbare dienste word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

**(q) Toevallige skade**

Die volgende omskrewe gebeurtenis word bygevoeg:

Verlies ná onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die persele plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge omskrewe gebeurtenis (i) van die afdeling Toevallige Skade van hierdie polis (hierna skade genoem) met dien verstande dat

(i) die bepaling, ingevolge enige item van hierdie afdeling dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is geskrap word ten opsigte van hierdie omskrewe voorval;

(ii) die Maatskappy nie meer betaal as die versekerde bedrag vermeld in die bylae van die afdeling Toevallige Skade vir beide hierdie afdeling en die afdeling Toevallige Skade tesame nie.

## 3. Moord-, selfmoord-, siekte- of kwaaluitbreiding

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie wat ingesluit is in die premie vir hierdie versekering word skade beskou as synde verlies in te sluit na onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die volgende

<table>
<tr><td>(a)</td><td>moord of selfmoord</td><td rowspan="2">by die Versekerde se persele</td></tr>
<tr><td>(b)</td><td>voedsel- of drankvergiftiging</td></tr>
<tr><td>(c)</td><td>ongedierte, plae of defektiewe sanitêre reëlings by die Versekerde se persele</td><td rowspan="3">mits die munisipale, streeks-, plaaslike of staatsowerheid verantwoordelik vir die gebied 'n bestaande aanmeldbare mediese toestand of aansteeklike siekte binne die gebied verklaar het en/of kwarantynregulasies neergelê het en/of opgetree het om toegang tot die gebied te beperk ooreenkomstig enige plaaslike, munisipale, streeks- of nasionale wet of verordening of regulasie wat verband hou met openbare gesondheid en veiligheid.</td></tr>
<tr><td>(d)</td><td>aansteeklike of besmetlike siektes by die Versekerde se persele</td></tr>
<tr><td>(e)</td><td>aansteeklike of besmetlike siektes binne 'n omtrek van 50 kilometer vanaf die Versekerde se persele</td></tr>
</table>

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding

(i) beteken 'skadeloosstellingstydperk' die tydperk wat met die plaasvind van (a) of (b) hierbo begin of vir (c), (d) en (e) die datum waarop beperkings op die persele ingestel is en wat nie later nie as drie maande daarna eindig;

(ii) beteken 'versekerde persele' daardie plekke uiteengesit in die bylae as die Versekerde se persele en dit sluit nie die persele van verskaffers, klante, kontrakteurs (of sub-kontrakteurs) in nie nieteenstaande die feit dat hierdie versekering andersins uitgebrei mag word om sodanige persele in te sluit;

(iii) word die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele voorval gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) beperk tot die bedrag vermeld in die bylae.

Die dekking wat deur hierdie uitbreiding verleen word sluit nie enige koste voortspruitende uit skoonmaak, herstel, intrekking of nagaan van die Versekerde se persele in nie.

# SAKE-ONDERBREKING (VERSKILGRONDSLAG) (MASJINERIE)

## VERSEKERDE VOORVAL

Indien die besigheid as gevolg van skade (soos omskryf) onderbreek of belemmer word, sal die Maatskappy (nieteenstaande Algemene Uitsondering 4) die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling skadeloos stel.

## SKADELOOSSTELLING

### 1. Bruto wins

Die bedrag betaalbaar word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan

(a) vermindering in omset

synde die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk ten gevolge van die skade by die standaardomset te kort skiet

(b) verhoging in bedryfskoste

synde die bykomende uitgawe (onderworpe aan die bepalings van spesiale voorwaarde 1) noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawe nie aangegaan is nie te vermy of te verminder maar hoogstens die som verkry deur die bruto wins-koers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy

minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die koste of uitgawes van die besigheid betaalbaar uit bruto wins as wat mag ophou of verminder mag wees ten gevolge van die ongeval

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die bedrag verkry deur die bruto wins-koers toe te pas op die jaarlikse omset (of op ʼn eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

### 2. Bykomende verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing te wees)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot sodanige verdere bykomende uitgawes bó dit verhaalbaar ingevolge item (b) van 1 – bruto wins – as wat die Versekerde noodsaakliker- en redelikerwys as gevolg van die ongeval gedurende die skadeloosstellingstydperk aangegaan het ten einde die vermindering in omset te vermy of te verminder.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Ongeval

Ongeval beteken verlies of skade aan enige masjinerie uiteengesit in die bylae van die masjinerie-onklaarrakingsafdeling gebruik deur die Versekerde by die persele vir die doeleindes van die besigheid deur enige gevaar wat kragtens hierdie afdeling verseker word met dien verstande dat daar ten tye van die plaasvind van die ongeval 'n versekering van krag is wat sodanige eiendom teen sodanige skade dek en dat die Versekeraars 'n betaling ingevolge sodanige versekering gemaak of aanspreeklikheid daarvoor erken het.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling sal 'n versekerde gevaar dieselfde woordomskrywing hê as dié vervat in die versekering wat die skade dek.

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk wat met die plaasvind van die skade begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word.

## Omset

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en gelewer en vir dienste gelewer in die loop van die besigheid by die persele.

## Bruto wins

Die bedrag waarmee

(a) die som van omset, eindvoorraad en werk aan die gang

(b) die som van beginvoorraad en gespesifiseerde bedryfsuitgawes (vermeld in die bylae) oorskry.

**Memo**

Die bedrag van begin- en eindvoorraad en werk aan die gang word verkry ooreenkomstig die Versekerde se gewone rekeningkundige metodes billike voorsiening synde gemaak vir waardevermindering.

<table>
<tr><td>BRUTO WINSKOERS<br>Die bruto wins-koers op die omset verdien gedurende die boekjaar onmiddellik voor die datum van die ongeval</td><td rowspan="3">waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die loop van die besigheid en vir afwykings daarvan of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die ongeval raak of wat die besigheid sou geraak het indien die ongeval nie plaasgevind het nie sodat die aldus veranderde syfers so na as wat redelik uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk nà die ongeval verkry sou gewees het as dit nie vir die ongeval was nie.</td></tr>
<tr><td>JAARLIKSE OMSET<br>Die omset gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die ongeval</td></tr>
<tr><td>STANDAARDOMSET<br>Die omset gedurende daardie tydperk in die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die ongeval wat met die skadeloosstellingstydperk saamval</td></tr>
</table>

## Alternatiewe handelsklousule

Indien goedere gedurende die skadeloosstellingstydperk verkoop of dienste gelewer word elders as by die persele ten bate van die besigheid óf deur die Versekerde óf deur ander ten behoewe van die Versekerde word die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige verkope of dienste in aanmerking geneem by berekening van die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk.

# KLOUSULES

## 1. Opgehoopte voorraad

By die verrekening van 'n verlies moet billike voorsiening gemaak word indien enige omsettekort te wyte aan die skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die omset tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

## 2. Ouditeurs

Enige besonderhede in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke vervat wat deur die Maatskappy verlang word mag deur die Versekerde se ouditeurs gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie bewys van sodanige besonderhede.

## 3. Departemente/takke

Indien die besigheid gedrywe word in departemente/takke waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is geld die bepalings van items (a) en (b) van 1 – bruto wins – en items (a) en (b) van 2 – lone (indien verseker) – afsonderlik vir elke departement/tak wat deur die skade geraak is behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur gemelde item minder is as die totaal van die som verkry deur die bruto wins-/lonekoers van elke departement/tak van die besigheid (hetsy deur die skade geraak al dan nie) toe te pas op die betrokke jaarlikse omset daarvan (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

## 4. Deposito-premie

As teenprestasie daarvoor dat die premie vir item 1 voorlopig is onderneem die Versekerde om die werklike bruto wins-syfers vir die boekjaar wat naaste met enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) saamval te verklaar.

Indien geen verklaring binne ses maande na die verstryking van die betrokke tydperk ontvang word nie word dit beskou asof die Versekerde die versekerde bedrag(-drae) verklaar het en indien 'n eis ontstaan word enige bedrag betaal/betaalbaar as werklike verdienste behandel.

Onderworpe aan voorgaande sal die voorlopige premie vir die tydperk op die verklaarde syfer(-s) aangepas word en die Versekerde sal die verskil tot hoogstens die persentasie in die volgende tabel aangetoon betaal of ontvang.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die persentasie voorlopige premie betaal as 'n deposito (soos vermeld in die bylae) | 100 | 80 | 75 |
| Maksimum persentasie bykomende premie betaalbaar | Nul | 25 | 33,3 |
| Maksimum persentasie premieterugbetaling toelaatbaar | 50 | 37,5 | 33,3 |

## 5. Produksie-alternatief

Die woord "omset" kan na die keuse van die Versekerde met "produksie" wat omskryf word as "die verkoop- of oordragwaarde van goedere in die loop van die besigheid deur die Versekerde by die persele vervaardig of verwerk" vervang word waar dit ook al mag voorkom (behalwe in die woordomskrywing van bruto wins) met dien verstande dat

(a) slegs een sodanige betekenis van krag is na die plaasvind van die skade

(b) die opgehoopte voorraad-klousule as gekanselleer beskou word indien "produksie" aanvaar word.

# SPESIALE VOORWAARDES

## 1. Defekte

Die Versekerde moet die Maatskappy in kennis stel van enige defekte in die versekerde masjinerie wat by die aanvang van hierdie versekering aan hom bekend is of gedurende die voortsetting daarvan aan hom bekend word en moet die Maatskappy se verteenwoordiger te eniger redelike tyd toegang tot die masjinerie verleen.

## 2. Uitgeslote voorvalle

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir onderbreking van of bemoeiing met die besigheid

(a) voortspruitend uit veranderings, toevoegings, verbeterings of opknappings wat na 'n ongeval uitgevoer word en die skadeloosstellingstydperk sluit die tyd vereis vir sodanige werk uit;

(b) te wyte aan die onbeskikbaarheid vir onmiddellike gebruik van enige masjinerie item wat as 'n bystand vir 'n ander item gespesifiseer word.

## 3. Beëindiging van dekking

Hierdie afdeling word gestaak (tensy die Maatskappy vooraf skriftelik toegestem het) indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word.

## 4. Onversekerde vaste koste

Indien enige vaste koste van die besigheid nie deur hierdie polis verseker is nie (synde afgetrek by berekening van die bruto wins soos hierbinne omskryf) word by die berekening van die bedrag verhaalbaar as verhoging in bedryfskoste slegs daardie gedeelte van enige bykomende uitgawe in berekening gebring in dieselfde verhouding as wat die bruto wins tot die som van die bruto wins en die onversekerde vaste koste staan.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Bybetaling

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir die bedrag van enige bybetaling/gedurende die tydperk van enige tydoorskryding vermeld in die bylae.

In die geval van 'n tydoorskryding word die woordomskrywing van skadeloosstellingstydperk vervang deur

"Die tydperk wat met die verstryking van die tydoorskryding na die plaasvind van die versekerde voorval begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word".

## 2. Openbare dienste (toevallige onderbreking)

Die toevallige onderbreking van die openbare toevoer van elektrisiteit, gas of water wat minstens dertig agtereenvolgende minute voortduur by (ten opsigte van elektrisiteit) die aansluitpunte van die openbare voorsieningsonderneming se voerleidings of (ten opsigte van gas) die gasvoorsieningsonderneming se

meters of (ten opsigte van water) die watervoorsieningsonderneming se hoofafsluitkraan by die Versekerde se persele en wat nie te wyte is aan die die volgende nie

(i) die doelbewuste optrede van enige voorsieningsowerheid of aan die feit dat sodanige owerheid sy reg uitoefen om voorsiening te weerhou of te beperk;

(ii) droogte;

(iii) waterbesoedeling;

(iv) tekort aan brandstof of water

word beskou as verlies wat uit 'n ongeval aan eiendom gebruik deur die Versekerde by die persele voortspruit.

# SAKE-ONDERBREKING (VERSKILGRONDSLAG)

## VERSEKERDE VOORVAL

Indien die besigheid as gevolg van skade (soos omskryf) onderbreek of belemmer word, sal die Maatskappy (nieteenstaande Algemene Uitsondering 4) die Versekerde ooreenkomstig hierdie afdeling skadeloos stel.

## SKADELOOSSTELLING

### 1. Bruto wins

Die bedrag betaalbaar word beperk tot verlies aan bruto wins te wyte aan

(a) vermindering in omset

synde die bedrag verkry deur die bruto winskoers toe te pas op die bedrag waarmee die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk ten gevolge van die skade by die standaardomset te kort skiet

(b) verhoging in bedryfskoste

synde die bykomende uitgawe (onderworpe aan die bepalings van spesiale voorwaarde 1) noodsaakliker- en redelikerwys aangegaan met die uitsluitlike doel om die vermindering in omset wat as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk sou plaasgevind het indien daardie uitgawe nie aangegaan is nie te vermy of te verminder maar hoogstens die som verkry deur die bruto wins-koers toe te pas op die bedrag van die vermindering daardeur vermy

minus enige bedrag gedurende die skadeloosstellingstydperk bespaar ten opsigte van sodanige van die versekerde vaste koste as wat mag ophou of verminder mag wees ten gevolge van die skade

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die bedrag verkry deur die bruto wins-koers toe te pas op die jaarlikse omset (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

### 2. Lone (indien in die bylae as synde van toepassing vermeld)

**A. Tweeledige grondslag**

Die bedrag betaalbaar word beperk tot verlies ten opsigte van lone te wyte aan

(a) vermindering in omset

(i) synde gedurende die aanvanklike tydperk die som verkry deur die lonekoers toe te pas op die omsettekort gedurende sodanige tydperk

minus enige besparings gedurende sodanige tydperk weens 'n vermindering as gevolg van die skade in die bedrag aan lone betaal en

(ii) gedurende die oorblywende gedeelte van die skadeloosstellingstydperk

die som verkry deur die lonekoers toe te pas op die omsettekort gedurende sodanige tydperk

minus enige besparing gedurende sodanige tydperk weens 'n vermindering as gevolg van die skade in die bedrag aan lone betaal

maar hoogstens

die som verkry deur die oorblywende persentasie van die lonekoers toe te pas op die omsettekort gedurende vermelde oorblywende gedeelte van die skadeloosstellingstydperk

verhoog met sodanige bedrag as wat afgetrek word vir besparings ingevolge klousule (i).

OPMERKING: Die aanvanklike tydperk mag na die keuse van die Versekerde vervang word met die alternatiewe tydperk met dien verstande dat die bedrag verkry ingevolge die bepalings van klousule (a)(ii) nie die bedrag wat ingevolge klousule (a)(i) afgetrek word vir besparings gedurende die alternatiewe tydperk oorskry nie.

(b) verhoging in bedryfskoste

synde soveel van die bykomende uitgawe beskryf in klousule (b) van die betrokke bruto wins-item as waarmee die bedrag betaalbaar ingevolge daarvan oorskry word

maar hoogstens die bykomende bedrag wat betaalbaar sou gewees het ten opsigte van vermindering in omset ingevolge die bepalings van klousules (a)(i) en (ii) van hierdie item indien sodanige uitgawe nie aangegaan was nie

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie item na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die bedrag verkry deur die lonekoers toe te pas op die jaarlikse omset (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

**B. Pro rata weeklikse grondslag**

Die bedrag betaalbaar gedurende die aanvanklike tydperk word beperk tot die werklike bedrag wat die Versekerde aan lone betaal aan werknemers wie se dienste hoegenaamd nie as gevolg van die skade deur die Versekerde gebruik kan word nie en 'n billike deel van die lone betaal aan werkers wie se dienste nie ten volle as gevolg van die skade deur die Versekerde gebruik kan word nie

met dien verstande dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die versekerde bedrag deur hierdie item minder is as die totale bedrag lone wat gedurende die aantal weke gespesifiseer in die bylae onmiddellik na die skade betaal sou gewees het indien die skade nie plaasgevind het nie.

## 3. Bykomende verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing te wees)

Die versekering ingevolge hierdie item word beperk tot sodanige verdere bykomende uitgawes bó dit verhaalbaar ingevolge item (b) van 1 – bruto wins – en item (b) van 2 – lone (indien verseker) – as wat die Versekerde noodsaakliker- en redelikerwys as gevolg van die skade gedurende die skadeloosstellingstydperk aangegaan het ten einde die vermindering in omset te vermy of te verminder.

# WOORDOMSKRYWINGS

## Skade

Skade beteken verlies of skade aan enige gebou of ander eiendom of enige deel daarvan van ʹn tipe gespesifiseer en nie uitgesluit nie ingevolge enige fisiese skade versekering verleen deur die Brand, saamgevatte Geboue, Kantoorinhoud of Toevallige Skade afdelings van hierdie of enige ander soortgelyke polis wat die Versekerde se belange dek gebruik deur die Versekerde by die persele vir die doeleindes van die besigheid deur enige gevaar wat kragtens hierdie afdeling verseker word met dien verstande dat daar ten tye van die plaasvind van die skade ʹn versekering van krag is wat sodanige eiendom teen sodanige skade dek en dat die Versekeraars ʹn betaling ingevolge sodanige versekering gemaak of aanspreeklikheid daarvoor erken het.

Vir die doeleindes van hierdie afdeling sal ʹn versekerde gevaar dieselfde woordomskrywing hê as dié vervat in die versekering wat die skade dek.

## Skadeloosstellingstydperk

Die tydperk wat met die plaasvind van die skade begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word.

## Omset

Die geld aan die Versekerde betaal of betaalbaar vir goedere verkoop en gelewer en vir dienste gelewer in die loop van die besigheid by die persele.

## Bruto wins

Die bedrag waarmee

(a) die som van omset, eindvoorraad en werk aan die gang

(b) die som van beginvoorraad en gespesifiseerde bedryfsuitgawes (vermeld in die bylae) oorskry.

**Memo**

Die bedrag van begin- en eindvoorraad en werk aan die gang word verkry ooreenkomstig die Versekerde se gewone rekeningkundige metodes billike voorsiening synde gemaak vir waardevermindering.

<table>
<tr><td>BRUTO WINSKOERS<br>Die bruto wins-koers op die omset verdien gedurende die boekjaar onmiddellik voor die datum van die skade</td><td rowspan="4">waaraan sodanige aanpassings gemaak word as wat nodig mag wees om te voorsien vir die loop van die besigheid en vir afwykings daarvan of ander omstandighede wat die besigheid óf voor óf na die skade raak of wat die besigheid sou geraak het indien die skade nie plaasgevind het nie sodat die aldus veranderde syfers so na as wat redelik uitvoerbaar is die resultate verteenwoordig wat gedurende die betrokke tydperk nà die skade verkry sou gewees het as dit nie vir die skade was nie.</td></tr>
<tr><td>LONEKOERS<br>Die koers van lone tot omset gedurende die boekjaar onmiddellik voor die datum van die skade</td></tr>
<tr><td>JAARLIKSE OMSET<br>Die omset gedurende die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die skade</td></tr>
<tr><td>STANDAARDOMSET<br>Die omset gedurende daardie tydperk in die twaalf maande onmiddellik voor die datum van die skade wat met die skadeloosstellingstydperk saamval</td></tr>
</table>

## Alternatiewe handelsklousule

Indien goedere gedurende die skadeloosstellingstydperk verkoop of dienste gelewer word elders as by die persele ten bate van die besigheid óf deur die Versekerde óf deur ander ten behoewe van die Versekerde word die geld betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige verkope of dienste in aanmerking geneem by berekening van die omset gedurende die skadeloosstellingstydperk.

Indien item 2 – lone – as synde van toepassing vermeld word, word die volgende woordomskrywings ingesluit:

## Lone

Die totale vergoeding (met inbegrip van alle verwante betalings) van alle werknemers behalwe dié wie se vergoeding as salarisse in die Versekerde se rekeningboeke behandel word.

## Aanvanklike tydperk

Die gedeelte van die skadeloosstellingstydperk wat met die plaasvind van die skade begin en eindig nie later nie as die aantal weke daarna vermeld in die bylae.

## Oorblywende persentasie

Die persentasie vermeld in die bylae.

## Alternatiewe tydperk

Die gedeelte van die skadeloosstellingstydperk wat met die plaasvind van die skade begin en eindig nie later nie as die aantal weke daarna vermeld in die bylae.

# KLOUSULES

## 1. Opgehoopte voorraad

By die verrekening van 'n verlies moet billike voorsiening gemaak word indien enige omsettekort te wyte aan die skade uitgestel word uit hoofde daarvan dat die omset tydelik uit opgehoopte voorraad in stand gehou word.

## 2. Ouditeurs

Enige besonderhede in die Versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke vervat wat deur die Maatskappy verlang word mag deur die Versekerde se ouditeurs gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie bewys van sodanige besonderhede.

## 3. Departemente/takke

Indien die besigheid gedrywe word in departemente/takke waarvan die onafhanklike handelsresultate bepaalbaar is geld die bepalings van items (a) en (b) van 1 – bruto wins – en items (a) en (b) van 2 – lone (indien verseker) – afsonderlik vir elke departement/tak wat deur die skade geraak is behalwe dat die bedrag betaalbaar na verhouding verminder word indien die bedrag wat verseker is deur gemelde item minder is as die totaal van die som verkry deur die bruto wins-/lonekoers van elke departement/tak van die besigheid (hetsy deur die skade geraak al dan nie) toe te pas op die betrokke jaarlikse omset daarvan (of op 'n eweredige verhoogde veelvoud daarvan indien die skadeloosstellingstydperk twaalf maande oorskry).

## 4. Deposito-premie

As teenprestasie daarvoor dat die premie vir item 1 (en item 2 indien verseker) voorlopig is onderneem die Versekerde om die werklike bruto wins (en lone) – syfers vir die boekjaar wat naaste met enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) saamval te verklaar.

Indien geen verklaring binne ses maande na die verstryking van die betrokke tydperk ontvang word nie word dit beskou asof die Versekerde die versekerde bedrag(-drae) verklaar het en indien 'n eis ontstaan word enige bedrag betaal/betaalbaar as werklike verdienste behandel.

Onderworpe aan voorgaande sal die voorlopige premie vir die tydperk op die verklaarde syfer(-s) aangepas word en die Versekerde sal die verskil tot hoogstens die persentasie in die volgende tabel aangetoon betaal of ontvang:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die persentasie voorlopige premie betaal as 'n deposito (soos vermeld in die bylae) | 100 | 80 | 75 |
| Maksimum persentasie bykomende premie betaalbaar | Nul | 25 | 33,3 |
| Maksimum persentasie premieterugbetaling toelaatbaar | 50 | 37,5 | 33,3 |

## 5. Produksie-alternatief

Die woord "omset" kan na die keuse van die Versekerde met "produksie" wat omskryf word as "die verkoop- of oordragwaarde van goedere in die loop van die besigheid deur die Versekerde by die persele vervaardig of verwerk" vervang word waar dit ook al mag voorkom (behalwe in die woordomskrywing van bruto wins) met dien verstande dat

(a) slegs een sodanige betekenis van krag is na die plaasvind van die skade

(b) die opgehoopte voorraad-klousule as gekanselleer beskou word indien "produksie" aanvaar word.

# SPESIALE VOORWAARDES

## 1. Onversekerde vaste koste *(die woorde en uitdrukkings gebruik dra die betekenis wat normaalweg in die rekeningboeke van die Versekerde aan hulle toegeken word)*

Indien enige vaste koste van die besigheid nie deur hierdie polis verseker is nie (synde afgetrek by berekening van die bruto wins soos hierbinne omskryf) word by die berekening van die bedrag verhaalbaar as verhoging in bedryfskoste slegs daardie gedeelte van enige bykomende uitgawe in berekening gebring in dieselfde verhouding as wat die bruto wins tot die som van die bruto wins en die onversekerde vaste koste staan.

## 2. Beëindiging van dekking

Hierdie afdeling word gestaak (tensy die Maatskappy vooraf skriftelik toegestem het) indien die besigheid gelikwideer of voortgesit word deur 'n likwidateur of geregtelike bestuurder of permanent gestaak word.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Bybetaling

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir die bedrag van enige bybetaling/gedurende die tydperk van enige tydoorskryding vermeld in die bylae.

In die geval van ʹn tydoorskryding word die woordomskrywing van skadeloosstellingstydperk vervang deur:

"Die tydperk wat met die verstryking van die tydoorskryding na die plaasvind van die versekerde voorval begin en eindig nie later nie as die aantal maande daarna vermeld in die bylae waartydens die resultate van die besigheid ten gevolge van die skade geraak word".

## 2. Uitbreidings na ander persele

Verlies soos verseker kragtens hierdie afdeling wat voortspruit uit onderbreking of belemmering van die besigheid by die persele vermeld in die bylae of aan eiendom hieronder beskryf word beskou as verlies as gevolg van skade aan eiendom wat deur die Versekerde by die persele gebruik word.

**(a) Gespesifiseerde verskaffers**

Die persele van die verskaffers uiteengesit in die bylae vir ʹn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(b) Bykomende persele**

Indien die Versekerde eiendom by enige nuut toegevoegde persele okkupeer of het vir die doeleindes van die besigheid gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling sal sodanige nuut toegevoegde persele as ingesluit beskou word by dié wat gespesifiseer is onderworpe daaraan dat die Maatskappy so gou as redelikerwys moontlik in kennis gestel word en onderworpe aan aanpassing van die premie indien nodig.

**(c) Klante**

Die persele van die Versekerde se klante uiteengesit in die bylae vir ʹn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(d) Dokumente**

Dokumente wat aan die Versekerde behoort of deur hom in trust gehou word terwyl by die persele wat nie deur die Versekerde geokkupeer word nie of terwyl in transito vir ʹn bedrag wat nie die bedrag vermeld in die bylae oorskry nie.

**(e) Patrone en soortgelyke items**

Patrone, setapparaat, modelle, maatvorms, gietvorms, matryse, gereedskap, planne, tekeninge en ontwerpe die Versekerde se eie of wat deur hom in trust of op kommisie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is terwyl by die persele van enige masjienmaker, ingenieur, gieter of ander metaalwerker binne die gebiedsperke vir ʹn bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

Hierdie uitbreiding geld nie terwyl sodanige eiendom in transito is nie en ook nie terwyl dit in enige persele is wat geheel en al of gedeeltelik deur die Versekerde geokkupeer word nie.

**(f) Verhindering van toegang**

Eiendom binne ʹn tien kilometer omtrek van die Versekerde se persele wat gebruik van of toegang na die persele verhinder of belemmer as gevolg van vernietiging of beskadiging daarvan hetsy die persele of eiendom van die Versekerde daarin beskadig word al dan nie.

**(g) Kontrakterreine**

Die terrein(-e) uiteengesit in die bylae waar die Versekerde 'n kontrak uitvoer vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

Hierdie uitbreiding geld nie vir enige terrein(-e) wat deur die Versekerde geokkupeer word nie.

**(h) Paaie, brûe en spoorlyne**

Paaie, brûe en spoorlyne binne 'n tien kilometer omtrek van die Versekerde se persele waaroor voorrade vervoer word tussen verskaffers se persele en die Versekerde se persele en tussen die Versekerde se persele en klante se persele vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(i) Bergingsterreine**

Die persele uiteengesit in die bylae waar eiendom van die Versekerde geberg word vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

Hierdie uitbreiding geld nie vir enige persele wat deur die Versekerde geokkupeer word nie.

**(j) Transito en voertuie**

Eiendom van die Versekerde terwyl in transito per lug, pad, spoor of binnelandse waterweg en voertuie besit of bestuur deur die Versekerde elders as by persele wat deur die Versekerde geokkupeer word vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(k) Ongespesifiseerde verskaffers**

Die persele van enige van die Versekerde se verskaffers, vervaardigers of verwerkers van onderdele, goedere of materiale maar met uitsluiting van die persele van enige openbare voorsieningsonderneming waarvandaan die Versekerde elektrisiteit, gas of water verkry vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(l) Voertuigvervaardigers**

Die persele van die vervaardigers uiteengesit in die bylae (en enige van die vervaardigers wat hulle van onderdele of materiale voorsien) vir 'n bedrag wat nie die persentasie van die bedrag verseker ingevolge item(-s) vermeld in die bylae oorskry nie.

**(m) Openbare dienste – slegs versekerde gevare**

Eiendom by kragstasies, substasies of transmissienetwerke, gasfabrieke insluitende die verwante gasverspreidingsnetwerk, watersuiweringsaanlegte, pompstasies, waterleidings en pypleidings van 'n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te verskaf vir openbare gebruik en wat lei tot 'n toevoeronderbreking van water, gas of elektrisiteit by die perseel van die Versekerde tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**(n) Openbare telekommunikasie – slegs versekerde gevare**

(i) Eiendom op die persele van enige openbare owerheid wat regtens gemagtig is om 'n telekommunikasiefasiliteit aan die versekerde te verskaf.

(ii) Die transmissiefasiliteitnetwerk van die openbare owerheid in (i) vermeld tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**(o) Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking**

Die onderbreking van die openbare telekommunikasiefasiliteite na die Versekerde se persele met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie verlies dek wat voorspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie:

(i) droogte;

(ii) ´n fout by enige deel van die persele wat aan die versekerde behoort;

(iii) ´n besluit van enige owerheid om die telekommunikasiefasiliteit regtens van die versekerde te weerhou tensy sodanige besluit regstreeks toeskryfbaar is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(iv) enige gebeurtenis in Algemene Uitsondering 1 en 2 omskryf, maar dekking verskaf deur die Uitbreiding: Kwaadwillige Beskadiging in die grondliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis word nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die fasiliteit te wyte is aan meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie tensy die onderbreking of belemmering van die Versekerde se besigheid langer as 24 uur duur tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**(p) Openbare dienste – uitgebreide dekking**

Algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare toevoer van water, gas of elektrisiteit na die Versekerde se persele word geag om voort te spruit uit skade (soos hierin omskryf) met dien verstande dat hierdie afdeling nie verlies dek wat voortspruit uit skade wat regstreeks of onregstreeks deur die volgende veroorsaak is nie

(i) droogte;

(ii) waterbesoedeling;

(iii) ´n brandstof- of watertekort;

(iv) ´n fout in enige deel van die installasie wat aan die persele behoort;

(v) ´n owerheid wat regtens gemagtig is om water, gas of elektrisiteit te voorsien, se uitoefening van sy mag om die toevoer te weerhou of te beperk tensy sodanige besluit regstreeks toe te skryf is aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid;

(vi) enige gebeurtenis in Algemene Uitsondering 1 en 2 beskryf maar dekking wat verskaf is deur die Uitbreiding: Kwaadwillige Beskadiging in die onderliggende Afdeling: Materiële Skade van hierdie polis is nie uitgesluit nie.

Indien die onderbreking of belemmering van die besigheid te wyte is aan ´n meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, bestaan daar geen aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding nie, tensy sodanige onderbreking of belemmering langer as 24 uur duur tot hoogstens die persentasie van die versekerde bedrag by item(s) vermeld in die bylae.

**Die gebiedsgrense van**
(b) van die uitbreidings tot ander persele word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika en Namibië.
(c) tot (p) inklusief van die uitbreidings tot ander persele en die uitgebreide dekking vir openbare telekommunikasies en openbare dienste word beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

**(q) Toevallige skade**

Die volgende omskrewe gebeurtenis word bygevoeg:

Verlies ná onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk by die persele plaasvind ten opsigte waarvan betaling gemaak is of aanspreeklikheid erken is ingevolge omskrewe gebeurtenis (i) van die afdeling Toevallige Skade van hierdie polis (hierna skade genoem) met dien verstande dat

(i) die bepaling, ingevolge enige item van hierdie afdeling dat die betaling dienooreenkomstig verminder word indien die versekerde bedrag van toepassing op die item onvoldoende is geskrap word ten opsigte van hierdie omskrewe voorval;

(ii) die Maatskappy nie meer betaal as die versekerde bedrag vermeld in die bylae van die afdeling Toevallige Skade vir beide hierdie afdeling en die afdeling Toevallige Skade tesame nie.

## 3. Moord-, selfmoord-, siekte- of kwaaluitbreiding

As teenprestasie vir die betaling van 'n bykomende premie wat ingesluit is in die premie vir hierdie versekering word skade beskou as synde verlies in te sluit na onderbreking of belemmering van die besigheid as gevolg van die volgende

| | | |
|---|---|---|
| (a) | moord of selfmoord | by die Versekerde se persele |
| (b) | voedsel- of drankvergiftiging | |
| (c) | ongedierte, plae of defektiewe sanitêre reëlings by die Versekerde se persele | mits die munisipale, streeks-, plaaslike of staatsowerheid verantwoordelik vir die gebied 'n bestaande aanmeldbare mediese toestand of aansteeklike siekte binne die gebied verklaar het en/of kwarantynregulasies neergelê het en/of opgetree het om toegang tot die gebied te beperk ooreenkomstig enige plaaslike, munisipale, streeks- of nasionale wet of verordening of regulasie wat verband hou met openbare gesondheid en veiligheid. |
| (d) | aansteeklike of besmetlike siektes by die Versekerde se persele | |
| (e) | aansteeklike of besmetlike siektes binne 'n omtrek van 50 kilometer vanaf die Versekerde se persele | |

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding

(i) beteken 'skadeloosstellingstydperk' die tydperk wat met die plaasvind van (a) of (b) hierbo begin of vir (c), (d) en (e) die datum waarop beperkings op die persele ingestel is en wat nie later nie as drie maande daarna eindig;

(ii) beteken 'versekerde persele' daardie plekke uiteengesit in die bylae as die Versekerde se persele en dit sluit nie die persele van verskaffers, klante, kontrakteurs (of sub-kontrakteurs) in nie nieteenstaande die feit dat hierdie versekering andersins uitgebrei mag word om sodanige persele in te sluit;

(iii) word die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele voorval gedurende enige twaalf agtereenvolgende versekeringsmaande (bereken vanaf die aanvang van hierdie polis) beperk tot die bedrag vermeld in die bylae.

Die dekking wat deur hierdie uitbreiding verleen word sluit nie enige koste voortspruitende uit skoonmaak, herstel, intrekking of nagaan van die Versekerde se persele in nie.

santam

# TOEVALLIGE SKADE

## VERSEKERDE VOORVAL

Toevallige fisiese verlies of fisiese skade aan die versekerde eiendom by die persele deur enige oorsaak wat nie deur hierdie afdeling uitgesluit word nie of wat andersins verseker is of waarvoor versekering beskikbaar is (hetsy ingelyf by hierdie polis al dan nie).

## SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar sal nie die bedrag vermeld in die bylae vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron oorskry nie

en

nieteenstaande Algemene Voorwaarde 5(b) sal die Maatskappy nie versoek word om 'n bydrae ingevolge hierdie afdeling te lewer vir enige versekerde voorval waarvoor meer uitdruklike versekering gereël is nie.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir

(a) die bedrag van enige bybetaling vermeld in die bylae na die toepassing van enige 'eweredigheid'-memorandum;

(b) enige gevaar of omstandighede wat uitgesluit is uit enige ander beskikbare versekering by hierdie Maatskappy ten tye van die aanvang van hierdie afdeling en ook nie vir enige aftrekbare bybetaling of eerste bedrag betaalbaar deur die Versekerde ingevolge sodanige versekering nie en ook nie vir enige verlaging in die bedrag betaalbaar vir 'n eis te wyte aan die toepassing van enige eweredigheidvoorwaarde of -memorandum nie;

(c) meer as die individuele waarde van enige item wat deel uitmaak van 'n paar, stel of versameling sonder inagneming van enige spesiale waarde daarvan as deel van sodanige paar, stel of versameling;

(d) terughouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid of geregtelike proses;

(e) onverklaarbare verdwyning of tekort wat slegs bekend word by of na 'n voorraadopname of foute of weglatings in kwitansies, betalings of rekeningkunde of foutiewe liassering of verlegging van inligting;

(f) verlies of skade aan versekerde eiendom veroorsaak deur

  (i) enige oneerlike skema, poets, plan of valse voorwendsel toegepas op die Versekerde (of enige persoon onder wie se toesig die versekerde eiendom is) of bedrog of die oneerlikheid van enige prinsipaal, vennoot, lid, direkteur, agent of werknemer van die Versekerde;

  (ii) oorverhitting, ontploffing, inploffing, brekasie, sweisbrekasie, nippellekkasie of ander gebrek in houers, pype, buise of apparaat of gesmelte metaal;

  (iii) onklaarraking, elektriese en/of meganiese steuring;

  (iv) verandering, bleiking, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstelling, vernuwing, diens, opknapping, toetsing of enige ander werk daaraan;

(v) foutiewe of defektiewe ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiaal, vakmanskap of professionele advies, gewone instandhouding, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, wegvreting, roes, oksidasie of ander chemiese werking of reaksie, ryp, verandering in temperatuur of vogtigheid, gisting of ontkieming, klamheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigsverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur, geur, tekstuur, afwerking of die eie slytasie daarvan;

(vi) induiking, afsplintering, skraping of kraking wat nie die werkverrigting van die item affekteer nie;

(vii) rysmiere, motte, insekte, ongedierte, inherente fout, gasse, tekortkominge, latente defek, wisselinge in atmosferiese of klimaatstoestande of die werking van lig;

(g) vestiging, inbedding, gronddeining, inmekaarstorting of kraking van strukture of die verwydering of verswakking van stut van enige versekerde eiendom;

(h) verlies of skade aan chemikalieë, olie, vloeistof, gas of dampe te wyte aan lekkasie of ontlading uit die houer waarin dit gehou word

of

verlies of skade voortspruitend uit lekkasie of ontlading van chemikalieë, olie, vloeistowwe, gasse of dampe;

(i) onderbreking en/of die doelbewuste weerhouding van water-, stoom-, gas-, elektrisiteit-, brandstof- of verkoelingsmiddeltoevoer deur die betrokke owerheid;

(j) inmekaarstorting van toerusting en masjinerie, geboue en strukture (buiten rakke of stoorplatforms).

# WOORDOMSKRYWING

## Versekerde eiendom

Enige tasbare eiendom wat aan die Versekerde behoort of wat deur hom in trust of op kommissie gehou word waarvoor hy verantwoordelik is maar met uitsluiting van

(a) gangbare munt (met inbegrip van Krugerrande en soortgelyke muntstukke), bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en -orders, geldige ongebruikte pos-, inkomste- en vakansiebetalingseëls, kredietkaartstrokies, ongebruikte MVA-kentekens en ander sertifikate, dokumente of middele van 'n verhandelbare aard;

(b) pelse, juweliersware, muntmetaal, edel- en halfedelmetale en-stene, rariteite, seldsame boeke en kunswerke;

(c) eiendom in transito per lug, binnelandse waterweg of see;

(d) spoorweglokomotiewe, rollende materiaal en ander spoorwegeiendom, vliegtuie, watervaartuie, meganies- of elektriesaangedrewe voertuie, motorfietse, mobiele toerusting, karavane en sleepwaens;

(e) staande of afgekapte bome, gesaaides, diere, grond (met inbegrip van bogrond, opvulling, dreinering en duikers), inritte, sypaadjies, paaie, aanloopbane, damme, opgaartenks, kanale, pyplyne buite die persele, tonnels, kabels, sweefspore buite die persele, brûe, dokke, kaaie, landingsplekke, aanlêplekke, uitgrawings, eiendom onder die grond of plofstowwe;

(f) elektroniese dataverwerkingstoerusting en eksterne datamedia (ponskaarte, bande, skywe en dies meer) en die inligting wat daarin vervat word;

(g) eiendom in die loop van konstruksie, oprigting of demontering met inbegrip van materiale of voorrade wat daarmee verband hou;

(h) eiendom in besit van kliënte kragtens bruikhuur-, huur-, krediet- of opskortende verkoopsooreenkomste;

(i) glas, porselein, erdeware, marmer en ander breekbare of brose artikels

tensy in die bylae vermeld as synde verseker te wees.

# KLOUSULES

## 1. Bykomende koste

Die versekerde bedrag ten opsigte van versekerde geboue, toerusting en masjinerie sluit die volgende in

(a) enige herstel- of vervangingskoste aangegaan vanweë die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies van enige openbare owerheid na die plaasvind van ʼn versekerde voorval met dien verstande dat sodanige koste nie die volgende insluit nie

- (i) enigiets waarvoor kennis alreeds aan die Versekerde gegee is voor die versekerde voorval;
- (ii) enigiets wat verband hou met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde gedeeltes van eiendom;
- (iii) eiendoms- of ander belasting, regte, ontwikkelings- of ander koste betaalbaar ingevolge gemelde regulasies as gevolg van kapitale waardevermeerdering van die versekerde eiendom;

(b) gelde vir die ondersoek van munisipale of ander planne;

(c) (i) koste aangegaan vir die noodsaaklike oprigting en instandhouding van skuttings gedurende sloping en herbouing;

- (ii) koste aangegaan vir die noodsaaklike sloping en verwydering van puin voortspruitend uit ʼn versekerde voorval (met inbegrip van onbeskadigde inhoud) vanaf die terrein van die versekerde eiendom wat vernietig of beskadig is en die gebied reg langsaan sodanige terrein maar met uitsluiting van koste en uitgawes voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis verseker word nie;

(d) die professionele gelde van argitekte, bourekenaars en ander konsultante

maar die Maatskappy is nie aanspreeklik ingevolge (a), (b) of (d) nie tensy die verlore of beskadigde eiendom met redelike haas vervang of herstel word en ook nie ingevolge (d) vir enige uitgawes aangegaan vir die voorbereiding van die Versekerde se eis nie.

## 2. Brandbluskoste

Bo en behalwe enige bedrag betaal as gevolg van die versekerde voorval sal die Maatskappy enige koste betaal waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is wat verband hou met die blus of bestryding van brand en die versekerde eiendom deur brand bedreig is.

## 3. Verbandhouers

Vanaf die datum van kennisgewing aanvaar die Maatskappy die belange van ʼn verbandhouer of ander met ʼn versekerbare belang in die versekerde eiendom en sodanige belang sal nie benadeel word as gevolg van die handeling of versuim van die verbandgewer sonder die medewete van die verbandhouer nie mits die verbandhouer die Maatskappy in kennis stel sodra sodanige handeling of versuim tot sy wete kom en instem om aanspreeklik te wees vir enige bykomende premie wat voortspruit uit die Maatskappy se aanvaarding van enige verhoogde gevaar.

## 4. Spoorwegsubrogasie

Die Versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van die Transnet Verklaring van Indemniteit of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie betreffende private sylyne en aflewering by persele of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

## 5. Beperkte dekking

Die versekering ten opsigte van dokumente, manuskripte, besigheidsboeke, planne, ontwerpe, patrone, modelle, gietvorms en rekenaarstelselrekords word beperk tot die waarde van die materiale en arbeidskoste vir herskepping en sluit enige uitgawes in verband met die produksie van enige inligting daarin vervat of die waarde van sodanige inligting vir die Versekerde uit.

## 6. Huurders

Die Versekerde word nie benadeel deur die handeling van enige huurder in die persele wat hy besit of waarvan hy ʼn mede-huurder is of van die eienaar van enige persele waarvan hy ʼn huurder is nie mits die Maatskappy in kennis gestel word sodra hy van sodanige handeling te wete kom en hy enige bykomende premie voortspruitende uit die Maatskappy se aanvaarding van enige bykomende gevaar betaal.

# MEMORANDA (indien in die bylae vermeld as synde van toepassing)

## 1. Eweredigheid

Indien die waarde van die versekerde eiendom ten tye van die aanvang van die plaasvind van ʼn versekerde voorval gesamentlik meer is as die bedrag daarop verseker word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en moet hy ʼn eweredige deel van die verlies dra.

Elke versekerde item is afsonderlik aan hierdie memorandum onderworpe.

## 2. Ontlading en lekkasie

Nieteenstaande spesiale uitsondering (h) sluit hierdie versekering toevallige fisiese verlies of skade veroorsaak deur ontlading of lekkasie en verlies aan chemikalieë, olie, vloeistowwe, vog, gasse of dampe (met inbegrip van verlies aan sodanige chemikalieë, olie, vloeistowwe, vog, gasse of dampe) uit tenks, pype of apparaat in maar met uitsluiting van verlies of skade voortspruitend uit slytasie of ander geleidelikwerkende oorsake van die tenks, pype of apparaat.

## 3. Uitgeslote eiendom

Die eiendom wat in die bylae uiteengesit word, word gevoeg by die uitgeslote eiendom in die woordomskrywing van versekerde eiendom.

## 4. Eerste verlies-eweredigheid

Indien die totale waarde van die versekerde eiendom kragtens elke item nie die versekerde bedrag vermeld in die bylae ten tye van die aanvang van die plaasvind van ʼn versekerde voorval oorskry nie word die versekering vry van eweredigheid verklaar maar indien die totale waarde van sodanige eiendom meer is as voormelde bedrag word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die verskil beskou en is die Maatskappy slegs aanspreeklik vir sodanige gedeelte van die eerste verlies-versekerde bedrag in dieselfde verhouding waarin voormelde bedrae staan tot die totale waarde en sodanige bedrag sal nie alles tesame die totale versekerde bedrag kragtens elke item oorskry nie.

## 5. Beskerming- en alarmwaarborg

Dit is 'n voorwaarde wat aanspreeklikheid voorafgaan en dit word gewaarborg dat in enige persele waarin 'n alarm geïnstalleer is of vereis word dat een geïnstalleer moet wees

(a) die alarm in volle en behoorlike werking gestel word wanneer die persele vir besigheid gesluit word tensy 'n prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer van die Versekerde in die persele is;

(b) die alarm kragtens kontrak deur die leweransiers of deur bevoegde alarmdiensingenieurs in stand gehou word;

(c) hierdie versekering verlies of skade aan die versekerde eiendom uitsluit na die gebruik van 'n sleutel van die alarm of enige duplikaat wat aan die Versekerde of enige prinsipaal, vennoot, lid, direkteur of werknemer van die Versekerde behoort tensy dit verkry word deur middel van dreigement of geweld.

## 6. Vervanging

Die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word na 'n versekerde voorval is die koste van vervanging of herstelling op dieselfde terrein van eiendom van dieselfde soort of tipe maar nie beter of omvangryker nie as sodanige versekerde eiendom toe dit nuut was met dien verstande dat

(a) die werk van vervanging of herstelling (wat uitgevoer mag word op 'n ander terrein en op enige manier wat voldoen aan die vereistes van die Versekerde onderworpe daaraan dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike haas begin en uitgevoer moet word anders sal geen betaling bó die bedrag wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar sou gewees het as hierdie memorandum nie daarby ingelyf was nie, gemaak word nie;

(b) totdat die uitgawe deur die Versekerde aangegaan is vir die vervanging of herstelling van die verlore of beskadigde versekerde eiendom die Maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het as hierdie memorandum nie by hierdie afdeling ingelyf was nie;

(c) indien die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het vir vervanging of herstelling as al die versekerde eiendom verlore of beskadig was ten tye van vervanging of herstelling die bedrag waarvoor dit verseker was ten tyde van die versekerde voorval oorskry word die Versekerde as sy eie versekeraar vir die oorskryding beskou en moet hy 'n eweredige deel van die verlies dra

    elke item van versekerde eiendom waarop hierdie memorandum van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie voorbehoud onderworpe;

(d) hierdie memorandum nie geld nie indien

    (i) die Versekerde versuim om die Maatskappy binne ses maande vanaf die versekerde voorval (of sodanige verdere tydsverlenging as wat die Maatskappy skriftelik mag toelaat) in kennis te stel van sy voorneme om die verlore of beskadigde versekerde eiendom te vervang of te herstel;

    (ii) die Versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die verlore of beskadigde versekerde eiendom op dieselfde of op 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## 7. Oproer en staking

Nieteenstaande Algemene Uitsondering 1 sluit versekerde voorval verlies of skade in wat regstreeks te wyte is aan of betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende:

(i) burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;

(ii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met enige gebeurtenis waarna daar in (i) hierbo verwys word

met dien verstande dat die Maatskappy nie aanspreeklik is nie vir

(a) verlies of skade wat voorkom in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië;

(b) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;

(c) verlies of skade wat spruit uit totale of gedeeltelike werkstilstand of die vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur permanente of tydelike besitontneming wat die gevolg is van konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;

(e) verlies of skade wat betrekking het op of veroorsaak is deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene Uitsondering 1 (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met sodanige gebeurtenis.

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings (a), (b), (c), (d) of (e) beweer dat hierdie memorandum nie verlies of skade dek nie rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

santam

# WERKGEWERSAANSPREEKLIKHEID

## VERSEKERDE VOORVAL

Dood of liggaamlike besering (*met inbegrip van siekte*) van enige werknemer wat op of na die terugwerkende datum vermeld in die bylae plaasvind wat voortspruit uit en in die loop van sodanige persoon se diens by die Versekerde in die besigheid en ten opsigte waarvan ʼn eis of eise aanvanklik skriftelik gedurende die versekeringstydperk teen die Versekerde ingestel word.

## SKADELOOSSTELLING

Die bedrag betaalbaar vir enige enkele voorval of reeks voorvalle met een oorspronklike oorsaak of bron met inbegrip van regskoste wat deur ʼn eiser van die Versekerde verhaalbaar is en ander koste en uitgawes wat met die Maatskappy se toestemming aangegaan word met inbegrip van prokureursgelde vir die verteenwoordiging van die Versekerde by:

(a) enige lykskouing of nadoodse ondersoek wat voortspruit uit enige dood;

(b) verrigtinge in enige hof met summiere jurisdiksie voortspruitend uit enige beweerde statutêre pligversuim wat lei tot liggaamlike besering

sal nie die skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae oorskry nie.

## SPESIALE UITSONDERINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

(a) aanspreeklikheid kragtens ooreenkoms aanvaar tensy die Versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;

(b) siekte, swakheid of kwaal toeskryfbaar aan ʼn geleidelikwerkende oorsaak wat nie uit ʼn skielike en identifiseerbare ongeval of voorval voortspruit nie;

(c) boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende- of wraaksugtige skadevergoeding;

(d) vergoeding vir skadevergoeding en regskoste en -uitgawes wat deur enige eiser van die Versekerde verhaal word ten opsigte van uitsprake wat aanvanklik verkry is van ʼn ander hof as ʼn hof met regsbevoegdheid binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho of Swaziland;

(e) enige eis voortspruited uit ʼn voorval wat aan die Versekerde bekend is:

    (i) wat nie ooreenkomstig die spesiale voorwaarde van hierdie afdeling by die Maatskappy aangemeld is nie;

    (ii) voor die aanvang van hierdie afdeling.

# WOORDOMSKRYWING

## Werknemer

"Werknemer" beteken enige persoon terwyl sodanige persoon

(a) werksaam of onder vakleerlingskap is by;

(b) gehuur of geleen word by 'n ander party

aan die Versekerde en wie hy geregtig is om in die loop van die besigheid te beheer en/of te beveel.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Skadeloosstelling aan ander partye

Die "Versekerde" sluit in:

(a) in die geval van die dood van die Versekerde sy wettige persoonlike verteenwoordiger ten opsigte van aanspreeklikheid op die hals gehaal deur die Versekerde;

(b) indien die Versekerde aldus versoek:

(i) enige prinsipaal ingevolge 'n kontrak of ooreenkoms wat deur die Versekerde aangegaan is in verband met die besigheid maar slegs in soverre dit vereis word kragtens die bepalings van sodanige kontrak of ooreenkoms en met uitsluiting van enige aanspreeklikheid te wyte aan of voortspruitende uit enige handeling, versuim of nalatigheid van sodanige prinsipaal sy bediendes of agente;

(ii) enige prinsipaal, direkteur, lid, vennoot of werknemer van die Versekerde;

(iii) enige beampte of lid van die Versekerde se sosiale, sport- of welsynsorganisasie, noodhulp, brand- of ambulansdienste;

in hulle onderskeie hoedanighede en met dien verstande dat sodanige prinsipaal of persoon:

(aa) nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;

(ab) asof hy die Versekerde is die bepalings van hierdie polis nakom, uitvoer en daaraan onderworpe is in soverre hulle van toepassing kan wees;

(ac) wat ingevolge (b)(i) of (ii) hierbo verseker word slegs hierkragtens skadeloos gestel word tot die mate waarin die Versekerde skadeloos gestel sou gewees het indien die eis teen die Versekerde ingestel was;

indien 'n prinsipaal ooreenkomstig hierdie spesiale uitbreiding skadeloos gestel moet word sal die Maatskappy sodanige prinsipaal skadeloos stel in soverre hy teenoor die werknemer aanspreeklik is vir dood of liggaamlike besering (*met inbegrip van siekte*) wat uit die nalatigheid van die Versekerde of die Versekerde se werknemers voortspruit met dien verstande dat:

(i) die Versekerde met die prinsipaal reël dat die voer en beheer van alle eise by die Maatskappy berus;

(ii) die prinsipaal asof hy die Versekerde is die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (algemeen sowel as spesifiek) van hierdie polis sal nakom en daaraan onderworpe sal wees in soverre hulle van toepassing kan wees;

(iii) die aanspreeklikheid van die Maatskappy nie verhoog word nie.

# VERLENGDE AANMELDINGSTYDPERK

(Hierdie uitbreiding word beskikbaar aan die Versekerde indien die Maatskappy hierdie afdeling kanselleer of weier om dit te hernu en kan nie gekanselleer word nadat dit uitgeoefen is nie).

As teenprestasie vir die betaling van ʼn bykomende premie (waarop ooreengekom word) en onderworpe aan die bepalings en voorwaardes van hierdie memorandum en die volgende voorbehoudsbepalings word die tydperk vir die aanmelding van ʼn versekerde voorval met 36 maande verleng (hierna die 'ontdekkingstydperk' genoem):

(i) Die Versekerde moet die opsie skriftelik en binne 30 dae na kansellasie of nie-hernuwing uitoefen.

(ii) Die Versekerde mag nie ander versekering verkry wat gelykstaande in omvang of dekking is as dié wat gekanselleer/nie hernu word nie.

(iii) Die Maatskappy is slegs aanspreeklik vir ʼn versekerde voorval wat op of na die terugwerkende datum maar voor die aanvang van die ontdekkingstydperk plaasvind.

(iv) Eise aanvanklik teen die Versekerde ingestel of aangemeld gedurende die ontdekkingstydperk sal behandel word asof hulle voorgekom het op die laaste dag van die versekeringstydperk voor die ontdekkingstydperk.

# SPESIALE VOORWAARDES

Vir hierdie afdeling word Algemene Voorwaarde 3 – Eise – gekanselleer en vervang deur:

## Eise

(a) By die plaasvind van ʼn voorval wat tot ʼn onmiddellike of toekomstige eis ingevolge hierdie polis mag aanleiding gee moet die Versekerde so gou as redelikerwys moontlik en op eie koste:

  (i) die Maatskappy in kennis stel en besonderhede verstrek van enige ander versekering wat dieselfde voorval dek;

  (ii) saamwerk met die Maatskappy of sy benoemde om die gevolglike besering of aanspreeklikheid tot ʼn minimum te beperk;

  (iii) skriftelik volledige besonderhede verstrek van die voorval tesame met sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings as wat die Maatskappy mag verlang;

  (iv) enige kennisgewing van ʼn eis, meedeling, lasbrief, dagvaarding of ander regsproses wat verband hou met die voorval aan die Maatskappy stuur.

(b) ʼn Eis is nie betaalbaar nie indien:

  (i) die Versekerde enige erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling maak sonder dat die Maatskappy vooraf skriftelik daartoe ingestem het;

  (ii) dit geweier is en regsaksie nie binne twaalf maande na die weiering begin word nie;

  (iii) dit aanvanklik langer as vyftien dae nadat hierdie afdeling gekanselleer of nie hernu is nie by die Maatskappy aangemeld word;

  (iv) indien dit aanvanklik skriftelik teen die Maatskappy ingestel is nadat meer as agt-en-veertig maande verloop het sedert hierdie afdeling geldig was (indien die eiser ʼn minderjarige is word die agt-en-veertig maande-tydperk verleng tot die verstryking van twaalf maande nadat die eiser mondig geword het).

(c) Die grondslag van die Maatskappy se aanspreeklikheid vir enige enkele eis of reeks eise met een oorspronklike oorsaak of bron is:

(i) indien hierdie afdeling geldig is, is die skadeloosstellingsperk van krag op die datum van die versekerde voorval wat tot die eis(e) aanleiding gee of indien daardie datum nie vasgestel kan word nie die skadeloosstellingsperk van krag op die datum waarop die voorval aanvanklik by die Maatskappy aangemeld is;

(ii) indien die afdeling gekanselleer of nie hernu is nie, is die grondslag die skadeloosstellingsperk van krag op die datum van die versekerde voorval wat tot die eis(e) aanleiding gee of indien daardie datum nie vasgestel kan word nie die skadeloosstellingsperk van krag op die laaste dag van die versekeringstydperk onmiddellik voor kansellasie of nie-hernuwing.

# SPESIALE UITBREIDINGS

## Gebiedsperke

Die gebiedsperke vir hierdie afdeling is enige plek ter wêreld behalwe:

(a) enige besigheid deur die Versekerde by of vanaf die persele gevoer of;

(b) enige kontrak vir die uitvoering van werk buite die gebied omskryf in Algemene Uitsondering 5(b).

## Oorloguitsluiting

Algemene uitsondering 1 word geskrap en vervang deur "Oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (hetsy oorlog verklaar word al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand teen gesag, rebellie, rewolusie, militêre of geüsurpeerde gesag".